# DIE KRITERIA VAN DIE NUUT GEOPENBAARDE VERBORGENHEID VAN KOLOSSENSE EN EFESIëRS

'N DISPENSASIONELE BENADERING


**Deur**

**PETER JOHN COETZEE**


**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes**
**Vir die graad**

**MAGISTER THEOLOGIAE**

**In die vak**

**NUWE TESTAMENT**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID AFRIKA**

**STUDIELEIER: PROF P J GRÄBE**

**NOVEMBER 2001**
***************

# DIE KRITERIA VAN DIE NUUT GEOPENBAARDE VERBORGENHEID VAN KOLOSSENSE EN EFESIËRS

**'N DISPENSASIONELE BENADERING**

**P. J. Coetzee**
**Graad: Magister Theologiae**
**Vak: Nuwe Testament**
**Superintendent: Prof P. J. Gräbe**

## OPSOMMING:

Deur na die kriteria en uitsprake rondom die voorkomstes van die term 'Verborgenheid' in die Tweelingbriewe Kolossense en Efesiërs te kyk, teen die agtergrond van die 'Toekomstige Dinge' **(Jh 16.13)** wat deur die Heilige Gees in die Progressiewe Openbaring van God aan die skrywers van die Nuwe Testament bekend gemaak was, word dit ontdek dat daar 'n splinternuwe skepping, die *Corpus Christi*, waarvan Christus die Hoof is, as hierdie Verborgenheid aan Paulus, ná Handelinge 28 in die gevangenis geopenbaar was, naamlik die Kerk wat daar eers tot stand gekom het. Die Kerk, wat hoofsaaklik uit gelowige Heidene bestaan, het sedertdien as God se kanaal van heil tot die wêreld gedien in die plek en onafhanklik van nasionale Israel, wat volgens Ou Testamentiese profesië, God se kanaal van Heil tot die wêreld moes wees, onder en saam met wie die Heidene die Here moes dien. God het dus tot op Handelinge 28 steeds verbondmatig met Israel omgegaan om hulle tot bekering te probeer lei en het dit gevolglik tot op daardie stadium uitsluitlik gegaan om dit wat die Ou Testament geprofeteer het, naamlik die Koninkryk van God vir Israel. Maar weens hulle onboetvaardigheid, is Israel deur God verhard en in Handelinge 28 ter syde gestel as Sy kanaal en het Hy Sy Koninkryk program opgeskort en het God Hom tot die Heiden gewend. Daar was dus geen sprake van 'n 'Kerk' in die Handelinge tydperk gewees nie!

# INHOUDSOPGAWE:

**AFDELING 1: AGTERGRONDSASPEKTE - - - - 1**

**1.1.0 - POLEMIESE PUNT EN TESIS - - - - - - 2**
1.1.1 - 'n Nuwe Dispensasionele benadering - - - - - - 2
1.1.2 - 'Verborgenheid' in Paulus se Gevangenisbriewe - - - 3
1.1.3 - Progressiewe Openbaring in die Nuwe testament - - - 3
1.1.4 - Koninkryk en Kerk - - - - - - - 4
1.1.5 - Ou Testamentiese Agtergrond - - - - - 4
1.1.6 - Die Spesiale Handelinge Periode en Dispensasie - - - 5
1.1.7 - Die Handelinge 28 Skeidslyn en Tragedie - - - - 6
1.1.8 - Die Vraag na die Oorsprong en Wese van die Kerk - - - 6
1.1.9 - Jood en Heiden in die Nuut Geopenbaarde Verborgenheid - - 7
1.1.10 - Die Verborgenheidsbriewe Kolossense en Efesiërs - - - 8

**1.2.0 - AFKORTINGS - - - - - - - - 10**

**1.3.0 - DEFINISIE VAN ENKELE TERMES - - - - - 11**
Ekklesia (Gemeente) - - - - - - - 11
Heidene - - - - - - - - 15
Kerk - - - - - - - - - 15
Koninkryk - - - - - - - - 15
Oorblyfsel - - - - - - - - 18
Teokrasie - - - - - - - - 18

**1.4.0 - HERMENEUTIESE VERTREKPUNTE - - - - - 19**
1.4.1 - Die Bybel 'n Joodse Boek - - - - - - 19
A) - Verklaring van die Woord self - - - - - 19
B) - God se Doel met Israel - - - - - - 19
C) - 'Heidene' in die Derde Persoon - - - - - 20
D) - Aan die Joodse Ekklesia gerig - - - - - 20
E) - Ou Testamentiese Aanhalings - - - - - 20
F) - Enkele Interne bewyse - - - - - - 21
G) - Die Finale Opdrag aan Paulus - - - - - 21
H) - Dele in NT direk aan Heidene gerig - - - - 21
1.4.2 - Historiese Interpretasie: - - - - - - 22
1.4.3 - Skrif verklaar Skrif: - - - - - - - 23
1.4.4 - Letterlike Grammatikale Vertolking van die Skrif: - - - 23
1.4.5 - Strukturele Interpretasie - - - - - - 24
1.4.6 - Samevatting - - - - - - - - 24

**DIAGRAM: Struktuur v/d Hoofmomente in die Nuwe Testament- 25**

**1.5.0 - DISPENSASIONALISME OF BEDELINGSLEER - - - 26**
1.5.1 - 'n Dispensasionele Aanbieding - - - - - 26
1.5.2 - Wat word bedoel met Dispensasionalisme? - - - - 26
1.5.3 - Dispensasionalisme in die Nuwe Testament - - - - 27
1.5.4 - Definisie van Dispensasionalisme - - - - - 28
1.5.5 - Verskillende Tye en Geleenthede - - - - - 29
1.5.6 - Verskeie Groepe Mense - - - - - - 29
1.5.7 - Die Woord van die Waarheid Reg Sny - - - - 30

1.5.8 - Teenkanting Teen Dispensasionalisme - - - - 31
1.5.9 - Verskillende Skole van Dispensasionalisme - - - - 31
1.5.10 - Die Grootste Dispensasionele Vraag in die Teologie - - 32
1.5.11 - Handelinge as 'n Spesiale Dispensasie - - - - 33
1.5.12 - Israel het nog nie 'Geval' in die Handelinge Dispensasie - - 34
1.5.13 - Die Tragedie van Handelinge 28 - - - - - 36
(1) - Israel betree haar Rubicon - - - - - 36
(2) - Die Begin van die Smarte - - - - - 38
(3) - Die Verwoesting van Jerusalem - - - - - 39
(4) - Israel as Kanaal ter syde Gestel - - - - - 41
(5) - God se Ote Koninkryk Program vir Israel Opgeskort - - 42
(6) - Die Eskatologiese Spanning Ontlaai - - - - 42
1.5.14 - *Quo Vadis?* Die Heidene as God se Kanaal van Heil - - 43
1.5.15 - God se Twee Groepe tot Sy Beskikking na Hn 28 - - - 44
1.5.16 - Wat van 'n Kerk in die Handelinge Periode?- - - - 45

**1.6.0 - PROGRESSIEWE OPENBARING IN DIE NUWE TESTAMENT - 46**
1.6.1 - Goddelike Progressiewe Openbaring in die Woord - - - 46
1.6.2 - Openbaringe a.g.v. die Feit dat God Gespreek het - - - 47
1.6.3.- God het Sy Spreke Progressief aangepas - - - - 50
1.6.4 - Die Kulminasie van die Progressiewe Openbaring in die NT- - 52
1.6.6 - Openbaringe Deur die Heilige Gees na die Kruis - - - 54
1.6.7 - Die Vier Fases van die Progressiewe Openbaring in die NT - - 58
**Diagram van die Vier Fases - - - - 59**
Fase Een - - - - - - - 60
Fase Twee - - - - - - - 62
Fase Drie - - - - - - - 63
Fase Vier - - - - - - - 65
1.6.8 - Pauliniese Verborgenheidsbriewe en Strukture en Volgorde - - 67
1.6.9 - Kulminasie van Progressiewe Openbaring in die Verborgenheid - 71
1.6.10 - Die Progressie Openbaring Opgeskort by 70 n.C. - - - 72

**<u>AFDELING 2: DEFINISIE EN VOORKOMS VAN DIE TERM 'VERBORGENHEID' IN DIE NT</u> - - - - - 73**

**2.1.0 - BETEKENIS EN DEFINISIE V/D TERM 'VERBORGENHEID' - 74**
2.1.1 - Min Teologiese Besinning oor die Onderwerp - - - 74
2.1.2 - Pauliniese Agtergrond van die Term - - - - - 74
2.1.3 - Betekenis van die Term en Definisie - - - - - 76
2.1.4 - Die Gelowige en hierdie Geopenbaarde Verborgenheid - - 77
2.1.5 - Pauliniese Aanwending Van Die Term Verborgenheid - - 78
2.1.6 - Die Basiese verskil tussen die Vroeë en die Gevangenis gebruik - 79
2.1.7 - Verskillende Kategorië en Groepering: - - - - 80

**2.2.0 - VOORKOMS EN VERSPREIDING VAN DIE TERM 'VERBORGENHEID' IN DIE NT BUITE DIE PAULINIESE VERBORGENHEIDSBRIEWE - - - - - - 81**
2.2.1 - Die gebruik van die Term deur Paulus - - - - 81
2.2.2 - Voorkoms in die res van die Nt buite die Pauliniese Korpus - - 81
2.2.3 - Die Pauliniese gebruik in sy Vroeë Koninkryk Geskrifte - - 81
2.2.4 - Die Voorkoms in die finale Slotparagraaf Rm 16.25-27 - - 82
2.2.5 - Die Rom 16.25-27 Terminologie - - - - - 82
2.2.6 - Romeine 'n Omsendbrief - - - - - - 83

2.2.7 - Die Rm 16.25-27 Slotparagraaf as latere byvoeging - - - 83
2.2.8 - 'n Verkorte Romeinebrief - - - - - - 84
2.2.9 - God se Opdrag vir 'n Profetiese Geskrif direk aan die Heidene - 84

**2.3.0 - INHOUD VAN DIE VERBORGENHEDE BUITE DIE PAULINIESE VERBORGENHEIDSBRIEWE - - - - 86**
2.3.1 - Verborgenhede van God en die Godsaligheid - - - 86
2.3.2 - Dispensasionele aanwending van die term 'Verborgenheid' - 88
2.3.3 - Rakende die Liefde en die Charismata - - - - 91
2.3.4 - Rakende die Ongeregtigheid en Goddeloosheid in die wêreld - 92

**2.4.0 - INHOUD VAN DIE VERBORGENHEID IN VERBORGENHEIDSBRIEWE - - - - - - 94**
2.4.1 - Wat is dit wat Verborge was? - - - - - 94

**<u>AFDELING 3: DIE KRITERIA RONDOM DIE TERM 'VERBORGENHEID' IN DIE VERBORGENHEIDSBRIEWE</u> - 97**

**3.0.1 - OORSIG VAN DIE UITSPRAKE IN DIE VERBORGENHEIDSBRIEWE 98**
3.0.2 - Redes waarom die Verborgenheid nie raakgesien is nie 98
3.0.3 - Besinning teen die agtergrond v/d 'Toekomstige Dinge' van Jh 16.13 99
3.0.4 - Uitsprake in die Verborgenheidsbriewe <u>Ef A</u>; Kl en <u>Ef B</u> - - 100
3.0.5 - In <u>Ef A</u> (Ef 4 - 6) kom die Term twee keer voor: - - - 100
3.0.6 - In Kolossense kom die Term vier keer voor en brei Paulus daarop uit: 101
3.0.7 - In <u>Ef B</u> (Ef 1 - 3) kom die Term vier keer voor - - - 101
3.0.8 - In Rm 16.25-27 kom die Term een keer voor: - - - 102
3.0.9 - Onderskeidende Taalkriteria van die Verborgenheidsbriewe: - 102

**3.1.0 - DIE TOENAME IN DIE GEBRUIK/VOORKOMS VAN DIE TERM 'VERBORGENHEID' - - - - 103**
3.1.1 - Die Toename in die Gebruik/Voorkoms - - - - 103
3.1.2 - Toename in die Gebruik van die Term in die Verborgenheidsbriewe 103

**3.2.0 - DIE VERBORGENHEID SLEGS IN DIE ENKELVOUD - - 104**
3.2.1 - 'Verborgenheid' word net in die Enkelvoud aangewend - - 104
3.2.2 - Gekwalifiseerde en Ongekwalifiseerde gebruik - - - 105

**3.3.0 - (HIER)DIÉ VERBORGENHEID - - - - - - - 106**
3.3.1 - 'Verborgenheid' is altyd met die Lidwoord - - - - - 106
3.3.2 - Die dubbele Beklemtoning van 'Verborgenheid' - - - 105

**3.4.0 - HIERDIE VERBORGENHEID IS GROOT - - - - 107**
3.4.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 107
3.4.2 - Die Lig gaan vir Paulus op - - - - - - - 107
3.4.3 - Die Verborgenheid self is Groot - - - - - - 107
3.4.4 - Die Vraag oor die Semantiek van die Term 'Verborgenheid' hier - 108
3.4.5 - Dit verwys na Christus en die Ekklesia as Sy Liggaam - - 109
3.4.6 - Verwys dit na die Verhouding van die Man/Vrou in die Huwelik? - 110
3.4.7 - Kontekstuele aanleidene gedagtes in <u>Ef A</u> tot hierdie stelling: - 112
3.4.8 - Die Kerk is nie die Bruid van Christus nie! - - - - 113

**3.5.0- DIE VROEËRE ONBEKENDHEID VAN DIE VERBORGENHEID - 115**
3.5.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - - 115

3.5.2 - Hierdie Verborgenheid was 'Verborge' - - - - 115
3.5.3 - Die Verborgenheid was nooit voorheen 'Bekend Gemaak' nie - 116
3.5.4 - Hierdie Verborgenheid was eeue lank 'Verswyg' - - - 116
3.5.5 - Dit was 'In God' verborge - - - - - - - 117
3.5.6 - Dit was dus Nooit voorheen Geopenbaar nie - - - - 119
3.5.7 - Die Verborgenheid was voorheen Gedeeltelik geopenbaar - - 120
3.5.8 - Vir Wie was dit Verborge gewees? - - - - - - 120

**3.6.0 - DIE TYDSTIP WANNEER DIT GEOPENBAAR WAS - - 122**
3.6.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 122
3.6.2 - Dit is 'Nou' geopenbaar - - - - - - 122
3.6.3 - Nie in ander Geslagte Geopenbaar nie - - - - 124
3.6.4 - Die Verborgenheid het te doen met die 'Volheid van die Tye'. - 125
3.6.5 - 'Soos' dit Geopenbaar is - - - - - - 127
3.6.6 - 'Nou' is in die Gevangenis ná Handelinge 28 - - - 128

**3.7.0 - DIE OPENBAAR- EN BEKENDMAKING DAARVAN DEUR GOD: - 129**
3.7.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 129
3.7.2 - Geen Openbaring deur God in die Handelinge Dispensasie nie - 129
3.7.3 - (A) God het die Verborgenheid 'Geopenbaar'. - - - 130
3.7.4 - (B) God het dit *Bekend Gemaak* - - - - - - 131
3.7.5 - Deur God Self en nie deur Jesus geopenbaar nie! - - - 132
3.7.6 - Dit was deel van God se Voorneme/Plan/Wil/Wysheid - - 133
3.7.7 - Dit was deur 'n Spesiale en spesifieke Openbaring - - - 133
3.7.8 - God het dit deur Sy Gees Geopenbaar - - - - 134
3.7.9 - Diegene aan Wie God dit bekend gemaak en Geopenbaar het - 134
3.7.10 - God *WOU* dit bekend maak - - - - - - 136

**3.8.0 - PAULUS SE RENTMEESTERSKAP VIR DIE VERBORGENHEID: - 138**
3.8.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 138
3.8.2 - Voorkoms en Betekenis van die Term - - - - 138
3.8.3 - Paulus as Rentmeester van God en Jesus - - - - 140
3.8.4 - Paulus se Rentmeesterskap van die Verborgenheid en van God se Plan 140
3.8.5 - Die Wyse waarop hy die Rentmeesterskap ontvang het - - 142
3.8.6 - Paulus se Missie volgens die Rentmeesterskap van die Verborgenheid 143
3.8.7 - Paulus se Rentmeesterskap ter wille van die Heidene - - 144
3.8.8 - Paulus die Stigter van die Kerk - - - - - 145

**3.9.0 - DIE BEKENDMAKING V/D VERBORGENHEID DEUR PAULUS: - 146**
3.9.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 146
3.9.2 - Paulus het die Verborgenheid *Bekend gemaak:* - - - 146
3.9.3 - Paulus wou dat hulle tot *Volle Insig* en tot *Volle Kennis* sou kom - 147
3.9.4 - Paulus wou dat hulle sy Insig in die Verborgenheid *Verstaan* - 149
3.9.5 - Paulus het die Verborgenheid Openbaar gemaak - - - 150
3.9.6 - Paulus het die Verborgenheid aan die Lig gebring - - - 151
3.9.7 - Paulus wou dat almal dit Weet - Nie net party nie - - - 152
3.9.8 - Paulus se Prediking het die Verborgenheid in Werking gestel - 153

**3.10.0 - PAULUS SE GEVANGENISSKAP VIR DIE VERBORGENHEID - 155**
3.10.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 155
3.10.2 - Paulus se aanvanklike Gevangenisskap oor d*ie Hoop Van Israel* - 155
3.10.3 - Paulus se Gevangenisskap oor *Die Verborgenheid* - - - 157
3.10.4 - Paulus as Gevangene van *Jesus Christus* - - - - 158
3.10.5 - Die Doel van God met Paulus se Gevangenisskap - - - 159
3.10.6 - Paulus se Lyding oor die Verborgenheid - - - - 160

**3.11.0 - DIE VOORBIDDING WAT IN DIE VERBAND AANGEVRA WAS - 161**
3.11.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 161
3.11.2 - Paulus Se vorige Gebedsversoeke - - - - - - 161
3.11.3 - Paulus se Spesiale Gebedsversoek eers vir 'My' en later vir 'Ons' - 162
3.11.4 - Paulus vra dat 'n Woord hom gegee mag word - - - 163
3.11.5 - Paulus vra dat die Here sy Mond sal oopmaak. - - - 164
3.11.6 - Paulus vra vir 'Vrymoedigheid' - - - - - - 164
3.11.7 - Paulus vra dat 'n Deur oopgemaak sal word - - - 166
3.11.8 - Om te Spreek soos hy Moet en Behoort te spreek - - 167
3.11.9 - Dit gaan nie om die Prediking nie - Dit gaan om die Verborgenheid - 168
3.11.10 - Gevolgtrekking: - - - - - - - 169

**3.12.0 - BEKENDMAKING V/D VERBORGENHEID ONDER DIE HEIDENE: 170**
3.12.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 170
3.12.2 - Drie Stadia in die Heiden se Toetrede tot die Heil van God - 170
**Diagram: Drie Stadia van die Heidene se Toetrede** - 176
3.12.3 - Paulus se Bekendmaking van die Verborgenheid onder die Heidene 177
3.12.4 - Die <u>Ef B</u> (1 - 3) Vlugskrif direk aan die Gelowige Heidene - 179
3.12.5 - Paulus se twee Gebede vir die Heidene in <u>Ef B</u> (1 - 3) - - 181
3.12.6 - Die finale Status van die Heidene - - - - - 182

**3.13.0 - MENSE WAT HULLE VAN PAULUS AFKEER IN DIE GEVANGENIS 183**
3.13.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 183
3.13.2 - Paulus en sy Spanmaats - - - - - - 183
3.13.3 - Almal in Asië keer hulle van hom af - - - - 178
3.13.4 - Die rede: Die Openbaring en Bekendmaking van die Verborgenheid 184
3.13.5 - Nie oor sy Gevangenisskap nie - - - - - 185
3.13.6 - Die Verborgenheid is in die Gevangenis geopenbaar - - 185

**3.14.0 - DIE VERBORGENHEID VAN DIE EVANGELIE - - - 186**
3.14.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 186
3.14.2 – 'Verborgenheid' eerste maal Gekoppel aan die Evangelie - - 186
3.14.3 - Vroeëre verklaringe rakende die Evangelie - - - - 187
3.14.4 - Verklaringe in Filippense rakende die Evangelie - - - 188
3.14.5 - Dit gaan nie om die Verkondiging van die Evangelie nie - - 189
3.14.6 - Van 'Ons' na 'My' Evangelie: - - - - - 190
3.14.7 - V/d 'Evangelie v/d Koninkryk' na die 'Evangelie v/d Genade' - 190
3.14.8 - Verklaringe in die Verborgenheidsbriewe rakende die Evangelie - 190

**3.15.0 - DIT IS DIE VERBORGENHEID VAN GOD M.B.T. CHRISTUS - 193**
3.15.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 193
3.15.2 - Dispensasionele Strukture - - - - - - 193
3.15.3 - 'Verborgenheid' eerste maal gekoppel aan Jesus Christus as Persoon 194
3.15.4 - Die Verborgenheid is Christus - - - - - 196
3.15.5 - Dit raak Christus en die Ekklesia - - - - - 197
3.15.6 - Dit behels Christus onder/in hulle - - - - - 198
3.15.7 - Dit behels die Skatte wat in Hom as Hoof verborge is - - 199
3.15.8 - Dit behels die Doel om alles onder Een Hoof te Verenig - - 199
3.15.9 - Dit behels die Verheffing van die Heidene saam met die Heiliges - 201

**3.16.0 - DIE OPENBARING VAN DIE VERBORGENHEID ROND DIE PROGRESSIEWE OPENBARING VAN GOD IN DIE NT AF - 203**
3.16.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 203
3.16.2 - Die Gees maak die 'Toekomstige Dinge' Bekend - - - 203

3.16.3 - Die Openbaring van die Verborgenheid 'Rond' die Progressiewe Openbaring van God af - - - - - 203
3.16.4 - Dit behels die Voltooiing van die Nte Kanon - - - 204

**3.17.0 - 'N NUWE DISPENSASIE WAT NA VORE KOM - - - 206**
3.17.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 206
3.17.2 - 'Dispensasie' Gekoppel aan Verborgenheid - - - - 206
3.17.3 - Betekenis van *Oikonomia* = 'n Dispensasie - - - - 207
3.17.4 - Die Dispensasie se in-Werking-Treding in die Volheid van die Tye 208
3.17.5 - Die Dispensasie gekoppel aan Paulus se Rentmeesterskap - 209
3.17.6 - Die nuwe Dispensasie van die Kerk vir die Heidene - - 210

**3.18.0 - DIE VOORTSPRUITENDE PREDIKING VAN JESUS: - - 211**
3.18.1 - Wat sê die Skrif? - - - - - - - 211
3.18.2 - Die Belangrikheid van hierdie Opdrag. - - - - 211
3.18.3 - Die Prediking van Jesus Ooreenkomstig die Ot Profesië - - 211
3.18.4 - Prediking van Jesus Ooreenkomstig die Openbaring v/d Verborgenheid 212
3.18.5 - Die Finale Sending Opdrag van God se Woord aan die Kerk - 212

**3.19.0 - SAMEVATTING EN KONKLUSIE. - - - - - 214**

**4.0.0 - AANGEHAALDE WERKE EN BIBLIOGRAFIE MET BLADSY VERWYSINGS VAN VOORKOMSTES - - 216**

******************

# AFDELING 1:

# AGTERGRONDSASPEKTE

# 1.1.0 - DIE POLEMIESE PUNT EN TESIS

## 1.1.1 - 'N NUWE DISPENSASIONELE BENADERING

§1

Die hartlike vertroue word uitgespreek dat u hierdie vars nuwe benadering tot die Woord en in die besonder die Nuwe Testament, verkwikkend en as 'n heerlike nuwe avontuur en ontdekkingsreis sal ervaar en dat die logika van die geheel-argument daarvan ten einde inslag sal vind. Dit word aangebied met die hoop dat daardie **waarhede van die Woord** wat agterweë gebly het en verwaarloos was, opnuut ontdek sal word en hulle regmatige plek gegee en weer in berekening gebring sal word. Dit is slegs die volle waarheid wat 'n mens waarlik vry maak **(Jh 8.32)**. Nou is die waarheid altyd **eenvoudig** en ook **enkelvoudig** - nooit ingewikkeld nie! Anders sou God se klein kindertjies nooit vry kon wees nie! Daarom skryf God in Sy Woord niks anders as wat ons lees en ook verstaan nie **(2 Kr 1.13)**.

§2

Die skynbare kompleksiteit van die hele argument, wat 'n ontsettende poging van die skrywer vereis het om dit te verwoord en logies aan te bied in hierdie verhandeling, is te wyte daaraan dat daar vanuit 'n heeltemal radikaal nuwe **verwysingsraamwerk en struktuur** geredeneer word. Dit noodsaak dat 'n paar voorlopige aannames en/of hipoteses in breë trekke in ons midde gelê word in 'n poging om die begrip van wat met hierdie werk beoog word, makliker te maak. Dit word vertrou dat hierdie begrippe mettertyd duidelik bevestig sal word in hierdie verhandeling. Sommige van die diepgewortelde godsdienstige tradisies wat 'n lang pad vanuit die donker (middel)eeue kom, waar daar baie wanopvattings en onkunde in die godsdiens neerslag gevind het, word skerp onder die soeklig geplaas. Daarom word 'n beroep gedoen dat ons daarvoor voorsiening sal maak dat die hervorming steeds aan die gang is - *Reformata semper reformantis* - die hervorming werk hervorming aan die hand. [1]

§3

Die konsep van **dispensasionalisme** word lateraan meer volledig bespreek. Die woord beteken basies 'n 'Plan'. 'n Dispensasionalis is derhalwe iemand wat inskerp op al die fasette van God se Plan. Dispensasionalisme behels dus in 'n neutedop die benadering van die Woord dat God se Heilsplan in die geskiedenis **onderskeibare onderafdelings** het wat afsonderlik hanteer moet word. Hierdie onderafdelings van God se **een plan** het te make met verskillende **prinsiepe** wat vir verskillende **persone** gedurende verkillende **periodes** met die oog op verskillende **plekke** (destinasies) gegeld het.

[1] - §2: Die omvang van hierdie ingeperkte Verhandeling is steeds só groot en omvangryk dat die verwoording daarvan uiters moeilik is en dat dit 'n in diepte bespreking onmoontlik maak.

Die dispensasionalis neem hierdie onderskeie onderafdelings in aanmerking in die eksegese van die Skrif.

### 1.1.2 - 'VERBORGENHEID' IN PAULUS SE GEVANGENISBRIEWE

§4

Daar gaan in hierdie verhandeling gepoog word om te toon dat die Kerk* die afgelope twee duisend jaar 'n splinternuwe dispensasie van God is wat as verborgenheid aan Paulus geopenbaar was. Met die oog daarop gaan ons inskerp op die **intensiewe voorkoms** en **besonderse gebruik** van die term 'verborgenheid' (*μυστήριον* ) deur Paulus in die 'tweelingbriewe' **Kolossense en Efesiërs** wat die skrywer as die laaste twee van sy **Gevangenisbriewe** beskou en wat verderaan as die **Verborgenheidsbriewe** bekend sal staan. Nie alleen het dit vir hom daar in die gevangenis 'n baie belangrike onderwerp geword nie, maar het hy ook **unieke verklarings** rondom hierdie saak gemaak. Ons gaan kyk na die **kriteria van die term self asook van die woordgebruik** rondom hierdie Verborgenheid wat in die Verborgenheidsbriewe vir die eerste maal na vore kom. Ons wil daarop konsentreer sonder om noodwendig *per sé* na die inhoud van die Verborgenheid te kyk. [2] Paulus se besonderse verklarings rondom die begrip 'verborgenheid', **onderskei dit** nie net van sy gebruik in sy Vroeë Geskrifte asook van die voorkoms van die term in die res van die NTe Boeke nie, maar verenig dit, soos ons sal sien, in **een enkele nuwe geopenbaarde konsep** wat vir die eerste keer in die Verborgenheidsbriewe na vore kom.

§5

Die slotsom van hierdie verhandeling sal wees dat hierdie geopenbaarde Verborgenheid van die Verborgenheidsbriewe te make het met die **primordium en wese** van die Kerk*.

### 1.1.3 - PROGRESSIEWE OPENBARING IN DIE NUWE TESTAMENT

§6

Ons gaan ook na hierdie verskynsel kyk teen die agtergrond van die goddelike **Progressiewe Openbaring** in die NT. Die algemene konsensus is dat hierdie openbaring gekulmineer het in die vleeswording van Christus. Die allerbelangrikste maar verwaarloosde feit word egter hierin uitgelig dat die goddelike Progressiewe Openbaring verder afgerond en uitgebou is deur die Heilige Gees ná Sy koms op die Dag van Pinkster. Hierdie stelling word gemaak op grond van **Jh 16.13** waar die Here Jesus gesê het wanneer die Heilige Gees gekom het, sou Hy hulle (wat onder andere die NTe Boeke geskrywe het) in die hele waarheid lei; want Hy sou nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy gehoor het, sou Hy gespreek het en die **toekomstige dinge** aan hulle verkondig het. Die aanname

---

[2] - §4: Dit kan moontlik op doktorale vlak verder geneem word as hierdie aanbieding geslaagd is!

word gemaak dat hierdie **'toekomstige dinge'** in verband staan met die geopenbaarde Verborgenheid van die Verborgenheidsbriewe.

§7

**Eerstens** is die Pauliniese Briewe ná Handelinge en vóór die Algemene (Apostoliese Briewe) in ons Bybel geplaas en **tweedens** is Paulus se Gevangenisbriewe nie van sy Vroeë Geskrifte geskei en laaste geplaas nie. **Derdens** is die belangrike rol van die Heilige Gees se werking in die openbaring van die Verborgenheid as die 'Toekomstige dinge' nie byeengebring nie. Daarom is die geweldige progressiwiteit van die Godsopenbaring in die NTe Tydvak tot 'n baie groot mate vir ons verbloem, en het hierdie saak vir ons 'n verborgenheid gebly. Die progressiewe karakter van die goddelike openbaring het deur **vier duidelik onderskeibare fases** in die Nuwe Testamentiese tydvak gegaan. Dit word vertrou dat dit duidelik na vore sal kom dat dit **gekulmineer** het in die vierde en finale stadium in die openbaring van hierdie Verborgenheid van die Verborgenheidsbriewe net voor 70 nC. Wat meer is en wat ons ook sal sien is dat hierdie geopenbaarde Verborgenheid die Nuwe Testament **'afrond'** met die daarstelling van 'n nuwe fase en dispensasie van God se heilsgeskiedenis wat die afgelope twee duisend jaar gegeld het.

## 1.1.4 - KONINKRYK* EN KERK*

§8

Hierdie twee begrippe word in hierdie werk ook **van mekaar onderskei** as twee aparte 'ekonomieë' in die Woord van God. Die Koninkryk* is die OTe geprofeteerde Teokrasie* wat God vir Israel belowe het en wat twee duisend jaar gelede met die vleeswording van Jesus op hierdie aarde opgerig moes (en toekomstig nog sal) word. Daarin sou bekeerde Israel as God se **kanaal van heil** tot die wêreld optree en sou die geëvangeliseerde Heidene* (Nasies) **onder en saam met Israel en vader Abraham** die Here dien. Omdat Israel nie tot bekering gekom het nie, is die Koninkryk* ekonomie opgeskort en is Israel verhard en ter syde gestel. Uit die Koninkryk* het die Kerk* as nuwe skepping voortgevloei waarin die gelowige Heidene* die Here dien, **los en onafhanklik van Israel**, en is die Kerk* tans die kanaal van God se heil tot die wêreld.

## 1.1.5 - OU TESTAMENTIESE AGTERGROND

§9

Die voorkoms in die Bybel van só 'n geopenbaarde Verborgenheid impliseer dat die inhoud daarvan **nooit voorheen bekend** was nie. Dit is eenvoudige logika! Dit word gevolglik aanvaar dat hierdie Verborgenheid glad nie, en geheel en al nooit, ter sprake was in die OTe profesië nie en dat dit vir die eerste keer aan Paulus in die gevangenis ná **Hn 28 (63 nC)** geopenbaar was. Dit bring die vraag na vore: Waarom het dit dan in die OTe profesië gegaan? Wat het God by monde van Sy OTe Profete

gespreek? Die OTe Profete het enkel en eenvoudig net van 'n Teokrasie* - die Koninkryk* van God vir Israel - die Millennium - geprofeteer waarin die volk Israel gepromoveer sou word tot die hoof van die nasies met hulle Messias op die troon van Dawid in Jerusalem, en **Israel as kanaal van God se heil** tot die wêreld, onder en saam met wie die nasies die Here moes dien. Van 'n Kerk* as splinternuwe skepping en as *Corpus Christi*, waarin Israel geen rol speel nie en wat uit alle Nasies bestaan en wat tans die kanaal van God se heil tot die wêreld is, is daar **geen sprake** van in die Ou Testament nie!

§10

Ter vervulling van daardie profesieë het die Here Jesus aarde toe gekom **(Mt 5.17; Rm 15.8; Lk 1.1, 31-33, 68-74; 22.37; 24.44)** op die voorwaarde **dat Israel haar bekeer** en Hom as Messias sou aanvaar. As hulle die Seun verwerp en teen Hom gelaster het, sou dit hulle nog vergewe word **(Vgl Lk 23.34)**, maar as hulle laster teen die Heilige Gees wat sou kom, sou dit hulle nie vergewe word nie **(Mt 12.31-32)**.

## 1.1.6 - DIE SPESIALE HANDELINGE PERIODE EN DISPENSASIE

§11

Indien dit ook só is dat hierdie Verborgenheid eers in die Verborgenheidsbriewe ná **Hn 28** in die gevangenis aan Paulus geopenbaar was en dat dit betrekking het op die totstandkoming van die Kerk*, dan kom die verdere vraag na die **inhoud en strekking van die voorafgaande Handelinge Periode** ook na vore. Waarom het dit dan in die Handelinge Periode gegaan? Tot op **Hn 28** het dit om die oprigting van hierdie OTe geprofeteerde Teokratiese* Koninkryk* vir Israel gegaan. Dit is waarom dit ook uitsluitlik in **die Algemene (Apostoliese) Sendbriewe** en die **Vroeë Pauliniese Geskrifte**, wat alles in die Handelinge periode geskrywe was, gegaan het. God het tot op **Hn 28** dus steeds **verbondmatig** met Israel omgegaan. Dit gaan dus tot op **Hn 28** uitsluitlik om die inhoud van die beloftes soos vervat in die OTe Profesië wat verwesenlik moes word, naamlik God se OTe geprofeteerde Koninkryk* vir Israel. Tot op **Hn 28** het God vir Israel haar laaste verlengde geleentheid gebied om tot bekering te kom sodat Jesus vóór 70 nC kon terugkom om die Koninkryk* op te rig **(Hn 3.19-26)**. Tot op **Hn 28** gaan dit dus uitsluitlik om die hoop dat dit wat in die Ou Testament geprofeteer was (en wat gladnie op die huidige Kerk gerig was nie*) in vervulling sou gaan **(Vgl Hn 1.6; 28.20, 23)**.

§12

As dit slegs om die inhoud en die beloftes soos vervat in die OTe profesië in die Handelinge periode gegaan het wat niks van 'n Kerk* geprofeteer het nie, dan volg dit dat daar dus geen sprake van 'n Kerk* (en só ook nie in al die Boeke van die Nuwe Testament wat in dié tydperk geskrywe was = al Paulus se Vroeë Geskrifte asook die [meeste van die] Algemene Sendbriewe), was nie. Die enigste

rede waarom daar gedink word dat dit om 'n Kerk* gaan, is omdat ons daar van 'n 'gemeente' lees. Maar in die OTe geprofeteerde Teokrasie* wat tot op **Hn 28** van krag was, verkry die **'Gemeente'** waarvan ons in die Afrikaanse Bybel in die Handelinge periode lees (Eng: 'Church') en aan wie die NTe Boeke van daardie tydperk gerig was, 'n nuwe betekenis. [3]

§13

Die Handelinge Periode word in hierdie werk gevolglik as 'n **spesiale dispensasie** gesien waarin God Sy finale en desperate poging aanwend om Israel tot bekering te lei. Dit gaan om die Koninkryk* en om geen Kerk* in die Handelinge Periode nie.

## 1.1.7 - DIE HANDELINGE 28 SKEIDSLYN EN TRAGEDIE

§14

Die belangrikheid van hierdie aspek word ook in hierdie werk uitgelig. Tussen hierdie OTe geprofeteerde Teokrasie* vir Israel en die gevangenis-geopenbaarde Verborgenheid van die Kerk* vir die Heidene* lê die groot waterskeiding van **Hn 28 (63 nC)**, met die tragedie wat hom daar afgespeel het en wat deur so min mense raakgesien word. Daar het die volk Israel, wat nie in dié tydperk tot bekering gekom het nie, uiteindelik haar *rubicon* betree, en is hulle finaal deur God verhard en as **Sy kanaal van heil tot die wêreld**, ter syde gestel. Daar het God ook Sy OTe geprofeteerde **Koninkryk* Program vir Israel** met die **erfenis** wat daaraan vir hulle verbonde was, opgeskort. Daarná het God aan Paulus in die gevangenis **Die Verborgenheid** van die Kerk* as nuwe skepping geopenbaar, wat neerslag gevind het in die die laaste twee van Paulus se Geskrifte**, Kolossense en Efesiërs** - die **Verborgenheidsbriewe.** Later meer hieroor.

§15

**Hn 28** is ook die skeidslyn tussen Paulus se Vroeë Geskrifte en sy Gevangenisbriewe. Dit bring 'n belangrike perspektief na vore wat nooit uit die oog verloor moet word in ons benadering en eksegese van die Woord nie. Sy Vroeë Geskrifte is hoofsaaklik in die **Hn 13 - 28** periode (in ongeveer 48 - 60 nC) geskrywe en moet teen die agtergrond van die **Hn 13 - 28** geskiedenis gelees word. Wat meer is: Die **Hn 28** skeidslyn is ook belangrik vir die feit dat dit die spesiale **Handelinge Dispensasie** tot 'n einde bring.

---

[3] - §12: Sien 'Ekklesia*' in Afd 1.3.0 - Definisie vanTermes. 'Gemeente' wat 'n verkeerde vertolking van die Griekse term *εκκλησία* is en boonop verkeerdelik as die 'Kerk*' gedefinieer was, is in die NT die Here Jesus, as Profeet net soos Moses, se **Uitverkore Joodse Teokratiese* Vergadering** - soos Moses se Teokratiese* Vergadering van sewentig - waarmee Jesus as Joodse Messias in die Koninkryk* van God vir die volk Israel wat daar nog van krag was, Israel en die wêreld sou regeer, as Israel net tot bekering gekom het voor **Hn 28**.

## 1.1.8 - DIE VRAAG NA DIE OORSPRONG EN WESE VAN DIE KERK*

§16

Dieperliggend gaan dit dus basies om die vraag na die primordium (oorsprong) en die wese van die Kerk*. Is die Kerk* as **'geestelike Israel'**, volk van God en 'n verlengstuk van (nasionale) Israel soos die gereformeerde eenheidsteologie dit sien? Of is die Kerk* as *Corpus Christi* 'n heeltemal **nuwe skepping** wat eers in die NT tot stand gekom het? Of is die Kerk* beide volk en liggaam? Indien daar 'n **dispensasionele onderskeid** tussen Israel en die Kerk* getref word, dan is die vraag verder: Waar en hoe het die Kerk* dan ontstaan? [4] Sommige dispensasionaliste beweer dat dit geskied het met die Johannese Pinkster in **Jh 20.22**. Die mees algemene gedagte in Pinkster en Charismatiese geledere is dat die Kerk* in **Hn 2** op die Dag van Pinkster met die uitstorting van die Heilige Gees gekonstitueer is. Daar is egter sedert die begin van die vorige eeu ook dispensasionele stemme wat betoog het dat die Kerk* eers later in die Handelinge Periode met die aanvang van Paulus se bediening tot stand gekom het.

Maar daar is selfs **ultra- of hiperdispensasionaliste** wat beweer dat die Kerk* as Verborgenheid eers ná **Hn 28** in die Pauliniese Gevangenisbriewe geopenbaar was, en sy ontstaan gevind het. **Daar gaan in hierdie verhandeling gepoog word om laasgenoemde standpunt te bewys.**

## 1.1.9 - JOOD EN HEIDEN IN DIE NUUT-GEOPENBAARDE VERBORGENHEID

§17

Die finale stand van sake volgens die twee Verborgenheidsbriewe is dat Jood en Heiden op gelyke basis in die *Corpus Christi* saamgevoeg was in die Kerk* as die Liggaam van die een nuwe Mens. In die geopenbaarde Verborgenheid van die Pauliniese Gevangenisbriewe, is die uitverkore Joodse Oorblyfsel* uit Israel wat nie verhard was nie - die Ekklesia* - as die 'ons' (Heiliges) wat 'naby' was, saam met die 'julle' Heidene* wat 'ver' was, saamgevoeg tot die Twee-in-Een nuwe skepping van God in een Liggaam van die nuwe Mens as die *Corpus Christi.* Wanneer ons egter na die praktyk van die afgelope twee duisend jaar kyk, dan sien ons die onversoenbaarheid (diskrepansie) hiervan in die voldonge feit dat die Jood absoluut geen rol hoegenaamd in enige faset in die Heidense Kerk* gespeel het nie. Daar is geen sprake van enige samehorigheid van Jood en Heiden in die Kerk* nie! Om die waarheid te sê is dit net Gelowiges wat saam in die een Kerk* God aanbid. Die Kerk* wat uitsluitlik bestaan uit gelowige Heidene* wat kontra OTe voorwaardes, die Here los en vry en onafhanklik van

[4] - §16: **Baker (1980:486):** "All dispensationalists who recognize a difference between Israel and the Church must locate a point in the historical development of God's redemptive program at which this division took place."

Israel dien, is tans die kanaal van God se heil tot die wêreld in die plek van Israel wat dié rol moes vervul volgens die OTe profesieë. Inteendeel, dit is die Heidense Gelowiges wat die afgelope twee duisend jaar probeer het om die Jood te kersten en dan het die enkele Jood wat wel tot geloof gekom het saam met en as't ware onder die Heiden, die Here gedien. Geen verklaring word deur teoloë aangebied waarom die Jood (Israel) geensins vandag in die Kerk* figureer nie. Hiervoor word daar ook kortliks 'n antwoord gebied in hierdie verhandeling.

§18

Wat ons dus gaan poog om te bewys, is dat daar ná **Hn 28** in die vierde en finale stadium van die goddelike progressiewe openbaring deur die Heilige Gees in die Nuwe Testamentiese tydvak volgens **Jh 16.13,** as die 'Toekomstige Dinge', aan Paulus in die gevangenis die splinternuwe dispensasie van die Verborgenheid van die Kerk* uit die Heidene* as die *Corpus Christi* geopenbaar was. Dit gaan ons doen deur na die kriteria te kyk van die term 'verborgenheid' wat in die Verborgenheidsbriewe na vore kom en wat ons saam as 'n eenheid gaan hanteer met die veronderstelling dat ons in die Verborgenheidsbriewe te doen het met net **een enkele nuwe verborgenheid** wat daar geopenbaar is. Ons gaan ook poog om die progressiewe ontwikkeling van die Pauliniese gedagtegang in die Verborgenheidsbriewe te toon, asook die rede waarom hierdie Verborgenheid eers op daardie stadium aan Paulus geopenbaar was. As daar dan behoorlik bewys kan word dat daar 'n splinternuwe verborgenheid in die historiese heilsplan van God eers ná **Hn 28** na vore gekom het en aan Paulus in die Gevangenis geopenbaar was, dan is die grondslag gelê vir die aanvaarding vir die feit dat die Kerk* as die nuwe skepping van die *Corpus Christi* eers daar sy beslag gevind het.

## 1.1.10 - DIE VERBORGENHEIDSBRIEWE KOLOSSENSE EN EFESIËRS

§19

In my werkstuk op die eksegese van **Ef 2.11 - 3.14** - *Die Verborgenheid van 'n Twee-in-Een* - het ek probeer bewys dat die Efesiërsbrief saamgestel is uit twee afsonderlike Geskrifte: **Ef 1 - 3** [5] en **Ef 4 - 6**. Ek het ook probeer toon dat **Ef 4 - 6** (voortaan genoem **<u>Ef A</u>**) eerste geskrywe was met **Ef 1 - 3** (voortaan genoem **<u>Ef B</u>**) wat daarna gevolg het. Verder huldig ek die opinie dat die Kolossensebrief (**Kl**) tussen **<u>Ef A</u>** en **<u>Ef B</u>** die lig gesien het. (Die moontlikheid bestaan dat **<u>Ef A</u>** en **Kl** tegelykertyd geskrywe kon gewees het. **Allan (1968:I8)** sê byvoorbeeld op **Ef** : "Having the phraseology of Colossians still fresh in his mind, and indeed having the document still at hand, not yet dispatched, he uses the same words and expressions."). Ek het verder probeer uitlig dat **<u>Ef A</u>** en **Kl** aan die Joodse Ekklesia* (die 'Heiliges') gerig was terwyl **<u>Ef B</u>** in direkte opdrag van God aan Paulus, soos vervat in **Rm 16.25-26,** as 'profetiese Geskrif', in teenstelling met God se vaste beleid om Sy Woord

[5] - §19: Let byvoorbeeld op die volledige Brief formaat van **Ef 1 - 3** met sy inleiding, brief inhoud en slot.

deur die Jood aan die Jood te rig, direk aan die die Heidene* geskryf was. [6] **Swain (1980:65)** se kommentaar op **Ef 3.1-6** is byvoorbeeld: "Addressing himself principally to Christians of Gentile origin (2:11)." Ons het dus die posisie hiervolgens dat **Ef A (4 - 6)** met **Kl** daarna steeds an die Joodse Ekklesia* gerig was met **Ef B (1 - 3)** heel laaste, direk aan die gelowige Heidene* gerig as algemene omsendbrief. In hierdie volgorde beskou, kom daar 'n ontsettende interessante ontwikkeling van Paulus se finale denke in verband met die openbaring van die Verborgenheid (asook 'n paar ander sake) na vore wat hierdie voorgestelde volgorde van skrywe eintlik bevestig. Terselfdertyd bied dit 'n logiese antwoord en verklaring op die verskil in teologie, styl en terminologie tussen Pauliniese Vroeë en Latere Geskrifte wat deur geleerdes gebruik word om die pseudonimiteit van die twee Briewe te probeer bewys.

§20

Die volgende woorde word met apologie aan Robert Frost aangehaal:

Ons dans in 'n kring
En ons maak onsself wys
Maar die waarheid sit stil
In die middel en swyg!

[6] - §19: Laasgenoemde twee aspekte word verderaan meer volledig behandel in Afd. 1.4.0 en 2.3.0

# 1.2.0 - AFKORTINGS

Afd - Afdeling
Am - Amos
AV - Authorized Version
Dn - Daniël
Dt - Deuteronomium
Ef A - Efesiërs hfst 4 - 6
Ef B - Efesiërs hfst 1 - 3
Ef - Efesiërs
Eks - Eksodus
Es - Esegiël
Esr - Esra
Est - Ester
Ev - Die Vier Evangelies
Fl - Filippense
Flm - Filémon
Gl - Galasiërs
Gn - Genesis
GNB - Good News Bible
Gr - Grieks
Hb - Hábakkuk
Hfst - Hoofstuk
Hg - Haggai
Hgl - Hooglied
Hn - Handelinge
Hs - Hosea
Jb - Job
Jd - Judas
Jh - Johannes
Jk - Jakobus
Jl - Joël
Jn - Jona
Jos - Joshua
Jr - Jeremia
Js - Jesaja
KJV - King James Version
Kl - Kolossense
Klg - Klaagliedere
Kn - Konings
Kr - Korintiërs
Krn - Kronieke
Lk - Lukas
Lv - Levitikus
Mg - Miga
Ml - Maleági
Mon - The Centenary Translation: The New Testament in Modern English (H B Montgomery)
Mr - Markus
MSS - Oorspronklike Manuskripte van die Griekse NT
Mt - Matteüs
Nah - Nahum
NAV - Nuwe Afrikaanse Vertaling
NEB - New English Bible
Neh - Nehemia
NIV - New International Version
NJB - New Jerusalem Bible
Nm - Númeri
NRSV - New Revised Standard Version
NT - Nuwe Testament
NTe - Nuwe Testamentiese
OAV - Ou Afrikaanse Vertaling
Ob - Obadja
Opn - Openbaring
OT - Ou Testament
OTe - Ou Testamentiese
Phi - The New Testament in modern English (J.B. Phillips)
Ps - Psalms
Pt - Petrus
Rg - Rigters
Rm - Romeine
Rt - Rut
Sf - Sefanja
Sg - Sagaria
Sm - Samuel
Snw - Selfstandige Naamwoord
Sp - Spreuke
TCNT - The Twentieth Century New Testament
TDNT - Theological Dictionary of the New Testament
Tm - Timoteüs
TR - Textus Receptus
Ts - Tessalonisense
Tt - Titus
Vn - Voetnota
Wey - The New Testament in Modern Speech

# 1.3.0 - DEFINISIE VAN ENKELE TERME

**Belangrike Opmerking:**

Die **toets van 'n definisie** lê daarin dat die definisie elke maal in die plek van die term wat gedefinieer is, gebruik kan word en dat dit altyd in alle gevalle (Bybelse) sin sal maak! [7]

Alle gedefinieerde terme word in die werk met 'n asterisk (*) aangedui.

§1

**'Ekklesia*':** [8]

Letterlik: die Uitgeroepenes: 'n Benaming wat uit die staanspoor deur die gelowige Jode vanuit die OTe Septuaginta, waar dit ongeveer 'n honderd maal voorkom, oorgeneem is en op hulle van toepassing gemaak was - verwysende na die uitverkore Joodse Oorblyfsel* van die Nuwe Testamentiese tydvak uit verharde Israel, as Jesus, wat 'n Profeet net soos Moses is, se Teokratiese* Joodse Vergadering wat saam met Hom in die Koninkryk* moes (en toekomstig sal) regeer soos mettertyd in hierdie werk (hopelik) duidelik sal word. Die oomblik wanneer dit besef en aanvaar word dat die OTe geprofeteerde Koninkryk* van God vir Israel en die geopenbaarde Verborgenheid van Kerk* vir die Heidene*, **dispensasioneel twee aparte ekonomieë** in die Woord is en dat dit, soos dit duidelik bewys gaan word, tot op **Hn 28** uitsluitlik om die Koninkryk* gegaan het - d.w.s. daar is geen sprake van 'n Kerk* in die Handelinge Periode nie - die Verborgenheid van die Kerk* is eers ná **Hn 28** aan Paulus in die gevangenis geopenbaar - dan verkry die term 'Ekklesia*' meteens sy regmatige betekenis. Daarom word die term 'Ekklesia*' in hierdie werk uitsluitlik vir die Uitverkore Joodse Oorblyfsel* van die NT tydvak, wat die Messias, as Profeet net soos Moses, se Teokratiese* Regerende Vergadering sou wees in die eskatologiese Koninkryk* wat Jesus gekom het om op te rig (enige gelowige Heiden pertinent uitgesluit!), gebruik. [9] Tereg merk **Louw en Nida (1988:133)** op: "It is possible that in *ἐκκλησία* there is somewhat more focus upon the people being together as a

---

[7] - §0: **Ramm (1956:129)**: "Any study of Scripture ... must begin with a study of words." **Marsh (1969:1)**: "Define your terms and then keep to the terms defined."

[8] - §1: Die feit dat die Griekse term *ἐκκλησία* enersyds (jammerlik!) verkeerdelik **vertolk** is met *'gemeente'* (en erger nog in die Engelse Bybel met 'church') instede van met *'vergadering'* **vertaal** te gewees het en andersyds ook nog verkeerdelik **gedefinieer** is as "(an assembly) called out (of the world), CONGREGATION. A term used both to refer to the CHURCH at large and to refer to a local congregation of any church" (Deist, Ferdinant, *A Concise Dictionary of Theological Terms,* 29), het die werklike boodskap van die Woord van wie die Ekklesia* werklik is, vir ons oë verbloem. **Bullinger (1972:182)** is ook van die opinie dat dit 'n tragedie was wat gelei het tot die tradisie dat "Jesus Christ came to earth to found a church, and that He gave the keys to Peter, and Peter gave them to the Pope."

[9] - §1: Sommige soos **Banks (1980:43-52)** en **O'Brien (1987)** argumenteer dat die woord 'Ekklesia*' altyd die gedagte behels van 'n vergadering wat in sitting is en dat dit nie gebruik word van die organisasie self wat die vergadering hou nie.

legal assembly". [10] Wanneer ook veral die feit voor oë gehou word dat hierdie Ekklesia* vir die eerste bykans twintig jaar uitsluitlik net uit Jode bestaan het voordat die eerste Heidene* by die deur van geloof ingekom het, dan word hierdie stelling 'n groter aanvaarbaarheid.

§2

**Dunn (1998:537)** bied vir ons 'n baie mooi en belangrike perspektief op die term 'Ekklesia*' wat hierdie definisie onderskryf:

> Why this term? ... Paul's usage was drawn directly from Israel's self-identity. ... *Ekklesia** occurs about 100 times in the LXX, ... Since Paul speaks so often of "the church of God," it is hard to doubt that he had in mind this distinctive background. ... In short, there can be little doubt that Paul intended to depict the little assemblies of Christian believers as equal manifestations of and in direct continuity with "the assembly of Yahweh," "the assembly of Israel". [11]
>
> For prior to this, in the earlier Paulines, "the church" denoted simply the assembly or coming together of Christians in particular houses or cities (Rom. I6:1, 4, 5, 16; I Cor. 1:2; 4:17, etc.; so also Col. 4:15-16). This usage of the word took over the usage in which *ἐκκλησία* denoted the assembly of Yawheh (BAGD s.v. *ἐκκλησία* 3), as expressed most clearly in the phrase "the churches of God" (e.g., 1 Cor. 1:2; 11:16, 22; 15:9; I Thes. 2:14) - each church as an assembly of Israel.

**Dunn (1996:95)**:

§3

Hierdie eerste Christene, wat uitsluitlik uit Jode bestaan het tot op **Hn 10/13**, kon ander benaminge vir hulleself gekies het. **Sauer (1966:60)** sê: "They much rather used the familiar word *ecclesia* taken from the Greek Old Testament, the name of the ancient believing community of which the 'remnant' of the faithful were historically the kernel, the continuance, and the embodiment."

§4

Maar daar is die een geweldige belangrike aspek wat Dunn en geen ander teoloog ooit uitlig nie, en dit is dat die 'vergadering van God', en in die besonder die 'vergadering van Moses', in die OT, **God se 'Teokratiese* Regerende Vergadering'** was. [12] **Farrar (1962/248)** omskrywe die OTe "... *qahal* preferred by Deuteronomy and later writers, came to mean 'all Israel gathered together by God as a theocratic state'." **Rashi (1956:387)** onderskei *kehal* in sy kommentaar op **Ex 12.6**: "In Temple times the paschal offerings were slaughtered in three groups in accordance with the three words used here in the text, viz. *kehal* {assembly}, *adath* {congregation) and *Israel*." Die opmerking van **Scott**

---

[10] - §1: **Campbell (1989:9)**: "... it is pointed out that the word 'Ekklesia*' in Greek had no religious significance as such and referred simply to a meeting or assembly."

[11] - §2: Vir 'n volledige bespreking van die term sien **Dunn (1998:537-543).**

[12] - §4: **Hendriksen (1972:129)** verwys na die OTe volk Israel as 'n Teokrasie* wanneer hy in sy kommentaar op **Ef 2.12** sê: "They (the Gentiles) were excluded from the many blessings that pertained to the Jewish Theocracy".

**(1921:82)** moet ook in ag geneem word: "What must have been a natural instinct to name the Society from the One whom we call its Founder, was overruled by a stronger one. To Christ the Society traced its redemption, its peace with God, its life. And yet so strong was its sense of continuity with the past, that in this form of self-description at any rate, the sense of belonging to the Lord Jesus Christ was subordinated to that of belonging to God."

§5

In die Koninkryk* van God/die Hemele wat naby gekom het met die Koms van die Messias in die NT, en wat opgerig sou gewees het as Israel haar bekeer het, (dit was immers die uitsluitlike doel waarvoor Jesus gekom het [13] en die voorwaarde wat deurgaans daarvoor gestel was!), het **Jesus as Profeet net soos Moses (Dt 18.15-19; Jh 1.21, 25; Hn 3.22; 7.37)**, wat Israel as Verlosser moes 'uitlei' uit Romeinse onderdrukking en as Leidsman moes 'inlei' in die Koninkryk* wat Hy vir hulle moes oprig **(Lk 1. 32-33, Lk 1.52, Lk 1. 68-74)**, ook Sy eie **Teokratiese* Regerende Vergadering** verkry net soos Moses. Daarom lê die klem op ***'My vergadering'*** in **Mt 16.18** waar Hy sê: *En op hierdie rots sal Ek My gemeente (Teokratiese vergadering) bou.* [14] Al ander vergadering wat die Here Jesus se Joodse luisteraars van geweet het, was die vergadering van Moses. Hierdie Vergadering waarna die Here Jesus, wat nie gekom het om 'n Kerk* te vorm nie maar om die OTe profesië te vervul en die Millennium op te rig, [15] verwys het, was die Uitverkore Joodse Oorblyfsel* van die NT tydvak wat deur God aan Jesus gegee was. Die Here het geensins daar na die Kerk*, wat op daardie stadium nog 'n verborgenheid in God was, verwys nie.

§6

As 'Ekklesia*' van die Handelinge periode was hulle ook geensins die 'Kerk*' gewees nie, maar in God se aanbod van die OTe geprofeteerde Koninkryk* program vir Israel wat steeds van krag was tot op **Hn 28 (63 nC)**, sou hierdie Ekklesia* saam met Jesus as Sy 'deelgenote' (*μέτοχος* = vennote) in die Koninkryk* regeer. Die Vader het dit beskik dat die Koninkryk* van God (*βασιλεία* = koninklike heerskappy van God) van die Joodse leiers, wat in die stoel van Moses gesit het, [16] weggeneem word **(Mt 21.43)** en aan Jesus se uitverkore kudde toevertrou word **(Lk 12.32; vgl Jh 17.22; Hb 12.28; Jk 2.5; 1 Pt 2.9)**. Twaalf van hulle sou op twaalf trone sit en die twaalf stamme

---

[13] §5: Vgl. **Mt 5.17; Lk 1.1; 24.44; Rm 15.8**

[14] §5: **Thayer (1962:196)** maak die aanmerking op **Mt 16.18**: "Where perhaps the Evangelist employs *τὴν ἐκκλησίαν* although Christ may have said *τὴν βασιλείαν μοῦ*." **Bruce (1977:44)**: "We are prepared for a change in the scope of the word when we hear our Lord saying in Matt. I6. I8: 'upon this rock I will build my church'."

[15] §5: Let op die interessante toename van die gebruik van die term 'Ekklesia*' in **Hn 1 -12 ([2.47]; 5.11; 7.38; 8.1, 3; 9.31; 11.22, 26; 12.1, 5)** terwyl die gebruik daarvan weer afneem in **Hn 13 -28 (13.1; 14.23, 27; 15.3, 4, 22, 41; 16.5; 18.22; 19.32, 39, 41; 20.17, 28)**. In Paulus se Gevangenis Briewe is daar weer 'n toename in die gebruik daarvan: **Fl - 2x; Kl - 4x; Ef - 9x.** Hierdie afname en toename in gebruik by Paulus kan toegeskryf word aan die besef wat tot hom begin deurdring het in die Handelinge Dispensasie dat die uurglas vir die oprigting van die eskatologiese Koninkryk* vir Israel en die Ekklesia* besig was om uit te loop. Daarenteen het die besef van die belangrike rol wat die Ekklesia* sou speel in die daarstelling van die Nuwe Skepping, die Kerk* wat as Verborgenheid in die Gevangenis aan hom geopenbaar was, hom weer aangegryp.

[16] §6: Vgl **Ml 2.7; Mt 23.2; Hn 15.21; Lv 3.17; Neh 8.4, 8.**

van Israel regeer **(Mt 19.28; Lk 22.29-30)** terwyl die res van daardie 144,000 wêreldwyd oor tien en vyf stede ens sou regeer **(Lk 19.17, 19).**

§7

Nou het ons hierdie uiters interessante verskynsel wat hierdie definisie onderstreep en dit is dat waar daar eers 'n groter toename was in **Hn 1 - 12,** daar 'n groot afname in **Hn 13 - 28** is in die frekwensie van voorkoms van die term in die Handelinge periode! Namate die uurglas vir Israel begin uitloop het, en die punt wat God hulle as Sy kanaal van heil sou ter syde stel, nader gekom het, het die belangrike koninklike/regerende rol wat hierdie Ekklesia* sou speel, sterk begin afneem wat weerspieël is in die afname van die term. [17] Wat verder interessant is, is dat hierdie tendens ook in Paulus se Vroeë Geskrifte weerklank vind! Die term kom twee keer elk in **1 & 2 Ts** voor; twee-en-twintig keer in **1 Kr**; nege keer in **2 Kr**; drie keer in **Gl EN DAN NIE 'N ENKELE KEER MEER IN DIE OORSPRONKLIKE ROMEINEBRIEF NIE (Rm 1.1 - 15.33)**. In die Romeinebrief word hierdie Ekklesia* aangespreek as die 'geroepe Heiliges wat onder die Heidene*' is **(Rm 1.5-7)**, wat die 'naam van Jood dra' **(Rm 2.17 - vgl verse 18-19)**, wat as Jood 'n groot voordeel en voorrang geniet **(Rm3.1 & 9)**, en wat 'Abraham as vader na die vlees' het **(Rm 4.1)**, as 'broeders wat die wet ken' **(Rm 7.1)** en wat as die 'seuns van God' **(Rm 8.15, 19 - Gr** *υἱός*) die Manlike Kind is wat uit Israel gebore is **(Opn 12.5, vgl Gl 4.22-31)** en as gevolg van hulle verbintenis aan Christus die erfgename is van die OTe beloftes **(Rm 8.17; Gl 4.7; Hb 6.11-18).**

§8

Nou kan en mag ons as gelowige Heidene*, wat eers heelwat later op die toneel verskyn het, nie die algemene (gereformeerde) fout maak om onsself in hierdie Ekklesia* in te lees nie. Nêrens in die hele NT, wat aan hierdie Ekklesia* gerig was (behalwe vir **Rm 11.13-24; Ef 1 - 3 & Tt**), word die Heidene* in hierdie Ekklesia* ingesluit nie. Selfs in die finale opset van die geopenbaarde Verborgenheid in die Gevangenisbriewe, word hulle baie versigtig (en met 'n doel!) steeds van mekaar geskei! As ons as gelowige Heidene* uit wie die Kerk* bestaan, die rol van daardie Oorblyfsel* wil oorneem, dan verval al God se beloftes wat Hy aan nasionale Israel van 'n Joodse nageslag wat die erfgename sou wees, gemaak het! Die Woord verklaar uitdruklik dat God se beloftes nooit tot niet sal gaan nie! Dit geld in die besonder vir die Jood as God se verbondsvolk. **(Rm 3.3; Rm 4.14; Rm 15.8; Gl 3.17)**.

§9

Dit was eers in die gevangenis, nadat God Israel as kanaal van Sy heil tot die wêreld by **Hn 28** ter syde gestel het en Hy Sy OTe Koninkryk* Program vir Israel opgeskort het, dat hierdie Ekklesia*, as synde die Oorblyfsel* uit Israel en as die 'heiliges' wat *'naby'* was, soos ons sal sien, saam met die

[17] §7: **Hn 5.11; 8.1, 3; 9.31; 11.22, 26; 12.1, 5 // Hn 13.1; 14.23, 27; 15.3, 4, 22, 41; 16.5; 18.22; (19.32, 39, 41); 20.17, 28**

gelowige Heidene*, wat *'ver'* was, in die geopenbaarde Verborgenheid tot die een Nuwe Mens, die Kerk* as die *Corpus Christi*, saamgevoeg was. **Dunn** sien ongelukkig in sy verdere eksposisie, die gelowige Heidene* van die NT as deel van die 'nuwe Israel' en as deel van hierdie 'Ekklesia*'. Nêrens in die NT word dit egter verklaar dat die gelowige Heidene* saam of in die plek van Israel sal regeer nie. Skrifte wat dit skyn te verklaar, is gerig aan die Joodse Ekklesia*. Die Heiden het slegs deel verkry in die geestelike voorregte van die Jood **(Rm 15.27; vgl Rm 11.17.** Selfs in **Ef 2.13** het die Heidene* slegs *'naby'* gekom).

**SONDER HIERDIE DEFINISIE KAN DIE NUUT GEOPENBAARDE VERBORGENHEID VAN DIE GEVANGENIS BRIEWE - DIE KERK* AS *CORPUS CHRISTI* - NIE KORREK VERKLAAR WORD NIE!**

§10

**'Heidene*' -**

word in hierdie werk in Bybelse sin gebruik en verwys altyd na alle Nasies en mense wat nie-Jode is. Voordat die Kerk* as derde groep ontstaan het, het die Woord van God die mensdom verdeel in twee groepe: Die uitverkore volk Israel en die Heidene*/Nasies. Derhalwe word daar in die NT verwys na 'gelowiges uit die_Heidene' **(Hn 21.25)** en spreek Paulus die gelowige Heidene* in **Ef 3.1** direk aan as *julle wat Heidene* IS.* Wanneer die frase 'die Heidense Kerk*' in hierdie werk gebruik word, word daar verwys na die Kerk* wat hoofsaaklik uit gelowige Heidene* bestaan.

§11

**'Kerk*' -**

nie as 'vertolking' van die NTe 'Ekklesia*' nie maar van die Gr *κυριακός* - 'dit wat aan die Here behoort'. Die nuwe Mens wat as die *Corpus Christi* en as nuwe skepping ná **Hn 28** tot stand gekom het in die Verborgenheid wat aan Paulus geopenbaar was in die gevangenis as deel van 'Toekomstige Dinge' van **Jh 16.13** wat deur die Heilige Gees geopenbaar sou word ná Sy koms op die dag van Pinkster en as daardie dinge waarin die Here nog aan Paulus sou verskyn het **(Hn 26.16;** vgl **2 Kr 4.6; 12.1)** en wat die afgelope 2000 jaar hoofsaaklik uit gelowige Heidene* bestaan het. Hierdie 'Heidense' Kerk* was die afgelope 2000 jaar God se kanaal van heil tot die wêreld i.p.v. nasionale Israel wat volgens OTe profesieë daardie rol moes vervul.

§12

**'Koninkryk*' -**

Die toekomstige Teokratiese* regering van God volgens OT profesieë_deur Sy Messias wat aarde toe kom en op die troon in Jerusalem kom sit in die Millennium waarin Israel versamel gaan word uit die nasies, hulle vyande vernietig; hulle dode opgewek gaan word en gevestig gaan word in hulle land en wanneer God die wêreld gaan regeer en evangeliseer deur Sy uitverkore volk Israel as kanaal en die

nasies (Heidene*) wat dan gered sal word, saam en onder Israel die Here gaan dien. [18] "The kingdom of God. The expression was a Jewish one, and the Jew would understand by it society perfected. That domain on earth where God was visible [19] and God ruled. The Jewish kingdom was a Theocrasy: a kingdom in which God's power was manifest by miracles, and in which His laws were promulgated. This was Nicodemus' conception": (**Robertson** [20] ). **Thayer (1962:97)** bied ons die volgende bydrae:

> Relying principally on the prophecies of Daniel - who had declared it to be the purpose of God that, after four vast and mighty kingdoms had succeeded one another and the last of them shown itself hostile tot the people of God, at length its despotism should be broken, and the empire of the world pass over for ever to the holy people of God **(Dn ii.44; Dn vii.14, 18, 27)** - the Jews were expecting a kingdom of the greatest felicity, which *God, through the Messiah,* would set up, raising the dead to life again and renovating the earth and heaven; and that in this kingdom they would bear sway for ever over all the nations of the world. This kingdom was called *the kingdom of God* or *the kingdom of the Messiah*; and in this sense must these terms be understood in the utterances of the Jews and of the disciples of Jesus, when conversing with Him, as **Mt. Xviii.1; xx.21; Mk. Xi.10; Lk. Xvii.20; Xix.11.** [21]

**Breshears (1994:9)** vermeld dat: "Most scholars, dispensational and nondispensational alike, affirm that Jesus will not exercise his kingly authority until his return." [22]

---

[18] §12: Volgens die 'Toets van 'n Definisie' (Sien bls. 11 - §0) is dit die enigste Definisie wat alle uitsprake rondom die begrip 'Koninkryk*' in die Woord bevredig - bv **Lk 21.31; Hn 14.22** om maar net twee gevalle te noem. Die definisie van **Deist (1986:90)** "God's reign as extended over the entire universe and as present in the lives of every true believer" lewer probleme op die eerste keer wanneer die frase 'Koninkryk* van God' in die NT oor die lippe van die Here Jesus kom: *Die tyd is vervul en die Koninkryk* van God het naby gekom* **(Mr 1.15).** Dit sou impliseer dat God geen heerskappy gevoer het in enige mens in die vorige vier duisend jaar van menslike geskiedenis nie! Volgens Vorster is die Koninkryk* 'God se wil wat geskied' volgens **Mt 6.10**: *Laat U Koninkryk* kom, laat U wil geskied.* Hoe verklaar ons nou **Hn 14.22** in die lig van hierdie definisie: *Ons moet deur baie verdrukkinge in die Koninkryk* van God ingaan*? Wat bedoel die Here Jesus as Hy vir Nikodemus sê: *As iemand nie van omhoog verwek word nie kan hy die Koninkryk* van God nie sien nie/nie ingaan nie*? - **(Jh 3.3, 5).** Sien ook **Deist & Du Plessis (1981:152-4).**

[19] §12: Die Gr vir die woord *sien* in **Mt 16.28; Mr 9.1; Lk 9.27; Jh 3.3, 36; 11.40; 16.16, 17, 19** is *ὁράω* wat volgens **Vine (1940:Deel 3:337)** "bodily vision"; **Thayer (1962:451)** "to see with the eyes" beteken. Só ook **Bullinger (1974:Bylae 133:163)** Die Koninkryk is dus die fisies sigbare wat tot stand sal kom

[20] §12: **Robertson (Geen Datum) - 209** in die *Biblical Illustrator*

[21] §12: **Thayer** en almal saam met hom wat die gedagte handhaaf van 'n teenswoordige Koninkryk*, baseer dit op die volgende tekse: **Mt 11.12; Mt 12.28; Mt 13.41; Lk 17.21; 1 Kr 4.20; Rm 14.17; Kl 1.13.** In die lig van Deist se definisie (Sien Vn 18) van die term 'Koninkryk*' lewer hierdie Tekse egter ontsettende probleme op wanneer die 'Toets van 'n Definisie' toegepas word!

[22] §12: **Breshears (1994:8)** kwoteer: "Dispensationalists affirm more aspects of the eschatological kingdom than do most nondispensationalists. - **A. McClain**, *Greatness of the Kingdom* (Winona Lake: BMH, 1968) 217-254, finds six facets of the kingdom in the prophets: (I) *Spiritual:* This includes the salvation by grace begun with repentance and belief looking forward to renewal as a part of the new covenant. (2) *Moral/Ethical*: Moral values will be affirmed and established in the lives of all humans. This moral economy will be established worldwide. (3) *Social*: Peace will be affirmed and justice will reign. (4) *Political*: The righteous king (Messiah) will reign from a central capital (Jerusalem) over a regathered Israel through whom all the nations will be blessed. (5) *Physical*: There will be both cosmic and geologic changes. Waste places will be fertile and fruitful. Disease will be ended. (6) *Ecclesiastical*: A

**HIERDIE IS DIE ENIGSTE DEFINISIE WAT AL DIE UITSPRAKE VAN DIE TERM 'KONINKRYK*' IN DIE NUWE TESTAMENT BEVREDIGEND EN BYBELS SINVOL VERKLAAR!** (Sien die nota aan die begin van hierdie afdeling rakende die toets van 'n definisie).

§13

Omdat teoloë onbewustelik besef dat hulle definisie nie altyd water hou wat hierdie term betref nie, word die gedagte gehuldig dat daar verskeie 'fasette' en 'stadia' van die Koninkryk* is. Bg. Definisie bevredig myns insiens al die uitsprake rondom die voorkomste van die term regdeur die hele Bybel. Daar is gevolglik geen sprake van 'n Koninkryk* die afgelope twee duisend jaar nie, net soos daar geen sprake was dat God 'n Koning was en 'n Koninkryk* gehad het vir die eerste 2500 jaar van menslike geskiedenis nie. God het Homself in daardie tyd nie as 'n Koning geïdentifiseer of voorgestel in Sy kommunikasie tot die mens nie. Dit was eers met die Exodus dat Miriam gesing het dat God sal 'heers' in 'n toekomstige sin **(Ex 15.18)**. Dit was egter eers met die instelling van die dinastie van koning Saul in Israel, 500 jaar later (ongeveer 1100 v.C.) dat dit pertinent gesê was in Israel se volksmond dat God 'Koning' is van Israel **(1 Sm 8.7; 12.12)** - en dan het Sy 'Koningskap' uiteindelik bestaan *in die hand van Dawid en sy seuns* **(2 Krn 13.8; vgl 1 Krn 28.5)**. Sonder 'n 'seun' van Dawid op die fisiese troon in Jerusalem kan daar dus geen sprake van 'n Koninkryk* op aarde wees nie! God kan in elk geval 'heers' as HERE sonder om Koning te wees! [23]

§14

Wanneer ons nou in die Bybel enige gedagte van 'koninklike heerskappy' of 'Koninkryk*' of krone en trone ens. teëkom soos bv. in **Mt 19.28; 2 Tm 4.1**, dan het dit te doen met verwysinge na die Millennium. Die Kerk* het geen koninklike of heersende funksie wat dit tans moet vervul nie - slegs 'n priesterlike rol wat dit in die wêreld moet speel as die Liggaam van die Here Jesus wat tans Hoëpriester is **(Hb 3.1)**. Wanneer ons ook lees van *die Koninkryk* VAN die hemele* **(Mt)**; en *My Koninkryk* is nie VAN hierdie wêreld nie; as my Koninkryk* VAN hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my Koninkryk* nie VAN hier nie.* **(Jh 18.36)** en ook *die hoop wat vir julle weggelê is in die hemele* **(Kl 1.5)** en ook *sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons* **(1 Pt 1.4)**, dan spreek dit geensins van **lokaliteit of uiteindelike bestemming nie** maar van die **OORSPRONG** van waar God se Koninkryk* **OP DIE AARDE** opgerig sal word **(Vgl**

---

group of people will be gathered in the name of Jesus over whom God will be ruler and who will belong to God. To these six I would add a seventh: (7) *Doxological*: God will be praised throughout the world. Most dispensationalists would agree in concept if not with every specific element in this list."

[23] §13: Let daarop dat die Here Jesus wat alom ongegrond as 'Koning' van die Kerk* vereer word, slegs in die Vier Evangelies en in Openbaring as sulks voorgehou word. Hy word in geen Sendbrief as Koning voorgehou nie en is tans nie die Koning van die Kerk* nie. Die Kerk* is nie 'n 'volk' nie maar die Liggaam van die Here Jesus as die Hoof. Hy heers as Hoof in en oor Sy Liggaam. Net so min as wat Christus Priester was voordat hy aan die Kruis gesterf het - tot op die Kruis was Hy die Profeet - net so min is Hy tans die Koning totdat Hy by Sy wederkoms op die troon van Dawid kom sit in Jerusalem!

**2 Tm 4.1; 2 Ts 1.5-10; Mt 25.31)**. As Paulus aan die Joodse Ekklesia* in Filippi skrywe dat hulle burgerskap in die hemele is, dan verwag hy dat die Here Jesus met daardie burgerskap aarde toe kom as Verlosser om die Koninkryk* op te rig **(Fl 3.20; vgl Lk 1.68-74)**. So het die Here Jesus met sy engele reeds voor die Kruis gereed gestaan om in die heerlikheid van Sy Vader te kom **(Mr 8.38-9.1)**. Dit moet alles vertolk word in die lig van die rots van Daniël se beeld wat van die berg (hemel) losgeraak het sonder die toedoen van mensehande en alles hier vermorsel en self 'n ewige Koninkryk* geword het **(Dn 2.34-35, 44-45)**. Die Jood se eskatologie word alles op hierdie aarde vervul. Dit beteken nie soos ons dit wil interpreteer dat dit eers in die lewe hiernamaals geniet sal word nie. Die Kerk* se eskatologie verskil dispensasioneel daarvan.

§15

**'Die Oorblyfsel*' -**

Diegene uit Israel van daardie NTe geslag wat nie deur God verhard was nie **(Rm 11.25, 5, 7-10; 9.27-29)**. Die uitverkore Joodse Gelowiges wat spesiaal deur God van omhoog verwek was om in Jesus te glo **(Vgl Jd 1; Hn 10.40-41)**. Hulle is daardie skape van die huis van Israel wat God aan Jesus gegee het as die geprofeteerde 'nakroos' uit Israel **(Js 53.10; vgl Jh 10.26-29; 17.6, 9, 11, 12, 24)**. Hulle is die 'Ekklesia*' van die NT - sien die definisie van 'Ekklesia*'.

§16

**'Die Teokrasie*' -**

God se OTe geprofeteerde Koninryk vir Israel met Jesus as Messias op die troon van Dawid in Jerusalem waarin die volk Israel, as hulle hul bekeer, versamel word uit die nasies en gevestig word in hulle land as die hoof van die Nasies en as kanaal van God se heil tot die wêreld onder en saam met wie die Heidene* die Here sal dien - die Millennium. Dit is waarvoor die Here Jesus twee duisend jaar gelede gekom het. [24] Die Teokrasie* is egter opgeskort en Israel ter syde gestel as God se kanaal in **Hn 28 (63 nC)** omdat hulle nie tot bekering gekom het in die Handelinge Periode nie.

---

[24] §16: **Blaising (1994:163):** "... the eschatological kingdom predicted by the prophets and typified by the Davidic theocracy is *one* kingdom with that which Jesus preached and about which his apostles taught."

# 1.4.0 - HERMENEUTIESE VERTREKPUNTE

§1

As 'n gelowige Heiden - d.w.s. iemand wat nie tot die Joodse volk (Israel) behoort nie, het die skrywer vyf hermeneutiese vertrekpunte in hierdie werk gehandhaaf in die eksegese wat aangebied is. Basies is die Woord streng histories, struktureel en letterlik/grammatikaal geïnterpreteer:

## 1.4.1 - DIE BYBEL 'N JOODSE BOEK:

§2

Die eerste uitgangspunt is dat die Bybel 'n Joodse Boek is, geskrywe deur Jode, hoofsaaklik aan Jode, en dat die NT uit daardie hoek verklaar moet word soos **Girdlestone (1983:14)** tereg opmerk: "The whole Bible may be regarded as written for 'the Jews first,' and its words and idioms ought to be rendered according to Hebrew usage." **Lightfoot (1959)** [25] beklemtoon: "In interpreting very many phrases and histories of the New Testament, it is not so much worth what we think of them from notions of our own ... as in what sense these things were understood by the hearers and lookers-on, according to the usual custom and vulgar dialect of the nation."

### A) - VERKLARING VAN DIE WOORD SELF

§3

Dit is die ondubbelsinnige verklaring van die Woord: *Hy maak aan Jakob Sy woorde bekend en aan Israel Sy insettinge en Sy verordeninge. Só het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie* **(Ps 147.19-20).** Wanneer Paulus vra: *Wat is dan die voordeel van die Jood?* Dan antwoord hy: *Groot in alle opsigte: ten eerste tog seker dat aan hulle die woorde* (Gr *λόγια* – Eng 'oracles', volgens OTe konsep die lewende woorde van God wat Hy tot die Jood gerig het – vgl **Hb 5.12)** *van God toevertrou is* **(Rm 3.1-2).** Hierdie spreke van God het uitdrukking gevind in die *λόγος* en die *ῥῆμα* en neerslag gevind in die *γραφή* en die *ἐπιστολή*. Daarom wil die skrywer **Thomas (1929:111)** se woorde onderstreep: "While all Scripture is written *for* us, it is not all written *to* us"

### B) - GOD SE DOEL MET ISRAEL

§4

Dit was deel van God se doel met die volk Israel dat die Skrifte deur hulle as instrument in God se hand tot stand sou kom. Min teoloë lig dit uit dat God Homself slegs aan en deur die Jood geopenbaar het - en dan ook hoofsaaklik tot die Jood - met die doel dat hulle daardie

[25] §2: Aangehaal in **Moulton & Milligan (1959)**: Daarom moet daar noukeurig gelet word op die Definisies van die Termes: 'Ekklesia*; Heiliges; Oorblyfsel*; Broeders; Eerstelinge; Manlike Kind' wat in die NT uitsluitlik ten opsigte van die Jode gebruik word!

openbaring op Skrif sal stel. Calvyn sê: "The oracles were committed to the Jews to keep safe for as long as it pleased the Lord to continue His glory among them. They were then to publish them, at the time of His disposing, ... The Jews were firstly, keepers of the oracles of God, and secondly stewards." **Mackenzie (1961:59).** [26]

## C) - 'HEIDENE*' IN DIE DERDE PERSOON

§5

Die grootste enkele bewys dat die NTe Geskrifte hoofsaaklik aan Jode gerig was, is die feit dat die term 'Heiden', wat 188 keer in die NT voorkom, en dit vele male ten opsigte van gelowige Heidene*, slegs **vyf keer** in die hele NT in die 2e Pers. - die aanspreekvorm - voorkom: In twee OT aanhalings: **Rm 15.10, 11** en dan in: **Rm 11.13** waar Paulus hom in **verse 13-24** vir 'n oomblik wend tot die Heidene* onder die Joodse Ekklesia* en hulle maan om nie teen die afgebreekte takke te roem nie. In die enigste Sendbrief wat direk aan gelowige Heidene* gerig is **(Ef B)** is daar die twee voorkomstes in **Ef 2.11 en Ef 3.1**. Die res is altyd in die derde persoon. Hieruit word afgelei dat Paulus altyd met die Joodse Ekklesia* VAN die Heidene* gepraat het en nie MET hulle nie!

## D) - AAN DIE JOODSE EKKLESIA* GERIG

§6

Nou is die NT hoofsaaklik aan die 'Ekklesia*' gerig - die Messias se Joodse Teokratiese* vergadering wat in elke sentrum nog in beheer was van die Heidene* [27] wat onder en saam met die Uitverkore Joodse Oorblyfsel* die Here in die Handelinge Periode gedien het. [28]

## E) - OU TESTAMENTIESE AANHALINGS IN DIE NT

§7

Die verdere feit van die baie OTe aanhalings in die NT veral in die Pauliniese Briewe is ook 'n groot bewys dat dit aan die Joodse Oorblyfsel* gerig was. Dit is in ooreenstemming met Paulus se gebruik. As hy byvoorbeeld aan die Griek Titus skrywe, haal hy nie een enkele OTe Skrif aan nie. Dit is ook die geval met sy toesprake in Handelinge wanneer hy die Heidene* toespreek. Wanneer hy egter met Jode praat, wemel sy taalgebruik van OTe

---

[26] §4: Aldus **Calvyn** se kommentaar op **Rm 3.1-2**

[27] §6: In hierdie opsig moet ons altyd onthou dat die OT Profesië dit duidelik gestel het dat die wet uit Sion sou uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem **(Mg 4.2; Js 2.3).** Daartoe sou die nasies optrek en daaraan hulleself onderwerp. Dit het die Jood in beheer geplaas en in die besonder die Ekklesia* van die Handelinge Periode waar die eskatologiese Koninkryk* voortydig gerealiseer het en aan wie die NT gerig was! Vandaar die gedagte van *geloofsgehoorsaamheid* van die gelowige Heidene* by Paulus **(Rm 1.5; Rm15.18; Rm16.27)** na aanleiding van **Ps 18.45 en Dn 7.27.** Gevolglik het Paulus-hulle die verordeninge wat deur die apostels en die ouderlinge in Jerusalem vasgestel was, aan die Ekklesia* in al die stede oorgegee om te onderhou **(Hn 16.4).** Hierdie is **die allerbelangrikste uitgangspunt waarby hierdie hele werk staan of val,** wat deurgaans voor oë gehou moet word!

aanhalings, verwysings en woordelikse ooreenstemmings. Vergelyk sy toespraak tot die Jode in **Hn 13.16-41** met sy toespraak voor die Atheners op die Areopagus in **Hn 17.22-31** waar hy nie een enkele OTe aanhaling maak nie – slegs heenwysinge.

## F) - ENKELE INTERNE BEWYSE

§8

Met hierdie uitgangspunt wat gehandhaaf word, vind mens veel meer interne bewyse in elke Boek dat daar met die Jood gepraat word, as wat daar met Heidene* gepraat word: Bv **Rm 2.17, 23; Rm 3.1, 9; Rm 4.1; Rm 7.1; Rm 15.8-12** wat aan die *geroepe Heiliges* wat onder die Heidene* is (die Diaspora) gerig is **(Rm 1.5-7)**, om maar net een Boek as voorbeeld te noem. [29] Daar is ook die vele bemoedigings aan die Gelowiges om te volhard onder die vervolginge wat 'n sterk bewys is dat die Boeke aan Jode gerig was - dit was net die Joodse Oorblyfsel* wat hoofsaaklik in die NT deur die verharde Jode vervolg was [30] **(Gl 4.29; 1 Ts 2.14)**. Die eerste vervolging van gelowige Heidene* was hier kort voor 70 nC toe die meeste NT Briewe al klaar die lig gesien het. Ook die parenetiese gedeeltes in die NTe Boeke dat God ook die God van die Heiden is en dat daar nie meer Jood en Griek ens. is nie, was vermaninge wat gerig was teen die Joodse meerderwaardige eksklusiwiteit.

## G) - DIE FINALE OPDRAG AAN PAULUS

§9

Die feit, soos ons sal sien, dat God ook uiteindelik aan Paulus in die gevangenis 'n duidelike en spesifieke opdrag moes gee om direk aan die Heidene* 'n skrywe te rig **(Rm 16.26)**, bevestig die aanname dat die voorafgaande res van die NT hoofsaaklik aan Jode gerig was. [31]

## H) - DELE IN NUWE TESTAMENT DIREK AAN HEIDENE* GERIG

§10

By wyse van herhaling: Die enigste dele in die NT wat in die lig van die voorafgaande direk aan die gelowige Heidene* gerig is, is **Rm 11.13-24**; die Boek **Tt** en dan **Ef 1 - 3**. Die res van die NT is aan die Uitverkore Joodse Oorblyfsel*, die Ekklesia* gerig!

---

[28] §6: Vgl die *'onder'* in gedeeltes soos **Hn 26.17; Rm 11.17.**

[29] §8: Hierdie benadering bied so 'n pragtige en logiese oplossing vir die vraag oor die aanhef van **1 Kr 1.2** se *saam met almal* (die gelowige Heidene*) *wat die Naam van onse* (Joodse Oorblyfsel* se) *Here Jesus Christus in elke plek aanroep, **hulle** sowel as **onse** Here* (vgl. **Rm 3.29; Jh 6.39 vs 40;** Jh **17.20; Tt 1.1 vs Tt 1.3b** waar dié twee groepe onderskei word!).

[30] §8: **Schonfield (1974:131)**: "This was no persecution of Christians by Jews; it was an attempt within the Jewish polity to suppress what may be described as a dissident left-wing."

[31] §9: Sien Afd 2.2.4 - bls 82

## 1.4.2 - HISTORIESE INTERPRETASIE:

§11

As sodanig moet die Woord ook histories geïnterpreteer word. Dit moet teen die agtergrond van die sosio-historiese situasie soos dit op daardie tydstip was, vertolk word. **Berkhoff (1971:11)** meld: "It teaches us that this is properly accomplished only by the readers' transposing themselves into the time and spirit of the author." Die probleem met akademiese werke is dat daar aanspraak gemaak word dat die Bybel histories-grammatikaal/letterlik vertolk word maar dan kom dit duidelik na vore dat eksegete die Bybel verklaar asof dit vandag aan hulle gerig is! Daar word in hierdie werk dus gekyk wat God in die NT eerstens vir daardie Joodse geslag gesê het - eers by monde van die Seun **(Hb 1.1; Hb 2.3)**, toe deur hulle wat die Seun gehoor het - die Twaalf wat opgetree het in **Hn 1 - 12 (Hb 2.3b)** en laastens deur die tweede generasie Apostels - Paulus en sy ses makkers wat in **Hn 13 - 28** opgetree het en wat op hulle beurt weer die Twaalf aangehoor het **(Hb 2.3).** Ten slotte kyk ons na die uiteindelike situasie soos dit was ná **Hn 28. Bultman (1955:Vol 2:251)** is natuurlik ook korrek as hy sê: "... the task of New Testament Theology is not the "reconstruction of past history" but rather the "interpretation of the New Testament writings"; thus "reconstruction stands in the service of the presupposition that they have something to say to the present." "The moment the student has in his mind what was in the mind of the author or authors of the Biblical Books when these were written, he has interpreted the thought of Scripture ...If he adds anything of his own, it is not exegesis." [32]

§12

'n Logiese praktiese uitvloeisel hiervan in hierdie werk is dat die Skrif, wanneer dit aangehaal is, 'oorgesit' is van die teenwoordige tyd na die verlede tyd en van die eerste- en tweede persoon na die derde persoon; van 'hierdie' na 'daardie' ens. In die aanhaling van die meeste Tekse in hierdie werk is hierdie oefening toegepas om die implikasies van wat daar werklik vir daardie mense gesê was, tuis te bring.

§13

In hierdie verband is dit ook uiters noodsaaklik dat daar gelet sal word op die Griekse term *μέλλω* wat 103 keer in die NT voorkom maar wat, omdat dit vir die vertalers skynbaar nie sin gemaak het nie, slegs sowat dertien keer in die vertaling weergee is. Hierdie bywoord van tyd, wat vertaal moes gewees het met *aanstons/op die punt om/binnekort,* se weglating, het die historiese imminensie (nabyheid) van die volgende allerbelangrikste sake in die NTe Tydvak verbloem en dit vir ons vandag slegs toekomstig gemaak. Let op die volgende: Dit is o.a. elf keer aangewend ten opsigte van die Joodse eskatologiese **Millennium/Goue Eeu** wat daar op hande was; [33] agt keer is dit gebruik ten

---

[32] §11:Aangehaal uit *International Standard Bible Encyclopedia,* (1952) Vol 3, bls. 1489.

[33] §13: Die Millennium/Goue Eeu: **Mt 12.32; Hn 26.22; Hb 2.5; Hb 6.5; Hb9.11; Hb10.1; 1 Kr 3.22; Rm 4.24; 1 Tm 6.19; Kl 2.17; Ef 1.21.**

opsigte van die **Toorn en Oordele** van God wat vir Israel op hande was; [34] agt keer ten opsigte van die **Wederkoms in heerlikheid** wat vir hulle op hande was; [35] vier keer van **die Koninkryk*** wat op hande was; [36] drie keer van **die Opstanding uit die Dode** wat op hande was; [37] nege keer van **die Verdrukking** (in sommige gevalle as gevolg van God se toorn) wat vir Israel op hande was. [38] In die lig hiervan kan daar verstaan word waarom die **OAV** in hierdie werk as 'n meer konkordante vertaling verkies word bo die **NAV**!

## 1.4.3 - SKRIF VERKLAAR SKRIF:

§14

Die volgende beginsel wat toegepas is, is dat die Skrif met Skrif verklaar moet word. **Berkhof (1971:160)** bied die volgende riglyn: "The helps that may aid the expositor in the theological interpretation are twofold: (1) Real Parallels, or Parallels of Ideas: and (2) The analogy of faith, or of Scripture. Both proceed on the assumption that the Word of God is an organic unity of which all parts are mutually related, and are together subservient to the whole of God's revelation; and that, in the last analysis, the Bible is its own interpreter." Ons sou byvoorbeeld nie geweet het wat die Skrif met *gegenereer* in **Ps 2.7** bedoel het nie, as die Skrif dit nie self in **Hn 13.32-34** verklaar het nie!

## 1.4.4 - LETTERLIKE GRAMMATIKALE VERTOLKING VAN DIE SKRIF:

§15

Die volgende hermeneutiese vertrekpunt is dat die Skrif sover moontlik letterlik grammatikaal vertolk word. *Want ons skryf aan julle niks anders as wat julle lees of ook verstaan nie, en ek hoop dat julle dit ook tot die einde toe sal verstaan,* **(2 Kr 1.13).** Daar is niks mistieks aan die Woord verbonde nie. **Feinberg (1980:162)** sê: "I am in hearty agreement with that maxim of interpretation which states: 'When the plain sense makes good sense, seek no other sense." **Showers (1991:24)** verklaar: "Covenant Theology recognizes that the historical-grammatical method of interpreting the Bible is normal. In this method, attention is focused upon historical background and grammar to determine the correct meaning of a passage. Words are given the common, ordinary meaning which they had in the culture and time in which the passage was written." [39]

---

[34] §13: Die Toorn en Oordele van God op Israel: **Mt 3.7; Lk 3.7; Hn 17.31; 23.3; 24.25; Jk 2.12; Opn 1.19; 3.16; Hb 10.27; Rm 8.13; 2 Tm 4.1**

[35] §13: Die wederkoms in heerlikheid: **Mt 16.27; Lk 24.21; Jh 6.15; 1 Pt 5.1; Opn 12.4, 5; Rm 5.14; 8.18, 38; 2 Tm 4.1.**

[36] §13: Die Koninkryk*: **Lk 19.11; Hb 1.14; 13.14; 1 Tm 4.1**

[37] §13: Die opstanding: **Hn 24.15; 26.23; 1 Tm 4.8**

[38] §13: Israel se verdrukking: **Mt 24.6; Lk 21.7, 36; Opn 2.10; 3.2, 10; 6.11; 8.13; 10.4, 7; 1 Ts 3.4**

[39] §15: **Shepherd (1989:283)** haal aan: "Origen, wary of florid descriptions of millennial pleasures, spoke against those who "understand the divine Scriptures in a sort of Jewish sense," i.e., too literally (*De Principiis* 2.11.2)." **Shepherd (1989:29I)** kwoteer ook **Chafer (1947-48)**: " "The outstanding characteristic of the dispensationalist is ... that he *believes* every statement of the Bible and gives to it the plain, natural meaning its words imply," says Lewis Sperry Chafer. The reverence for the Scriptural letter leads to a reverence for literal interpretation."

## 1.4.5 - STRUKTURELE INTERPRETASIE

§16


Hiermee word bedoel dat die fundamentele beginsel in die wetenskap van Logika toegepas word, naamlik dat ons van die algemene na die besondere sal redeneer om suiwer te redeneer. Ons moet die detail binne die breër struktuur vind en nie vanaf die detail die raamwerk wil vasstel nie. 'We must first obtain a birds-eye view before we get a worms-eye view.' Ons moet vanuit God se breëre dispensasionele struktuur interpreteer. Ongelukkig het die breër dispensasionele struktuur van die NT in die slag gebly (Sien die Skematiese samevatting van die breër NTe struktuur op bls. 25). Daarom is **Shepherd (1989:292)** in die kol as hy saamvat: "Any passage will find its proper literal interpretation if it is placed in the proper dispensation." **Bullinger (1972:vii)** sê: "The difficulties experienced by some ... are due to the fact that they arise from a consideration of only *parts* of the truth." 'n Bybelstudent begin struktureel en dispensasioneel te interpreteer wanneer hy toepas wat **Shepherd (1989:290)** uitlig: "Hermeneutically, the crucial distinction is between the divine words addressed to Israel (the law and the kingdom) and the church (grace). To observe this division is to interpret correctly; for Scofield it is "rightly dividing the Word of Truth" (**KJV**)." Daarom vereenselwig die skrywer hom met **Shepherd (1989:292)** se woorde: "For dispensationalists, the facts are easily known, their veracity insured. All that remains is to classify them." Dan kwoteer hy verder: "Marsden writes: They were absolutely convinced that all they were doing was taking the hard facts of Scripture, carefully arranging and classifying them, and thus discovering the clear patterns which Scripture revealed. The unusual firmness of the facts of Scripture was believed guaranteed by its supernatural inspiration."

## 1.4.6 - SAMEVATTING

§17

Die feit dat Gelowiges die Bybel benader met die gedagte dat hulle 'geestelike Israel' is en dat die Bybel vandag aan hulle gerig is, het tot gevolg gehad dat ons eksegese en teologie verstrengeld geraak het in baie opsigte. Die hoop word uitgespreek dat die bogenoemde beginsels wat in hierdie werk toegepas is, aan die einde geregverdig sal skyn te wees terwyl die Woord van die waarheid reg gesny is tussen die OTe geprofeteerde Koninkryk* van God vir die Jode en die NTe geopenbaarde Verborgenheid van die Kerk* vir die Heidene* **(2 Tm 2.15)** en die dinge waarop dit aankom dus korrek onderskei is **(Fl 1.10)** sodat die prediking van Jesus gevolglik suiwer sal geskied ooreenkomstig die geopenbaarde Verborgenheid **(Rm 16.25)**.

# STRUKTUUR VAN DIE HOOFMOMENTE IN DIE OORSKAKELING VAN KONINKRYK NA KERK IN DIE NUWE TESTAMENTIESE TYDVAK




*VERKLARING:*

**A) - Die Koninkryk aangekondig deur Johannes die Doper en Jesus Christus op Voorwaarde dat Israel haar Nasionaal Bekeer**
**B) - Maar die Christus moes eers ly voordat die Heerlikheid/Koninkryk kan kom - Die Steen word verwerp deur die Bouers**
**C) - In antwoord op Sy Gebed aan die Kruis word Israel vergifnis geskenk en'n verdere kans gebied om hulle te Bekeer onder die Bediening van die Heilige Gees**
**D) - Die Eerstelinge uit Israel word Uitverkies (Die Manlike Kind - Die 'Ekklesia' van die Nuwe Testament - Die Oorblyfsel)**
**E) - Die Deur van Geloof word geopen vir die Heidene en dien God ONDER EN MET Israel in God se Koninkryk Program vir Israel**
**F) - God se Koninkryk aanbod aan Israel word ter syde en uitgestel en Israel ter syde gestel a.g.v. Israel se ongeloof - Han.28 (63 n.C.)**
**G) - Die Verborgenheid van die Kerk as Die Nuwe Skepping Geopenbaar aan Paulus in die Gevangenis - Die Oorblyfsel en die Gelowige Heidene word die Een Liggaam van Christus waarvan Hy die Hoof is.**
**H) - Die Manlike Kind word Weggeraap na die Hemel om met Christus te wees ter vervulling van Sy Beloftes aan hulle**
**I) - Jerusalem Verwoes - Israel Verstrooi - Die Heidense Kerk word Selfstandig agtergelaat as die Kanaal van God se Seën**

# 1.5.0 - DISPENSASIONALISME OF BEDELINGSLEER

## 1.5.1 - 'N DISPENSASIONELE AANBIEDING

§1

Wat hierdie werk ook 'n vars aanbieding maak, is dat dit volgens **Dispensasionele Beginsels** aangebied word. 'n Dispensasionele antwoord word gebied op die interessante vraag wat **Tenney (1970:229)** vra: "How did it happen that a movement that began among Jews, that centered in a Jewish Messiah, and that was founded on the Jewish Scriptures, became a religion espoused largely by Gentiles, as it is today?" en wat deur **Kung (1981:113)** bevestig word: "After the destruction of Jerusalem in the year 70, Jewish Christianity was of very little importance. The history of the Church from this point is the History of a Gentile Christian Church". En verder: "Thus in the course of a dramatic history the Church made up of Jews had become a Church of Jews and Gentiles and finally a Church of Gentiles ... Any real attempts to convert the Jews had ceased by about 80 AD."

§2

**Blaising (1994:150)** maak die opmerking: "Dispensationalism got its greatest boost through the interdenominational Fundamentalist movement. As a result, dispensationalism came to be widely influential in twentieth century American Evangelical thought." **Shepherd, (1989:281)** verwys na "... the teachings of a system which, though foreign and isoteric to many Christians and non-Christians alike, commands widespread respect and grassroots support among fundamentalists. This system is called "Dispensationalism"." **Blaising (1994:13)** sê "Dispensationalism is a futurist premillennialism." Alhoewel **Frank K. Gaebelein** in sy voorwoord tot **Ryrie (1980:8)** verklaar: "... dispensationalism is not a theology but rather a method of interpretation helpful in grasping the progress of revelation in the Bible," het dit tog noodwendig 'n dispensasionele Teologie tot gevolg .

## 1.5.2 - WAT WORD BEDOEL MET DISPENSASIONALISME?

§3

Daar is in die stadia van die goddelike Progressiewe Openbaring van God se een groot heilsplan verskeie onderafdelings of ekonomieë wat in ag geneem moet word. Dispensasionalisme neem in die interpretasie van die Bybel in beginsel hierdie onderafdelings van God se heilsplan in die menslike geskiedenis in aanmerking. Verskeie Dispensasies - tot sewe - word onderskei in die historiese heilsplan van God. In hierdie werk word daar ingeskerp op die dispensasie van die Kerk* wat aangebreek het met die openbaring van Die Verborgenheid aan Paulus in die Gevangenis, wat deur die spesiale Handelinge dispensasie voorafgegaan was.

§4

'n Bybelstudent begin dispensasioneel met die Woord omgaan wanneer die volgende basiese onderskeide gemaak word waarin

- Israel en die Kerk* as twee afsonderlike entiteite onderskei word; [40]
- daar 'n toekomstige Duisendjarige vrederyk - die Millennium [41] - waarin nasionale Israel gepromoveer sal word, as op hande gesien word en verder dat
- die Koninkryk* en die Kerk* basies as twee aparte ekonomieë gesien word.

## 1.5.3 - DISPENSASIONALISME IN DIE NUWE TESTAMENT

§5

Die woord 'dispensasie' *per sé* kom nie in die **OAV** of **NAV** voor nie - wel vier maal in die **KJV** wat die Gr *οἰκονομία* daarmee vertaal het. Ons vind dié besonderse term altesaam agt/nege keer in die Grieks. [42] Die **OAV** het dit met 'bestuurderskap' (2x); 'bediening' (2x); 'rentmeesterskap' (1x); en foutiewelik met 'te reël' (**Ef 1.10** - 1x) en in die alternatiewe lesing in die Grieks in **Ef 3.9** met 'gemeenskap' (1x) vertaal. **Baker (1980:3)** lig dit uit dat ons tussen die **sekulêre, materiële gebruik** van die term soos in die Evangelie van Lukas en die **geestelike sin** rakende God se heilsplan soos deur Paulus gebruik, moet onderskei. Die vraag word deur **Hodge (1964:47)** gevra: "... what is (here) the meaning of the word *οἰκονομια*? The word has two general senses in the New Testament. When used in reference to one in authority, it means plan, scheme, or economy. When spoken of one under authority, it means an office, stewardship, or administration of such office." **Deist (1986:46)** beperk sy definisie van die term dispensasie soos volg: " 1. A plan or strategy (e g God's plan for the world). 2. A stage in God's dealings with man." En "**Dispensationalism**: The theory that God's dealings with the world can be divided into specific DISPENSATIONS."

---

[40] §4: **Blaising (1994:151):** "However, what especially marks classical dispensationalism is its advocacy of the two purposes/two peoples theory." **Shepherd, (1989:290):** "Dispensationalism draws a sharp distinction between Israel and the Church in order to keep the teachings of grace in Scripture free from the teachings of the law," says Fuller, who sees this principle as fundamental." **Blaising (1994:150):** "These emphases have led dispensationalists to explore the significance of the church as a new manifestation of grace in redemption history and to affirm a future for national, political Israel." **Blaising (1994:152):** "The church, on the other hand, was a completely new kind of humanity in accordance with a completely new purpose of God revealed by Christ and his apostles." **Shepherd, (1989:285):** "The spiritual church existed outside history; in fact, it was a mere parenthesis in the ongoing story of God's dealings with the Jews. Old Testament prophets did not foresee the church, and their prophecies will be fulfilled literally in Israel."

[41] §4: **Shepherd, (1989:284):** - "Millennialism became popular through the work of Lewis Way, Edward Irving and Henry Drummond." **Pierce (1994:38):** "Dispensationalism has been defined by a particular hermeneutic, usually as it relates to a distinct national future for Israel." **Shepherd, (1989:283):** "Augustine believed that the millennium began with the birth of Christ, that it was fully realized in the Church, and that it would last until the second coming, not necessarily a thousand years (*City of God* 20.7, 9, 17)." **Breshears (1994:8):** "The difference from nondispensationalists lies in the understanding of the fulfillment of God's promises, especially in the reestablishment of Israel as a messianic nation in the millennium."

[42] §5: Sien **Lk 16.2, 3, 4; 1 Kr 9.17; 1 Tm 4.1; Kl 1.25; Ef 1.10; 3.2, 9.** Die MSS het twee verskillende woorde in **Ef 3.9**: Sien **Metzger (1994)** op **Ef 3.9.**

§6

**Louw & Nida (1988:Vol 2:173)** dig drie semantiese velde aan die term toe: **a)** Taak; **b)** Plan; **c)** Besturing van 'n huishouding. Ons Afrikaanse woord 'ekonomie' stam van die Gr af. In plaas van 'dispensasie' kan ons ook praat van 'n 'ekonomie' in die sin van 'n 'bestel' (= reëling; bestuur) of van 'n 'bedeling'. [43] Volgens **Vine (1940:1:320)** stam die woord etimologies af van *οικος* (huis) + *νομος* (wet) = dus basies die wette wat 'n huishouding reguleer. **Bagster (1971:284)** sê dit kom van *οικος* + *νέμω* (te administreer)

## 1.5.4 - DEFINISIE VAN DISPENSASIONALISME

§7

In die lig van wat tot dusver alles gesê is, word die volgende definisie in alle beskeidenheid aangebied wat die saak vir ons behoorlik omvat: Dispensasionalisme handhaaf in die eksegese van die Woord as uitgangspunt die gedagte dat God deur Sy spreke in die volbringing van

- Sy **een Plan** volgens
- verskillende **Prinsiepe** (waarvan daar **twee stelle** [44] in die Woord is) met
- verskillende **Persone** (waarvan daar **drie Groepe** [45] in die Woord onderskei word) gedurende
- verskillende **Periodes** (waarvan daar **vier** groot **Tye en Geleenthede** [46] is) met die oog op
- verskillende **Plekke** (waarvan daar **vyf Bestemmings** [47] genoem word in die Woord) gedeel het.

God se Plan het dus verskeie **onderafdelings en stadia** wat ons in berekening moet bring in ons eksegese van die Skrif en wat 'n **dispensasionele Teologie** tot gevolg het. **Ryrie (1965:29)** beskryf 'n dispensasie opsommend as: "A dispensation is a distinguishable economy in the outworking of God's purpose." Dispensasionaliste soos **Chafer (1947:1:40)** en **Scofield (1945:5)** laat die klem op die **tydsaspek** val. [48] **Vine (1940:321)** is egter heeltemal korrek as hy sê: "A dispensation is not a period or epoch (a common, but erroneous, use of the word), but a mode of dealing, an arrangement

[43] §6: Die Grieks vir *bedeling* is *μερισμός*: **Louw & Nida (1988:2:160):** (a) Skeiding (Hb 4.12) (b) Bedeling (Hb 2.4)
[44] §7: Basies: OT, Wet en Werke vs NT, Genade en Geloof
[45] §7: Die Jood met die Joodse Ekklesia*; die Heidene* en die Kerk*
[46] §7: Van Adam tot by Abraham (2000 jr); van Abraham tot by die Kruis (2000 jr); van die Kruis tot by die Wederkoms (2000 jr); van die Wederkoms tot by die Wittroon Oordeel (1000 jr).
[47] §7: Kanaän; Wêreld; Doderyk; Hemel en Hel.
[48] §7: **Shepherd, (1989:282):** "Periodization is common: one scheme prevalent even today is the division of history into six thousand year periods followed by a seventh, the millennial reign, on the analogy of six days of creation and a day of rest .(Irenaeus 5.28.3, Lactantius 7.14, Methodius)."

or administration of affairs." Maar soos in die definisie wat hierbo aangebied is, duidelik gesien word, is die tydsaspek slegs 'n onderafdeling daarvan.

## 1.5.5 - VERSKILLENDE TYE EN GELEENTHEDE

§8

Dispensasionalisme bied ons die breër struktuur waarbinne ons die Woord reg moet verstaan: Wanneer daar na die **vier groot stadia** (*tye en geleenthede* - **Hn 1.7; Dn 2.21**) in God se handelinge met die mens oor die afgelope ses duisend jaar gekyk word dan merk ons dat die God van **Js 9.5** vanaf **Adam tot Abraham** vir twee duisend jaar met die *mensekinders* **(Gn 11.5)** gedeel het gedurende welke tyd Hy Homself as die *Wonderbare Raadsman* geopenbaar het. Vanaf **Abraham** tot en met **Hn 28** het God vir twee duisend jaar met die ***volk Israel*** gedeel en Homself as die *Sterke God* geopenbaar. Die afgelope twee duisend jaar deel God weer vanaf **Hn 28** kosmies met die *nasies* (*Mensekinders*) in die algemeen in Sy *Kerk** en openbaar Hy Homself in en deur Jesus Christus as die *Ewige Vader*. Vanaf **die Wederkoms** sal God weer vir 'n duisend jaar met die *volk Israel* deel as die *Vredevors* wanneer Hy die Koninkryk* van God vir Israel gaan oprig.

## 1.5.6 - VERSKEIE GROEPE MENSE

§9

Daar is dus basies **drie groepe mense** wat in die Bybel van mekaar onderskei moet word: Die volk **Israel**; die **Heidene*** of Nasies en dan die **Kerk***. Wat van elk van hierdie drie groepe gesê word, mag nie met mekaar verwar word nie! Die grootste enkele probleem is die gedagte dat die Kerk* die 'volk van God' is. Iemand (?) het gesê dat die 'oerdwaling' van die Kerk* die gedagte is dat die Kerk* sedert die verwoesting van Jerusalem in 70 nC en met die tersydestelling en verstrooiing van die volk Israel nou die (geestelike) volk Israel geword het. [49] Maar ons moet egter in ons denke daarvoor voorsiening maak dat net soos God by die roeping van Abraham 'n nuwe skepping van 'n nuwe volk daargestel het, (waaruit en -by die gedagte van 'n koning [Messias] en Koninkryk* [die land Palestina] uiteindelik voortgevloei het en gevoeg was [50]), Hy net so met die totstandkoming van die Kerk* ook weer met 'n nuwe skepping voor die dag gekom het van die Nuwe Mens as die Liggaam

---

[49] §9: Dié begrip het ons Skrifbenadering en eksegese geweldig beïnvloed en gevolglik tot ander verkeerde begrippe gelei want een dwaling lei noodwendig tot 'n volgende dwaling

[50] §9: Dit is van die uiterste belang dat daarop gelet word dat gedurende die eerste drie duisend jaar menslike geskiedenis van Adam tot op koning Saul, God Homself nooit op enige wyse as 'n Koning met 'n Koninkryk* tot die mens gekommunikeer het nie! Die gedagte van God as 'n Koning met Sy Koninkryk* het eers in die volksmond van Israel na vore gekom met die totstandkoming van die koningskap in Israel met koning Saul en Dawid - ongeveer 'n 1000 jaar voor die koms van Christus. Die verwagting van die oprigting van die Koninkryk* van God wat bestaan aan die hand van die seuns van Dawid **(2 Kron 13.8)** het sy klimaks bereik met die koms van Christus as die seun van Dawid wat die volk Israel tot bekering opgeroep het sodat die Koninkryk* opgerig kon word. Ongelukkig het Israel nie tot bekering gekom nie en het dié begrip gevolglik begin vervaag namate NTe Boeke die lig gesien het totdat dit uiteindelik in die finale Verborgenheidsbriewe heeltemal verdwyn het.

van die Here Jesus. Om die Kerk* en Israel te wil vereenselwig as die een 'volk van God' deur die geskiedenis, bring die vraag na vore: Wat van die mense wat aan God behoort het vóór Abraham? Van Adam tot en met Abraham ('n tydperk van 2000 jaar) was daar geen sprake van enige 'volk van God' gewees nie! As dit die geval was dat God in daardie tydperk sonder 'n volk klaargekom het, hoekom moet daar noodwendig nou na die Kerk* in die huidige dispensasie gekyk word as 'volk van God'? Die Kerk* as nuut geopenbaarde Verborgenheid en skepping is die *Corpus Christi!*

§10

As Israel nasionaal enigsins die afgelope twee duisend jaar nog as volk en as God se kanaal van Heil tot die wêreld gefigureer het saam en onder wie die Heidene* die Here gedien het (soos dit die geval in die toekomstige Koninkryk* [Millennium] sal wees), kon daar nog moontlik van die Kerk* as 'n 'volk' gepraat gewees het. Maar met die openbaring van die Verborgenheid aan Paulus in die Gevangenis waarvan ons net in **die Verborgenheidsbriewe** lees en met Israel wat nie net verhard was nie maar ook nog ter syde gestel was terwyl die oprigting van die Koninkryk* tydelik opgeskort was - dit alles het, soos ons sal sien, by **Hn 28 (63 nC)** geskied - is daar ook, soos ons sal sien, geen sprake meer van die Kerk* as 'volk van God' in die Verborgenheidsbriewe nie! Israel en die twee duisend jaar voor die Kruis wat God met haar gedeel het, is net so 'n onderafdeling van God se Plan soos die Heidense Kerk* in die afgelope twee duisend jaar wat God daarmee en -deur gewerk het!

## 1.5.7 - DIE WOORD VAN DIE WAARHEID REG GESNY

§11

Paulus gee in **2 Tm 2.15**, wat allerweë as sy laaste Geskrif beskou word (sy 'Swanesang'), nadat die laaste Verborgenheid van die Godsplan van die nuwe skepping van die Kerk* geopenbaar was, die opdrag dat die Woord van die waarheid reg gesny (Gr: *ὀρθοτομέω* = *ὀρθός* - reguit + *τέμνω* - te sny; te verdeel soos in 'n karkas) moet word. Dit moet geskied volgens die **Prinsiepe, Persone, Periodes en Plekke** wat op enige tydstip van die geskiedenis in God se **Een Plan** van krag was. Hierdie stelling het nie bloot te doen met die korrekte eksegese van die Woord **(Vgl 2 Pt 1.20)** soos **Simpson (1954:137)** dit stel nie: "It enjoins on every teacher of the Word straitforward exegesis." Paulus wil dat die Woord reg **verdeel** sal word volgens dispensasionele beginsels en dat die basiese onderskeide tussen Koninkryk* en Kerk*, Israel en die Heiden, ensovoorts, getref sal word. **Bullinger (1974:Bylae 195:214)** lig dit uit dat "Nothing but confusion can arise from reading into one dispensation that which relates to another. To connect what God said and did in one dispensation with another, in which His administration was on an altogether different principle, is to ensure error."

## 1.5.8 - TEENKANTING TEEN DISPENSASIONALISME

§12

Die teenkanting wat dispensasionalisme uit baie geledere ervaar, is meesal as gevolg van wanopvattings en selfs 'n gebrek aan kennis van die saak. Iemand het byvoorbeeld verkeerdelik opgemerk: "Dispensationalism as that dangerous heresy of datesetting." **Pierce (1994:36)** openbaar ook sy wanbegrip as hy maan teen "... speculating on possible fulfillments of Biblical prophecy in the contemporary era." **Gaebelein** sê ook in sy voorwoord tot **Ryrie (1980:7)**: "The system of Bible interpretation known as dispensationalism has in recent years been subjected to much opposition." Tereg sê **Stuart Allan** in sy voorwoord in **Welch (1959:6)** se boek: "To some the word 'dispensation' is heresy. We would remind such that it is one of the words the "Holy Ghost teacheth" **(1 Cor 2.13)**, occurring some nine times in the New Testament."

§13

Die begrip 'dispensasionalisme' is ongelukkig geheel en al onbekend. König, in **Eybers, König & Stoop (Reds), (1982:189-191)** in sy bespreking van die Pinksterteologie, meld byvoorbeeld nie eenmaal die feit van die sterk dispensasionele inslag van die Pinksterteologie nie. Eenheidsteoloë vind hierdie benadering en vertolking van die Skrif onaanvaarbaar, omdat dit 'n distansiëring van die Abrahamiese Verbondsteologie behels! **Breed (1985:16)** waarsku gevolglik: "As we have noted earlier, we must look at Paul's theology as a whole, since any attempt to isolate and analyze individual elements of Paul's theology and generalize from them is bound to lead us into error." Daar is egter baie Gereformeerde Eenheidsteoloë wat ook in sekere opsigte dispensasioneel dink. [51] Die Bybel kan nie sonder enige onderskeid gelees word nie! Die grootste Gereformeerde Eenheidsteoloog maak op een of ander wyse 'n onderskeid!

## 1.5.9 - VERSKILLENDE SKOLE VAN DISPENSASIONALISME

§14

Die dispensasionele sisteem het sy ontstaan gehad in die geskrifte van **J. N. Darby (1800-1882)** in Engeland maar was veralgemeen in die VSA deur die **Scofield Verwysingsbybel**. Daar is basies vier skole binne dispensasionele geledere:

1) **Basiese of Hn 2 Dispensasionaliste**: Onderskei tussen Israel en die Kerk* wat elkeen sy eie eskatologie het; Die Kerk* het op die dag van Pinkster begin; **Breshears (1994:7)** "With the completion of Christ's work and the coming of the Spirit a new corporate institution, the Church, is inaugurated." Die Kerk* dispensasie is 'n parentese in die OTe Koninkryk* program vir Israel; **Blaising (1994:157)**:. "The kingdom which Jesus preached is said to be entirely apocalyptic, not

---

[51] §13: **Berkhof (1941:293)** onderskei twee dispensasies nl. die OT en die NT maar wil tog die OT in verskeie periodes onderverdeel. **Hodge (1940:ii:373)** onderskei vier dispensasies.

envisioning the present age of the church. Rather than being a mystery form of the kingdom, this age is the interregnum, devoid of any mediatorial kingdom manifestation." Die Koninkryk* van God en die Koninkryk* van die Hemele word van mekaar onderskei; Sien 'n toekomstige Millennium;

2) **Hn 9/13 - Dispensasionaliste** wat die ontstaan van die Kerk* na die steniging van Stefanus by die aanvang van Paulus se spesifieke bediening vir die Heidene* by **Hn 9** of **13** sien en stem verder in die algemeen met die res van die voorafgaande in punt 1) saam.

3) **'Ultra-dispensasionaliste'** - wat die Koninkryk* [52] en die Kerk* as twee aparte ekonomieë in God se heilsplan sien met die ontstaan van die Kerk* as die *Corpus Christi* eers ná **Hn 28** met die openbaring van Die Verborgenheid aan Paulus in die gevangenis. Dit het gevolglik tot op **Hn 28** steeds om die inhoud van die OTe Profesië van die Koninkryk* van God vir Israel, wat niks van 'n Kerk* geprofeteer het nie, gegaan. [53] Ultradispensasionaliste voel volgens **Ryrie (1980:10)** "that dispensationalists have not gone far enough in their teachings and are thus unbiblical in their conclusions, which are therefore to be rejected."

4) **'Progressiewe Dispensasionaliste'.** [54] Hulle gaan van die standpunt uit dat die OTe profesieë vir Israel nog letterlik vervul sal word in 'n toekomstige heilstaat. Hulle sien nie die Kerk* periode as 'n parentese in God se Koninkryk* program vir Israel nie. **Breshears (1994:6)** verduidelik: "We see this unity in the common designation of saved persons as the seed of Abraham (Rom 4:12; Gal 3:29) who share the blessing of the Abrahamic covenant (Rom 4:16; Gal 3:7-9). This stress on the spiritual unity of the people of God is an important step forward in dispensational thinking." God het ook nie afsonderlike oogmerke met Israel en die Kerk* nie - albei word verenig in die toekomstige heilstaat in die een ware Kerk*.

## 1.5.10 - DIE GROOTSTE DISPENSASIONELE VRAAG IN DIE TEOLOGIE

§15

Die groter en belangriker vraagstuk in dispensasionalisme raak nie die vraag oor die (toekomstige) eskatologie nie maar die (historiese) ontstaan en die ware wese van die Kerk*: Voordat ons die eskatologie behoorlik en korrek kan verklaar, moet 'n antwoord eers oor die aspekte van die primordium van die Kerk* verkry word. [55] Waar en hoe het die Kerk* ontstaan? Is die Kerk* 'n

[52] §14/3: Die Koninkryk* van God en die Koninkryk* van die Hemele word nie van mekaar onderskei nie. **Blaising (1994:153):** "Once again, matters regarding the kingdom of God were relegated to God's plan for Jews, not Christians."

[53] §14/3: **Blaising (1994:152):** "Dispensationalists, appealing to a common sense understanding of Old Testament texts, argued that Biblical prophecy regarding a kingdom of glory referred to the Jews, and had nothing to do with the church."

[54] §14/5: Onder hulle is daar name soos **Robert Saucy, Craig Blaising** en **Darrell Bock.**

[55] §15: **Baker (1980:486):** "The main difference between the various schools of dispensationalism lies in the point at which God set Israel and her Kingdom program aside and began the new dispensation and the Body of Christ."

verlengstuk van Israel of is die Kerk* 'n heeltemal_nuwe skepping? Het die Kerk* op die Dag van Pinkster ontstaan? Of: Is Paulus die stigter van die Christelike Kerk*? Is die Kerk* 'volk van God' of die 'Liggaam van Christus', of albei? Dit is die vrae waaroor dit in wese in hierdie verhandeling gaan en waarop 'n antwoord gebied word. [56]

## 1.5.11 - HANDELINGE AS 'N SPESIALE DISPENSASIE

§16

Die kenmerke van die Handelinge Periode wat dit 'n spesiale Dispensasie maak, kan kortliks soos volg opgesom word: Daar is eerstens drie verklaringe van die Here Jesus, wat Hy voor die Kruis in die Vier Evangelies rakende die Jode in Handelinge Periode gemaak het, waarvan die volle implikasies nie altyd besef word nie:

a) Daardie geslag sou nie verbygegaan het *voordat al hierdie dinge nie gebeur het nie* **(Mr 24.34; Mr 13.30; Lk 21.31)**. 'n Geslag strek oor 'n tydperk van veertig jaar wat daar tot by die verwoesting van Jerusalem gestrek het!

b) Teken van Jona vir daardie geslag **(Lk 11.29-32; Mt 12.39-41; 16.4; Jn 1.17-3.10; Jr 18.5-9)**. In die geval van Ninevé sou God se oordele oor veertig dae kom as hulle hul nie bekeer nie - in Israel se geval oor **veertig jaar (in 70 nC)** as hulle hul nie bekeer nie!

c) Die lastering teen die Heilige Gees deur daardie Joodse geslag **(Mt 12.31-32)**. Hierdie woorde kon eers bewaarheid word nadat die Heilige Gees uitgestort was op die Dag van Pinkster en Hy hulle bedien het! God het dus nog verbondmatig met Israel as volk ná die Kruis gedeel!

§17

As ons nou kyk na die geskiedenis van die Handelinge Periode en die inhoud van die Algemene Sendbriewe en die Vroeë Pauliniese Geskrifte wat in dié tydperk geskrywe was, dan kom die volgende na vore en maak dit Handelinge **'n spesiale Dispensasie van:**

1. Die 'Eindes van die eeue' wat vir Israel daar aangebreek het **(1 Kr 10.11; 1 Pt 4.7; 1 Jh 2.18)**
2. Israel se verdere en finale geleentheid om tot bekering te kom (Voorwaarde) sodat die Millennium opgerig kon word; **(Hn 3.19-26)**
3. God se verbondmatige handelinge met Israel tot op Hn 28 **(Rm 15.8)**
4. Die OTe geprofeteerde Koninkryk* van God wat vir Israel aangebied is onder bediening van die Heilige Gees **(Hn 2.29-30; 3.19-26; 8.12; 13.26, 30-37; 20.25; 28.23, 31)**

[56] §15: Die enigsteenkele rede waarom daar geredeneer word dat die Kerk* reeds in die Handelinge periode bestaan het, en op die dag van Pinkster ontstaan het, is omdat van 'n 'gemeente' gelees word. As daar bewys kan word dat die 'Gemeente' nie die Kerk* was nie, verval daardie hele argument. Sien Afd 1.3.0 - Definisie van Termes - 'Ekklesia*'.

5. OTe gebaseerde Prediking **(Hn 26.22; 24.14-15; 28.23)**
6. Bevestigende getuienis van die wat Hom gehoor het **(Hb 2.3; Hn 1.21-22)**
7. Verwagtinge gebaseer op die OTe geprofeteerde beloftes vir Israel **(Hn 23.6; 24.14-15; 26.6-8; 28.20; Hb 6.11-18)**
8. Opskorting van Israel se Bybelse geskiedenis by **Hn 28**
9. die Parentese tussen Daniël se 69e en 70e Weke [57]
10. die ten dele verharding van Israel **(Rm 11.25; 11.7-10; Jh 12.39-40)**
11. die Uitverkiesing van 'n Oorblyfsel* (die Eerstelinge/Ekklesia*) uit Israel **(Rm 11.5, 7; 9.27, 29; Jk 1.18)**
12. die OTe geprofeteerde eskatologiese Koninkryk* wat op hande was; **(Hn 14.22; 2 Pt 1.11)**
13. Die belofte om die rus van die Millennium in te gaan steeds vir Israel as volk standgehou het **(Hb 4.1)**
14. Die OTe geprofeteerde eskatologie vir Israel **Voortydig, Gedeeltelik en deels Tydelik** gerealiseer het in
    - Die opwekking van Jesus uit die dode **(Hn 13.32; 26.22-23)**
    - Die uitstorting van die Heilige Gees; **(Hn 2; Hb 6.4)**
    - Die deur van Geloof wat vir die Heidene* onder Israel geopen was; **(Hn 13.48; 14.27; 26.18 Rm 11.17; 15.9-12)**
    - Hulle reeds die Kragte van die Toekomstige wêreld (die Millennium) smaak **(Hb 6.5)**

## 1.5.12 - ISRAEL HET NOG NIE 'GEVAL' IN DIE HANDELINGE DISPENSASIE NIE

§18

Voordat ons die tragedie van **Hn 28** behandel, moet ons eers stilstaan by 'n wanbegrip/dwaling wat die voortvloeisel is van 'n verkeerde vertaling en waarop daar in sommige kringe swaar gesteun word om sekere stellinge te staaf. Dit is dat Israel reeds in die Handelinge Periode 'geval' het. [58] Hier teen die einde van die Handelinge Periode vra Paulus die vraag in **Rm 11.11** omtrent Israel as volk se stand op daardie stadium in God se heilsplan: *Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val?* ***(πιπτω).*** Dan ontken hy dit baie beslis: *Nee, stellig nie!* En nou stel die **KJV**, en beide die **OAV** en die **NAV** dit foutiewelik verder in **Rm 11.11-12** soos volg, wat Paulus se *Nee, stellig nie!*, openlik en

[57] §17/9: **Shepherd, (1989:289):** "On "The Great Parenthesis," note the book of that title by H. A. Ironside (Grand Rapids: Zondervan, 1943)."

[58] §18: Die 'Grace Movement' wat 'n taamlike aanhang in die V.S.A. het, redeneer dat die Kerk* met die aanvang van Paulus se bediening in **Hn 13** sy ontstaan gevind het juis as gevolg van die sogenaamde val van Israel in die Handelinge Periode soos gestel in **Rm 11.11-12.** Volgens OT Profesië sou die Heidene* gered word as gevolg van die **redding en verheffing van die volk Israel** wat as kanaal van God se heil sou dien.

onverhuld weerspreek: *Maar deur hulle* ***val*** *(παράπτωμα) het die saligheid tot die Heidene* gekom om hulle jaloers te maak. En as hulle* ***val*** *(παράπτωμα) die rykdom van die wêreld is en hulle tekort* [59] *die rykdom van die Heidene*, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie!* (Die rede vir hierdie verkeerde vertaling kan die gevolg wees van 'n onderbewustelike besef dat Israel vandag nie meer 'n rol speel nie!)

§19

Die Gr: *παράπτωμα* wat in hierdie twee tekse verkeerdelik met *val* vertaal is, kom twee-en-twintig keer in die NT voor. In die **OAV** is dit veertien keer met *misdaad*, ses keer met *oortreding* en hierdie twee keer (foutiewelik) met *val* vertaal. Maar Israel was nog nie in die Handelinge Periode as kanaal van God se heil ter syde gestel nie - hulle het nog nie dáár 'geval' nie! In die Handelinge Periode geniet hulle God se finale aanbod en die geleentheid om hulle te bekeer onder die bediening van die Heilige Gees, soos ons in die voorafgaande gedeelte gesien het. Die misleidende woordjie 'val' moet dus in **Rm 11.11-12** met 'oortreding' of 'struikeling' vertaal te gewees het! Dit was eers by **Hn 28** dat hulle hul kanse finaal verspeel het en te ver gegaan en hulle hul *rubicon* betree het en God hulle ter syde gestel het - dat hulle in werklikheid *geval* het. Die werking van sonde **(Jk 1.14-15)** in hulle lewe het hulle **verder gevat** as wat hulle wou gaan, en het hulle **langer gehou** as wat hulle wou bly en het hulle uiteindelik **meer laat betaal** as wat hulle gereken het. Hulle het die Here van die heerlikheid gekruisig **(1 Kr 2.8).** Veroordeel, vermoor het hulle die Regverdige **(Jk 5.6).** Maar dit sou hulle nog vergewe word **(Mt 12.32; Lk 23.34)**. Maar toe hulle uiteindelik die Gees van Genade smaad en hulle verhard teen die werkinge van die Heilige Gees, en hulle die sonde teen die Heilige Gees pleeg, kon God hulle nie vergewe nie. Toe eers het Israel as volk geval en is hulle as kanaal van God se heil ter syde gestel. Toe eers het God Sy OTe Koninkryk* Program vir Israel opgeskort. Hulle het nog nie in die Handelinge Periode gestruikel om te val nie! Dit sou die finale lastering teen die Heilige Gees wees wat hulle nie vergewe sou word nie! [60]

§20

Nadat Israel tersyde gestel was by **Hn 28**, het God met hierdie Ekklesia* as die Uitverkore Oorblyfsel* uit Israel wat 'naby' was, as die 'Heiliges', saam met die gelowige Heidene* wat 'ver' was, die Kerk* as nuwe skepping gevorm volgens die **Verborgenheidsbriewe. Blaising (1994:161)** wat verklaar dat: "The phenomenon of Jews and Gentiles being blessed in Christ during the time of

---

[59] §18: Gr: *ἥττημα* - "The lack of attaining a desirable state or condition - 'to fail, to lack, failure'" **(Louw & Nida [1988:1:152])** = mislukking. Omdat die vertalers van die **NAV** volhard het met *VAL*, het hulle hierdie vertaal met *hulle klein Oorblyfseltjie*! - 'n gedagte waarvoor die skrywer geen ondersteuning in enige Griekse werk vind nie maar wat vir hom aanvaarbaar is en waarvan die skrywer hou omdat dit sy tesis van die NT uitverkore Joodse Oorblyfsel* verder onderstreep en bevestig!

[60] §19: **Sauer (1966:63)** stem saam as hy sê: "Thus even later than Pentecost the New Testament message of salvation is still on Israelitic ground, and the setting aside of Israel which followed did not really occur because of their rejection of the Messiah while He lived on earth (comp. **Act 3:17**), but in final and decisive manner only because of their rejection of the Holy Spirit."

his ascension and prior to his return is what is called the church", maak geen voorsiening vir die praxis van die afgelope twee duisend jaar waarin die Jood geen rol in die (Heidense) Kerk* gespeel het nie!

## 1.5.13 - DIE TRAGEDIE VAN HANDELINGE 28

(SIEN 'F' VAN DIE NTe STRUKTUUR - BLS 25)

§21

Dit bring ons by die groot tragedie van **Hn 28** wat die waterskeiding tussen die Koninkryk* en die Kerk* is en wat deur so min mense raakgesien en besef word. [61] Een van die redes daarvoor is dat al **die Sendbriewe wat in die Handelinge Periode geskrywe was**, in ons Bybel eers ná **Hn 28** volg waarin Israel en Abraham en al die ander Koninkryksbegrippe ensovoorts, steeds figureer. Maar die meeste van daardie Briewe is geskrywe in die Handelinge Periode vóór **Hn 28**!! Dink daaraan! Die Algemene Sendbriewe en die Vroeë Pauliniese Geskrifte het alles te doen met die Koninkryk en moet respektiewelik teen die agtergrond van die **Hn 1 - 12** en **Hn 13 - 28** gelees word! [62] Ook vorm **Hn 28** die groot Skeidslyn wat die Vroeëre en die Latere Sendbriewe van Paulus van mekaar skei [63].

§22

In **Hn 28 (± 61 nC)** kom Paulus, met die hoop van Israel [64] steeds brandend in sy hart in Rome **(Hn 28.20)**, die hoofstad van die Romeinse Ryk aan, en sien daarna uit om aan die Joodse ortodokse 'Broeders' aldaar die Koninkryk* uit die wet van Moses en die profete uit te lê **(Hn 28.23)**, moontlik in die verwagting dat as die Jode daar in Rome tot bekering kom, die res van Israel dalk in hulle voetspore kan volg! (Net die Joodse Oorblyfsel - die 144,000 - uit daardie geslag was gered!)

### (1) - ISRAEL BETREE HAAR RUBICON

§23

Maar in **Handelinge 28** betree Israel as volk finaal haar rubicon toe ook die Jode in Rome nie tot bekering kom nie en die Gees van die Genade smaad en laster. [65] In die Ou Testament het hulle God die Vader verwerp: ... *maar nie jou* (Samuel) *het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie* **(1 Sm 8.7).** In die Vier Evangelies

[61] §21: **Bullinger (1972:42):** "But entirely ignoring the great crisis of **Acts xxviii**, and treating the greatest crisis in all history - the destruction of Jerusalem - as though it were a passing incident, without any effect on Scripture history or prophetic teaching - the Book of Revelation has been wrenched from all connection with Israel and treated as though it were a continuation of Gentile history written in symbols!"
[62] §21: Vgl Afd 1.6.7 - bls 57 e.v.
[63] §21: Sien die Skematiese Hergroepering van die NT Boeke bls 59
[64] §22: Dit is die Wederkoms en die oprigting van die Koninkryk* vir Israel - NIE DIE KERK* NIE!
[65] §23: Vgl **Hn 13.45-46, 50; Hn 14.2, 5, 19 Hn 17.5, 13; Hn 18.5-6, 12-13; Hn 19.8-9; Hn 20.3; Hn 21.27 -28, 30; Hn 22.22-23; Hn 23.10, 12; Hn 24.1-9; Hn 28.21, 24-25.**

verwerp hulle Jesus as hulle Koning **(Mt 12.42)** en in die Handelinge tydperk verwerp hulle die derde Persoon van die Godheid, die Heilige Gees! Net soos hulle vaders in die woestyn **(vgl 1 Kr 10.1-12)**, het daardie geslag die Afgesonderde Gees weerstaan **(Hn 7.51).** Terwyl die belofte om die rus van die nuwe wêreld wat vir hulle op hande was **(Hb 2.5** - NB die Grieks!) in die Handelinge Periode nog stand gehou het **(Hb 4.1** - NB die Joodse Millenniaanse konteks van **Hb 3.7 - 4.11),** het hulle nie net *die Seun van God vertrap en die bloed van die Testament onrein geag* nie, maar nou ook *die Gees van genade gesmaad* **(Hb 10.29)**. Dit kon God hulle nie vergewe het nie! **(Mt 12.31-32)**.

§24

By monde van Paulus as God se apostel, word die oordeel finaal teen Israel uitgespreek in **Hn 28** in die **derde en laaste maal** wat die woorde van **Js 6.9-10** teenoor Israel as volk aangehaal word in die NT: [66]

> *En toe hulle onder mekaar onenig was, het hulle uiteengegaan* [67] *nadat Paulus hierdie woord gesê het, naamlik: Tereg het die Heilige Gees deur Jesaja, die profeet, tot ons vaders gespreek en gesê: Gaan na hierdie volk en sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie. Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor, en hulle oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.* **(Hn 28.25-27)**

§25

Let nou op die res van daardie profesie uit Jesaja wat hier deur Paulus aangehaal is en wat letterlik bewaarheid is in 70 nC: *Toe sê ek* (Jesaja)*: Hoe lank, Here? En Hy antwoord: Totdat die stede verwoes lê, sonder inwoners, en die huise sonder mense en die land verwoes is tot 'n wildernis, en die HERE die mense ver verwyder het en die verlatenheid groot is in die land* **(Js 6.11-12).** Dit was die bedekte waarskuwing wat Paulus tot die Jode gerig het in Rome wat sou volg as hulle hul nie bekeer nie en wat letterlik net so vervul was in 70 nC! **WAT 'N GROOT TRAGEDIE!** Net soos hulle voorvaderlike geslag in die woestyn onder die leiding van Moses, tot op die drumpel van die beloofde land en Koninkryk* gekom en hulle kanse verbrou het, het hierdie Nuwe Testamentiese geslag van Israel as volk daar onder die leiding van die Heilige Gees ook die geleentheid gehad om die Koninkryk* op-

[66] §24: Die Here Jesus het hierdie woorde die eerste maal aangehaal toe Hy in gelykenisse (raaisels – **Mt 13.35; vgl. Ps 78.2; Jh 16.25, 29)** begin spreek het tot die volk waardeur Hy die wat 'buite was' begin verhard het **(Mt 13.14; Lk 8.10; vgl. Jh 12.39-40; Rm 11.7-10).** Die tweede maal was teen die einde van Sy bediening in **Jh 12.38-40**.

gerig te sien en dit in te gaan. As hulle maar net as volk tot bekering wou kom! **(Lk 19.42, 44 - vgl 1 Kr 10.1-13)**. Daar het God hulle ter syde gestel as Sy kanaal van heil tot die wêreld en Sy Koninkryk* Program vir hulle opgeskort. Tereg sê **Robinson (1904:33)**: "It was the failure to recognise this mission to bless the whole world that was the 'great refusal' of Judaism."

## (2) - DIE BEGIN VAN DIE SMARTE

§26

Daarmee het die spesiale dispensasie en addisionele grasietydperk wat God aan Israel in die Handelinge Periode gebied het om tot bekering te kom, finaal verbygegaan. Tereg het Paulus die Jode reeds so vroeg as in **Hn 13.40-41** (± 48 nC) gewaarsku dat God iets verskrikliks gaan doen: *Pas dan op dat daar nie oor julle kom wat deur die profete gesê is nie: Kyk dan, julle veragters, en wees verwonderd en verdwyn! Want Ek gaan iets in julle dae doen, iets wat julle sekerlik nie sal glo as iemand julle dit vertel nie.* God het die boeke vir Israel opgemaak. *Want Hy volbring 'n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die Here 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen.* **(Rm 9.28;** vgl die res van **Js 10.22-23** se woorde wat deur Paulus hier aangehaal word: ***Die verdelging is vas besluit en vloei oor van geregtigheid. Want 'n verdelging wat vas besluit is, sal die Here HERE van die leërskare voltrek in die midde van die hele aarde).*** Dit herinner aan die woorde van **Dn 9.26 & 27**: *Vasbeslote verwoestings* en *wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.* Gevolglik het Israel se smarte en barensnood daar begin.

§27

Jesus het hulle ook voor die Kruis reeds gewaarsku dat as hulle teen die Heilige Gees sou laster, dit hulle nie vergewe sou word nie, nie in hierdie eeu nie en ook nie in die een wat vir hulle op hande was nie **(Mt 12.31-32; vgl Hn 7.51)**. Hulle het finaal opsetlik gesondig en die Gees van genade gesmaad **(Hb 10.26-31)**. Daar was die tydbom geaktiveer wat die volgende sewe jaar (63 - 70 nC) meedoënloos sou aftik tot by die verwoestende ontploffing van 70 n.C toe Jerusalem verpletter is en die tempel afgebrand is deur Titus die Romein met sy rooi leer **(vgl Opn 12 se rooi draak)** en God se hoogste graad van toorn en oordele **(vgl Lv 26 veral Lv 26.27-39)** oor Israel, in die Groot Verdrukking, losgebars het.

---

[67] §24: Gr *ἀπελύοντο* - 3e Pers. Meerv. Imperf. Passief van *ἀπο* + *λυω* – hulle het nie self uiteengegaan nie maar is uiteen laat gaan, letterlik 'laat vaar' - dispensasioneel 'n baie belangrike stelling!

## (3) - DIE VERWOESTING VAN JERUSALEM IN 70 NC

(SIEN 'I' VAN DIE Nte STRUKTUUR - BLS 25)

§28

In **Esg 5.1-15** het ons 'n grafiese beskrywing van die verwoesting van Jerusalem en hoekom God só met Sy volk gedeel het. Tereg sê **Du Plessis (1985:Vol 4:211:§668)**: "Die val van Jerusalem in 70 nC en die verskrikking van die jare 66-70 wat dit vooraf gegaan het, was van só 'n aard dat 'n mens sou verwag dat dit meer neerslag in die Nuwe Testament sou gevind het". [68] Nie dat dit nie die geval is nie en Israel nie gewaarsku was nie! Reeds in **Dt 28.49-51** het God se waarskuwing wat dit betref in die Profetiese Woord teen Israel as volk uitgegaan: *Die HERE sal teen jou 'n nasie bring van ver, van die einde van die aarde af, soos 'n arend vlieg – 'n nasie wie se taal jy nie verstaan nie, 'n nasie hard van aangesig, wat 'n grysaard nie ontsien nie en vir 'n seun geen genade het nie. En hulle sal die vrug van jou vee en die vrugte van jou land opeet totdat jy verdelg is. ... En die HERE sal jou verstrooi onder al die volke, van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde; en daar sal jy ander gode, hout en klip, dien, wat jy en jou vaders nie geken het nie. En onder dié nasies sal jy geen rus hê nie, en vir jou voetsool sal daar geen rusplek wees nie; maar die HERE sal jou daar 'n bewende hart gee en smagtende oë en 'n kwynende siel. En jou lewe sal voor jou aan 'n draad hang, en jy sal nag en dag skrik en van jou lewe nie seker wees nie. In die môre sal jy sê: Ag, was dit maar aand! En in die aand sal jy sê: Ag, was dit maar môre! – vanweë die skrik van jou hart wat jou sal aangryp, en vanweë die gesig van jou oë wat jy sal sien* **(Dt 28.64-67).** *Stort oor hulle u grimmigheid uit, en laat u toorngloed hulle inhaal. Laat hulle laer woes word, laat in hulle tente geen bewoner wees nie* **(Ps 69.25-26).** *Julle land is 'n wildernis, julle stede is met vuur verbrand, vreemdes verteer julle landerye in jul teenwoordigheid, en dit is 'n wildernis soos by 'n omkering deur vreemdes.* **(Js 1.7).** *En op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.* **(Dn 9.27).** *Daarom sal Sion om julle ontwil soos 'n land omgeploeg en Jerusalem puinhope word en die tempelberg bosrante.* **(Mg 3.12)**

§29

Van daardie geslag is afgeëis die bloed van al die profete wat vergiet was van die grondlegging van die wêreld af ... Ja, die Here het in der waarheid vir hulle gesê: dit sal afgeëis word van daardie geslag **(Lk 11.50-51; Mt 23.34-35).** Hulle wou mos sê: *Laat Sy bloed op ons en*

---

[68] §28: Sien *Jerusalem - Sacred City of Mankind* deur **Teddy Kollek & Moshe Pearlman (1974)** gekorrigeerde Uitg - Hoofstuk 12: The great Revolt: AD 66-70. (Jerusalem: Steimatzky's Agency Ltd)

*ons kinders kom*! **(Mt 27.25).** Hulle het 'n vinnige verderf oor hulleself gebring **(1 Pt 2.1).** God wat die toorn oor hulle gebring het, was nie onregverdig nie! **(Rm 3.5b).** Net soos met Moses se geslag, was die wat ongelowig was, omgebring **(Jd .5).** Net soos God in Sy toorn gesweer het dat die geslag van Moses nie in die rus sou ingaan nie, het Hy nou ook weer van daardie NT Joodse geslag gesê: *Hulle sal in My rus nie ingaan nie* **(Hb 3.10-11; Hb 4.3, 5).**

§30

In **Mt 22.7** profeteer die Here Jesus van die verwoesting van Jerusalem in die gelykenis van die groot maaltyd: *Toe die koning dit hoor, het hy kwaad geword en sy manskappe gestuur en daardie moordenaars omgebring en hulle stad aan die brand gesteek* **(vgl Hb 6.8).** Die Here het vir hulle gesê as hulle hul nie bekeer nie sal hulle almal net so omkom **(Lk 13.3 & 5; vgl Jh 8.21, 24).** *En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween en gesê: As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie.* **(Lk 19.41-44).** *Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en die wat na jou gestuur is, stenig, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie. Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat.* **(Lk 13.34-35; Mt 23.37-38).**

§31

Die Here het vir hulle gesê dat wanneer hulle Jerusalem deur leërs omsingel sien, dan moes hulle geweet het dat sy verwoesting naby was. Dan moes die wat in Judéa was, na die berge vlug; en die wat in die stad was, moes uitgaan; en die wat in die buitewyke was, moes nie daar inkom nie. Want dit sou dae van wraak wees, sodat alles wat geskrywe is, vervul kon word. Oor die vroue wat swanger was en die wat nog gesoog het in daardie dae het die Here 'n spesiale wee uitgespreek; want daar sou 'n groot nood in die land wees en toorn oor daardie volk. En hulle sou deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sou vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is. **(Lk 21.20-24).**

§32

Ook die vernietiging van die tempel was deur die Here voorspel. Kort voor Sy Kruisiging het die Here uit die tempel gegaan en van die tempel vertrek, en sy dissipels het nader gekom om Hom die geboue van die tempel te wys. En Jesus het vir hulle gesê: *Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word,*

*wat nie afgebreek sal word nie.* [69] **(Mt 24.1-2; vgl Mr 13.1-2; Lk 21.5-6).** Reeds aan Salomo het God Sy waarskuwing gerig: *As julle en julle kinders ooit van My afvallig word en my gebooie, my insettinge wat Ek julle voorgehou het, nie onderhou nie, maar ander gode gaan dien en voor hulle neerbuig, dan sal Ek Israel uit die land uitroei wat Ek hulle gegee het, en die huis wat Ek vir my Naam geheilig het, sal Ek van my aangesig wegwerp, sodat Israel 'n spreekwoord en 'n spotlied sal word onder al die volke.* **(1 Kn 9.6-7). Morris (1994:23):** ""The fullness of the times" is a difficult expression, but it appears to mean that the times of God's action in ancient Israel, illuminated by the work of the prophets, had come to their fulfillment. That era was now "full"."

## (4) - ISRAEL AS KANAAL TER SYDE GESTEL BY HN 28

§33

Daar het God Israel finaal as Sy kanaal van heil tot die nasies van die wêreld ter syde gestel. **Swain (1980:59):** "This means that Israel, considered as a distinct social entity, no longer has a special role to play in God's saving plan." Wanneer **Dunn** Israel se rol in die NT Tydvak bespreek, toon hy sy verkeerde begrip van die toedrag van sake wat so algemeen onder gereformeerde teoloë is: "Had Israel smoothly taken to the new phase of the pursuit (through faith in Christ), Gentiles might have been wholly put off and missed out". [70] Maar dit sou nie die geval wees nie! Dan sou die Heidene* onder en saam met Israel in die opgerigte Koninkryk* die Here gedien het! **Bruce (1961:134)** sien die situasie heeltemal korrek as hy sê: "... but the hope of Israel was the hope of the Gentiles, too (Rom. 15. 12)." **Dunn** toon verder heeltemal korrek die wanbegrip wat Israel rakende hulle roeping gehad het en ook dat hulle nog nie in die Handelinge Periode verwerp was nie. Maar vandaar gaan hy oor na hulle toekomstige rol wanneer die hele Israel weer gered sal word en God se finale doel met hulle bespreek word. Maar wat **Dunn** en die meeste Teoloë nalaat, is **om Israel se huidige posisie van verharding en verstrooiing onder die nasies en algehele onbetrokkenheid in die Kerk* die afgelope 2000 jaar**, te behandel en in ag te neem. **Daarby is die wanbegrip dat die gelowige Heidene* nou geestelik Israel is, die oer- en moederdwaling van alle dwalinge**.

---

[69] §32: Met die finale aanslag van Titus (wat nie wou gehad het dat die majestieuse gebou vernietig sou word nie) het die Tempel afgebrand. Dit is deur sy soldate afgebreek om die goud wat gesmelt het tussen die bouklippe uit te kry.

## (5) - GOD SE OTE KONINKRYK* PROGRAM VIR ISRAEL OPGESKORT

§34

God stel nie net Israel tersyde nie, Hy skort ook Sy OTe geprofeteerde Koninkryk* program vir hulle op. *En toe hulle onder mekaar onenig was, het hulle uiteengegaan* **(Hn 28.25**; Die Grieks vir 'uiteengaan' is ἀπελύοντο = 3de persoon meervoud, imperfektum [71] passief van ἀπολύω. Let op die passief: Hulle het nie bloot uiteengegaan nie, Nee! Hulle is 'laat vaar'. Soos ons in die Engels sê: "They were dismissed". Hierdie Jode in Rome, die hoofstad van die destydse Romeinse Ryk, was verteenwoordigend van die verstrooide volk Israel. Vir oulaas het God ook aan hulle, by monde van 'n Paulus, die geleentheid gebied om tot bekering te kom en Jesus as die Messias te aanvaar sodat die Ou Testamentiese beloftes vervul kon word **(Hn 3.19-26)** - maar helaas, hulle wou nie **(Lk 13.34-35)** - daarom het God hulle 'laat vaar'. Wat 'n ontsettende tragedie! Die verhaal van 'n geslag wat 'n gulde geleentheid verlore laat gaan het! Die belofte om die 'rus' - dit is die op hande (μέλλω) wêreld waarvan hulle gepraat het **(Hb 2.5) -** in te gaan, wat tot op daardie stadium **(Hn 28)** nog stand gehou het **(Hb 4.1)**, is daar deur God finaal vir daardie Joodse geslag teruggetrek. Dit is wat aanleiding gegee het tot die openbaring van die Verborgenheid aan Paulus in die gevangenis!

§35

Hulle is verwerp! Daarom dat Paulus vervolgens in die Gevangenis geskrywe het dat die evangelie van vrede verkondig was aan die wat 'naby WAS' - dit is die volk Israel **(Ef 2.17)**. In **Js 33.13** 'IS' hulle nog naby. Maar nou na **Hn 28 (63 nC)** het God hulle as Sy kanaal verwerp. Sedertdien is hulle 'ver' en het die Heidene* 'naby' gekom **(Ef 2.13)**. Israel is verhard sodat hulle nie kon glo nie!

## (6) - DIE ESKATOLOGIESE SPANNING TUSSEN DIE 'ALREEDS' EN 'NOG NIE' ONTLAAI.

§36

Met die opskorting van die Koninkryk* Program en die tersydestelling van Israel, is die Joodse OT geprofeteerde eskatologiese toekoms **wat net tydelik in die Handelinge Periode gerealiseer het,** ook ter syde en uitgestel en het die sg. 'spanning' tussen die 'alreeds' en die 'nog nie' wat daar in die Handelinge periode met die voortydige aanbreek van die Joodse

---

[70] §33: **Dunn (1998:499-532)**

[71] §34: Dit beteken dat die handeling deur die werkwoord genoem, voorgestel word as onvoltooid en voortdurend; in die Afrikaans praat ons van die 'onvoltooide verlede tyd'.

eskaton ontstaan het, ook verval. [72] Die Kerk* beleef in die huidige dispensasie geen sg. 'spanning' nie. Vir ons is daar geen eskatologie wat reeds aangebreek het nie. Ons lewe in die NOU en geniet die volheid van die Saligheid in Christus. Die enigste spanning wat daar nog mag wees, is vir diegene wat nie seker is van hulle saligheid nie en wat as gevolg van hulle verstrengelheid tussen die Koninkryk* evangelie en die Evangelie van Genade en Versoening wat deur Paulus verkondig is, nog nie ten volle daarby uitgekom het nie!

## 1.5.14 - *QUO VADIS?* DIE HEIDENE* AS KANAAL VAN GOD SE HEIL

§37

Het God misluk? Het Sy Plan gefaal? Israel as Sy verteenwoordiger op aarde het misluk. Maar God in Sy menigvuldige wysheid het 'n verdere stap in Sy groot plan gehad, wat Hy sou neem. Net soos Hy by **Gn 12** met 'n nuwe volk (Israel) begin het, het Hy nou 'n nuwe skepping daargestel: Die Heidense Kerk* wat Hom sou verteenwoordig en wat voortaan Sy kanaal van heil tot die wêreld sou wees. Paulus verklaar verder in **Hn 28.29** dat *die heil van God aan die Heidene* gestuur is, en hulle sal luister*. Die inhoud van Efesiërs het vir **Marshall (1996:189)** hierdie strekking en sy haal **Edward Schillebeeck** aan wat verklaar dat in Efesiërs vind ons die "... historical process in which the church emerges as the mediator of salvation and peace for the world. The church is the sacramentum mundi, just as Christ is God's saving medium."

§38

Op die oog af is hierdie woorde onverklaarbaar, want reeds was daar 'n deur van geloof vir die Heidene* in **Hn 13-14** geopen **(Hn 14.27)** [73] om onder en saam met Israel die Here te dien **(Rm 11.17-22; 15.9-12)**. Reeds het Paulus in **Hn 18.6** verklaar: *Van nou af sal ek na die Heidene* gaan.* Hoe praat Paulus dan nou in **Hn 28.29** asof die Heiden nog nooit eers die evangelie gehoor het nie? Die probleem is deels omdat die vertalers nie die werklike toedrag van sake hier verstaan het nie en gevolglik nie na behore vertaal het nie. Die antwoord lê in die term wat Paulus gebruik het vir 'stuur' – *ἀποστέλλω*. Dié woord se semantiese betekenis is *'om 'n spesifieke missie aan 'n verteenwoordiger/gesant toe te vertrou'*. Van *ἀποστέλλω* kom die woord 'apostel', iemand wat as 'n gesant gestuur word, die draer van 'n sending as verteenwoordiger van iemand anders.

---

[72] §36: Dit is iets wat die Kerk* as nuwe Skepping, wat eers ná Han 28 as geopenbaarde NTe Verborgenheid tot stand gekom het, glad nie beleef nie! Bv. in die Verborgenheid IS gelowiges gered (Die term Gr: *σῴζω* kom 4 keer in die Gevangenis Briewe voor - 3 uit die 3 keer wat die term in 'n geestelike sin voorkom, IS hulle gered: **Ef 2.5, 8** - N.B. die Heidene*! - **& 2 Tm 1.9** - Jode . In die Handelinge Periode sou hulle gered WORD - toekomstig in die Millennium - 31 keer uit die 50 voorkomstes - slegs 2 keer: 'is gered' - **Rm 8.24 & Tt 3.5**). Die Kerk* het sy eie eskatologie wat die Hemelse behels terwyl die Jood se eskatologie die aardse behels.

[73] §38: Sien **'E'** van die NT Struktuur op bls 25

§39

Wat Paulus dus in der waarheid verklaar, is dat voortaan, van **Hn 28** af, sou God Sy heil aan die gelowige Heidene* as Sy gesant en kanaal tot die wêreld, toevertrou. Hulle sal nie soos Israel net hoor nie, maar in gehoorsaamheid *luister* [74] en reageer. Waar Israel die rentmeesters van die heil van God moes wees, word die verantwoordelikheid nou aan die Gelowige Heidene* oorgedra! Hulle sou voortaan die kanaal wees waardeur God Sy nuwe doel op aarde bereik. Vir hierdie doel sou God 'n nuwe skepping daarstel: Die *Corpus Christi* as die Nuwe Mens waarvan Jesus die Hoof is. Die ou doel was die OTe geprofeteerde Koninkryk* van God vir Israel as volk [75] - die nuwe doel is die Kerk* uit die Heidene*! 'n Nuwe dispensasie het aangebreek! Dit het die dispensasionele verandering **van Prinsiepe, Persone, Periodes en Plekke (Bestemmings)** behels. Waar Paulus hulle se 'teenwoordige tyd en eeu' **(Gl 1.4; 1 Kr 7.31)** opgevolg moes word deur die oprigting van die Millennium, die 'Toekomstige wêreld' wat vir hulle op hande was **(Hb 2.5; 6.5; 2 Pt 1.11; 3.13)** het die Millennium toe nie aangebreek nie, maar het God met die openbaring van Die Verborgenheid as die 'Toekomstige Dinge' van **Jh 16.13** in die gevangenis - soos ons sal sien, - met Sy nuwe skepping die Kerk*, vorendag gekom wat van alle eeue af verborge was in God!

## 1.5.15 - GOD SE TWEE GROEPE TOT SY BESKIKKING NÁ HN 28

§40

Dit bring ons by die situasie wat daar geheers het ná **Hn 28** en waar Paulus hom in die gevangenis te Rome bevind. Met die nasionale volk Israel as rolspeler van die toneel af, [76] het God (nog) net **twee groepe** tot Sy beskikking gehad om Sy nuwe skepping, die Kerk*, tot stand te bring: Die uitverkore Joodse Oorblyfsel* uit Israel, (die Manlike Kind - die Ekklesia* as die 'Heiliges' van die NT) [77] en die kontingent gelowige Heidene* wat in die Handelinge Periode in God se Koninkryk* program onder die Joodse Oorblyfsel* tot redding gekom het en onder en saam met hulle as Jode die Here gedien het – en dit is dié twee groepe waarvan ons lees in **Ef 2.13 - 3.13** – dié wat 'naby' was en die wat 'ver' was waarmee God die Verborgenheid van die Kerk* as nuwe skepping tot stand gebring het - die Verborgenheid van 'n twee-in-een! **Caird (1976:31-32)** verklaar: "That the union of Jew and Gentile in the fellowship of the one church is not only integral to God's comprehensive plan for the universe, but is the key to the understanding of that plan as a whole."

---

[74] §39: *ἀκούω* – "to believe something and to respond to it on the basis of having heard" **(Louw & Nida 1988: 373).**

[75] §39: **Hodge (1964:165)** is deels reg as hy sê: "It seems never to have entered into any human mind until the day of Pentecost that the theocracy itself was to be abolished," want God se plan vir 'n Teokrasie* het stand gehou tot en met **Hn 28**

[76] §40: **Breshears (1994:7):** "Israel is dissolved. It is set aside as the mediator of God's redemptive work. The believing remnant of Jews is incorporated into the new institution, the Church."

[77] §40: Let op die woorde van **Rm 9.29:** *En soos Jesaja tevore gesê het: As die Here van die leërskare vir ons* (Jode) *nie 'n nageslag* (die Ekklesia* as die Manlike Kind) *oorgelaat het nie, soos Sodom sou ons geword het en aan*

§41

Nou is daar 'n sekere groep begrippe en terme wat skitter in hulle afwesigheid in die Verborgenheidsbriewe waarvan ons ernstig kennis van moet neem! En daar is net te veel van hulle om nie 'n baie duidelike boodskap uit te dra nie. [78] Dit is terme en begrippe wat in die Vier Evangelies en die Handelinge Periode en in die Geskrifte wat in hierdie tydperk die lig gesien het, aan die orde van die dag was en 'n sterk rol gespeel het. Hierdie terme is almal dispensasionele 'Koninkryk*' terme wat ons nie in die nuwe dispensasie van die Kerk* vir die Heidene* mag 'inlees' nie! As ons dit doen, maak ons 'n geweldige kategoriese fout in ons eksegese! So byvoorbeeld speel die terme 'Volk' en 'Israel' nie meer 'n rol in 'n positiewe sin in die Verborgenheidsbriewe nie!

§42

Die volgende Dispensasionele veranderinge het plaasgevind ná **Hn 28 (63 nC)** in die openbaring van die Verborgenheid:

**Nuwe Persone**: Oorskakeling van die volk Israel as kanaal na die gelowige Heidene* as kanaal.

**Nuwe Skepping**: Oorskakeling van 'n Volk na die Nuwe Mens as die *Corpus Christi.*

**Nuwe Beginsels**: Oorskakeling van Teokrasie*/Wet en Werke na Kerk*/Genade en Geloof.

**Nuwe Plek**: Oorskakeling van Palestina as eindbestemming vir Israel na 'n kosmiese/ buitewêreldse(?) eindbestemming vir die Kerk.

## 1.5.16 - WAT VAN 'N KERK* IN DIE HANDELINGE PERIODE?

§43

Om die waarheid te sê was daar in die Handelinge Periode geen sprake van 'n Kerk* soos ons dit vandag het nie. Die enigste rede waarom ons dink dat die Kerk* reeds in die Handelinge Periode bestaan het, is omdat ons daar in die Grieks van 'n ***èkklesía*** lees, wat jammerlik en verkeerdelik met *'gemeente'* vertolk was en boonop nog verkeerd gedefinieer is. (Sien 'Ekklesia*' in die Definisie van Terme, Bls 11). Die Ekklesia* was in God se OTe Koninkryk* Program wat tot op **Hn 28** nog van krag was, die Here Jesus se uitverkore Joodse wetgewende Teokratiese* Vergadering wat Hy gehad het as Profeet net soos Moses en waarmee en waardeur Hy Israel en die wêreld sou regeer en evangeliseer! Daarom was dit nie die Kerk* wat op die dag van Pinkster tot stand begin kom het nie, maar die Manlike Kind uit Israel wat deur God van omhoog verwek ('gebore') is, die Ekklesia* as Jesus se Teokratiese* Regerende Vergadering in God se OTe Koninkryk* Program waarin hierdie Ekklesia* die topstruktuur sou vorm, sou Israel tot bekering gekom het.

---

*Gomorra gelyk gewees het.*- d.w.s. totale uitwissing van die volk en sou Jesus alleen daar uitgekom het soos Lot uit Sodom en Gomorra.

# 1.6.0 - PROGRESSIEWE OPENBARING IN DIE NUWE TESTAMENT

§1

Die aspek van die **Progressiewe Openbaring** in die NTe Tydvak vorm 'n baie belangrike verwysingsraamwerk in hierdie verhandeling. Vandaar die noodsaaklikheid om kortliks hierby stil te staan en sekere beginsels uit te lig. Daar gaan voortdurend verwys word na en die vergelyking getref word tussen die Vroeë 'Koninkryk*' Geskrifte van die Handelinge Dispensasie en die Gevangenis Geskrifte of Verborgenheidsbriewe (Sien vorige afdeling). Waarby ons gaan stilstaan, is die 'Toekomstige Dinge" wat **bekend gemaak was** deur die Heilige Gees. Die uitgangspunt word aanvaar dat dit in verband staan met die Verborgenheid van die Verborgenheidsbriewe wat sowat 30 - 40 jaar **na die dag van Pinkster** geopenbaar was, en die implikasies wat dit vir ons teologie inhou.

## 1.6.1 - GODDELIKE PROGRESSIEWE OPENBARING IN DIE WOORD

*Die verborge dinge is vir die HERE onse God;*
*maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid,*
*om te doen al die woorde van hierdie wet.*
**(Dt 29.29).**

§2

Dit is duidelik dat God *baie keer en op baie maniere in die ou tyd* **(Hb 1.1)** Sy wil bekend gemaak het. Hy het ook sekere dinge geheim gehou wat Hy van tyd tot tyd aan Sy Profete geopenbaar het volgens Sy raad en voornemens. **Showers (1991:5)** sê: "The Bible indicates that God's truth has been revealed in stages at different points in history. God did not give all of His revealed truth to man in one lump sum at the beginning of history." Volgens **Berkhof (1971:14)** "This revelation is clearly progressive. The great truths of redemption appear but dimly at first, but gradually increase in clearness, and finally stand out in the New Testament in all their fulness and beauty." Die heilige Apostels en Profete van die NT, volgens **Hendriksen (1967:I55)** "... of the new dispensation lived in the era of fulfilment. Illumined by the Spirit given to the church on the day of Pentecost, they were able to set forth with greater clarity than ever before the meaning of the prophecies and their application to the new order of events."

§3

In the Bible the word is always used in its proper and exalted sense. Not only is revelation always "the revelation of a mystery which was kept secret for long ages but is now dis-

---

[78] §41: Die skrywer het ongeveer vyf-en-sewentig termes só geïdentifiseer!

closed," 'but the mystery thus disclosed is nothing less than God's own will and purpose. According to the Bible, what is revealed to us is not a body of information concerning various things of which we might otherwise be ignorant. If it is information at all, it is information concerning the nature and mind and purpose of God - that and nothing else. Yet in the last resort it is not information about God that is revealed, but the very God Himself incarnate in Jesus Christ our Lord.

**Baillie (1956:28)**

§4

**Berkhof (1973:59)** beskryf openbaring as 'n ontmoetingsgebeure. Daar is altyd twee partye daarby betrokke waarin God die inisiatief neem deur in ons werklikheid in te kom. **Baillie (1956:24)** in sy Hoofstuk op 'The Divine Self-Disclosure' sê: "For the revelation of which the Bible speaks is always such as has place within a personal relationship. It is not the revelation of an object to a subject, but a revelation from subject to subject, a revelation of mind to mind. That is the first thing that differentiates the theological meaning of revelation, the revelation that is made to faith, from the sense in which all valid knowledge has been said to be revelation."

§5

Daar moet nie net voorsiening gemaak word in ons eksegese dat daar Progressiewe Openbaring in die NTe tydvak was nie. Ons moet ons ook oopstel vir nuwe denke en insigte rakende die Woord. Baie teoloë klou naarstigtelik vas aan baie begrippe wat met die aanbreek van die Hervorming gegeld het. Daardie Hervormers het egter uit die duisternis van die middeleeue gekom met verkeerde begrippe waarin hulle vasgevang was. Derhalwe is die hervorming nog steeds aan die gang! Ds. **Andries Lombaard** van *Vernuwings*faam het aangehaal: *Reformata semper reformantis* - die hervorming het hervorming tot gevolg. Die Engel sê bv. aan Daniël: *En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe* en *baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder.* **(Dn 12.4)**. *Totdat Hy uitgevoer en tot stand gebring het die raadslae van sy hart; aan die einde van die dae sal julle dit verstaan.* **(Jr 30.24)**

## 1.6.2 - OPENBARINGE A.G.V. DIE FEIT DAT GOD GESPREEK HET

§6

Ons het die ontstaan van die Bybel, waarin God se openbaringe vervat is, te danke net aan een enkele feit: Dit is dat God gespreek het **(vgl Bullinger: 1972:9ff.)** ! Die Bybel is die rekord van God se **spesifieke openbaring** - Sy gesprek wat Hy met mense van 'n spesifieke volk gevoer het. Daarom word die leser van die Bybel male sonder tal gekonfronteer met die woorde: "So spreek die Here", of "Die Here het gesê". *Pas dan op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as húlle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op die aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het,*

*veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek* **(Hb 12.25).**

§7

**God spreek die Lewende Woord**. In **Rm 3.2** sê Paulus dat een van die voordele van die Jood is dat *aan hulle die woorde* [79] *van God toevertrou is.* Van hierdie stelling moet ons baie deeglik kennis neem! Die Griekse woord 'logion' is volgens **Thayer (1973:379)** 'n verkleinwoord van 'logos' (= 'n woord; 'n verhaal; 'n stelling) wat gebruik word vir 'n Goddelike antwoord, reaksie, uiting of 'n Godspraak. Die woord kom net vier maal in die Nuwe Testament voor: [80]

| | |
|---|---|
| **Hn 7.38** | - waar dit heenwys na die inhoud van die wet van Moses (vgl. i.d.v. **Ex 24.4 & 7);** |
| **Rm 3.2** | - Verwysende na al die uitsprake van God soos neergepen deur die OTe skrywers; |
| **Hb 5.14** | - Die inhoud van God se leringe aan die mens; |
| **1 Pt 4.11** | - Die uitsprake van God deur middel van christelike leermeesters. |

§8

In die Griekse vertaling van die OT (die Septuaginta) kom die woord 'logion' ses-en-vyftig maal voor en is hoofsaaklik in die Afrikaans vertaal met 'woord van God' **(vgl. Nm 24.4, 16; Dt 33.9; Ps 17.4; 119.11).** Die Jode het die woord geassosieer met die borstas van beslissing (Engels: "Urim and Thummim") waarvan ons in **Ex 28.15-28** en **Ex 39.8-21** lees (waaroor ons nie nou hier wil uitwei nie), asook daardie antwoorde en uitsprake wat Jehova in die Allerheiligste van die Tabernakel, en later van tyd die Tempel, gegee het. In die **KJV** word die woord "oracle" dan ook telkemale vir die Allerheiligste plek gebruik.

§9

Deur dus aan sy lesers die Skrifte, wat aan die Jood toevertrou was, voor te hou as die 'logion' of te wel die Lewende Woord, was vir Paulus sinoniem met die uitsprake van God wat vanaf die Versoendeksel in die Allerheiligste tot die Joodse voorvaders gekom het.

§10

**Die Lewende Woord word die Gesproke Woord**. God se Lewende Woorde wat Hy aan Sy Joodse mondstukke toevertrou het, is deur hulle onder die inspirasie van die Heilige Gees mondelings aan die volk oorgedra as die Woorde van die Here - die **'logos'** en die **'rhema'** - twee woorde met basies dieselfde betekenis wat afwisselend in die Griekse NT gebruik word. [81] Ja, God het Sy

---

[79] Gr *λόγια* - **Louw & Nida [1988:1:400]** se definisie van dié term is nie so raak soos **Vine (1940:Deel 3:143)** en **Bagster (1971:249)** dit het nie: *"an oracle, a divine communication or revelation"*

[80] §7: Die Hebreeuse ekwivalent 'debir' kom 16 maal in die OT voor: 1 Kon.6:5, 16, 19, 20, 21, 22, 23, 31; 7:49; 8:6, 8; 2 Kron.3:16(?); 4:20; 5:7, 9; Ps.28:2 en is hoofsaaklik vertaal met 'binneste vertrek' verwysende na die Allerheiligste van die tabernakel en die tempel.

[81] §10: Albei termes verwys na die woorde wat deur die menslike stem voortgebring word. Die term 'rhema' word gebruik vir die die woorde self (grammatika) wat gespreek of geskrywe word terwyl die term 'logos' meer die begrip van die 'gedagte' wat in die woord (die 'rhema') vervat is, oordra. Die stelling dat 'rhema' die gesproke woord en 'logos' die geskrewe woord is, of dat die 'rhema' woord die 'logos' woord is wat vir die indiwidu 'verlewendig' is, is nie Bybels verantwoordbaar nie. In **Hn 16.36** dra die tronkbewaarders byvoorbeeld aan Paulus die woorde ('logos') van die regters oor dat hulle losgelaat moet word. Maar in **vers 38** dra hulle weer Paulus se woorde

woorde in hulle mond gelê **(Js 51.16; Jr 1.9)** en dit was vir hulle onmoontlik om nie te spreek oor die dinge wat hulle gesien en gehoor het nie **(Hn 4.20).** Te midde van die dreigemente en vervolging het hulle steeds gebid dat God mag gee dat hulle met alle vrymoedigheid Sy woord sal spreek **(Hn 4.29, 31)** want die woorde wat hulle gespreek het was tot redding **(Hn 11.14; 16.32).**

§11

**Die Gesproke Woord word die Skrifte**. God het dit goedgedink om Sy mondstukke, die profete en apostels, te inspireer om dit wat Hy tot en deur hulle gespreek het, ook te laat neerpen. Anders sou baie daarvan vergete geraak het en nog vele meer bygelas gewees het. So het die 'logion' van God dan, wat uiting gevind het in die 'logos' en 'rhema' wat deur God se mondstukke gespreek is, uiteindelik permanente gestalte gevind in die Skrifte. **Thomas (1926:29)** merk op: "It would seem as though the 'litera scripta' (the written word) were a foundation, a necessary condition of all divine revelation". 'n Geskrewe rekord het immers die volgende voordele bo 'n mondelingse tradisie:

Dit is baie meer permanent.

Dit is baie meer bepaald en stellig.

Dit is baie meer toeganklik en openlik.

Dit is baie meer bevredigend veral wanneer dit bevestig is.

Die geskrewe rekord was 'n vereiste in die lig van die belangrikheid van die openbaring self.

§12

Die Griekse woord vir Skrifte is *γραφή*. (*γράμμα* = letter, is ook tweemaal in die Afrikaans met 'skrifte' vertaal - vgl. **Jh 5.47; 2 Tm 3.15).** Wanneer e.g. woord in sy meervoudsvorm in die NT voorkom - *γραφαί* (bv. in **Mt 21.42; Jh 5.39; Hn 7.11; Rm 1.2**), dan verwys dit hoofsaaklik na al die OTe Geskrifte bestaande uit die Wet, Profete en Psalms. Kostelik in die verband is die voorbeeld van Moses wat van God die lewende woord ontvang het **(Hn 7.38)** en volgens **Ex 24.4** al die woorde van die Here opgeskrywe het. Toe hy in **vers 7** die boek neem en dit voor die ore van die volk lees, het hulle gesê: *Alles wat die Here gespreek het, sal ons doen en daarna luister*! Jesus bevestig in **Mr 7.6** dat Jesaja se profesieë neergepen is: *Tereg het Jesaja oor julle geprofeteer soos geskrywe is* en dan kwoteer Hy **Js 29.13**. So ook Johannes die Doper in **Lk 3.4:** ... *soos geskrywe is in die boek van die woorde van Jesaja die profeet, waar hy sê: Die stem van een wat roep in die woestyn* **(Js 40.3).**

---

('rhema') aan die regters oor. **In Ef 6.17** is die 'rhema' van God die swaard van die Gees, terwyl in **Hb 4.12** die 'logos' van God weer die skerp tweesnydende swaard is. **In Ef 6.19** vra Paulus dat hulle vir hom moet bid dat 'n 'logos' aan hom gegee mag word as hy sy mond oopmaak om te spreek (so ook **in Kl 4.3**). Petrus sê weer dat die 'rhema' van die Here bly tot in ewigheid - "en dit is die 'rhema' wat aan julle verkondig is" **(2 Pt 3.2)**. Vgl. ook **Hb 12.9** - "... die geluid van 'rhema' waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen 'logos' meer sou toegevoeg word nië. 'Logos' is in die K.J.V. 208 keer met "word"; 50 keer met "saying" en 5 keer met "thing" vertaal terwyl 'rhema' 56 keer met "word"; 9 keer met "saying" en 3 keer met "thing" vertaal is. Daarby volstaan ons.

§13

Die NTe Geskrifte het as Briewe (ἐπιστολή) die lig gesien. Lukas skrywe byvoorbeeld aan 'n hooggeplaaste wat hy ken met die naam van Theofilus, dat aangesien baie onderneem het om 'n verhaal op te stel oor die gebeure rondom die Here Jesus, hy dit ook goedgedink het om, nadat hy alles noukeurig en 'objektief' (ἄνωθεν = van omhoog) ondersoek het, dit in volgorde aan hom te skrywe **(Lk 1.1-4).** Jesus se opdrag aan Johannes was telkemale "En skryf aan die Gemeente" **(Opn 2.1, 8, 12, 18; 3.1, 7, 14).** Weliswaar is al God se woorde sekerlik nie neergepen nie, want dan sou die wêreld self nie al die boeke kon bevat nie **(Jh 21.25),** maar wat wel beskrywe is, is nie net voldoende dat 'n mens kan glo nie **(Jh 20.30-31)**, maar bevat alles wat God wou openbaar aan die mens. Ons vind ook dat die skrywers daarvan, wedersyds aan mekaar se Geskrifte erkenning verleen het. Vergelyk byvoorbeeld **1 Tm 5.18** waar Paulus **Lk 10.7** kwoteer en **2 Pt 3.15-16** waar die apostel Petrus weer verwys na Paulus se Geskrifte.

## 1.6.3 - GOD HET SY SPREKE PROGRESSIEF AANGEPAS

§14

Die God wat nou só gespreek het, het later anders gespreek. Soms was Sy spreke slegs aanvullend tot 'n spesifieke dispensasie. Ander kere het dit 'n nuwe dispensasie daar gestel. Só is vir **Allan (1968:94): "The mystery** ... the revealed knowledge about the dispensation." **Grudem (1994:130)** sê: "At each stage in redemptive history, the things that God had revealed were for his people for that time, and they were to study, believe, and obey those things. With further progress in the history of redemption, more of God's words were added, interpreting that history." **Foulkes (1989:105)** wys ook op die progressiewe spreke van God: "... though in his wisdom he chose to reveal it to humanity in stages."

§15

Nou lig **Showers (1991:5)** 'n baie belangrike saak uit: "In light of this progress of revelation, in order for an exposition of the biblical philosophy of history to be valid, it dare not read the content of later revelation back into earlier revelation. It must not make the earlier revelation say all that the later revelation said." God se progressiewe openbaringe moet dus binne die kategorieë van die breër strukture waarin dit val, geïnterpreteer word. **Bullinger (1974:Bylae 195:214)** beklemtoon dit ook: "... to take doctrine of later revelation and read it into the time it was "hidden" leads to disaster."

§16

Hierdie saak van God se progressiewe spreke kan toegelig word deur die groot debat tussen Dispensasionaliste en Non-dispensasionaliste (Gereformeerde Eenheidsteoloë) oor die kwessie van geregtigheid deur 'Wet en Werke' in die Ou Testament versus geregtigheid uit 'Genade deur Geloof' in die Nuwe Testament. Dit is 'n saak wat in diepte deur **Dunn (1998:334-385)** bespreek word.

**Breshears (1994:6)** is van mening: "Throughout the whole of history there is one way of salvation: by grace, through faith in the promises of God, based on the atoning sacrifice of Jesus Christ. If there is one way of salvation, one God, one Messiah, one Spirit, then there can only be one spiritual people of God throughout all time."

§17

As Dispensasionalis bied die skrywer die volgende in alle beskeidenheid aan wat die genoemde punt illustreer. Deur die eeue is en was redding van die mens altyd **uit Genade en deur Geloof** - dit het nog NOOIT verander nie! Die regverdige sal uit sy geloof lewe **(Hab 2.4; Hb 10.38; Gl 3.11; Rm 1.17).** En dit sal ook nooit verander nie! Maar wat het dan nou verander van die Ou tot die Nuwe Testament? Dispensasioneel het daar tog 'n verandering gekom!

§18

Om by die hart van hierdie verandering uit te kom en te besef waarin dit bestaan moet ons eerstens besef dat die Mens 'verlore' geraak het as gevolg van die feit dat hy **nie geglo het wat God tot hom gespreek het nie**. Adam het nie God se Woord geglo wat God tot hom in die tuin van Eden gespreek het nie. Daarom het hy die ewige lewe verloor en het God die Mens uit die paradys gedryf. Om dus weer gered te word, moet die mens nou die teendeel doen - hy moet weer **die woord wat God uit genade tot hom spreek, glo**. Hierdie is 'n basiese voorwaarde wat deur al die eeue heen gegeld het. Die regverdige sal deur sy geloof lewe. Hierdie geloof moet gefundeer wees in die woord wat God tot hom spreek. Die geloof is uit die gehoor en die gehoor is uit die woord van God **(Rm 10.11-17)**. Dit is hoe eenvoudig dit is!

§19

Waarin lê die verskil dan nou tussen die Ou en die Nuwe Testamentiese bedeling? Dit lê daarin **dat God nie altyd dieselfde gespreek het nie**. Die feit dat God tot die mens spreek bly ook deur al die eeue uit genade. Daarom is die mens deur al die eeue uit genade gered, deur die geloof. Maar nou het God in die Ou Testament **anders gespreek** as wat Hy in die Nuwe Testament gespreek het. Die inhoud van dit wat God deur die eeue uit genade tot die mens gespreek het en dit wat die mens moes glo om gered en geregverdig te word, het deur **die verskillende dispensasies heen, verander! Hb 1.1** verklaar dat *God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het.*

§20

Onder die Mosaiese bedeling het God vir Israel deur Sy woord wat hy tot hulle gespreek het, gesê dat as hulle wil lewe, dan moet hulle **die werke van die wet volbring**. Dit moes hulle glo. As hulle die wet oortree het, moes hulle in erkentlikheid hul bekeer (tot die werke van die wet) en moes hulle 'n offer bring ter versoening om God se geregtigheid te bekom. Ook dít moes hulle glo. As hulle dit geglo het, was hulle geregverdig uit en deur God se ewige Genade, op grond van daardie geloof in die woord wat God op daardie stadium tot hulle gespreek het! Dit was die beginsels wat daar gegeld

het. Maar Paulus noem dit die swakke armoedige eerste beginsels wat die gelowige christen Jode weer van voor af aan wou dien **(Gl 4.9)**. Die Jood het gevolglik mettertyd op sy eie vermoë om die werke van die wet te wil volbring, begin steun tot geregtigheid, in plaas daarvan om God se woord wat Hy gespreek het, te glo.

§21

Maar met die koms van die Here Jesus, **het God nou uit genade anders begin spreek**! Die mens het 'n nuwe Woord van God ontvang om in te glo. Hierdie nuwe woord het **nuwe beginsels** daargestel, waarvolgens die mens uit genade, deur geloof, gered en geregverdig moes word. Die dispensasionele verskil lê daarin dat waar geregtigheid voorheen deur die geloof 'uit die werke van die wet' was, dit nou uit genade deur die geloof in **die soenverdienste van die Here Jesus aan die Kruis** geskied. Nou geld bekering tot die werke van die wet om gered te word, nie meer nie. Nou dien die geloof in die woord van God wat verklaar dat die Here Jesus ten behoewe van die sondaar die Wetsvolbringer is, tot redding.

§22

Daarom behels God se woord wat Hy vandag uit genade tot die mens spreek, basies net twee dinge wat die mens moet glo om gered en geregverdig te word. **Eerstens** sê God vir die mens dat hy 'n verlore sondaar is. Die sondaar moet dit erken en bely. Daardie besef wek by die sondaar die diep behoefte aan 'n Redder. **Tweedens** sê God vir daardie boetvaardige sondaar dat die Here Jesus as sy verteenwoordiger en as plaasvervangende offer aan die Kruis die prys betaal het en die straf gedra het, wat vir hom die vrede met God aanbring. Wanneer daardie sondaar dit aanvaar en glo (= die Here Jesus aanneem as sy persoonlike Saligmaker), dan word hy op grond van sy geloof met God versoen; hy word op grond van sy geloof in die soenverdienste van die Here Jesus gered; God reken die persoon Sy geregtigheid nou toe en gee aan hom die mag om 'n kind van God genoem te word. Dit het 'n nuwe hart tot gevolg wat neig tot die werke van die wet. God se spreke was dus van só 'n aard dat dit progressief aangepas was met elke nuwe dispensasie.

## 1.6.4 - DIE KULMINASIE VAN DIE PROGRESSIEWE OPENBARING IN DIE NTE TYDVAK

§23

Die belangrikheid van die geweldige toename in die Goddelike Progressiewe Openbaring wat daar in die Nuwe Testamentiese Tydvak na vore gekom het, en waaraan nog nooit behoorlike aandag gegee was nie, word in hierdie werk uitgelig. Hierdie openbaring het deur vier **onderskeibare fases** gegaan en uiteindelik die hoogtepunt bereik in die openbaring van die nuwe Verborgenheid aan Paulus in die Gevangenis, wat neerslag gevind het in sy **Verborgenheidsbriewe**. **Berkhof (1971:11)** sê: "And in the New Testament Christ appears as the great Teacher sent from God to reveal the Father's will."

§24

Daar is sekere profetiese uitsprake i.v.m. hierdie Progressiewe Openbaring in die Nuwe Testament waaraan ons eers moet aandag gee. Die Here Jesus het in die Vier Evangelies voor die Kruis in **Jh 16.13** gesê dat wanneer die Gees van die waarheid gekom het, Hy hulle (die Skrywers van die NT) in die hele waarheid sou lei; want Hy sou nie uit Homself gespreek het nie, maar alles wat Hy gehoor het, sou Hy spreek en die **toekomstige dinge** aan hulle verkondig het. [82] Daar sou dus progressiewe openbaring in die NTe Tydvak wees! Die Skrif self lewer uitspraak en bied sekere riglyne rakende ons benadering tot en hantering van hierdie Progressiewe Openbaring! Let op die volgende:

§25

Alhoewel die Here Jesus alles wat Hy van Sy Vader gehoor het, aan Sy dissipels bekend gemaak het **(Jh 17.8; Jh 15.15; Jh 14.24; Jh 8.26, 40),** was daar sekere dinge in die periode van die Vier Evangelies voor die Kruis waaroor daar nie uitspraak gelewer was nie **(Jh 16.12)** en waarvan selfs Hy in Sy menslikheid nie bewus was nie **(Mr 13.32).**

§26

Terwyl daar sekere dinge was wat God aan sy 'klein kindertjies' geopenbaar het **(Mt 11.25)**, was daar die aanvanklike traagheid van die dissipels om nuwe konsepte te assimileer. Die Here moes in die Vier Evangelies met hulle praat volgens wat hulle kon verstaan **(Mr 4.33).** Hy het so baie dinge gehad wat Hy vir hulle wou sê, maar hulle kon dit nie toe geassimileer het nie **(Jh 16.12).** Hulle was onverstandig, met harte wat traag was om te glo alles wat die profete gespreek het **(Lk 24.25),** wat nog van nuwe openbarings wat God deur die Heilige Gees sou gee! Hulle het nie altyd eers begryp wat die Here Jesus gedoen het nie - later sou hulle dit egter begryp **(Jh 13.7)**. Hierdie onvermoë om tot diepere insigte te kom het selfs na die uitstorting van die Heilige Gees by die Twaalf voortgeduur.

§27

Daarom het God slegs aan sekere persone wat Hy uitverkies het, sekere van die openbaringe toevertrou. Toe Paulus op die toneel verskyn het, het hy verwag om tot gesigte en nuwe openbarings van God te kom **(2 Kr 12.1)**, wat **Lemmer (1998:467)** dan ook uitlig: "This would also allow a link to the disclosure/s (revelationis) by God of his plan for all the ages, linked to the calling experience which Paul had on the road to Damascus (and footnote 26): or any other known experience to which the implied readers may have related where the author would have received the disclosure of mysteries of God. St Paul claimed numerous revelations from God, e g 2 Cor 12 and Gl 1:11f." Aan hom het God die evangelie vir die onbesnedenes toevertrou wat **verskil het** van die evangelie van die besnedenes wat aan Petrus-hulle toevertrou en deur hulle verkondig was **(Gl 2.1-10). Morris (1994:88)** wys daarop: "Paul speaks of the truth as being revealed to them. We should not

think of this as something that happened to the apostles all at one time as a group, for there is evidence that Paul's making of converts from among the Gentiles did not at first win universal approval (see Gal. 2)." Dit is duidelik dat Petrus-hulle dit moeilik gevind het om met alles wat Paulus gepreek en gedoen het saam te stem **(vgl 2 Pt 3.16)**. Daarom kan **Morris (1994:84)** verklaar: "And there were many facets of Christian teaching into which Paul had entered wholeheartedly, but which were far from being Christian commonplaces. So Paul makes it clear that what he is about to write, comes out of his own personal understanding of the Christian way. Other Christian leaders may or may not have put it the way Paul does." Hy het dit pertinent onder sy lesers se aandag gebring dat sy evangelie (vgl. **Gl 1.11; Rm 16.25; 2 Tm 2.8; 1 Tm 1.11)** wat deur hom verkondig was, nie na die mens was nie **(Gl 1.11).** Hy het dit nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus **(Gl 1.12)** heel waarskynlik by geleenthede toe die Here aan hom verskyn het **(Hn 22.18-21; Hn 23.11; 1 Kr 9.1)**. Dit was gevolglik veral deur Paulus dat die nuwe Heilige Gees verligting en insigte na vore kom.

§28

Die Skrif self lei ons dus om die feit van die progressiewe openbaring in die NT te aanvaar! Ons word deur die Woord self daarop gewys dat daar in die Progressiewe Openbaring van God in die Nuwe Testament 'n verskil tussen Petrus en Paulus se evangelies is **(Gl 2.12-10)**. Verder word daarop gewys dat daar selfs verskille tussen Paulus se Vroeë en sy Gevangenisbriewe is. As ons hierdie aspekte van die progressiwiteit van die Godsopenbaring in die Nuwe Testamentiese tydvak nie in aanmerking neem in ons eksegese van die Woord nie, kan ons teologie nie suiwer wees nie! Dit is alleenlik wanneer ons hierdie feit bybring in ons eksegese van die NT dat ons die openbaring van die nuwe dispensasie van Die Verborgenheid van die Kerk* na **Hn 28** met alles wat daarmee gepaard gaan, ontdek.

## 1.6.6 - OPENBARINGE DEUR DIE HEILIGE GEES NÁ DIE KRUIS AAN DIE APOSTELS

*Maar die Trooster, die Heilige Gees,*
*wat die Vader in my Naam sal stuur,*
*Hy sal julle alles leer en*
*sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.*

*Maar wanneer Hy gekom het,*
*die Gees van die waarheid,*

[82] §24: **Grudem (1994:60):** "Similarly, Jesus promised further revelation of truth from the Holy Spirit when He told his disciples, "When the Spirit of truth comes, he will guide you into all the truth" ... "and he will declare to you the

*sal Hy julle in die hele waarheid lei;*

*want Hy sal nie uit Homself spreek nie,*

*maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek*

*en die toekomstige dinge aan julle verkondig.*

**(Jh 14.26 & 16.13)**

§29

Stellinge soos wat **Saucy (1993:32)** maak: "The revelation of God and in a very real sense the saving action of God reach their finality in Christ. All is finally summed up in him - all promises as well as all ministry for salvation", het ons ons oë laat sluit vir die verdere belangrike rol van die Heilige Gees in hierdie laaste Progressiewe Openbaring van God in die Nuwe Testament soos deur Jesus voorspel in **Jh 14.26** en in **Jh 16.13**. In laasgenoemde Teks het ons 'n baie belangrike en gewigtige stelling wat die Here Jesus maak. Dit is dat die Godsopenbaring in die NTe Tydvak nie gekulmineer het in Christus nie, maar eers in die koms van die Heilige Gees na die dag van Pinkster. **Grudem (1994:640)** is korrek as hy sê: "The New Testament apostles and others who wrote words of the New Testament Scripture were also guided "into all the truth" by the Holy Spirit **(John 16.13)**, who also spoke to the apostles what He heard from the Father and the Son, and declared to them "the things that are to come"." Die Heilige Gees se werk/funksie sou in twee stadiums geskied: **(1)** Hy sou nie net die volle omvang en inhoud van die vleeswording van Jesus en Sy Dood en Opstanding aan hulle eksponeer nie, maar Hy sou **(2)** daarna ook **DIE TOEKOMSTIGE DINGE AAN HULLE BEKEND MAAK!** 'Bekend maak' - Vgl. **Jh 4.25; 5.15; Hn 14.27; 15.4; 1 Pt 1.12** - Gr *ἀναγγέλλω* - "To provide information with the possible implication of considerable detail - 'to announce, to inform, to tell.' " **[Louw & Nida (1988:Vol 1:411)**. Nou is die vraag wat van kardinale belang is: **(1) WAT** behels daardie 'TOEKOMSTIGE DINGE' alles en **(2) WAAR EN WANNEER** is dit geopenbaar? In hierdie verhandeling word die gedagte ontgin en byeengebring dat hierdie 'toekomstige dinge' vervat is in die nuutgeopenbaarde Verborgenheid van die twee **Verborgenheidsbriewe** van Paulus as apostel vir die Heidene* nl. **Kolossense** en **Efesiërs** (sy laaste twee Sendbriewe) asook in die Boek **Openbaring,** geskrywe deur Johannes as een van die apostels vir die besnedenes **(Gl 2.7-9)**.

§30

Dit word redelik algemeen aanvaar dat die Progressiewe Openbaring van God gegroei het en uiteindelik gekulmineer het in die koms (kenosis) van die Here Jesus. Ons moet egter van die feit kennis neem dat die Heilige Gees met Sy koms na die dag van Pinkster **daardie Openbaring voortgesit het**. Hierdie gedagte word deur **Berkhof (1971:11)** onderstreep: "Through His Spirit the apostles become the organs of further revelations, **John 14.26; 1 Cor. 2.12;, 13; 1 Thess. 2.13.**" Toe die

---

things that are to come"."


Heilige Gees gekom het, het Hy die Apostels, wat die inhoudelike van die Nuwe Testament moes neerpen, geleer en gelei in al die waarheid en het Hy uiteindelik die 'toekomstige dinge', (die dinge waarop ons in hierdie verhandeling konsentreer en waarvan die Here Jesus nie eers in Sy aardse bediening gepraat het nie!), aan hulle geopenbaar! **(Jh 16.13)**. Daardie dinge het algaande neerslag gevind en is dus mettertyd vervat in hulle Geskrifte.[83]

§31

Die Nuwe Testamentiese openbaring sou en kon dus eers voltooi word nadat die Heilige Gees uitgestort was. Byvoorbeeld: Voor die uitstorting van die Heilige Gees op die dag van Pinkster, het dit hulle nie toegekom om op daardie stadium *die tye en die geleenthede te weet wat die Vader deur Sy eie mag bepaal het* **(Hn 1.7)** te weet nie. 'n Paar jaar na die dag van Pinkster skryf Paulus dat dit nie meer nodig is om die Tessalonisense in te lig oor die tye en geleenthede nie - toe was hulle reeds deur die Gees toegelig i.d.v. **(1 Ts 5.1-2).** *God het dit deur Sy Gees aan hulle geopenbaar want die Gees het alle dinge ondersoek, ook die dieptes van God* **(1 Kr 2.10).** *God het in hulle harte geskyn om verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus* **(2 Kr 4.6).**

§32

Om die belangrike rol van die Heilige Gees in hierdie Progressiewe Openbaring en die implikasies van die twee stadia waardeur dit gegaan het in die NT, beter te verstaan, word die volgende grafiese beeld aangebied:




[83] §30: Volgens die skrywer se kennis word die belangrike rol wat die Heilige Gees na Sy koms op die Dag van Pinkster in hierdie Progressiewe Openbaring gespeel het, nooit in enige Akademiese werk behandel nie.

§33

**Die elemente van daardie Openbaring:** Volgens **Scofield (1967:1149)** het die Here Jesus vooruit die elemente van hierdie progressiewe openbaring in die Nuwe Testamentiese tydvak aan hulle uitgelig:

1. **Die historiese** - die Heilige Gees sou hulle **herinner** aan alles wat Jesus vir Sy dissipels gesê het **(Jh 14.26; vgl. Hb 2.3).**
2. **die leerstellige** - die interpretasie van die leerstellige - Hy sou hulle **alles leer** en hulle **lei in al die waarheid (Jh 14.26)**;
3. **die profetiese** - Hy sou die **toekomstige dinge** aan hulle openbaar **(Jh 6.13).** [84]

§34

Hieruit moet ons verder aflei en begryp dat hulle in hulle **denke gegroei** en hulle **insig verdiep** het in die veertig jaar tussen die Kruis (30 nC) en die verwoesting van Jerusalem (70 nC). Namate hulle Geskrifte die lig gesien het, het daar definitief nuwe openbaringe die lig gesien. Die skrywers van die Sendbriewe was dus nie slegs besig om bepaalde situasies in sekere vergaderings aan te spreek soos **Roberts (1984:37:§183)** e.a. beweer nie. [85] Die NTe Briewe is verreweg ook **nie in een sitting voltooi nie**. Die NTe Skrywers het seer sekerlik soms dinge neergepen onder inspirasie wat vir hulle op die oomblik duister was maar wat, namate hulle dit weer in oënskou geneem het en verder geskrywe het, eers duidelik geword het. Daar was oor dit wat reeds geskrywe was **nagedink en besin** en dan is op daardie gedagtes verder uitgebou. Daarom moet ons daarvoor voorsiening maak dat daar selfs in dieselfde Geskrif die uitbouing van sekere gedagtes gekom het. Dit is veral die geval met **Ef 1 - 3**. Indien ons nou die Boeke van die NT in die regte kronologiese volgorde kan groepeer, dan kan hierdie progressiwiteit van die openbaringe redelik akkuraat vasgestel word.

§35

Die hedendaagse verkeerde begrip m.b.t. Progressiewe Openbaring vind weerklank in **Barclay** in sy oordenking van **Jh 16.12-15** wat die fout maak om **die leiding** in *al die waarheid* en **nuwe insigte** wat die Heilige Gees die Gelowige bied, te verwar met die **openbaringe** van die Heilige Gees en bepleit 'progressiewe openbaring' steeds vir die dag waarin ons lewe:

> Revelation is bound to be a progressive process ... we start with the easy and the simple things. Gods revelation to men is like that. He teaches men what they are able and fit to learn.'... It is the proof that there is no end to God's revelation. One of the mistakes men sometimes make is to identify God's revelation solely with the Bible. That would be to say that since about A.D. 120, when the latest book in the New Testament was written, God has

[84] §33: Die meeste Christene, wanneer hulle die woorde van hierdie Teks lees, maak dit bloot van toepassing op hulle vandag sonder om dit in sy historiese konteks te begryp wat die die primêre betekenis van daardie Teks is. En dan spog sommige vandag nog dat hulle 'nuwe openbaringe' ontvang!

[85] §34: **Du Toit (1984:3)** sê byvoorbeeld dat die Nuwe Testamentiese Briewe is "... in 'n groot mate geleentheidgeskrifte met die oog op spesifieke gemeentelike situasies en behoeftes."

> ceased to speak. But God's Spirit is always active; he is always revealing himself. ... He is still revealing his truth to men. ... Revelation is a continual opening out of the meaning of Jesus. There we have the crux of the matter. Revelation comes to us, not from any book or creed, but from a living person.

**Barclay (1982:194-196)**

§36

Wat verbasend is dat die helderdenkende **Kung (1981:202)** dieselfde gedagte huldig:

> The Spirit is not needful because Jesus' teaching was quantitively not complete, but because Jesus' teachings must qualitatively become a new revelation through the Church's preaching. Revelation is not a closed doctrinal System, nor is it a completed history, but through the Spirit it must constantly be made reality, a new event. Jesus says not only "I made known" . . but also "I will make known" . . . that the love with which thou hast... What would be the value of revelation if it were no more than a kind of garland of Jesus' sayings, which would have to be read out constantly anew and interpreted anew for our edification? Revelation must constantly present a new challenge to the believer, take hold of him, and find faith, not just as human words, but as God's word.

§37

**Kung (1981:202)** is natuurlik (verkeerdelik) van opinie dat: "The Spirit cannot say more than Jesus; for in his leavetaking Jesus says : "All that I have heard from my Father I have made known to you" (15:15) ...The Spirit cannot give a *new revelation*, but through the preaching of his witnesses he will cause everything that Jesus said and did to be revealed in a new light", want Jesus self het tydens Sy afskeid in **Jh 16.12** verklaar dat Hy nog baie dinge gehad het om aan hulle te sê, maar dat hulle dit nie sou kon dra nie. Dié dinge sou eers deur die Gees ná Sy koms op die Dag van Pinkster aan hulle geopenbaar word.

## 1.6.7 - DIE VIER FASES VAN DIE PROGRESSIEWE OPENBARING - (Sien die Diagram op Bls 59)


§38

In ons eksegese van die OT probeer ons om die **Profetese Geskrifte** teen die agtergrond van die OT **Geskiedenisboeke** te lees. Dit bied vir ons 'n beter perspektief in ons historiese interpretasie. Vir dieselfde doel moet ons ook poog om die NTe Briewe sover moontlik teen die agtergrond van die NTe Geskiedenisboeke te lees. Die NTe Geskiedenisboeke is die **Vier Evangelies, Handelinge** en tot 'n groot mate die Boek **Openbaring.** Die **Vier Evangelies** dek die drie-en-dertig jaar se geskiedenis vóór die Kruis; **Handelinge** dek weer die drie-en-dertig jaar geskiedenis ná die Kruis. [86]

---

[86] §38: Sonder die geskiedenis beskrywing van die Boek Handelinge, sou ons geen skakel tussen die Vier Evangelies en die Sendbriewe gehad het nie.

# DIE VIER FASES VAN DIE NUWE TESTAMENT



**Handelinge** [87] op sy beurt kan weer in twee **duidelike fases of onderafdelings** verdeel word: **Hn 1 - 12** (30 - 48 nC) - waarin die bediening van **Petrus en die Elf** hoofsaaklik tot die Jode weergee word; [88] en **Hn 13 - 28** (48 - 63 nC) - waarin ons die bediening van **Paulus en sy Ses makkers** uit die diaspora tot die Jood eerste en ook tot die Heidene* aantref. Só ook **Openbaring** wat Johannes in opdrag van Jesus moes neerpen: *Skryf die dinge op wat jy **gesien het**, die **wat is**, sowel as die wat **gaan gebeur**;* **(Opn 1.19)**, dek dus **histories/futuristies** die geskiedenis van die volgende:

**(1)** Wat Johannes *gesien het*, - sy onmiddellike verlede.

**(2)** ***Wat is*** = dit wat was ten tye van sy visioen op die eiland Patmos en

**(3)** *Wat **gaan gebeur*** (Gr: μελλώ = *'op die punt was om te'* ) = dit wat binne-kort/aanstons daar sou gebeur **(Opn 1.19)**. [89]

Nou word dit op grond van die volgende oorwegings duidelik dat hierdie Progressiewe Openbaring, teen die agtergrond van hierdie geskiedenisboeke deur vier duidelik onderskeibare fases of stadia in NT tydvak gegaan het.

§39

## Fase Een - In Die Vier Evangelies deur Jesus voor die Kruis

Dit word gevind in wat God gespreek het deur Johannes die Doper en Jesus in hulle oproep tot die volk Israel om tot bekering te kom en in die aankondiging dat die oprigting van die Koninkryk* op hande was **(Hb 1.1)**.

§40

Terwyl God eers direk tot die mens gespreek het vanaf Adam tot en met Moses, en Hy daarna vanaf Moses deur profete gespreek het tot op Johannes die Doper, breek daarna 'n kort tydperk aan waar God in Christus **(2 Kr 5.19** - ὡς ὅτι Θεὸς ἦν ἐν Χριστῷ = 'as that God was in Christ" - d.w.s as God in die vlees) die wêreldtoneel betree en weer persoonlik en direk deur die Seun tot die mens, en in die besonder tot Sy volk Israel spreek **(Hb 1.1; 2.3)**. Tydens die gee van die wet by Sinai, het God se stem die aarde laat skud; maar nou in Christus het Hy belowe en gesê: *Nog eenmaal laat Ek nie alleen die aarde nie ...* **(Hb 12.26)**. God lê Sy Woorde in die Seun se mond **(Dt 18.18-19; Hn 3.22)** en die Seun spreek en doen net wat die Vader Hom beveel **(Jh 7.16; 8.28, 38, 46, 47; 12.49-50; 14.10, 24; 17.8, 14, 17)**. Hy wat deur God gestuur was, het die woorde van God gespreek

---

[87] §38: Die sentrale tema van dié Boek is die OTe geprofeteerde Koninkryk* van God vir Israel = die Millennium - vgl **Hn 1.6; 2.30; 3.19-26; 13.32-34; 15.16; 20.25; 26.22; 28.20, 23, 31.** In daardie dispensasie van God moes die Heidene* onder en saam met Israel as God se kanaal van heil die Here dien - vgl **Hn 26.18; Rm 11.17; 15.9-12.**

[88] §38: Die **eerste** (en enigste volgens die rekord) Heidene* aan wie God in die tydperk die 'bekering tot die lewe' geskenk het, was Cornelius se huishouding (Vgl **Hn 10.1 - 11.18; 15.7-11**). Dit maak die hofdienaar van Etiöpië 'n Jood!!

[89] §38: 'n Redelike Vroeë datum van skrywe vir **Opn** word aanvaar - tussen 56 - 60 nC. wat die imminensie van so baie dinge wat daarin gevind word, baie beter verantwoord. Wat **Opn** as Geskiedenis Boek betref, maak **Bullinger**

**(Jh 3.34; 7.16).** Die woorde wat Hy tot hulle gespreek het, was gees en lewe **(Jh 6.63)**. Daardie spreke was uitsluitlik Ou Testamenties gebonde.

§41

In die lig hiervan is Jesus se aansprake en bewerings rakende die woorde wat hy gespreek het, nou baie interessant! Die woorde wat hulle Hom hoor spreek het, was nie Syne nie maar die Vader wat Hom gestuur het, s'n **(Jh 14.24; Lk 11.28).** Dit was God se woord wat Hy aan Sy dissipels gegee het **(Jh 17.14).** Die hemel en die aarde sou verbygaan, maar Sy woorde nooit nie **(Mt 24.25; Mr 13.31).**

§42

Hulle wat die woord van God wat Hy gespreek het, gehoor en geglo het, het die ewige lewe ontvang en het oorgegaan uit die dood in die lewe **(Jh 5.24).** As hulle dit ook bewaar het, was hulle salig **(Lk 11.28).** As hulle in Sy woorde gebly het, was hulle waarlik Sy dissipels **(Jh 8.31),** en as hulle Hom liefgehad het, sou hulle Sy woorde bewaar **(Jh 14.23).** Hulle was rein deur die woord wat Hy tot hulle gespreek het **(Jh 15.3).** Diegene wat hulle vir Hom en Sy woorde geskaam het, vir hulle sou die Seun van die Mens Hom ook skaam wanneer Hy in Sy heerlikheid gekom het **(Mr 8.38).** Wie Hom verwerp het en Sy woorde nie aangeneem het nie, het een gehad wat hom sou oordeel: Die woord wat Hy gespreek het, sou hom oordeel in die laaste dag! **(Jh 12.48).**

§43

Die dissipels was dikwels verbaas oor Sy woorde **(Mr 10.24)** en het gesê: "wat vir 'n woord is dit?" **(Lk 4.36).** Volgens hulle waarneming, was Jesus kragtig in werk en woord voor God en die volk **(Lk 24.19).** Geen wonder dat Maria graag aan die voete van die Here gesit het om Sy woord te hoor **(Lk 10.34)** en die skare by Hom aangedring het om die woord van God te hoor nie! **(Lk 5.1).** Selfs die tempelwagte moes erken dat hulle nog nooit iemand hoor spreek het soos Jesus nie! **(Jh 7.46).**

§44

Van dit wat God deur die Seun gespreek en gewerk het gedurende Jesus se openbare bediening van drie jaar in ongeveer 27 tot 30 nC, is die **Vier Evangelies** asook **Hn 1.1-9** die historiese rekord. Die vraag is: **WAT het Jesus gespreek**? Hy het niks anders gespreek as wat God in die OT gespreek het nie! Hy het die blye nuus van die OTe geprofeteerde Koninkryk* van God vir die volk Israel verkondig! Maar nou lig **Baker (1980:83)** 'n baie belangrike aspek vir ons uit: "In this context Christ made it clear that He had many things yet to communicate to them which He was not yet free to speak. For one thing, the Holy Spirit had not

---

**(1972:42)** die volgende opmerking: "the Book of Revelation has been wrenched from all connection with Israel and treated as though it were a continuation of Gentile history written in symbols!"

yet been given to them ..." wat deur **Showers (1991:5)** verder onderstreep word: "While Jesus was here in His first coming, He did not reveal everything that He wanted His disciples to know (Jn. 16:12). He indicated that the Spirit of God would reveal the additional truth to them after Christ's ascension (Jn. 14:26; 16:13)." Maar die Heilige Gees sou nie net bykomstige waarhede aan hulle bekend maak nie - Hy sou ook die 'Toekomstige Dinge' aan hulle openbaar!

§45

### Fase Twee: Handelinge 1 - 12 saamgelees met die Alg Sendbriewe

In hierdie fase is die Jood hoofsaaklik bedien in God se Koninkryk* Program vir die volk Israel, deur Jakobus, Petrus en Johannes, die apostels vir die besnedenes **(Gl 2.7-9)** en die res van die twaalf. Hulle was diegene wat Jesus persoonlik gehoor het en wat bevestig het wat Hy gespreek het **(vgl Mt 29.19; Lk 1.2; Jh 14.26; Hb 2.3; Hn 1.21-22; 1 Pt 5.1; 2 Pt 1.16; 1 Jh 1.1-3; )**. Hulle spreek ook niks anders as wat Jesus gespreek het nie, nl. die OTe geprofeteerde Koninkryk* van God vir Israel - die Millennium. Dit word duidelik bevestig deur **Hb 2.5:** ... *die toekomstige* (*μελλῶ* = op hande) *wêreld waarvan ons spreek.*

§46

Uit hierdie manne se penne vloei die **Apostoliese (Algemene) Sendbriewe** wat aan die Joodse diaspora gerig is, voort. Hierdie groep Briewe behoort teen die agtergrond van **Hn 1 - 12 (30 - 48 nC)** gelees te word. Dit skyn uit hulle bediening en Geskrifte dat die Heilige Gees dit nie kon regkry om hulle veel verder in die waarheid te leer en lei nie. Hulle het die basiese Koninkryk* evangelie verkondig net soos Jesus!

§47

Hulle Geskrifte behoort dus in die lig van die Progressiewe Openbaring van God in die NTe Tydvak vóór al Paulus se Briewe geplaas te word vir die volgende vyf redes: **(1)** In die oudste en beste vasgestelde kanons volg hulle direk na die Boek Handelinge met die Pauliniese Geskrifte ná hulle. **(2)** Die skrywers daarvan is die Apostels vir die besnedenes **(Gl 2.7-9)** wat dan ook in die **Hn 1-13** hoofsaaklik die Jode bedien het. Dit het immers in die Evangelie in die Handelinge Dispensasie eerste om die Jood gegaan! **(Hn 3.26; Rm 1.16). (3)** Dit word allerweë aanvaar dat **Jk** die eerste NTe Boek is wat die lig gesien het hier in 41 nC waarna **1 Pt** kort op sy hakke gevolg het. Hierdie twee Briewe het ten doel gehad om die Christen Jode wat onder die Heidene* verstrooi was deur die vervolging wat op hulle losgebars het, te bemoedig. (Vir dieselfde doel is die Boek **Hb** in daardie tyd deur Saulus na sy roeping op die Damaskuspad geskrywe). **(4)** Wat progressie in die Godsopenbaring betref is daar by hulle geensins soveel vordering as wat 'n mens by Paulus aantref nie. Daaruit kan afgelei word dat hulle òf traag was om enige nuwe gedagtes te akkommodeer òf dat die Briewe redelik vroeg

geskrywe was. **(5) Hb 2.3 (q.v.)** bied ook leiding in hierdie verband oor wie ons eerste moet aanhoor in hulle getuienis rakende die groot saligheid. Dit is eers deur die Here verkondig daarom moet ons Hom eerste aanhoor (In **die Vier Evangelies**). Daarna moet ons hulle aanhoor wat van die begin af saam met Hom was **(Hn 1.21-22)** en wie bevestig het wat deur die Here Jesus gespreek was (Die Twaalf). Daarna kan ons luister na die *'ONS'* wat op hulle beurt weer die Twaalf gehoor het - Paulus en sy ses makkers.

§48

**Derde Fase: Handelinge 13 - 28, saamgelees met die Vroeë Pauliniese Briewe:**

In hierdie tydperk - van ongeveer 48 nC tot en met sy gevangenisskap in Rome in 60 nC - tree Paulus en sy ses makkers uit die *diaspora* op in hulle Bediening, eerste tot die Jood en dan tot die Heiden, steeds in God se Koninkryk* Program vir Israel. Saam met die **Hn 13 - 28** geskiedenis moet ons Paulus se Vroeë Geskrifte lees t.w. **(Hb); 1 & 2 Ts; 1 & 2 Kr; Gl; Rm; 1 Tm & Tt.** Dit is die Geskrifte waarin Paulus nie sê dat hy 'n gevangene of in boeie is nie.

**Let Wel:** Daar sal voortaan na hierdie Boeke as Paulus se **Koninkryk* Geskrifte** verwys word.

§49

Die grootste Openbaring het deur Paulus en sy makkers as die tweede generasie Apostels gekom. Die Heilige Gees het veral vir Paulus alles geleer en hom gelei in al die waarheid en dit geneem wat aan Jesus behoort en dit aan hom verkondig. **Showers (1991:5)** sê: "Paul talked about truth which had been hidden from people in past ages of history but was revealed to him and others in New Testament times (I Cor. 2:6-10; Eph. 3:2-6)." God het vir Paulus gesê dat hy 'n *dienaar en getuie moet wees van al die dinge wat jy gesien het en van die dinge waarin Ek nog aan jou sal verskyn* **(Hn 26.16)** wat dan ook deur **Hodge (1964:160-1)** uitgelig word: "Here we have an authentic account of Paul's mission. He was appointed a witness of what had been and of what should be made known to him by revelation."

§50

Daar sou dus progressiwiteit in die Godsopenbaring aan Paulus wees. Daarna moet ons altyd oplet en dit voor oë hou in ons eksegese. Dit was sy verwagting: *Want ek sal kom tot gesigte en openbaringe van die Here* **(2 Kr 12.1; vgl 2 Kr 4.6)**. 'Die dinge wat hy gesien het', behels die OT Koninkryk* waarhede. 'Die dinge waarin God nog aan hom sou verskyn', behels grotendeels die *'toekomstige dinge'* - die Verborgenheid - wat deur die Heilige Gees as die 'Toekomstige Dinge' aan hom geopenbaar sou word. Daarby het God dit beskik dat aan hom die bediening gegee sou word *om die Woord van God te vervul* (Gr *πληρόω* =

af te rond - **Kl 1.25)** met dit wat hy ten boek gestel het in die **Verborgenheidsbriewe**. [90] Vandaar die noodsaaklikheid om te onderskei tussen Paulus se **Vroeëre Koninkrykgeskrifte en latere Gevangenisgeskrifte** wat só 'n logiese stap is dat dit verbasend is dat daar nie groter klem daarop gelê word nie!.

§51

Om soos **Kim (1997:111)** te beweer dat Paulus tydens sy Damaskuspadondervinding die volle insig en openbaring van sy Evangelie wat hy verkondig het, asook die openbaring van die 'verborgenheid' soos vervat in die tekse in die aanhaling uit sy werk hierbo/onder, van die NT daar van die Here Jesus ontvang het, is om nie al die uitsprake van die Skrif in ag te neem nie – bv **Hn 26.16**. Ook is dit duidelik dat die Here nie net eenmaal nie, maar 'n paar maal aan Paulus verskyn het en met hom gepraat het. Dit is ook om die mens se begripsvermoë te oorskat. Geen nuwe bekeerling weet meteens alles nie. Paulus se kennis het deur die Heilige Gees gekom en hy het oor die jare daarin gegroei.

§52

Gevolglik het hy aanvanklik eers van 'ons' evangelie gepraat - verwysende na dieselfde evangelie wat hy en Petrus-hulle verkondig het **(Vgl 1 Ts 1.5; 2 Ts 2.14; 2 Kr 4.3).** Dit is eers aan die einde van die Handelinge periode dat hy van 'my' evangelie begin praat het **(vgl. Gl 1.11; Rm 2.16; 16.25; 2Tm 2.8)**. Dit is ook eers 'veertien jaar later' dat hy die **evangelie** wat hy aan die Heidene* verkondig het, aan Petrus-hulle gaan voorlê het **(Gl 2.1-10)**. Ook moet ons nie uit die oog verloor dat hy, alhoewel hy reeds tydens sy Damaskuspad ontmoeting met Jesus in 36 nC die opdrag ontvang het om die Heidene* te evangeliseer, hy vir 'n verdere twaalf jaar na sy Damaskuspad ondervinding uitsluitlik die Jode bedien het nie **(Hn 9.20 – 12.25)**. Dit is eers in **Hn 13.2** in 48 nC waar sy Heidensending na vore begin kom het. Ons moet dus Paulus se Vroeë Geskrifte, wat hy in die Handelinge Periode geskrywe het - tussen 36 (?) - 58 nC, teen die agtergrond van en saam met **Hn 13 - 28** se geskiedenis lees.

§53

In daardie Geskrifte van die Handelinge Periode, waarin die Heidene* saam met en onder Israel as God se kanaal, die Here moes dien in die Millennium opset wat daar nog op hande en ter sprake was, vind ons gevolglik sekere aspekte wat geensins op die Kerk* van toepassing is nie. Dit wil egter nie sê dat alles daar ontoepaslik is nie. Daar is veral die nuwe leerstellinge wat in hierdie fase by Paulus na vore gekom het, wat deurgetrek moet word na die Kerk* toe.

---

[90] §50: Die *ipsissima verba* van God; Dit verklaar die sg 'on-Pauliniese' aspekte van die **Verborgenheidsbriewe**

§54

**Fase Vier - Pauliniese Gevangenisbriewe en die Johannes Openbaring:**

In hierdie Vierde en Finale Fase het ons Die Openbaring van die Verborgenheid as die 'Toekomstige Dinge' wat bekend gemaak is. In die Pauliniese **Gevangenisbriewe** vind ons die 'Toekomstige Dinge' vir **die Heidene*** terwyl ons (volgens die skrywer se opinie) in die Johannes **Openbaring** die 'Toekomstige Dinge' vir **die Jode** vind.

§55

Terwyl dit dan so is dat die Heilige Gees besig was om hulle te leer en lei in al die waarheid, en daar 'n duidelike verskil tussen Paulus se **Vroeë Koninkryk* Geskrifte** en sy **Gevangenis Briewe** is, [91] is dit uiters noodsaaklik om hierdie twee groepe Boeke van mekaar te skei en om Paulus se Gevangenisgeskrifte ná sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte te plaas. Hierdie is 'n logiese stap en waarom dit nog nooit na behore gedoen en uitgelig was nie, bly 'n raaisel! Omdat die Gevangenisbriewe tans tussen die ander Pauliniese Geskrifte lê, met die **Algemene Sendbriewe** boonop ná die Pauliniese Geskrifte, en dan nog boonop met die **Fl** Brief tussen die twee Verborgenheidsbriewe **Kl** en **Ef**, het ons: **(1)** nie die **Progressiewe Openbaring van die 'toekomstige dinge'** wat daarin na vore kom, raakgesien nie en het **(2)** die allerbelangrikste feit van die **Openbaring van Die Verborgenheid** in die gevangenis aan Paulus vir ons 'n verborgenheid gebly en **(3)** het ons nog nooit hierdie twee sake van die 'Toekomstige Dinge' en 'Die Verborgenheid' bymekaar uitgebring nie! **Morris (1994:84)** sê van Paulus: "It points to something of which Paul wants to speak, but in which he does not associate other people. There is no doubt that the apostle was an outstanding thinker among the leaders of the early church, and there are many things in his letters to which other Christian leaders may not have been ready to give wholehearted assent."

§56

Sy Gevangenisbriewe is derhalwe ná **Hn 28** geskrywe - tussen 63 - 70 nC! Die belangrikheid van die volgende tabel van Paulus se Vroeëre en Gevangenis briewe met die **Hn 28** draaipunt in die middel, waarom die geheel wentel, moet duidelik wees:

(Sien die volgende bladsy)

[91] §55: Paulus se Gevangenisbriewe is daardie Geskrifte waarin die Heilige Gees dit spesifiek vir ons kennisname geïnspireer het om dit neer te pen dat hy 'n gevangene en/of in kettings is!

| | | |
|---|---|---|
| Hebreërs [92]<br>1 & 2 Tessalonisense<br>1 & 2 Korintiërs<br>Galasiërs<br>Romeine | 1 Timoteüs<br>Titus | Geskrywe<br>in die<br>Handelinge Periode |

---

**Handelinge 28 (63 nC)** [93]

---

| | | |
|---|---|---|
| Filippense [94]<br>Kolossense<br>Efesiërs | Filemon<br>2 Timoteüs | Geskrywe<br>in die<br>Gevangenis [95] |

§57

Die Openbaring van die Verborgenheid van die Kerk* aan Paulus in die gevangenis is nie net die vervulling van die woorde van die Here Jesus dat wanneer die Heilige Gees sou kom, Hy die Apostels in die hele waarheid sou lei en DIE TOEKOMSTIGE DINGE AAN HULLE BEKEND SOU MAAK nie **(Jh 16.13),** maar ook **die kulminasie** van daardie NTe Progressiewe Openbaring. [96] In die Gevangenis word hierdie handeling van die Gees nou bewaarheid en vervolmaak. Soos ons sal sien, is hierdie Verborgenheid wat geopenbaar was, juis deel van die 'toekomstige dinge' wat die Gees aan

---

[92] §56: Alhoewel dit vandag algemeen aanvaar word dat hy nie die skrywer is nie, word die mening van Klemens van Alexandrië (Sien HNT 6:76) gehuldig dat die Boek Hebreërs deur Paulus geskrywe is. Verder dat dit die heel eerste werk is wat deur sy pen die lig gesien het hier tussen **Hn 9 en 13** terwyl God se Koninkryk* program vir Israel nog van krag was. Verder dat dit aanvanklik in Hebreeus deur Paulus geskrywe was **(Vgl Hn 21.40; 22.2)** maar later in Grieks vertaal is wat taal en styl verskille meegebring het. Daardie fase van Paulus se lewe word opgesom met die woorde van **Hn 9.20 & 22:** *En hy het dadelik Christus in die sinagoges verkondig, dat Hy die Seun van God is ... en die Jode wat in Damaskus woon, in die war gebring deur te bewys dat Hy, Jesus, die Christus is.* Dit is dan ook die inhoud van die Boek Hebreërs. Dit was geskrywe terwyl God se belofte aan Israel om die 'rus' van die Millennium, waarom dit gegaan het **(Hb 2.5)**, in te gaan in die Handelinge periode, nog stand gehou het - Vgl **Hb 4.1, 3, 5, 8, 10, 11.** Dit het saam met **Jk** en **1 Pt** ten doel gehad om die verstrooide Joodse Gelowiges bemoediging en rigting te bied. Moontlik is dit nog heel eerste voor **Jk** en **1 Pt** geskrywe en het dit die skrywe van lg. twee Briewe geïnspireer, en is heel korrek in die **OAV** en **NAV** saam met die Algemene (Apostoliese) Sendbriewe gegroepeer.

[93] §56: **Welch (1959:173):** "When we step over the boundry line of Acts xxviii., we find ourselves in a dispensation differing from all that has gone before in many particulars."

[94] §56: Die hoofrede waarom die gedagte gehuldig word dat **Fl** eerste geskrywe was vanuit die Gevangenis, is omdat die Verborgenheid, wat so 'n geweldige belangrike tema in die **Verborgenheidsbriewe** is, nie 'n enkele keer daarin vermeld is nie waaruit ons kan aflei dat dit geskrywe was toe dit nog nie geopenbaar was nie. Alhoewel dit as 'n Gevangenisbrief deurgaan is dit streng gesproke nog 'n Koninkryk* Geskrif. Iemand het bv. op grond van die blymoedigheid wat daar uit **Fl** straal, geredeneer dat dit laaste geskrywe was toe Paulus vrede gemaak het met die gedagte van sy gevangenisskap. Op grond daarvan redeneer die skrywer egter dat dit eerste geskrywe was toe hy nog vol hoop was dat hy gou ontslaan sou word. As ons bv. na die voorkoms van *χαρά* (blydskap) en *χαίρω* (te verbly) in die Gevangenis Briewe kyk, dan kom dié twee termes altesaam 12 keer in **Fl**, slegs 3 keer in **Kl** en nie 'n enkele maal in **Ef** voor nie! So kan met die toe- en afname van sekere begrippe die kronologiese volgorde van die meeste Geskrifte vasgestel word!

[95] §56: Dit is die enigste Boeke waarin die Heilige Gees Paulus doelbewus geïnspireer het om te skrywe dat hy in die gevangenis of in boeie is - spesiaal só vir ons kennisname!

[96] §57: Die Boek **Opn is** ook voor 70 nC geskrywe in die lig van **Jh 16.13**

'n Paulus in die Gevangenis geopenbaar het. Hierdie finale openbaring het neerslag gevind in die twee laaste Briewe van Paulus - **Kl** en **Ef** - die twee/drie **Verborgenheidsbriewe.**

## 1.6.8 - PAULINIESE VERBORGENHEIDSBRIEWE EN STRUKTURE EN VOLGORDE:

§58

Dit word met kinderlike vertroue dat die Woord die waarheid is, aanvaar dat Kolossense en Efesiërs soos daarin gestel, deur Paulus, onder die inspirasie van die Gees van die waarheid **(Jh 14.17; 15.26; 16.13; 1 Jh 2.27; 4.6)** geskrywe was. Daar is diegene wat die gedagte huldig dat een of beide ('n) pseudonieme Geskrif(te) is.

§59

In **Afd 3.1.0** bls. 103 word die geweldige toename in die voorkoms van die term Verborgenheid in Kolossense en Efesiërs getoon. Op grond daarvan het die skrywer dié twee Briewe van Paulus die **Verborgenheidsbriewe** getitel. Terwyl ons in diepte gaan kyk na dié twee Verborgenheidsbriewe, is dit noodsaaklik om eers na die afsonderlike strukture van **Die Tweelingbriewe (Du Plessis [1991:37]) Kolossense en Efesiërs** te kyk. **Hodge (1964:141)** bied in die verband die volgende leiding: "The epistles to the Ephesians and to the Colossians are so much a reflection the one of the other, that they serve for mutual illustration. As there can be no doubt as to what Paul meant in the passages addressed to the Colossians, they serve to determine his meaning in the parallel passages to the Ephesians."

### STRUKTUUR VAN DIE KOLOSSENSE BRIEF:

§60

Wanneer ons nou kyk na die struktuur van die **Kolossebrief** in sy geheel:

- **A** (1.1-2) - Aanhef en Groete
  - **B** (1.3-8) - Verslae en boodskappe deur Epafras
    - **C** (1.9-2.7) - Paulus se besorgdheid dat hulle die Verborgenheid sal erken
      - **D** (2.8-23) - Lering: Hulle het saam met Christus gesterwe
        **(Die Kolossense Dwaling)**
      - ***D*** (3.1-4.1) - Lering: Hulle is saam met Christus opgewek
    - ***C*** (4.2-6) - Paulus se besorgdheid en gebedsversoek t.o.v. die Verborgenheid
  - ***B*** (4.7-9) - Verslae en boodskappe deur Tíchikus en Onésimus
- ***A*** (4.10-18) - Groete, Seënbede en slot;

Dan sien ons dat dit in bene **C** (1.9-2.7) en ***C*** (4.2-6) gaan om die Verborgenheid waarop ons in hierdie verhandeling die aandag toespits.

## DIE EFESIËRSBRIEF:

§61

In my werkstuk op die eksegese van **Ef 2.11 - 3.13** [97] het ek my vaste oortuiging (probeer) bewys dat die:

1. Efesiërsbrief 'n saamgestelde Geskrif is wat uit twee gedeeltes bestaan wat saamgevoeg was: **Ef 1 - 3** en **Ef 4 - 6** [98]
2. Dat **Ef 4 - 6** heel waarskynlik eerste geskrywe was (**<u>Ef A</u>** genoem in hierdie werk) - met **Ef 1-3** daarna (**<u>Ef B</u>** genoem in hierdie werk),
3. Ek het ook van die oortuiging geraak dat die **Kl** Brief die lig gesien het voordat **<u>Ef B</u>** geskrywe was. [99] Die volgorde van skrywe is dus: Eerstens **<u>Ef A</u> (4 - 6)**; tweedens **Kl** en dan heel laaste **<u>Ef B</u> (1 - 3)**. Soos ons verderaan sal sien, kom die verloop van en die op- en uitbou van die gedagtes rondom die openbaring van Die Verborgenheid wat die hoogtepunt bereik in **<u>Ef B</u>**, in hierdie voorgestelde volgorde van skrywe duidelik na vore.
4. Ek het ook aan die hand gedoen dat **<u>Ef A</u> (4-6)** dalk die 'verlore' **Laodicensebrief (vgl. Kl 4.16)** kan wees. [100]
5. Verder het ek daarop gewys dat **<u>Ef B</u> (1 - 3)** die enigste NTe Sendbrief is **wat direk aan die gelowige Heidene* gerig is** [101] in die opdrag van God aan Paulus soos vervat in die addisionele slotparagraaf **Rm 16.25-27**. [102] Gevolglik vind ons dat Paulus in **<u>Ef B</u> (1 - 3)** met die gelowige Heidene* ('julle') praat van 'ons' Jode en deurgaans hierdie onderskeid tussen dié twee groepe handhaaf. Dit word deur **Allan (1968:52-3)** bevestig: "The contrast of WE and YOU may be another preliminary hint of the unification of Jew and Gentile in Christ, the Jew Paul speaking for the Jewish Christians who first constituted the Church, and addressing the Gentile Christians who came in later." [103] In die res van die NT wat aan die Joodse Ekklesia* gerig is, is die situasie andersom en word daar met die Joodse Ekklesia* gepraat oor en van die Heidene*.

---

[97] §61: Sien my *Die Verborgenheid van 'n Twee-in-Een*, Hfst 14 - EENHEID EN SAMESTELLING VAN EFESIËRS - blse 138-146

[98] §61/1: Die feit dat **Corley (1979:27-8)** dit uitlig dat "Recent studies of Ephesians have insisted that the traditional division between theology and ethics is artificial, especially the imposition of a kerygma (chapters 1-3) and didache (chapters 4-6) polarity upon the literary structure," is 'n bewys dat só 'n 'verdeling' deur andere opgemerk was.

[99] §61/3: Indien dit só is dan het die skrywer **<u>Ef A</u>** as bron gebruik toe hy **Kl** geskrywe het en weer **Kl** as Bron gebruik toe hy **<u>Ef B</u>** geskrywe het. Sien **Hendriksen (1972:5-32); Schnackenburg (1991:30-3)** en **Mitton (1951:280-318)** wat die ooreenkomstes tussen Efesiërs en Kolossense tabelleer.

[100] §61/4: **Criswell (1974:14)** sien die hele Efesiërs Brief as die 'verlore' Brief aan die Laodicense: "Where is any letter to Laodicea? The letter to Laodicea is this one, but the manuscript that was sent to Laodicea had written in it, "To the Laodiceans", just as our present Ephesian letter has written in it the salutation, "To the Ephesians"."

[101] §61/5: Sien Afd. 1.4.0 - Hermeneutiese Vertrekpunte waarin kortliks bewys word dat die NT deur Jode hoofsaaklik aan Jode (Die uitverkore Joodse Teokratiese* Ekklesia* van Jesus as Profeet net soos Moses) gerig was

[102] §61/5: Sien die bespreking van die **Rm 16.25-27** slotparagraaf in Afd. 2.2.0 hieronder

[103] §61/5: **Morris (1994:24-5)** se kommentaar op **Ef 1:12** is: "Most commentators see a reference here to Jews and Gentiles. The Jews are then "the first to put our hope in Christ" and the Gentiles the emphatic "you also" that comes a little later in this passage. It makes sense to see a progression like this, and it corresponds to the historical fact that the gospel was proclaimed to the Jews first (cf. Acts 11:19; cf. also "to the Jew fist, and also to the Greek," Rom. 1:16)."

6. Ook is ek van die oortuiging dat **Ef B (1 - 3)** as 'n omsendbrief gesirkuleer was. Vandaar die verwysing na 'profetiese Skrifte' (meervoud: Gr *γραφων προφητικων* - die gedagte van 'n moontlike 'vlugskrif'?) van **Rm 16.26.**
7. Hierdie stellinge sal mettertyd in hierdie verhandeling verder bevestig word wanneer daar na al die kriteria rondom die Verborgenheid gekyk word.

## DIE STRUKTUUR VAN DIE EFESIËRSBRIEF IN SY GEHEEL:

§62

Ten spyte van die betoog dat die Brief eintlik uit twee afsonderlike Geskrifte bestaan het wat saamgevoeg was, vorm die twee dele van die Efesiërsbrief tog 'n pragtige eenheid wat alles wentel om die twee – die Joodse Oorblyfsel* ('Ons') en die gelowige Heidene* ('Julle') – wat in die een Liggaam van Christus tot die Een Nuwe Mens (Die Laaste Adam) saamgevoeg is in die nuut geopenbaarde Verborgenheid van die Kerk*.

(Sien die volgende bladsye)

$A^1$ > **1:1-2** - Brief Aanhef en Groete

$B^1$ > **1:3-3:19** - LEERSTELLIG: Die Heidene* se stand saam met die Joodse Oorblyfsel* as die Nuwe Mens in die Een Liggaam Van Christus – **Die Verborgenheid** van Die Kerk*

- C > **3:20-21** - Lofprysing! (Briefslot **<u>Ef B</u>**)

*$B^2$ > 4:1-6:20* - VERMANEND: Hulle wandel in die Een Liggaam van Christus as die Nuwe Mens in **die Verborgenheid** van die Kerk*

*$A^2$ > 6:21-24* - Briefslot en Seënbede

§63

**STRUKTUUR VAN DIE LEERSTELLIGE GEDEELTE '$B^1$' (1:3-3:19)**

**$B^1$ > 1:3-3:19** - LEERSTELLIG: Die Heidene* ('Julle') se **stand** saam met die Joodse Oorblyfsel* ('Ons') as die Nuwe Mens in die Een Liggaam Van Christus

**$E^1$ > 1:3-1:23** - Hoe hulle **Albei tot stand gekom** het

**$G^1$ > 1:3-12** - Oorblyfsel* ('Ons') tot stand gekom deur **Uitverkiesing**

**$H^1$ > 1:13-14** - Die Heidene* ('Julle') tot stand gekom deur **Geloof**

**$I^1$ > 1:15-23** – Gebed dat die Heidene* ('Julle') die **Oorblyfsel* ('Ons') Se Posisie en Voorregte sal begryp**

**F > 2:1-10** - Albei Groepe ('Julle' & 'Ons') [104] was geestelik **dood maar leef** nou

*$E^2$ > 2:11-3:19* - Waarin Albei hierdie Groepe **staan en hulle bevind**

*$G^2$ > 2:11-22* - Albei deel van die **Een Liggaam** as die **Nuwe Mens**

*$H^2$ > 3:1-13* - Albei Deel van die **Geopenbaarde Verborgenheid**

*$I^2$ > 3:14-19* - Gebed Dat die Heidene* ('Julle') hulle eie **Posisie sal besef en inneem**

**C > 3:20-21** - Lofprysing! (Briefslot **<u>Ef B</u>**)

---

[104] §63/F: Sien die *καὶ ἡμεῖς / ἡμᾶς* beklemtoning van 'ons' (Jode) in **Ef 2.3, 5** teenoor die 'julle' (Heidene*)

§64

**Struktuur Van die Perikoop** $H^2$ > *3:1-13* **(Die Kerngedeelte oor die Verborgenheid)**

$H^2$ > *3:1-13* - Jood en Heiden Albei Deel van die Geopenbaarde Verborgenheid

- $f^1$ > **3:1** - Paulus 'n Gevangene ter wille van die Heidene* ('Julle')
  - $g^1$
    - $h^1$ > **3:2-4** - Die **Verborgenheid** geopenbaar en gedispenseer aan Paulus se Rentmeesterskap
      - $i^1$ > **3:5** - Die **Verborgenheid** wat nooit voorheen bekend gemaak was nie
      - $j^1$ > **3:5-6** - Inhoud v/d **Verborgenheid** geopenbaar deur die Gees aan die NT Apostels en Profete
  - $g^2$
    - $h^2$ > *3:7-9* - Die **Verborgenheid:** Bekend gemaak deur Paulus aan die Heidene* ooreenkomstig sy Rentmeesterskap
      - $i^2$ > *3:9* - Die **Verborgenheid** wat eeue lank verborge was in God
      - $j^2$ > *3:10-12* - Inhoud v/d **Verborgenheid** nou deur Ekklesia* bekend gemaak aan die magte
- $f^2$ > *3:13* - Paulus se Verdrukking ter wille van die Heidene* ('Julle')

## 1.6.9 - DIE KULMINASIE VAN DAARDIE PROGRESSIEWE OPENBARING IN DIE VERBORGENHEIDSBRIEWE

§65

**Ef A, Kl** en **Ef B** word as Paulus se laaste drie Geskrifte beskou. Van Efesiërs merk **Campbell (1989:5)** op: "... to say that Ephesians is a later letter is to show its particular value to us. It is the maturest product of apostolic thought, written not in the heat of controversy or in response to a church crisis, but perhaps more than any of Paul's letters except Romans, as a definitive statement of his faith and teaching concerning the Church of Jesus Christ." Daarby voeg **Marshall (1996:193)** die gedagte: "Yet Ephesians expands the significance of the revelatory work of Jesus ... ." Hierdie progressiewe ontwikkeling word ook deur **Kim (1997:413)** opgemerk: "In the three passages, however, a shift of emphasis or a gradual concretization was also observable: a) in I Cor 2, 'the mystery of God' or 'God's wisdom in mystery' designates Christ or God's plan of salvation embodied in Christ; b) in Col 1.23c-29, the mystery is 'Christ among you', the Christ who is preached among the gentiles, i.e., God's plan of salvation that includes the gentiles in salvation; and c) in Eph 3, 'the mystery of Christ' is that 'the gentiles are fellow heirs, members of the same body, and fellow partakers in the promise in Christ Jesus through the gospel' (v. 6)." **Bruce (1977:60)** verwys daarna: "Here a special phase

of this mystery is more particularly in Paul's mind, but this phase is itself a mystery - something previously undreamed of, but now revealed to Paul and given to him to unfold and also to carry into effect as the divinely-chosen instrument for that purpose." Vir **Schnackenburg (1991:58)** "... there emerges in Eph. a special, unusual understanding which is based on a particular tradition and its interpretation." Tereg sê **Stam (1981:368)**: "Those who do not see *the progress, the sweep, the development* in the unfolding of this great "mystery" miss a great deal of enjoyment as well as a great deal of light in their study of the Scriptures."

## 1.6.10 - DIE PROGRESSIEWE OPENBARING OPGESKORT BY 70 NC

§66

'n Verdere uiters belangrike oortuiging is dat hierdie Progressiewe Openbaring gestaak het in 70 nC toe Israel verstrooi was. Dit beteken dat al die Boeke van die NT vóór 70 nC geskrywe was! Die verwoesting van Jerusalem en die afbranding van die Tempel is simbolies van God se Boodskap tot die Volk Israel dat Hy (voorlopig) met hulle klaar was in Sy doel met hulle om o.a. die Skrif tot stand te bring. [105] Die skrywer stem saam met **Robinson (1976)** se betoog dat die NTe Boeke almal voor 70 nC geskrywe was. **Du Plessis (1985:211)** is reg as hy sê dat die verwoesting van Jerusalem is 'n "teken van God se wraak en straf oor die Jode wat vir Jesus Christus verwerp het." Hierdie feit, tesame met dié van **die wegraping van die Joodse Manlike Kind**, waaronder die skrywers van die NT Boeke hulle bevind het, net voor 70 nC, (die verwoesting van Jerusalem), maak dit onmoontlik dat enige NT Geskrif ná 70 n.C die lig gesien het. [106] Niemand kan sedertdien aanspraak daarop maak dat hulle enige (nuwe) 'openbaringe' van God ontvang het nie! Slegs nuwe insigte, en verligting, Ja! **(vgl Fl 1.10; Rm 2.18)**.

---

[105] §66: Sien **Du Plessis (!985:211:§667-8)** se opmerking dat die verwoesting van Jerusalem skynbaar deur **J.A.T. Robinson** gebruik word as argument dat die Boeke van die NT vóór daardie datum geskrywe was. By dit was die afbranding van die Tempel (Die Tempel was vir die Jood 'n simbool van God se teenwoordigheid met hulle), vir die Jood so 'n verpletterende slag dat geeneen die moed sou gehad het om daarna die pen op te neem en te skrywe nie. En indien enige iemand dit nog sou regkry, sou dit nie wees sonder dat dié gebeurtenis verhaal sou word nie.

[106] §66: **Robinson (1976)** betoog in sy boek: *Redating the New Testament* (London: S C M Press) dat al die Boeke van die NT voor 70 nC geskrywe was - 'n gedagte wat die skrywer ten sterkste ondersteun.

# AFDELING 2:

# DEFINISIE EN VOORKOMS VAN DIE TERM 'VERBORGENHEID' IN DIE NUWE TESTAMENT

# 2.1.0 - BETEKENIS EN DEFINISIE VAN DIE TERM 'VERBORGENHEID' [107]

## 2.1.1 - MIN TEOLOGIESE BESINNING OOR DIE ONDERWERP

§1

Dit is verbasend om te sien hoe min teoloë die aspek van Verborgenhede by Paulus aanspreek. Teoloë soos **Longenecker - Red. (1997); Ellis (1988); Beker (1990); Becker (1993)** wat spesiaal op Paulus en sy teologie fokus, het byvoorbeeld nie een die belangrike aspek van 'verborgenhede' in die Pauliniese Geskrifte aangeraak nie! **Kung (1981); Grudem (1994); Schnelle (1998); Tenney (1970); Groenewald (1968); Carson, Moo & Morris (1992)** om maar net 'n paar van die ander geraadpleegde werke te noem, het, behalwe miskien vir 'n verwysing, absoluut geen bespreking van hierdie onderwerp nie. [108] Dit bemoeilik natuurlik sinvolle gesprekvoering en debat oor hierdie baie interessante onderwerp in die Pauliniese korpus.

## 2.1.2 - PAULINIESE AGTERGROND VAN DIE TERM

§2

Die term 'verborgenheid' het vir die charismatiese Paulus, soos ons sal sien, teen die einde van sy lewe 'n baie belangrike konsep geword. Die vraag is: Waar het hy dit ontleen? Nie net kon Paulus beïnvloed gewees het deur sy **Joodse agtergrond** nie maar was die term in algemene gebruik in **Heidense kultiese** asook **Griekse** kringe van sy dag soos **Schnackenburg (1991:58)** opmerk: "The conception of the divine 'mystery' has a pre-history. Although at that time there was so much talk of mysteries - in the heathen mystery-cults and in Gnosticism, in Jewish apocalyptic and in the Qumran Community" en, sê hy verder: "... there emerges in Eph. a special, unusual understanding which is based on a particular tradition and its interpretation." Dit geld vir die gebruik van die term in die Kolossensebrief ook. Dit blyk vir **Foulkes (1989:101)** onnodig te wees "... to regard the meaning of the *mystery* in Ephesians and Colossians as being contradictory."

§3

Wanneer ons na die **Joodse agtergrond** kyk, sê **Robinson (1904:31):** "The word, with its correlative 'revelation', was at hand in the region of the Apostle's own Jewish training, and we need not seek a heathen origin for his use of it." Dit kom in die Septuagint (280 v.C.) nege keer voor vir

[107] §0: **Sien Caragounis, Chrys C., (1977)** *The Ephesian Mysterion meaning and Content* (Lund: Carl Bloms Boktrykeri AB)

[108] §1: **Kung (1981)** bv. in sy standaard werk op die Kerk* waarom die hele saak van die geopenbaarde Verborgenheid eintlik gaan, raak die aspek van 'Verborgenheid' glad nie eers aan nie!

die Chaldese *raz* in die Chaldese deel van die Boek Daniël. [109] **Foulkes (1989:60)** wys daarop: "In the Septuagint it is used of what is revealed by God {e.g. Dn. 2:19), and also of the secret that a tale-bearer tells {e.g. Ecclus. 22:22)." Dit kom ook verskeie kere in die apokriewe geskrifte voor wat, alhoewel dit van geen nut is vir die formulering van enige leerstelling nie, tog van groot waarde is vir die vasstelling van die betekenis van die Grieks van die NT. [110] **Foulkes (1989:60)** haal Lincoln se kommentaar op Ef 1:9 aan: "... Paul could draw on 'the rich Semitic background of the term'."

§4

Alhoewel baie soos **Liefeld (1997:40-1)** dink dat: "The Old Testament source for the concept of mystery is Daniel 2:18-19, 27, 30, 47, where the Aramaic word *raz* refers to the secret prophecy that God gave the Babylonian king Nebuchadnezzar in a dream," is die skrywer van opinie dat dit nog verder teruggevoer moet word na **Dt 29.29:** *Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet,* **(Dt 29.29)** wat, alhoewel die Hebr. woord *sathar* daar vir *verborge dinge* gebruik word, dit tog semanties dieselfde betekenis het. Dat die Joodse apokaliptiese denke [111] Paulus in sy gebruik beïnvloed het, word deur **Dunn (1996:120)** verder bevestig: "For here it is clearly dependent on Jewish apocalyptic usage, where "mystery" refers not so much to undisclosed secrets (as it is used in regard to the rituals of contemporary Hellenistic mystery cults) as to secrets of the divine purpose now revealed by divine agency. This usage begins with the first classic Jewish apocalypse, Daniel (Dan. 2:18-19, 27-30): "God is . . . a revealer of mysteries"." **Wiley (1985:350)** sê: " ... to appreciate Paul's understanding of "mystery," the word must be seen as it was used in Jewish contexts."

§5

Dan is daar die moontlike invloed van die heidense Kultusse. **Lightfoot** suggereer dat "the term *mystery* has been borrowed by Paul from the cults, each of which had their secrets to which their initiates were introduced. The Pauline conception of a secret once hidden, but now revealed, would then be a Christian adaptation of a conception in current use, but standing in marked contrast to the esoteric usage of the mystery cults", som egter sy argument op **(1961:168)**: "Thus the idea of *secrecy* or *reserve* disappears when *μυστήριον* is adopted into the Christian vocabulary by St Paul; and the word signifies simply 'a truth which was once hidden but now is revealed,' 'a truth which without special revelation, would have been unknown.' " "Thus its Christian use is not to be regarded

109 §3: Dit beteken om te *verberg/bedek* en gevolglik iets wat verborge is maar wat geopenbaar kan word. Só in **Dn 2.18, 19, 27, 28, 29, 30, 47, 47 & 4.9**

110 §3: Sien bv Tobit 12.7, 11; Judith 2.2; Wisdom 2.22; 14.23; Ecclus. 22.22; 27.16, 17, 21; 2 Macc. 13.21

111 §4: **Stegner (1992:91):** "The term and the concept are central to Jewish Apocalyptic thinking."

as derived from its use in the heathen mystery cults so common in New Testament days." **(Foulkes [*1989:60*])**

## 2.1.3 - BETEKENIS VAN DIE TERM EN DEFINISIE

§6

Die term *μυστήριον* het net een semantiese betekenis volgens **Louw & Nida (1988: Vol I:345):**

> The content of that which has not been known before but which has been revealed to an in-group or restricted constituency - `secret, mystery'. ... *The knowledge of the secrets of the kingdom of heaven has been given to you'* Mt 13.11. There is a serious problem involved in translating *μυστήριον* by a word which is equivalent to the English expression 'mystery,' for this term in English refers to a secret which people have tried to uncover, but which they have failed to understand. In many instances *μυστήριον* is translated by a phrase meaning 'that which was not known before,' with the implication of its being revealed at least to some persons. [112]

§7

Primêr beteken dit wat bekend is aan die *μύστης* - die geïnisieerdes (van *μυέω* - om te inisieer in die geheime - vgl **Fl 4.12,** *μυεομαι* - ***In alle dinge is ek onderrig*** - OAV). **Caragounis (1977:1)** verklaar: "The word is customarily derived from *μόω* = *to close the eyes* (or even the mouth)." Volgens **Vine (1940:97)** is die NTe gebruik "not the mysterious (as with the Eng. Word), but that which, being outside the range of unassisted natural apprehension, can be made known only by Divine revelation, and is made known in a manner and at a time appointed by God, and to those only who are illumined by His Spirit." Vir **Du Plessis (1991:46)** dui dit op wat slegs in God se raadsplan bekend was en tot op 'n punt nie bekend gemaak is nie en sê dan: "Die kernmoment in die begrip is egter dat dit nou wel bekend gemaak is." **Foulkes (1989:60)** onderstreep hierdie gedagte: "Thus the word in the New Testament conveys the thought, not of something mysterious, but something revealed". In die Nuwe Testament is daar dus die verdere gedagte volgens **Morris (1994:22):** "... that this profound truth, which we can never work out for ourselves, has now been made known by God. It has been revealed." **Foulkes (1989:60)** is van dieselfde opinie: "Nevertheless the word does bear the significance of truth not previously known, but now revealed (Rom. 16:25)." **MacArthur**

---

[112] §6: Die feit dat **Louw & Nida** slegs een semantiese betekenis van die Term weergee is 'n duidelike bewys dat daar nog nooit enige behoorlike aandag in die teologie aan die 'Verborgenhede' van die NT gegee was nie. Soos ons sal sien, val die gebruik van die term in 'n hele paar semantiese velde. **Louw & Nida** se definisie hou dus nie in al die gevalle water nie. **Hendriksen (1964:88):** lig vir ons 'n persoon as een van die addisionele aspekte uit: "On the contrary in the Pauline literature a *mystery is a person or a truth that would have remained unknown had not God revealed him or it.*"

**(1992:78)**: "Still other things were hidden in the Old Testament but have now been revealed in the New. The New Testament calls them mysteries (*musterion*)."

§8

**Lightfoot (1961:168)** voeg by: "Of the nature of the truth self the word says nothing. It may be transcendental, incomprehensible, mystical, mysterious, in the modern sense of the term (I Cor. xv. 51, Eph. v.32): but this idea is quite accidental, and must be gathered from the special circumstances of the case, for it cannot be inferred from the word itself. Hence *μυστήριον* is almost universally found in connection with words denoting revelation or publication." Die gebruik van die term in die Griekse letterkunde volgens **Morris (1994:22)** "does not denote something difficult to work out - it means something *impossible* to work out. It is something so mysterious that what it signifies is beyond our ability to work out - ever." **Carson, Moo & Morris (1992:314)** bevestig dit: ""Mystery" (*μυστήριον*) does not mean something difficult to work out (as in our use of the term) but something impossible to work out." **Foulkes (1989:60)** wys verder daarop dat in klassieke Grieks die woord *musterion* twee betekenisse gehad het: "It could mean a secret rite or secret knowledge into which one was initiated, or a secret of any kind."

## 2.1.4 - DIE GELOWIGE EN HIERDIE GEOPENBAARDE VERBORGENHEID

§9

Met betrekking tot die Gelowige as ontvanger van hierdie geopenbaarde verborgenhede maak **MacArthur (1992:78)** die stelling in sy kommentaar op **Kl 1.27**: "The phrase **to whom God willed to make known** clearly indicates that the mysteries are not discovered by the genius of man, but are revealed by the will and act of God. It is God's purpose that His people know this truth." Kennis van die inhoud van hierdie verborgenhede is volgens **Wiley (1985:353)** "... equally available to *all* who possess God's Holy Spirit - knowledge of the mystery is not the exclusive property of the clergy." Dit is volgens **MacArthur (1992:78)** nie "... a secret teaching rite, or ceremony revealed only to some elite initiates (as in the mystery religions), but truth revealed to all believers in the New Testament." Alhoewel **Wiley (1985:353)** daarenteen op die element wys dat "... it could be understood only by those to whom the Father revealed it", en verder **(1985:354)** ook dat "... it remains hidden to those who refuse to yield themselves in faith to Jesus Christ", sê **Swain (1980:21)** dat dit nie beteken "... that it is irrational or in some way competes with human intelligence." Hierdie 'gewyde geheim' " ... cannot be known by reason; God must reveal it to humans." **(Cranfield [1979:574])**.

## 2.1.5 - PAULINIESE AANWENDING VAN DIE TERM VERBORGENHEID [113]

§10

Terwyl daar in Afd 1 gewys is op wat die Verborgenheid nie is nie, is daar redelike konsensus tussen akademici dat Paulus se gebruik te doen het met God se doel en plan, soos byvoorbeeld **Caragounis (1977:1)**: "NT scholars thus generally take it as a designation of God's secret (plan) which in OT times was kept secret/hidden but which in the NT has been revealed." Die groot vraag wat beantwoord moet word: Is die openbaring van hierdie Verborgenheid van die Verborgenheidsbriewe **aanvullend tot die OTe profesieë** as die verdere ontknoping en toeligting van die OTe Koninkryk* program van God, of staan dit los daarvan as die openbaring van 'n **splinternuwe Verborgenheid** en **in teenstelling daarmee**? Bykans alle teoloë gaan van eersgenoemde standpunt uit en gee geen gedagte aan die tweede moontlikheid nie. Dit is, sover die skrywer kan vasstel, slegs **E. W. Bullinger en C. H. Welch** wat laasgenoemde standpunt ingeneem het, maar wat as gevolg van die feit dat hulle twee baie belangrike aspekte, wat in hierdie werk aangeraak word, nie raakgesien het nie, nie hulle standpunte kon handhaaf nie. [114]

§11

**Allan, (1968:19)** wat van die opinie is dat dit te doen het met God se **plan van saligheid** wat verborge maar nou geopenbaar is, verklaar: "Throughout the New Testament the word denotes the purpose of God ... ". So ook **Foulkes (1989:101)**: "It seems easier to say that Paul thought of *the mystery* as the great purpose of God in Christ. His mind dwelt now on one aspect of it, now on another; even in the same letter there are slight differences in the use of the word. As Bruce (*NICNT*) puts it, he could refer to 'one particular element of his message' as *the mystery*, or to the message as a whole." [115] Vir **Dunn (1996:120)** gaan dit om die apokaliptiese rasionaal: "... what has been "revealed" to the apocalyptist is precisely the "mystery" of how the cosmos functions and particularly of how God's purpose will achieve its predetermined end." **Baillie (1956:65)**

---

[113] §2.1.5: **Liefeld (1997:40-1: Footnote on 1:9:):** "The New Testament uses include references to the kingdom (Mt 13:11; Mk 4:11; Lk 8:10), the destiny of Israel (Rom 11:25), the unfolding of the gospel of Christ (Rom 16:25; compare I Cor 2:7; 4:1), the events at the "last trumpet" (I Cor 15:51), "Christ in you, the hope of glory"' (Col 1:26-27), the doctrine of Christ (Col 2:2; 4:3) and the deep truths of the Christian faith - specially the vindication of Christ (I Tim 3:9, 16). As might be expected, it occurs several times in the book of Revelation (1:20; 10:7: 17:5, 7). The second of these is related to the future consummation of history, when the mystery that was revealed to the prophets will be "accomplished" (10:7; compare "finished," NKJV). This shows that the biblical meaning of *mystery* includes the idea not only of a secret but also of a plan, for one does not "accomplish" a secret. The term *mystery* can also apply to evil, as in 2 Thessalonians 2:7, the "mystery" (NIV "secret power") of lawlessness, and in Revelation 17:5, 7, the mystery of the symbolic woman, Babylon the Great."

[114] §10: Hierdie twee aspekte is eerstens die feit van die uitverkiesing van die Joodse Oorblyfsel* uit Israel in die Handelinge Periode en tweedens dat hierdie Oorblyfsel* as die Ekklesia* in die Handelinge Periode Jesus as Profeet net soos Moses, se Joodse Teokratiese* Vergadering was waarmee Hy sou regeer het en glad nie op sigself die Kerk* of die Gemeente gekonstitueer het nie!

[115] §11: **Hay (2000:76):** (1.26) "The undisputed letters occasionally use the term "mystery" sometimes for special revelations related to the essential apostolic message (Rom 11:25; 1 Cor 13:2; 14:2; 15:51; cf. 2 Thess 2:7) and sometimes to that basic message itself (1 Col 2:1, 7; 4:1; cf. 1 Tim 3:16)."

beklemtoon: "But the mystery thus disclosed is nothing less than God's own will and purpose." Soos ons sal sien, is die openbaring van hierdie Verborgenheid niks anders as die realisering in die geskiedenis van die **verdere en finale faset** van God se heilsplan van die Kerk* wat tot stand gekom het nie! Vir **Allan (1968:94)** beteken **"The mystery** ... the revealed knowledge about the dispensation" wat daar aangekondig is.

## 2.1.6 - DIE SEMANTIESE VERSKIL IN DIE PAULINIESE GEBRUIK VAN DIE TERM TUSSEN SY VROEË BRIEWE EN DIE GEVANGENISBRIEWE

§12

Soos reeds gesê, is daar in werklikheid min oor hierdie saak besin. Wat duidelik na vore kom, is dat daar 'n wesenlike **semantiese verskil** in Paulus se gebruik in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte en die aanwending van die term in sy Verborgenheidsbriewe is. Wat tot dusver hierbo gesê en aangehaal is, geld een honderd persent die semantiek van *μυστήριον* in die Verborgenheidsbriewe. In sy Vroeë gebruik is daar egter nie 'n enkele geval waar Paulus die gedagte bybring dat enige verborgenheid **deur God geopenbaar of bekend gemaak** is nie! **Hiervan moet ons deeglik kennis neem!** Die naaste wat Paulus daaraan kom is in **1 Kr 2.6-10** waar hy sê dat hulle God se wysheid 'wat bestaan in verborgenheid' spreek. Maar daardie wysheid het God aan hulle geopenbaar. Gevolglik kom die persepsie na vore wanneer daar noukeurig na elke geval gekyk word, dat Paulus deur die aanvanklike aanwending van die term in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte, bloot die gedagte by sy lesers wou laat dat **daar meer op die oog af skyn te wees** in dit wat hy sê - daar is diepere aspekte of waarhede waaroor besin moet word: Dit geld wat die ongeregtigheid betref **(2 Ts 2.7)**; wat die wysheid van God betref **(1 Kr 2.7)**; die verborgenhede van God **(1 Kr 4.1)**; dat nie almal sal ontslaap nie **(1 Kr 15.51)**; die ten dele verharding van Israel **(Rm 11.25)**; die godsaligheid **(1 Tm 3.9)** en die geloof **(1 Tm 3.16)**. In nie een van hierdie aanhalings kom die gedagte voor dat daar 'n verborgenheid deur God geopenbaar was nie! In die Verborgenheidsbriewe is die situasie **ingrypend anders,** soos ons baie duidelik sal sien. Die rede daarvoor is dat ons daar met die openbaring van 'n radikaal nuwe Verborgenheid te make het, wat die bekendmaking deur die Heilige Gees van die 'Toekomstige Dinge' aan Paulus behels **(Jh 16.13)**!

## 2.1.7 - VERSKILLENDE KATEGORIEË EN GROEPERING: [116]

§13

Volgens **Moule (1976:Vol 3:480)** kan ons die aard van die verborgenhede in drie breë kategorieë indeel: **Eerstens:** In drie gevalle word 'verborgenheid' gebruik vir die verborge betekenis wat ons vind in simbole en tipes soos die 'sewe sterre' en 'kandelare' **(Opn 1.20;** vgl. ook 'Babilon', **17.5, 7)** en die huwelik **(Ef 5.31-32)**. In hierdie gevalle verwys 'verborgenheid' heelwaarskynlik na beide die simbole en hulle verborge betekenisse. **Tweedens:** Dit verwys ook na verskeie goddelike geheime wat meegedeel is aan sekere persone. Die spreek en kennis van 'verborgenhede' in **1 Kr 13.2** en **14.2** behoort tot hierdie groep. Moule sluit Paulus se verwysing na die liggaamlike verandering tydens die wederkoms van Christus hierby in **(1 Kr 15.51)**. **Derdens:** Die mees beduidende, in terme van inhoud en herhaalde gebruik, raak die plan van saligheid wat in Christus geopenbaar is. [117]

§14

**Wilson (1975:11-12)** groepeer die Verborgenhede soos volg:

A. - Leerstellig:

Verborgenheid van die Geloof **(1 Tm 3.9)**; van die evangelie **(Rm 16.25; Ef 6.19);** Jood en Heiden in Een Liggaam **(Ef 3)**; van die Bruid **(Ef 5.32; Opn 19 - 20)**; Sewe Sterre en Gemeentes **(Opn 1.20)**; van die Godsaligheid **(1 Tm 3.16)**.

B. - Dispensasioneel:

Verborgenheid van die Koninkryk* van die Hemel **(Mt 13)**; van Israel se Blindheid **(Rm 11.25)**; van die Wegraping **(1 Kr 15.51)**; van God se Wil **(Ef 1.9)**; van God **(Opn 10.7)**.

C. - Toegewyde Vroomheid ('Devotional'):

Verborgenheid van die inwonende Christus **(Kl 1.24-29)**.

D. - Diaboliese:

Verborgenheid van die Ongeregtigheid **(2 Ts 2.7)**; van die Vrou en Babilon **(Opn 17 - 18)**.

---

[116] §2.1.7: **Wilson (1975:10-11)** bied vir ons behalwe vir sy eie ook die groeperinge van **H.A. Ironside** in *The Mysteries of God*; **W.E. Vine** in *The Twelve Mysteries of Scripture* en **W.H. Hoste** in *Mysteries of the New Testament*. (Geen verdere besonderhede is van hierdie publikasies beskikbaar nie)

[117] §13: **MacArthur (1992:78)**: "Such newly revealed truth includes the mystery of the incarnate God (Col. 2:2-3, 9); of Israel's unbelief (Rom. 11:25); of lawlessness (2 Thess. 2:7; cf. Rev. 17:5, 7); of the unity of Jew and Gentile in the church (Eph. 3.3-6) and of the rapture (I Cor. 15:51). This mystery truth is available only for those who are saints - true believers (cf. 1 Cor 2.7-16)."

# 2.2.0 - DIE VOORKOMS EN VERSPREIDING VAN DIE TERM 'VERBORGENHEID' IN DIE NT BUITE DIE PAULINIESE VERBORGENHEIDSBRIEWE

## 2.2.1 - DIE GEBRUIK VAN DIE TERM DEUR PAULUS

§1

Ons belang in hierdie verhandeling lê by die feit dat die term *μυστήριον* twintig/een-en-twintig keer [118] van die sewe/agt-en-twintig keer wat dit in die NT voorkom, deur Paulus alleen gebruik word. In die besonder gaan ons stilstaan by die tien voorkomste in die drie Pauliniese **Verborgenheidsbriewe. Carson, Moo & Morris (1992:314)** merk in die verband op: "It is significant, accordingly, that the word occurs more often in Ephesians than in any other book of the New Testament; this book emphasizes the divine disclosure." Om die belangrikheid en uniekheid van hierdie geopenbaarde Verborgenheid van die Verborgenheidsbriewe te beklemtoon en uit te lig, wil ons eers opsommenderwys na die voorkoms van die term in **die res van die NT** kyk.

## 2.2.2 - VOORKOMS IN DIE RES VAN DIE NT, BUITE DIE PAULINIESE KORPUS

§2

Die term *μυστήριον* **ontbreek** geheel en al in die **Evangelie van Johannes** en **Handelinge**. Wat veral opvallend is, is dat dit skitter in sy afwesigheid in die **Algemene (Apostoliese) Sendbriewe**.

In die sinoptiese Evangelies kom dit in elkeen een maal voor: **Mt 13.11; Mr 4.11; Lk 8.10**

In die Boek Openbaring kom dit vier maal voor: **Opn 1.20; 10.7; 17.5, 7**

Dit kom dus slegs **sewe keer** buite die Pauliniese Geskrifte voor.

## 2.2.3 - DIE PAULINIESE GEBRUIK VAN DIE TERM IN SY VROEË KONINKRYK* GESKRIFTE [119]

§3

Paulus gebruik die term **Tien/Elf keer** in sy **Vroeë Koninkryk* Geskrifte,** alhoewel die voorkoms van die term in **Rm 16.25** ook by die Verborgenheidsbriewe hoort, soos ons sal sien. Dit ontbreek in

---

[118] §1: In **1 Kr 2.1** kom daar vier woorde in die MSS voor: *μυστήριον; μαρτύριον; σωτήριον; en εὐαγγέλλιον* – Volgens Metzger is *μυστήριον* die meer aanneemlike omdat dit 'n vroeëre ondersteuning in van die ouer MSS geniet **(Metzger (1994:545)**, alhoewel die TR *μαρτύριον* aanvaar wat in twee keer soveel van die MSS voorkom. Sien *The Greek New Testament - Third Edition (Corrected) - United Bible Societies* - 581. Nestlé se Griekse Teks verkies ook *μαρτύριον*

[119] §2.2.3: Dit is daardie Geskrifte van Paulus waarin daar nie verklaar word dat hy 'n gevangene of in kettings is nie

die volgende Vroeë Pauliniese Koninkryk* Geskrifte: **Hb** [120] ; **1 Ts; 2 Kr; Gl; Tt; Flm; 2 Tm.** (Die term kom ook nie in die Gevangenisbrief **Fl** voor nie). Wat Paulus betref, is die grootste konsentrasie daarvan dus in die twee **Verborgenheidsbriewe:** Tien uit die twintig/een-en-twintig keer.

§4

In die Vroeë Pauliniese Koninkryk* Briewe kom dit soos volg voor:

**2 Ts 2.7; (1 Kr 2.1); 1 Kr 2.7; 4.1; 13.2; 14.2; 15.21; Rm 11.25; 16.25; 1 Tm 3.9, 16.**

## 2.2.4 - DIE VOORKOMS VAN DIE TERM IN DIE FINALE SLOTPARAGRAAF RM 16.25-27

§5

- *Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens **my evangelie** en die **prediking** van Jesus Christus, **ooreenkomstig** die openbaring **van die verborgenheid** wat eeue lank **verswyg is**, maar **nou geopenbaar** is en deur die **profetiese Skrifte bekend gemaak** is onder al **die Heidene***, volgens **die bevel van die ewige God**, tot gehoorsaamheid van die geloof aan die alleenwyse God, aan Hom die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen.*
  **Rm 16.25-27**

## 2.2.5 - DIE ROMEINE 16.25-27 TERMINOLOGIE

§6

Wat nou vreemd opval is dat die slotparagraaf **Rm 16.25-27**, verbonde aan die Brief wat oor die algemeen aanvaar word as die laaste van Paulus se Vroeë Koninkryk* Sendbriewe te wees wat hy as vryman in die Handelinge periode uitgestuur het, en wat die laaste een van wat skynbaar **vier slotparagrawe** is wat aan die Boek **Rm** verbonde is, [121] omvattend die terminologie rakende die Verborgenheid bevat, wat, soos ons sal sien, net in die **Verborgenheidsbriewe** verskyn. **Bullinger (1974:1694)** stel dit: "To find the subject-matter of *Ephesians* introduced suddenly, in such a position, and in the diction of this doxology, has been a difficulty for ancient transcribers and modern commentators alike." **Mackenzie (1961:327)** sê: "Since there might have been some doubt how this

[120] Sien Vn 92 op bls 66 vir 'n kort bespreking vir die siening dat **Hb** deur Paulus geskrywe kon wees.
[121] §6: Sien **Rm 15.33; Rm 16.20, 24 en 27**. Die aanneemlikste verklaring wat vir hierdie verskynsel aangebied word is dat verskeie kopieë van die 'Romeie' Brief uitgestuur was op verskeie geleenthede en stadia en dat elkeen van hierdie slotparagrawe aan afsonderlike kopieë behoort het. Dit word verder bevestig deur die feit dat die pleknaam 'Rome' in **Rm 1.7 & 15** in baie MSS ontbreek. Die oorspronklike omsendbrief, waarvan 'n kopie heelwaarskynlik nie eers by Rome uitgekom het nie, omdat daar toé nog nie 'n christelike werk was nie omdat Paulus op daardie stadium nog nie daar was nie **(vgl Hn 28.17-29** - die 'broeders' van **Hn 28.14, 15** was nie Christene nie maar gewone ortodokse Jode want vgl **Hn 28.17** o.a. waar ortodokse Jode as broeders aangespreek word - die term 'broeder' word 27 keer in Handelinge t.o.v. ongelowige ortodokse Jode gebruik) het by **Rm 15.33** geëindig. **Stam (1981:368)** se redes wat hy aanbied waarom dit nie só kan wees hou nie water nie omdat hy glad nie die moontlikheid dat die Romeine Brief 'n omsendbrief kan wees, in berekening bring nie.

mystery, concealed for so many ages, could have emerged so suddenly, Paul tells us that this has not happened through any heedless human act or accident, but through the eternal ordination of God." Hiervoor moet ons 'n antwoord probeer vind.

## 2.2.6 - ROMEINE AS 'N OMSENDBRIEF

§7

'n Brief met die heerlike inhoud soos dié van Romeine was sekerlik nie net gesog nie, maar moes noodwendig aan meer as een 'Gemeente' gestuur word. Dit was en is die *magna carta* van die Christelike geloof. Waar dit gekom het was dit sekerlik gekopieer en aangestuur. Ook Paulus het van tyd tot tyd kopië gemaak en aan nuwe bestemmings gestuur. Kopieerwerk was egter 'n geweldige tydsame proses. Elke kopie wat Paulus uitgestuur het, het daarby sy eie unieke karakteristieke slotparagraaf gehad, totdat Paulus die finale kopie uitgestuur het vanuit die gevangenis, nadat Die Verborgenheid aan hom geopenbaar was en hy reeds die **Ef B** Profetiese Geskrif in opdrag van God direk aan die Heidene,* met die uiteensetting van die Verborgenheid daarin vervat, uitgestuur het. By daardie finale en laaste kopie van die Romeinebrief was die **Rm 16.25-27** slotparagraaf gevoeg.

## 2.2.7 - DIE RM 16.25-27 SLOTPARAGRAAF AS LATERE BYVOEGING

§8

Die volgende NTe kenners bevestig hierdie opinie van 'n latere byvoeging van die betrokke slotparagraaf. Dit skyn asof **Lightfoot (1961:168)** die eerste was wat hierdie mootlikheid daargestel het: "The same idea of the μυστήριον appears very prominently also in the thanksgiving, added apparently later than the rest of the letter at the end of the Epistle to the Romans, xvi. 25 sq." **Dunn (1996:121)** huldig dieselfde opinie: "In the addendum of Rom. 16:25-26 it is "the mystery concealed for long ages, but now made manifest and . . . made known for the obedience of faith for all the nations." So ook **Schnackenburg (1991:132)**: "... but a similar view emerges in the post-Pauline addition in Rom. 16.25 f." Vergelyk ook **Lincoln (1990:31).** Die skrywer volstaan met **Hay (2000:75)**: "... apart from Rom 16:25-26 (which a number of scholars regard as a post-Pauline addition)."

## 2.2.8 - 'N VERKORTE ROMEINEBRIEF

§9

Maar wat uitgelig moet word, is dat hierdie slotparagraaf in verskeie MSS, in wat soos dit wil voorkom, 'n 'verkorte' weergawe van die Boek Romeine aan die einde van **Rm 14.23** verskyn. [122]

[122] §9: Vir 'n meer volledige bespreking sien **Metzger (1994:533-6)**. Volgens **Bullinger (1974:1694)** is dit die geval in 191 van die MSS. Sien **Schnelle (1998:116-120)** se bespreking van die saak wat teleurstel daarin dat hy ook nie die moontlikheid akkommodeer dat **Rm** 'n algemene omsendbrief kon wees, wat die verskeie slotparagrawe verklaar nie.

Wat egter meer is, in die betrokke slotparagraaf verklaar Paulus dat die Verborgenheid, wat, soos onomwonde bewys sal word, eers in die gevangenis geopenbaar was, **(1) reeds bekend gemaak is** onder al die Heidene*; **(2)** dat dit bekend gemaak is deur middel van *profetiese Skrifte* en **(3)** dat hierdie skriftelike bekendmaking van hierdie Verborgenheid aan die Heidene* geskied het in spesifieke opdrag van God. [123] Hierdie *profetiese Skrifte* verwys nie na die OTe Geskrifte van die Profete soos die **KJV** dit weergee nie. [124] Die OTe Skrifte was in elk geval nooit aan Heidene* gerig nie. Maar selfs die NTe Geskrifte is nie aan die gelowige Heidene* gerig nie, maar aan die Joodse Ekklesia,* behalwe dan die **EF B** Omsendbrief wat die enigste van die NT Sendbriewe is wat direk aan gelowige Heidene* gerig is in opdrag van God **(Rm 16.26)** en waarin die Verborgenheid behandel word. Akademici bevestig dus die voorafgaande aanname dat die **Rm 16.25-27** slotparagraaf geskrywe en bygevoeg was by 'n kopie van die Romeinebrief wat uitgestuur was vanuit die Gevangenis, [125] nadat die Verborgenheid reeds daar aan Paulus geopenbaar was.

§10

Maar wat van die feit dat **Hoofstuk 15 van Romeine** dan skynbaar weggelaat sou gewees het in 'n 'verkorte' Romeinebrief? [126] Dit was heelwaarskynlik gedoen omdat die betrokke hoofstuk sulke sterk dispensasionele gedagtes bevat wat slegs nog van toepassing was in die **Handelinge Periode**, maar wat nou verval het met die nuut geopenbaarde geheime plan van God. Volgens **Rm 15** (geskrywe teen die einde van die Handelinge Dispensasie) sou die gelowige Heidene* nog onder en saam met Israel, wat toe nog as volk in God se OT Koninkryk* plan vir Israel hulle rol gespeel het as God se kanaal van heil, die Here dien. Die inhoud van **hfst 15** was dus dispensasioneel slegs van toepassing in die Handelinge Periode, waartydens die oorspronklike Romeinebrief die lig gesien het – **vgl Rm 15.8-12, 18-19, 21 (Js 52.15), 25-27** - aspekte wat nie meer ná die tragedie van **Hn 28,** toe God Sy Koninkryk* program vir Israel opgeskort en Israel as kanaal van Sy heil tot die wêreld, ter syde gestel het, gegeld het nie.

---

Verder: Hierdie latere 'verkorte' Romeine Brief is ook verder aangepas in die lig van die progressiewe openbaring en is bv. **Rm 8.1** se laaste gedeelte, *vir die wat nie na die vlees wandel nie maar na die Gees*, weggelaat.

[123] §9: **Louw & Nida (1988:1:426:33.326)** : ἐπιταγή - "that which has been specifically ordered or commanded - order, command, decree, ordinance, instruction.' 'by the order of the eternal God . . . it is made known to all nations' **Ro 16.26.**"

[124] §9: *Profetiese* - Gr: *προφητικων* - is 'n b.nw. Hierdie verkeerde vertaling in die KJV het noodwendig die Engelse teoloë se denke mislei. Só **Denney (1970); Wuest (1971:Vol 1:Deel 2:266).** Selfs die grote **Calvyn** het hier misgetas: **Mackenzie (1961:327):** "But to prevent anyone from entering into controversy for the purpose of discrediting the Gospel by its novelty, he quotes the writings of the prophets, whose predictions we now see to have been fulfilled." Selfs **Louw & Nida tas hier mis (1988:1:441:33.462):** " 'being made evident now through the writings of the prophets' Ro16.26." Hoe kan Die Verborgenheid wat eers in die NT geopenbaar was, die vervulling wees van die OTe Profesië wat absoluut niks daaroor te sê gehad het nie?

[125] §9: Sien ook **Dunn (1998:634n41)** se latere opmerking waarin hy steeds dieselfde gedagte huldig: "Rom. 16.26 is part of a brief paragraph (16.25-27) generally reckoned to have been added to the letter at a later date (see my *Romans* 912-13 n. a)."

[126] §10: Só Marcion (Aldus Origenes)

## 2.2.9 - GOD SE OPDRAG VIR 'N PROFETIESE GESKRIF DIREK AAN DIE HEIDENE*

§11

Omdat Paulus in die gevangenis probleme ondervind het om hierdie nuut geopenbaarde Verborgenheid mondelings uit te dra, en die Joodse Heiliges daarbuite dit heelwaarskynlik nie aan die Heidene* sou oordra nie, terwyl die inhoud van die Verborgenheid die Heidene* pertinent geraak het, gee God hom die opdrag om *profetiese geskrifte* direk aan die gelowige Heidene* uit te stuur. Dit geskied by wyse van die Efesiërs **(Ef B = hfst 1 - 3)** Omsendbrief. Dit beteken dat die betrokke kopie van **Rm** met die slotparagraaf by **Rm 14.23**, uitgestuur was **nadat** die **EF B** Omsendbrief reeds gesirkuleer was aan die Heidene* wat dan die taalooreenkomste tussen die **Rm** slotparagraaf en die Verborgenheidsbriewe rondom die Verborgenheid verklaar.

§12

Die inhoud van hierdie versgedeelte **(Rm 16.25-26)**, word gevolglik saam met die uitsprake rondom Die Verborgenheid in die twee Verborgenheidsbriewe bespreek.

# 2.3.0 - INHOUD VAN DIE VERBORGENHEDE BUITE DIE PAULINIESE VERBORGENHEIDSBRIEWE

§1

In Afd. 2.1.7 op bls. 80 word 'n paar kategorieë en groeperinge aangehaal. Die skrywer wil egter al die verborgenhede buite die drie Verborgenheidsbriewe (d.i. dié wat in die Vroeë Pauliniese en ander Geskrifte van die NT voorkom) onder die volgende **vier hoofde** klassifiseer:

| | |
|---|---|
| **Eerstens**: | Verborgenhede van God en die Godsaligheid; |
| **tweedens**: | Dispensasionele verborgenhede; |
| **derdens**: | Charismatiese verborgenhede en |
| **vierdens**: | Verborgenhede rakende die ongeregtigheid. |

§2

In die **Drie Verborgenheidsbriewe** vind ons die besonderse uitgesonderde groep as eenheid wat by uitstek dispensasioneel van aard is - met ander woorde, dit raak die heilsplan van God in 'n besondere wyse: Die Verborgenheid van die Kerk* waarop ons lateraan in hierdie verhandeling konsentreer.

## 2.3.1 - VERBORGENHEDE VAN GOD EN DIE GODSALIGHEID

§3

Hierdie groep verborgenhede raak die mens **in sy verhouding** tot God, soos dit tot hom **gespreek is** en hy **dit geglo** het. Daar is altesaam vyf/ses verklaringe:

**a)** - Deur Paulus het ons vier/vyf verklaringe - Let daarop dat ons geen vermelding daarin het dat enige 'verborgenheid' deur God 'geopenbaar' was nie!:

- *En toe ek by julle gekom het, Broeders, het ek nie aan julle die **getuienis/Verborgenheid** [127] van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie* **(1 Kr 2.1).**
- *Maar ons spreek die **wysheid van God, wat bestaan in Verborgenheid** wat bedek was* ('is' - Gr - *ἀποκεκρυμμένην* – Akk. Enklv. Vr. Part. Pass. - die KJV vertaal dit meer korrek met "hidden ... mystery"*) en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlikheid,* **(1 Kr 2.7).** Twee sake word hier in skerp kontras teenoor mekaar gestel: God se wysheid (die genetiewe *Θεοῦ* is emfaties) teenoor die wysheid van hierdie eeu. Dit is nie seker of *ἐν μυστηρίῳ* met 'wysheid' gekoppel moet word of saam met 'ons spreek' nie. Vir die wêreld is God se wysheid 'n verborgenheid. Die OAV se *wat bedek*

[127] §3: Sien die bespreking by Vn 118. Die skrywer aanvaar dat dit 'getuienis' behoort te lees. Hoe dit ook al sy, dit verander geensins aan die argument nie.

*WAS* is nie korrek nie, en is misleidend. Paulus se opmerking in **v. 7** verwys na dit wat bedek IS en wat volgens die onmiddellike konteks deur *niemand van die heersers van hierdie wêreld geken* is nie **(v.8)**. Die wysheid van God wat bedek is vir die wêreld het God egter deur Sy Gees aan Paulus-hulle geopenbaar **(v. 10)**. Daar is dus geen sprake in hierdie teksvers dat enige verborgenheid reeds 'geopenbaar' is nie.

- *So moet ons dan beskou word as dienaars van Christus en bedienaars van* ***die verborgenhede van God*** **(1 Kr 4.1)**. 'Dienaars' - *ὑπηρέτας* - is 'n besonderse woord wat net hier deur Paulus gebruik word en wat verwys na die onderdekse slaweroeiers op die galeiskepe. Van die Verborgenhede van God is Paulus-hulle *οἰκονόμους* = rentmeesters, bestuurders wat in beheer is van die hele huishouding.
- *Manne wat die* ***Verborgenheid van die geloof*** *in 'n rein gewete hou.* **(1 Tm 3.9). Dibelius & Conzelman (1972:58)** lewer kommentaar: "Indeed, "mystery of faith" (*μυστήριον τῆς πίστεως*) is almost the equivalent of the simple expression "faith" (*πίστις*). Despite the elaborate term, the sentence does not emphasize that the deacons are of the Christian faith, but that they are Christians of good conscience."
- *En, onteenseglik,* ***die Verborgenheid van die godsaligheid*** *is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die Heidene*, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.* **(1 Tm 3.16). Dibelius & Conzelman (1972:61)** verkies die semantiek van 'godsdiens' i.p.v. 'godsaligheid' vir *εὐσεβείας*. Die **NAV** vertolk dit: ... *dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens groot is.* (Die woord 'openbaar' kom nie in die Grieks voor nie en hulle het 'verborgenheid' met *waarheid* vervang!).

§4

**b)** - Ons het ook een verklaring deur Johannes:

- ***Dan is die Verborgenheid van God*** *volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete* **(Opn 10.7).**

**Nota:** Dit is moontlik dat die 'Verborgenheid' (van die Kerk*) van die Pauliniese **Verborgenheidsbriewe** in verband gebring kan word met die 'Verborgenheid van God' wat volbring is in **Opn 10.7**. Dit sal afhang of met 'profete' die OTe of NTe profete bedoel word. Terwyl dit die *blye tyding* is wat deur God AAN die profete verkondig is en wat nie DEUR die profete self verkondig is nie en Openbaring hoofsaaklik met die Jood te make het, is dit waarkynlik dat hierdie OTe profete is. Ook het God in die NT nie met 'profete' gedeel nie, maar met die apostels. Die

Verborgenheid van die Kerk* was NOOIT deur die OTe Profete aangeraak nie. **Seiss (1972:229)** sê dat:

> The mystery of God is nothing more nor less than the final sum of all God's revelations and doings for the reinstatement of man into his lost inheritance. The fulfilment of this mystery is the final accomplishment of the last items of the divine administrations which make up that sum - the ultimate realization of all the foreannouncements made to and by any and every one of God's prophets in all the ages - the Gospel of the kingdom of heaven at length merged into full and everlasting fruition of that kingdom - the consummation of all things.

§5

Hiermee stem **Wilson (1975: 90)** tot 'n groot mate ooreen: "In many ways, the mystery of God, in Revelation 10, is the climax and heading up of all the great mysteries of the New Testament. All of God's great secrets, and purposes of grace for Israel, for the Church, and for the nations of earth, will then be open and revealed." Vir **Dake (1950:12)** is die verborgenheid van God in **Opn 10.7** "... the Casting Out of Satan" wat vir my onbegryplik is.

## 2.3.2 - DISPENSASIONELE AANWENDING VAN DIE TERM 'VERBORGENHEID'

§6

Met Dispensasionele aanwending van die term 'verborgenheid' word bedoel dat dit God se spesiale handelinge en plan en die realisering en infasering van nuwe fasette van daardie plan in die heilsgeskiedenis behels, besonderlik in daardie epoggevulde Nuwe Testamentiese tydvak wat beide Jood en Heiden raak. In hierdie verband het ons vier verklaringe:

§7

**a)** - Die Here Jesus het die term net **een keer** volgens die drie sinoptiese **Evangelies** in 'n Joodse konteks gebruik en dit ten opsigte van die Koninkryk* [128] toe Hy in Gelykenisse (Raaisels -**Ps 78.2; Jh 16.25, 29)** begin spreek het. [129]

---

[128] §7: Die skrywer maak geen onderskeid tussen die Koninkryk* van God en van die Hemele nie. 'n Noukeurige vergelyking van al die betrokke Skrifte sal toon dat dit te make het met een en dieselfde saak, en dat dit altyd verwys na die Millennium. Dit is die enigste Definisie wat al die NTe uitsprake rondom die term 'Koninkryk*' bevredig.

[129] §7: Vir die DOEL van hierdie Gelykenisse/Raaisels sien **Mr 4.11-12; Mt 13.11-15 & Lk 8.10** (vgl **Jh 10.6; 16.25, 25, 29** waar **Jh** die term *παροιμία* i.p.v. die gebruiklike *παραβολή* aanwend). Die Here Jesus het ná 'n jaar-en-'n-half se openbare bediening in gelykenisse/raaisels **(Vgl Mt 13.35; Ps 78.2)** tot die ongelowige Jode wat 'buite' was, begin spreek waardeur Hy die res van Israel begin verhard het sodat hulle nie in Hom kon glo nie **(vgl Jh 12.37-40; Rm 11.7-10). Wilson (1975:57):** "From this point on, His ministry changes. Instead of plain statement and teaching, He uses parable and metaphor. Those who are anxious to learn and know the truth will probe and inquire and come to understand. But the indifferent will be judicially blinded." Hierdie verharding het plaasgevind terwyl die teendeel daarvan ook in die Handelinge periode volbring was, naamlik die uitverkiesing van die Oorblyfsel* uit Israel deur God die Vader en wat aan Jesus as Profeet net soos Moses gegee was as Sy skape; Sy Teokratiese* Vergadering - die Ekklesia* van die NT.

- *Toe antwoord Hy en sê vir hulle: Omdat dit* ***aan julle gegee is*** *om* ***die verborgenhede van die Koninkryk* van die hemele*** *te ken, maar aan hulle is dit* ***nie gegee nie.*** **(Mt 13.11).** [130]
- *En Hy sê vir hulle: Aan* ***julle is dit gegee*** *om* ***die Verborgenheid van die Koninkryk* van God te ken,*** *maar* ***vir hulle wat buite is,*** *kom alles deur gelykenisse, sodat hulle kan kyk en kyk, en nie sien nie; en hoor en hoor, en nie verstaan nie,* ***dat hulle hul nie miskien bekeer en die sondes hulle vergewe word nie.*** **(Mr 4.11-12).**
- *En Hy antwoord: Aan julle is dit gegee om* ***die verborgenhede van die Koninkryk* van God*** *te ken; maar aan* ***die ander deur gelykenisse,*** *sodat hulle,* ***terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie verstaan nie*** **(Lk 8.10).**

§8

**Nota: Die Verborgenhede van die Koninkryk*** behels daardie aspekte van God se finale heerskappy op hierdie aarde (die Millennium/Koninkryk* vir Israel wat die inhoud van die OTe profesieë is) ~~wat tot op daardie stadium vóór die Kruis nie deur die OTe profete aangespreek was nie.~~ [131] [131] - Soos ons sal sien, raak dit God se OTe geprofeteerde Koninkryk* Program vir Israel en het dit niks met die dispensasie van die Kerk*, wat as Dié Verborgenheid eers in die gevangenis aan Paulus geopenbaar was, en derhalwe glad nie ter sprake was in die Vier Evangelies en Handelinge nie, te doen nie.

§9

**b)** - Johannes het een dispensasionele verklaring gemaak:

- ***die Verborgenheid van die sewe sterre*** *wat jy in my regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: die sewe sterre is die engele van die sewe Ekklesia*s, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe Ekklesia*s* **(Opn 1.20).**

**Nota:** Indien die stelling aanvaar word dat *Die Ekklesia** van die NT, Jesus as Profeet net soos Moses, se Uitverkore Joodse Teokratiese* Vergadering was, wat saam met Hom in die Koninkryk*

---

[130] §7: Let op die *waarom* **(v10);** *omdat* **(v11)**; *daarom* en *omdat* **(v13)** en die uiteindelike *sodat* **(v15)**

[131] §8: Sien verderaan vir die bydrae wat Paulus i.d.v. gemaak het. Kortliks behels dit die volgende:

- Dat net 'n deel, d.i. die Uitverkore Joodse Oorblyfsel* van Israel uit die NT geslag gered sou word en dat die res verhard sou word **(Vgl Rm 11.25; Rm 9.27-29; Rm 11.7 & 5);**
- dat Jesus eers na die Hemel sou gaan voordat Hy weer terug sou kom om die Koninkryk* op te rig. Die Skrifte het geleer dat as Hy gekom het Hy vir altyd sou bly **(Ps 89.5, 30, 37, 38; Ps 110.4; Js 9.7; Esg 37.25; Jh 12.34; Jh 14.3, 18, 28; Jh 16.16-19; Hn 1.10-11);**
- dat daardie Oorblyfsel* as die Manlike Kind uit Israel weggeraap sou word na die hemel om die op hande toorn oor Israel te ontvlug **(1 Ts 1.10** - Gr: *τόν ῥυόμενον ἡμᾶς ἐκ τῆς ὀργῆς τῆς ἐρχομένης*; **vgl Gl 1.4)** en om saam met Christus te wees en derhalwe sou sommige van hulle nie gesterwe het nie **(Vgl 1 Kr 15.51; Opn 12.5; Opn 14.4; 1 Ts 4.15-17; Jh 17.24 & 14.3; 21.22; Lk 21.28, 36)** .

moes regeer, [132] en geensins die Kerk* as sodanig gekonstitueer het in die Vier Evangelies en Handelinge Periode nie, dan kry die verklaringe rakende die '*gemeente*' (Ekklesia*) in **Opn 1 -3** nuwe betekenis en kom die ware Joodse Eskatologiese kleur daarvan, van dit wat aan die orde van die dag was tot op **Hn 28** en op hande was, baie duidelik na vore. Die *sewe engele* was dan die sewe 'Voorsitters' van die sewe lokale 'Teokratiese* Wetgewende Vergaderings' (*kandelaars/gemeentes*) van Asië.

§10

**c)** - Paulus het twee dispensasionele verklaringe gemaak. Let ook hier daarop dat daar geen sprake is van enige 'verborgnheid' wat deur God 'geopenbaar' was nie:

- *Kyk, ek* ***deel julle 'n Verborgenheid mee:*** *Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,* **(1 Kr 15.51** - Hierdie moet saamgelees word met Paulus se stellinge in **1 Ts 4.13-18)**. Let wel, in ons **historiese interpretasie** dat Paulus in beide Skrifgedeeltes van 'ons' praat - hy verwys nie na 'diegene wat sal lewe' wanneer Jesus eendag sal kom nie, maar na hulle wat daar gelewe het. Wat hy dus sê **geld vir hulle daar in daardie NTe Tydvak**. Daar was sommige van daardie geslag wat nie die dood sou smaak nie, want die uitverkore Joodse Oorblyfsel* (die Ekklesia*) as die Manlike Kind, sou weggeraap word vóór sewentig nC **(Opn 12.5; 1 Ts 1.10; Gl 1.4)**! As die Eerstelinge **(Jk 1.18; 2 Ts 2.13 - NAV**; **Hb 12.23; ook Rm 8.23)** wat deur die bloed van die Lam gekoop is, het hulle die Lam as Sy 'metgeselle' **(Hb 1.9)** gevolg waar Hy heengegaan het **(Opn 14.3-4; vgl Jh 17.24; 14.2-3; 12.26; 1 Ts 4.17).** Dit was die Verborgenheid. **Allan (1968:19-20)** sien dié Teks as deel van die Kerk* se eskatologie: "In I Cor. 15.51 it refers to a revelation given to Paul about the detailed events of the resurrection at the Last Day." Wat Allan en baie ander teoloë egter uit die oog verloor, is dat die 'Laaste Dae' vir Israel in die spesiale dispensasie van die Handelinge Periode, wat die afsluiting van Israel se OTe geskiedenis vir ons weergee, [133] aangebreek het. Dit is tog 'n *sine qua non* dat sommige Gelowiges lewend sal wees wanneer die Here Jesus weer kom en dus kan dít geen verborgenheid vir die Gelowiges van ons dag wees nie! **Barclay (1961:179)** tas die onfeilbaarheid van die Skrif aan wanneer hy verkeerdelik opmerk: "Further, Paul insists that that shattering change is going to come in his own lifetime. In this Paul was in error."

---

[132] §9: Sien 'Ekklesia*' in Afd. 1.3.0 op bls 11

[133] §10: **König (2001:25)** kom baie naby aan die waarheid wanneer hy sê: "Die "Ou Testament" duur dus langer as wat ons meestal dink. Daar begin nie dadelik iets nuuts in die Nuwe Testament nie. In 'n sin spoel die Ou Testament oor in die Nuwe Testament." - die OT het 'oorgespoel' tot en met **Hn 28!** - vgl maar net **Hn 28.20, 23; 26.22-23.** Petrus en Paulus-hulle was met God se OTe geprofeteerde Koninkryk* vir Israel **(Hn 1.6; 3.19-26; 2 Pt 1.11; Jk 2.5; Hb 2.5; 12.27-28)** besig tot op daardie stadium! (Onthou: Hierdie Skrifte moet histories geïnterpreteer word - dit is wat God dáár vir daardie Jode gesê het!!)

§11

- *Want ek wil nie hê, Broeders, dat julle* ***hierdie Verborgenheid*** *nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die Heidene* ingegaan het;* **(Rm 11.25).** By implikasie gaan dit hier ook om die **teendeel van daardie verharding** en dit is die uitverkiesing van die Oorblyfsel* (die Joodse Ekklesia* van die NTe Tydvak - die Heiliges en die Manlike Kind) uit Israel in daardie NTe geslag terwyl die res van Israel verhard was. Vir **Allan (1968:19-20)** "In Rom. 11.25 it refers to a revelation given to Paul about the final conversion of the Jews." **Dunn (1996:121)** merk op: "In Rom. 11:25-26 it is the mystery of Israel's partial hardening till the full number of the Gentiles has come in, leading in turn to the salvation of all Israel."

§12

**Nota:** In hierdie lg. twee tekse vul Paulus die dispensasionele aspekte van die verborgenhede van die Koninkryk* van God aan – sien die nota by die Vier Evangelies hierbo.

## 2.3.3 - RAKENDE DIE LIEFDE EN DIE CHARISMATA

§13

In hierdie groep het ons twee verklaringe:

1) - Wat die liefde betref het ons een verklaring deur Paulus:

- *En al sou ek die gawe van profesie hê en al die* ***geheimenisse*** *weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie.* **(1 Kr 13.2)**. *En al die geheimenisse weet* **(1 Kr 13.2)** - Volgens die sinskonstruksie in die Gr is daar twee dinge wat geweet en verstaan kan word: *Geheimenisse en kennis* (*εἰδῶ τὰ μυστήρια πάντα καὶ πᾶσαν τὴν γνῶσιν*) waaruit dit skyn asof Paulus in albei die sekulêre in gedagte het, en nie noodwendig die geestelike nie. **Barclay (1961:131)** sê van albei "He may have the gift of *intellectual knowledge*." In daardie sin beteken *geheimenisse* die 'juiste metode en verklaring van iets' wat dan verskil van **Louw & Nida** se definisie van die term.

§14

2) - Met betrekking tot die Charismata maak Paulus een verklaring:

- *Want hy wat in 'n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God; want niemand verstaan dit nie, maar* ***deur die Gees spreek hy verborgenhede.*** **(1 Kr 14.2).** Hierdie is

'n toestand van geheim te wees en só te bly - dit val ook nie binne die definisie van **Louw & Nida** nie!

§15

Wat ons uit 'n dispensasionele oogpunt moet opmerk is dat die lys van charismata aansienlik afneem namate die progressiewe openbaring in die NTe tydvak gevorder het. Teenoor die ellelange lys van **1 Kr 12 - 14**, en 'n heelwat korter lys in **Rm 12**, Paulus se laaste Sendbrief in die spesiale Handelinge Dispensasie, toe God se Koninkryk* Program vir Israel nog van krag was, vind ons ná die groot tragedie van **Hn 28,** slegs die sogenaamde 'vyfvoudige bedieninge' van **Ef 4.11** in die Verborgenheidsbriewe. Die terme 'kragte', 'wonders', 'tekens' en 'genesings' skitter ook almal in hulle afwesigheid in die Verborgenheidsbriewe.

§16

Terwyl die belofte om die rus [134] van die Millennium **(Hb 2.5)** [135] wat vir daardie geslag Jode op hande was, nog in die Handelinge Periode standgehou het **(Hb 4.1, 3, 5, 8-11)**, het hulle steeds die kragte van daardie toekomstige wêreld, waarvan die bonatuurlike charismata deel was, gesmaak **(Hb 6.5)**. Dit was deel van **die voortydige, gedeeltelike maar tydelike realisering** van die Joodse eskaton in God se desperate finale poging in die Handelinge Dispensasie om Israel tot bekering te bring sodat die Koninkryk* vir Israel opgerig kon word.

## 2.3.4 - RAKENDE DIE ONGEREGTIGHEID EN GODDELOOSHEID WAT IN DIE WÊRELD IS.

§17

In hierdie verband het ons drie voorkomste.

**a)** - Uit die pen van Johannes het ons twee verklaringe:

- *en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe:* ***Verborgenheid,*** *die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde.* **(Opn 17.5).**
- *Toe sê die engel vir my: Waarom het jy jou verwonder? Ek sal jou die* ***Verborgenheid*** *van die vrou vertel en van die dier met die sewe koppe en die tien horings, wat haar dra* **(Opn 17.7).**

§18

**Nota:** Dit val buite die bestek van hierdie verhandeling om te verklaar wie en wat hierdie 'vrou' genaamd *Babilon* is. **Bullinger (1974:1905)** is van mening: "The verse should be read, "And upon her forehead (she had) a name written, a secret symbol (*musterion*), BABYLON THE GREAT". Dit

---

[134] §16: Vgl **Jr 31.2; Ps 132.8, 14**

[135] §16: Die 'toekomstige' op hande wêreld - Gr *τήν οἰκουμένην τήν μέλλουσαν*

is die betekenis van hierdie geheime simbool (verborgenheid) wat verder in **Hfste 17 & 18** verklaar word.

§19

**b)** - Paulus waarsku:

- *Want die **Verborgenheid van die ongeregtigheid** is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is*; **(2 Ts 2.7).**

§20

**Nota:** Vergelyk hierdie Verborgenheid met dié van **Opn 17.5, 7** hierbo. Paulus noem dit die *verborgenheid van die ongeregtigheid* wat al aan die werk was in sy dag **(2 Ts 2.7).** Hier verwys die term 'verborgenheid' na die duistere, ondergrondse en duistere werking van die bose magte van satan. Ook dit pas nie in **Louw & Nida** se definisie van die term 'verborgenheid' in nie.

§21

Word die vooraf aangehaalde voorkomste van die term in die res van die NT en wat daar van 'n Verborgenheid gesê word, vergelyk met die uitsprake rondom die Verborgenheid in die **Verborgenheidsbriewe**, dan vind ons min ooreenkomste!

# 2.4.0 - INHOUD VAN DIE VERBORGENHEID IN DIE VERBORGENHEIDSBRIEWE

## 2.4.1 - WAT IS DIT WAT VERBORGE WAS? [136]

§1

Die skrywer wil hier in die lig van die deel oor **Dispensasionalisme** en die **Progressiewe Openbaring** van God in die NTe Tydvak, asook die inleidende aspekte oor die term 'verborgenheid', 'n voorlopige samevatting gee van sy siening van die inhoud van hierdie Verborgenheid wat aan Paulus in die gevangenis geopenbaar is, in die hoop dat wat verder aangebied word, meer verstaanbaar sal wees. Dit is egter 'n uiters gewaagde ding wat op hierdie stadium gedoen word. Om te bewys en verstaanbaar te maak wat gesê word, sal **boekdele** vereis. Verdra dit egter in 'n poging om wat verderaan gesê word, te verstaan en te begryp. Terwyl hy die algemene gedagte en opinie rondom die inhoud van hierdie verborgenheid uitspreek dat "this use of mystery involves disclosure of details concerning the person and saving work of Christ that are absent from the Old Testament prophecies;" kom hy agter dat daar dinge is wat hom ontwyk en sê **Saucy (1993:149)** verder: "yet it is impossible to see these additional truths as constituting all that is meant in the hiddenness and revelation of this mystery." Daarom wil die skrywer, soos Paulus, die hoop uitspreek dat sy beskeie insig in hierdie Verborgenheid (probeer) begryp en voorlopig geakkommodeer sal word, wat behels:

§2

**(a)** Dat die Kerk* in sy huidige opset en wese (soos hieronder uiteengesit) 'n verborgenheid was vir die OTe profete - hulle het nooit daaroor geprofeteer nie.

**(b)** Dat God se OTe geprofeteerde Koninkryk* vir Israel, die Millennium behels waarin Israel gepromoveer word tot hoof van die nasies en as kanaal van God se heil, saam en onder wie die Heidene* die Here moet dien.

**(c)** Dat die Here Jesus uitsluitlik gekom het om daardie Koninkryk* aan te kondig en op te rig en daarom moes Israel die voorwaarde nakom om haar te bekeer.

**(d)** Dat Israel hulle verhard en teen die Seun gelaster het, die Steen verwerp het deur Hom te kruisig, maar dat hulle wandaad vergewe was.

**(e)** Dat Israel onder die bediening van die Heilige Gees in die Handelinge Periode 'n verdere en finale geleentheid gebied word om haar te bekeer as voorwaarde vir die oprigting van die Koninkryk* wat vir Israel daar aangebied was.

**(f)** Dat God tot op **Hn 28 (63 nC)** verbondmatig met Israel omgegaan het en dat dit uitsluitlik om dit wat die profete vir Israel belowe het, gegaan het.

---

[136] §2.4.1: Op hierdie stadium glo die skrywer het dit reeds duidelik begin word wat die Verborgenheid nie is nie.

**(g)** Dat Jesus sou terugkom vóór 70 nC as Israel tot bekering gekom het, in welke geval die Koninkryk* (Millennium) vir Israel opgerig sou gewees het.

**(h)** Dat God in die Handelinge Periode die Joodse eskaton **Voortydig, Gedeeltelik en deels Tydelik** gerealiseer het in (1) die uitstorting van die Heilige Gees, (2) die smaak van die kragte van die toekomstige wêreld en (3) die deur van geloof wat vir die Heidene* geopen is in 'n desperate laaste poging om Israel tot inkeer te bring.

**(i)** In die Handelinge periode het die Heidene* onder en saam met Israel, as kanaal van God se heil, die Here in God se Koninkryk* program vir Israel gedien.

**(j)** Dat God by **Hn 28 (63 nC)** Israel as volk, wat nie tot bekering gekom het in die Handelinge Periode nie, as Sy kanaal van heil tot die wêreld, onder en saam met wie die Heidene* die Here moes dien, verhard het, ter syde gestel en uiteindelik verstrooi het onder die nasies en

**(k)** daarby Sy OTe geprofeteerde Koninkryk* Program vir Israel (die Millennium), waarom dit gegaan het tot op **Hn 28,** en wat opgerig sou gewees het met die wederkoms van die Here Jesus as Israel haar daar bekeer het, opgeskort het.

**(l)** Dat God in die gevangenis gevolglik aan Paulus die Verborgenheid, wat tot op daardie stadium 'n totale geheim was in God, geopenbaar het.

**(m)** Dat God in die plek en onafhanklik van Israel, soos die praktyk van die afgelope twee duisend jaar dit duidelik toon, 'n heeltemal nuwe skepping, die *Corpus Christi* tot stand gebring het, soos Hy by die roeping van Abram 'n nuwe volk tot stand gebring het;

**(n)** deurdat Hy die wat 'naby' was (= die uitverkore Joodse Oorblyfsel* (die Ekklesia*) as die Manlike Kind uit Israel verwek - die Heiliges) en die wat 'ver' was, die gelowige Heidene* ná **Hn 28** in die een Liggaam van Christus saamgevoeg het as die Nuwe Mens en die Laaste Adam waarvan Hy die Hoof is,

**(o)** en wat as Kerk* sedert 70 nC hoofsaaklik uit gelowige Heidene* bestaan, - en tans God se kanaal van heil tot die wêreld is, deurdat God Sy heil aan hulle toevertrou het -

**(p)** deurdat God net voor 70 nC die Joodse Manlike Kind waarmee Hy die Heidense Kerk* gehelp tot stand laat kom het en wat as die 'naelstring' tussen Koninkryk* en die Kerk* wat uit die Koninkryk* gebore was, gedien het, weggeraap het hemel toe.

**(q)** Dat die Heidense Kerk* totaal los en onafhanklik van Israel, sonder vader Abraham as tussenganger, nou die huisgenote van God is as die Liggaam van Sy Seun.

**(r)** Die Kerk* is dus nie as die 'geestelike Israel' 'n verlengstuk van die volk Israel nie, maar 'n totaal nuwe skepping, terwyl Israel verstrooi is onder die Nasies!

§3

As hieroor besin word en die Bybelse waarheid daarvan ingesien word, dan kan 'n mens verstaan waarom Paulus uitgeroep het: *Hierdie Verborgenheid is Groot*! Dan kan 'n mens verstaan waarom hy

voorbidding gevra het dat 'n woord hom gegee sou word om met vreeslose vrymoedigheid daaroor te spreek!

§4

Maar wat is die opinie van geleerdes? Daar is diegene wat baie naby aan die waarheid kom. **Dunn (1993:202)** byvoorbeeld, bring die beeld van die Liggaam in en benadruk dit dat die Verborgenheid God se spesifieke doel behels " to unite Jew and Gentile as one body in Christ." Dié gedagte vind ook weerklank by **Lemmer (1998:493)**: "The author appeals to his unique understanding of the body of Christ (disclosed to him in 'mystic-apocalyptic' understanding)." **Roberts (1990:180)**: "Dit gaan daaroor dat die heiden en die Jood nou, op grond van die Gesalfde se heilswerk en die vertroue daarop, saam lede is van die liggaam van Christus." Hierdie verklaringe word egter gemaak met die gedagte dat die Liggaam van Christus as organisme al ter sprake was in die Vroeë Pauliniese Koninkryksgeskrifte. Daar het dit egter gegaan om 'n **organisatoriese liggaam** van Christus **(1 Kr 12.27** - N.B. nie DIE liggaam nie maar 'N liggaam, waarvan daar geen sprake is dat Christus die Hoof is nie, maar waar die gelowiges self die oë en ore ensovoorts is) en ook 'N (een) liggaam IN Christus **(Rm 12.5)**.

§5

Hier lê die groot en primêre maar basiese verskil: Tot op **Hn 28** het dit om 'n Volk (Israel) gegaan met die Messias wat as Koning moes terugkom. In die geopenbaarde Verborgenheid gaan dit nou om 'n nuwe Skepping - die Liggaam [137] van Christus (bestaande uit alle gelowige Heidene*) waarvan Jesus die Hoof is.

---

[137] §5: **LEMMER (1998:459:Vn3)** sê van die *σῶμα* beeld in **Ef** as moontlike sleutel tot die verklaring van die Brief: "I am not averring that it is *the* key, since such a key does not exist. As is clear from existing research, it is simply fallacious to postulate any one key for the understanding of Ephesians." Moontlik kan **Kl** en **Ef** vanuit die tema *μυστήριον* as 'sleutel' tot die twee Briewe, verklaar word. Alhoewel die gedagte van die Gelowiges as Liggaam dertien keer in **Kl** en **Ef** voorkom en 'Verborgenheid' slegs tien keer, is die Liggaamsbeeld deel van die Verborgenheid!

# AFDELING 3:

# DIE KRITERIA RONDOM
# DIE TERM 'VERBORGENHEID'
# IN DIE VERBORGENHEIDSBRIEWE

# 3.0.1 - OORSIG VAN DIE UITSPRAKE IN DIE VERBORGENHEIDSBRIEWE

Ons kom nou by die kern van hierdie verhandeling waar die verklaringe rondom die **elf voorkomstes** van die term 'Verborgenheid' in die **Verborgenheidsbriewe** en **Rm slotparagraaf** almal saam as 'n eenheid onder die loep geneem word. [138]

§1

Met die feit van die Progressiewe Openbaring van God in die NTe Tydvak wat in die Gevangenisbriewe kulmineer, voor oë, en die besef van waaroor dit werklik in die Handelinge Periode gegaan het, en die tragedie wat hom afgespeel het in **Hn 28**, is dit vervolgens uiters noodsaaklik dat ons eers oorsigtelik maar ook in diepte stilstaan by die vrae rondom hierdie Verborgenheid wat geopenbaar was, 'n aspek wat uiters verwaarloos was. Is daar 'n 'nuwe' Verborgenheid aan Paulus in die Gevangenis geopenbaar, en indien wel, wat behels hierdie Verborgenheid alles wat geopenbaar was? Was dit voorheen geopenbaar? In die Progressiewe Openbaring in die NT gaan ons ook let op dit wat ons vir die eerste keer in die Gevangenisbriewe lees. Om ons begrip af te rond sal ons ook tot groot mate moet let op dit wat ons nie meer daar lees nie. En dan sal ons ook dit wat ons kan aflei uit die situasie van die praksis soos dit die afgelope 2000 jaar daar uitgesien het, moet bybring.

## 3.0.2 - REDES WAAROM DIE VERBORGENHEID NIE RAAKGESIEN IS NIE

§2

In die teologie word die belangrikheid asook die radikaliteit van die stellings wat daar in die **Verborgenheidsbriewe** rakende die tema van die Verborgenheid wat van alle eeue af verborge was, maar daar ('nou') aan Paulus geopenbaar was, nie besef en na wense ontgin nie. Die volle impak daarvan word om verskeie redes nie raakgesien nie:

1. Die eerste is dat die toename in die Progressiewe Openbaring van God in die NT tydvak in die lig van **Jh 16.13** nie na behore in aanmerking geneem en verdiskonteer en meegewerk is nie.
2. Tweedens dat Paulus se Vroeë- en Gevangenisbriewe nie in ons Bybel van mekaar geskei en laasgenoemde laaste geplaas is nie. Dit, asook die verdere feit dat die **Fl Brief** tussen die 'Tweelingbriewe' **Ef** en **Kl** geplaas was, het ons insig verwar.
3. Derdens is die feit dat die Griekse term *ἐκκλησία* enersyds (jammerlik) verkeerdelik vertolk is met *'gemeente'* en boonop verkeerd gedefinieer is. [139]

[138] §0: Sien die statistieke rakende die groot konsentrasie van die term 'verborgenheid' in die drie Verborgenheidsbriewe in Afd 3.1.0

[139] §2/3: Sien die definisie van 'Ekklesia*' in Afd 1.3.0 - bls 11. Die gevolg was dat ons alles wat in die Handelinge periode uitsluitlik van en vir die Joodse Ekklesia* gesê was, op ons as Gelowige Heidene* van toepassing gemaak het

4. Vierdens, en wat gepaard gaan met punt drie, word dit uit die oog verloor dat die NT hoofsaaklik aan hierdie Joodse 'Ekklesia*' gerig was en hoofsaaklik met hulle gedeel het. [140]
5. Vyfdens dat daar in die Handelinge Periode geen sprake van 'n 'Kerk*' was nie. Ons is mislei deur die voorkoms van die term *'gemeente'* in Handelinge en in die Sendbriewe. [141]
6. Die feit dat die meeste teoloë hulleself as 'geestelike Israel' sien instede van wat hulle werklik in die lig van die Bybelse uitsprake is, naamlik gelowige Heidene*. Hierdie (verkeerde) vertrekpunt het 'n geweldige impak op hulle eksegese van die Skrif.
7. Ook dat dit nie besef word dat die Handelinge Periode 'n spesiale dispensasie is waarin dit steeds om die vervulling van die OTe geprofeteerde Koninkryk* Beloftes aan Israel gegaan het nie. Die Handelinge Periode is dus **transisioneel** en baie van wat gedurende daardie tydperk geskrywe was, is **nie normatief** vir die Kerk* nie.
8. Ook word die feit dat dit tot op **Hn 28** steeds gegaan het om dit wat in die OT, (wat, soos gesien is, absoluut niks van 'n Kerk* opset te sê gehad het nie), geprofeteer was rakende Koninkryk* van God vir Israel, nie bygebring is nie.
9. Laastens word die groot tragedie wat hom afgespeel het in **Hn 28** waar Israel as God se kanaal van heil ter syde gestel is en die OTe geprofeteerde Koninkryk* van God Program vir Israel opgeskort is, nie besef nie!

## 3.0.3 - BESINNING TEEN DIE AGTERGROND VAN DIE 'TOEKOMSTIGE DINGE' VAN JH 16.13

§3

Die voorkoms van die term 'Verborgenheid' word besin teen die agtergrond van die Here Jesus se verklaring in **Jh 16.13** dat die Heilige Gees die NTe skrywers sou leer en lei in al die waarheid en aan hulle die 'Toekomstige Dinge' sou openbaar. In hierdie verhandeling word dit veronderstel dat die geopenbaarde Verborgenheid van die Verborgenheidsbriewe die 'Toekomstige Dinge' behels wat die Heilige Gees bekend gemaak het. Só gesien, kom 'n mens tot die slotsom dat ons in die gevangenis by Paulus met die openbaring van **een enkele splinternuwe Verborgenheid** te doen het. Van hierdie

en gevolglik nie besef het dat dit eers in die Gevangenis was dat die Heidene* verhoogde status verkry het, toe die Verborgenheid geopenbaar was, nie!

[140] §2/4: Daar is derhalwe in die Vroeë Geskrifte van Paulus sekere uitsprake gemaak wat op daardie stadium net van toepassing was op die Uitverkore Joodse Oorblyfsel*, die *'Ekklesia*'* wat verkeerdelik vertolk was met *'gemeente'* wat daartoe gelei het dat ons as Heidene* onsself daarin ingelees het.

[141] §2/5: Sien die definisie van 'Kerk*' op bls. 15

Verborgenheid wat daar in die gevangenis aan Paulus geopenbaar was, was daar voorheen geen sprake gewees nie - nie net in die OTe Profesieë nie, maar ook in die Handelinge Dispensasie.[142]

## 3.0.4 - UITSPRAKE IN DIE VERBORGENHEIDSBRIEWE <u>EF A</u>; KL EN <u>EF B</u>

§4

'n Mondvol word in die volgende tien of meer verse rondom Die Verborgenheid wat in die gevangenis aan Paulus geopenbaar was, en wat neerslag gevind het in die **Verborgenheidsbriewe**, gesê. Wanneer in gedagte gehou word dat dit **(1)** ná **Hn 28** geskrywe was, **(2)** dat dit **dertig tot veertig jaar** ná die Dag van Pinkster gespreek en geskrywe was, ook **(3)** dat die Heilige Gees Paulus reeds op daardie stadium vir bykans 30 jaar alles geleer het en herinner het aan wat Jesus gesê het **(Jh 14.26)** en hom in die hele waarheid gelei het **(Jh 16.13)**, dan word die werklike implikasies daarvan eers besef! Wanneer die **kriteria van die woordgebruik** rondom hierdie Verborgenheid van **Kl en Ef** verder behoorlik in ag geneem word, asook al die terme wat vir die eerste keer daar, nie net aan die woord 'Verborgenheid' gekoppel word nie, maar ook in die algemeen na vore kom, dan word dit duidelik dat ons hier met **'n splinternuwe openbaring van God** te doen het, wat dispensasioneel radikaal verskil van dit waarom dit tot op **Hn 28** gegaan het! Kom ons neem daardie tekse oorsigtelik onder die loep, met inagneming van die tekskritiek en in die volgorde soos dit heelwaarskynlik die lig gesien het.[143]

## 3.0.5 - IN <u>EF A</u> (EF 4 - 6) KOM 'VERBORGENHEID' TWEE KEER VOOR:

§5

- *<u>Hierdie Verborgenheid</u> is groot, maar ek sê dit met die oog op **Christus en die Ekklesia***.* **(Ef 5.32)**
- *(Bid) vir my, sodat **'n woord my gegee mag word** as ek **my mond oopmaak** om met **vrymoedigheid*** (onverskrokkenheid) *<u>die Verborgenheid</u> van die evangelie bekend te maak, waarvoor ek 'n gesant is in kettings, sodat ek daarin **vrymoedig-lik*** (onverskrokke) ***mag spreek** soos ek moet spreek.* **(Ef 6.19-20)**

[142] §3: Alhoewel **Moritz (1996)** op kostelike wyse die gebruik van die OT in Efesiërs aantoon rondom die tema van die Verborgenheid, sal ons sien dat hierdie geopenbaarde Verborgenheid geensins die vervulling of selfs aanvulling van enige OTe profesië is nie. Myns insiens is **Barker (1982:10)** nie korrek as hy bv. sê: "That the Church in some sense is latent in the great promises of Gentile blessing in the OT seems clear from Paul's use of such promises in Rom 15:8-12." Maar dit is baie duidelik uit die Skrif dat die gelowige Heidene* nie in die OTe koninkryk seëninge kan deel sonder nasionale/etniese Israel as voog se aktiewe teenwoordigheid nie! En nou is Israel die afgelope twee duisend jaar verhard en tersyde gestel as God se kanaal van heil tot die wêreld en van die toneel af! Die saligheid kan alleenlik uit Israel wees met Israel wat haar volle OTe geprofeteerde rol aktief vervul.

[143] §4: **<u>Ef A</u> (Ef 4-6)** is dus heelwaarskynlik eerste geskrywe, toe **Kl** en daarna **<u>Ef B</u> (Ef 1-3)** - Dit word aangeneem dat die eerste twee volgens God se vaste beleid steeds aan die Joodse Ekklesia* - die Heiliges - geskrywe was en dat lg. direk aan die gelowige Heidene* geskrywe was volgens die bevel van God aan Paulus soos vervat in **Rm 16.26.**

## 3.0.6 - IN KOLOSSENSE KOM DIE TERM 'VERBORGENHEID' VIER KEER VOOR EN BREI PAULUS DAAROP UIT:

§6

- *waarvan ek 'n dienaar geword het volgens die* ***dispensasie*** *van God wat aan my gegee is in julle belang, om die* ***woord van God te vervul,*** *naamlik die Verborgenheid wat* ***van die eeue en geslagte af verborge was,*** *maar* ***nou geopenbaar is*** *aan sy Heiliges,* **(Kl 1.25-26)**
- *aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie Verborgenheid onder die Heidene* is,* ***dit is Christus in*** (onder) ***julle,*** *die hoop van die heerlikheid* **(Kl 1.27).**
- *Want ek wil hê dat julle moet weet wat* ***'n groot stryd ek oor julle het, en oor die*** *wat in Laodicéa is en almal wat my aangesig in die vlees nie gesien het nie, dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die* ***volle versekerdheid van insig,*** *om* ***die Verborgenheid*** *te* ***leer ken*** *van God en die Vader en van Christus* **(Kl 2.1-2).**
- *En bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons* ***die deur van die woord*** *mag open om* ***te spreek*** *van die Verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook* ***in boeie is,*** *dat ek dit* ***openbaar kan maak*** *soos ek dit* ***behoort te spreek*** **(Kl 4.3-4).**

## 3.0.7 - IN EF B (EF 1 - 3 WAT DIREK AAN DIE HEIDENE* GERIG IS) KOM DIE TERM 'VERBORGENHEID' VIER KEER VOOR [144]

§7

- *Deurdat Hy aan ons na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het die Verborgenheid van sy wil* ***bekend gemaak het*** *as 'n* ***dispensasie van die volheid van die tye,*** *met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is,* ***onder een hoof in Christus te verenig*** **(Ef 1.9-10).** (My eie vertaling).
- *As julle ten minste gehoor het van die* ***bediening*** (dispensasie) ***van die genade van God*** *wat aan my verleen is vir julle, dat Hy aan my* ***deur 'n openbaring bekend gemaak*** *het die Verborgenheid, soos ek tevore kortliks geskryf het;* **(Ef 3.2-3).**

---

[144] §3.0.7: In **EF A en Ef B** saam kom die Term in 'n toenemende mate ses keer voor - twee meer as in **Kl**. Alhoewel dit geredeneer kan word dat die Efesiërs Brief langer as die Kolossense Brief is vandaar die groter toename.

- *waardeur julle, as julle dit lees,* ***my insig*** *in die Verborgenheid van Christus kan verstaan, wat in* ***ander tye*** *aan die mensekinders* ***nie bekend gemaak is nie*** *soos* (terwyl) *dit* ***nou*** *aan sy heilige Apostels en profete* ***geopenbaar is*** *deur die Gees, naamlik dat* ***die*** **Heidene*** ***mede-erfgename*** *is en* ***medelede van die liggaam*** **('n mede-Liggaam)** *en* ***mede-deelgenote aan sy belofte in Christus*** *deur die evangelie* **(Ef 3.4-6).**
- *Aan my, die geringste van al die Heiliges, is hierdie genade gegee om onder die Heidene* die evangelie van die* ***onnaspeurlike rykdom van Christus*** *te verkondig, en vir almal* ***aan die lig te bring*** *wat die* ***dispensasie*** *is van die Verborgenheid wat* ***van alle eeue af verborge was in God*** *wat alles geskape het deur Jesus Christus,* **(Ef 3.8-9).**

## 3.0.8 - IN DIE ROMEINE 16.25-27 SLOTPARAGRAAF [145] KOM DIE TERM 'VERBORGENHEID' DAN DIE EEN KEER VOOR:

§8

- *Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens* ***my evangelie*** *en die* ***prediking van Jesus Christus****, ooreenkomstig die* ***openbaring van*** *die Verborgenheid wat eeue lank* ***verswyg is****, maar* ***nou geopenbaar is*** *en deur die* ***profetiese Skrifte bekend gemaak is*** *onder al* ***die*** Heidene*, *volgens die* ***bevel van die ewige God****, tot gehoorsaamheid van die geloof; aan die alleenwyse God, aan Hom die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen.* **(Rm 16.25-27).**

## 3.0.9 - ONDERSKEIDENDE TAALKRITERIA VAN DIE VERBORGENHEIDSBRIEWE EN RM 16.25-27:

§9

Opgesom en saamgevat het ons nou die volgende waarvan ons moet kennis neem: die **allerbelangrikste uitsprake** rondom en spesiale terme, sommige uitsluitlik geassosieer met Die Verborgenheid van die Verborgenheidsbriewe wat aan Paulus geopenbaar is in die gevangenis. **Lemmer (1998:483)** neem waar: "Besides particular religious overtones, probably drawing from Jewish apocalypticism and mysticism, Gr *musterion* fulfills a rhetorical role in Ephesians. It is always used to introduce some salient information. Thus it is also strategically placed within the setup of the letter." Tot 'n mate is dit ook waar van Kolossense.

# 3.1.0 - DIE TOENAME IN DIE GEBRUIK/VOORKOMS VAN DIE TERM 'VERBORGENHEID' [146]

## 3.1.1 - TOENAME IN DIE GEBRUIK IN DIE GEVANGENISBRIEWE

Die eerste aspek wat uitgelig moet word, is: Paulus gebruik die term μυστήριον twintig/een-en-twintig keer van die sewe/agt-en-twintig keer wat dit in die NT voorkom, in sy Geskrifte - tien/elf keer in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte en tien keer in sy Gevangenisbriewe. Tereg merk **Ridderbos (1973:42)** op: "Welk een dominerende plaats deze uitdrukking in het geheel van Paulus' brieven inneemt." Die **tien voorkomste** van die term 'verborgenheid' in **Ef A (twee keer); Kl (vier keer); Ef B (vier keer)** (die Verborgenheidsbriewe - **elf keer** saam met **Rm 16.25-27**), verteenwoordig **veertig persent** van die voorkomste in die hele NT! Dit is geweldig baie as in aanmerking geneem word dat **Kl & Ef** saam maar sowat **vier persent** van die hele NT uitmaak! Die term kom dus **tien keer meer** in die drie Verborgenheidsbriewe voor as in die res van die NT! Die opmerksame **Lightfoot (1961:168)** praat van "the one special 'mystery' which absorbs St Paul's thoughts in the Epistles to the Colossians and Ephesians" Dit kan met vrymoedigheid verklaar word dat die tema van 'Die Verborgenheid' **'n baie belangrike begrip** vir Paulus in die drie Verborgenheidsbriewe geword het.

## 3.1.2 - TOENAME IN DIE GEBRUIK VAN DIE TERM IN DIE VERBORGENHEIDSBRIEWE

Wat ook opval is dat die tema van die Verborgenheid eers sporadies voorkom in die Verborgenheidsbriewe. Dit kom sommer uit die bloute voor in **Ef 5.32** (*Hierdie verborgenheid is groot!*). Dan weer in **Ef 6.19** (Bid vir my vir 'n woord!). Die volgende is die drie gevalle bymekaar in **Kl 1.26, 27 en 2.2** waar ons 'n 'vae' verwysing na die moontlike inhoud het - 'Christus onder/in julle'. Dan weer die enkele geval in **Kl 4.3** (Bid vir 'n geopende deur vir die woord van die Verborgenheid!). Dit is eers in **Ef B (1 - 3)** waar Paulus behoorlik rigting kry wat dit aan betref. God se doel volgens Sy voorneme in hierdie geopenbaarde Verborgenheid is die dispensasie om alles onder een hoof in Christus te verenig **(Ef 1.9-10)**. Dan is daar die aanloop tot die Verborgenheid in **Ef 2.11-22** en uiteindelik die finale bekendmaking van die openbaring van die Verborgenheid in **Ef 3.1-9** en waar die term drie keer voorkom, in die dispensasie van die genade waarin die finale inhoud van die stand van die Heidene* aangetoon word.

---

[145] §3.0.8: Sien 2.2.4 op bls 82 - Die bespreking rondom die saak van die **Rm 16.25-27** slotparagraaf
[146] §3.1.0: Sien Afd 2.2.0 - 'Voorkoms en Verspreiding van die term 'Verborgenheid' in die Nuwe Testament

# 3.2.0 - DIE VERBORGENHEID SLEGS IN DIE ENKELVOUD IN DIE VERBORGENHEIDSBRIEWE EN RM 16.25-27

Die tweede algemene opmerking met betrekking tot hierdie Verborgenheid wat in so 'n toenemende mate in die Verborgenheidsbriewe voorkom, is:

## 3.2.1 - 'VERBORGENHEID' WORD NET IN DIE ENKELVOUD AANGEWEND

§1

Alhoewel dit op sigself nie vanselfsprekend en belangrik is nie, word dit as deel van die groter geheel 'n punt om in ag te neem dat Paulus in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte die term 'verborgenheid' drie uit die nege keer in die meervoud aanwend **(1 Kr 4.1; 13.2; 14.2** - dit kom natuurlik ook in die meervoud voor in **Mt 13.11** en **Lk 8.10)**. **Hendriksen (1964:88)** sê: "...the sense in which the term (generally in the plural: *mysteries*) was at that time being employed outside of the circles of true Christianity." **Foulkes (1989:169)** stem saam: "It is used more generally in the plural of divine truths (as in I Cor. 4:1; 13:2 and 14:2)." Daarenteen gebruik Paulus dit in die Verborgenheidsbriewe uitsluitlik in die enkelvoud soos **Schnackenburg (1991:58)** tereg opmerk: "The author of Eph. never speaks of mysteries in the plural". Wanneer dit in die enkelvoud gebruik word, sê **Foulkes (1989:169)** dat dit gedoen word "... as here, to denote some particular deep truth of the divine plan which has been revealed (*cf.* Rom. 11:25; 1 Cor. 15:51)."

§2

Soos ons sal sien is dit deurgaans een en dieselfde enkele verborgenheid wat ter sprake is en waarom dit gaan. **Lightfoot (1961:168):** "In one passage only throughout these two epistles is *μυστήριον* applied to anything else: Ephes. v. 32. The same idea of the *μυστήριον* appears very prominently also in the thanksgiving , apparently added later than the rest of the letter at the end of the Epistle to the Romans, xvi. 25 sq." **Caragounis (1977:143)** huldig dieselfde opinie: "... they are not different *mysteria*, but wider or narrower aspects of one and the same *mysterion* - God's *mysterion* in Christ." In sy kommentaar op **Kl 1:27** sê **Lohse (1971:76)**: "Since the content of the mystery is nothing other than "Christ among you," it is no longer a matter of various mysteries concerning God's eschatological plan as in Jewish apocalyptic. Rather, the revelation of one mystery is proclaimed."

## 3.2.2 - GEKWALIFISEERDE EN ONGEKWALIFISEERDE GEBRUIK

§3

Wat meer is: Waar die term 'Verborgenheid' buite die Pauliniese Gevangenis-gebruik, elke maal **sonder uitsondering gekwalifiseer** word, naamlik - Die Verborgenheid/hede *van die Koninkryk** **(Mt 13.11; Mr 4.11; Lk 8.10)**; van *die sewe sterre* **(Opn 1.20)**; *van God* **(Opn 10.7)**; van *die groot Babilon* **(Opn 17.5)**; van *die vrou* en *die dier* **(Opn 17.7)**; van *die ongeregtigheid* **(1 Ts 2.7)**; van die *wysheid van God* **(1 Kr 2.7)**; *van God* **(1 Kr 4.1)**; sal *nie almal ontslaap nie* **(1 Kr 15.51)**; van die *verharding ten dele oor Israel* **(Rm 11.25)**; van *die geloof* **(1 Tm 3.9)** en van *die godsaligheid* **(1 Tm 3.16)** [147] - is dit **vyf maal** in die Verborgenheidsbriewe die **Verborgenheid op sigself** wat ter sprake is en waarom dit gaan **(vgl. Kl 1.26; Ef 5.32; 3.3, 9; Rm 16.25)** sonder dat dit gekwalifiseer word. Verder raak dit vier maal in direkte verklarings, Christus as Persoon **(Ef 5.32; Kl 1.27; 2.2; 4.3; Ef 3.4)**. Een maal elk het dit te make met die Verborgenheid van die Evangelie **(Ef 6.19)** en die Verborgenheid van Sy wil **(Ef 1.9)**. Dit is onmiddellik duidelik dat ons in die Verborgenheidsbriewe met 'n splinternuwe aspek van God se historiese heilsplan te make het!! (Soos dit algaande duidelik sal word!).

[147] §3: Die twee voorkomstes in **1 Kr 13.2 & 14.2** rakende die charismata, is nie relevant vir ons studie nie

# 3.3.0 - (HIER)DIÉ VERBORGENHEID

Die derde algemene opmerking rakende **hierdie Verborgenheid** wat in so 'n **toenemende mate** in die Verborgenheidsbriewe elke maal **in die enkelvoud** voorkom, is:

## 3.3.1 - 'VERBORGENHEID' IS ALTYD MET DIE LIDWOORD GEKOPPEL

§1

Waar Paulus die term **vier** uit die nege keer in sy Vroeë Geskrifte **sonder die lidwoord** gebruik het, kom dit in **al elf** die gevalle in sy **Verborgenheidsbriewe en Rm 16.25-27 nooit 'n enkele keer sonder die bepaalde lidwoord** voor nie! Dit onderstreep al klaar die belangrikheid van hierdie saak in die **Verborgenheidsbriewe**. **Wenham (1970:2)** sê van die lidwoord: "The article, which is in fact a kind of adjective, is also sometimes classed as a separate part of speech. In English we have both the *definite article* ('the') and the *indefinite article* ('a'), but in Greek there is no indefinite article." Dit impliseer dat wanneer die lidwoord in die Grieks saam met 'n naamwoord gebruik word, daardie naamwoord dan spesiaal beklemtoon word. [148] **Dunn (1996:177)** sê bv. in sy kommentaar op **Kl 2:17-18** rakende die lidwoord: "The Christ (the definite article should be given due weight here) is the fulfillment of Jewish eschatological hope." So behoort ons deeglik kennis te neem van die feit dat die lidwoord elke maal aan die term 'Verborgenheid' gekoppel is in die Verborgenheidsbriewe.

## 3.3.2 - DIE DUBBELE BEKLEMTONING VAN 'VERBORGENHEID'

§2

Wat verder opmerklik is, is die dubbele beklemtoning: *τὸ μυστήριον τοῦτο* in **Ef 5.32; Kl 1.27.** Hierdie dubbele beklemtoning gekoppel aan die term 'verborgenheid' kom glad nie in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte voor nie en vereis ook ons spesiale oorweging. Die feit dat die Heilige Gees op hierdie wyse ons aandag op **hierdie Verborgenheid** wou vestig, het ons aandag heeltemal ontglip!

---

[148] §1: Sien **Fee (1994:15e.v.)** se bespreking oor die gebruik van die lidwoord saam met 'Gees' in die NT

# 3.4.0 - HIERDIE VERBORGENHEID IS GROOT

## 3.4.1 - WAT Sê DIE SKRIF?

*Hierdie verborgenheid is groot ( μέγα ἐστίν ),*

*maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente.*

**(Ef 5.32)** [149]

§1

Die eerste spesifieke verklaring deur Paulus met betrekking tot **hierdie Verborgenheid** wat in so 'n **toenemende mate** in die Verborgenheidsbriewe elke maal **in die enkelvoud** voorkom en boonop altyd **beklemtoon** word deur die **lidwoord**, is dat dit **'GROOT'** is:

## 3.4.2 - DIE LIG GAAN VIR PAULUS OP

§2

Die skrywer wil begin met die woorde van hierdie teksvers wat syns insiens die eerste vermelding van die nuwe Verborgenheid is wat in die Verborgenheidsbriewe deur Paulus gemaak word. [150] Hier het hy daarvan bewus geword dat God besig was om iets aan hom te toon. Hier het dit vir hom duidelik begin word dat God 'n nuwe verborgenheid Hy aan hom wil openbaar. Die Gees het begin om die 'Toekomstige Dinge' aan hom bekend te maak. Die 'nuwe' leerstellings wat in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte na vore gekom het, was almal vanuit die OT gesubstansieer en was geen nuwe openbarings nie. Hier het nou aspekte na vore begin kom wat geen OTe agtergrond gehad het nie en wat hy nie kon verklaar nie. **Scott (1930:124)** herinner dat "... just as Handel composed the 'Hallelujah Chorus' on his knees, so Paul wrote this sublime epistle, in which he tries to penetrate the 'mystery' - the ultimate design of God."

## 3.4.3 - DIE VERBORGENHEID SELF IS GROOT

§3

*Τὸ μυστήριον τοῦτο μέγα ἐστίν* **(Ef 5.32)**. In sy Vroeë Geskrifte gebruik Paulus *μεγα* ook eenmaal saam met die term 'verborgenheid' in **I Tm 3.16**. **Foulkes (1989:169)** sê op **Ef 5.32**: "(1 Tim. 3:16 affords a close parallel to the expression at this point.)." Tog is daar 'n wesenlike verskil - In **Tm** staan die grootheid nie met betrekking tot die term 'verborgenheid' op sigself nie, maar in

---

[149] §0: **Hendriksen (1972:256 Vn 162)** lys 'n hele paar onaanvaarbare verduidelikings van hierdie teks.

[150] §2: Sien my betoog in my werkstuk *Die Verborgenheid van 'n Twee-in-Een* op die eksegese van **Ef 2.11-3.13** dat die Efesiërs Brief bestaan uit twee afsonderlike dokumente, **Ef 4-6** en **Ef 1-3** wat saamgevoeg was en dat **Ef 4-6** eerste

verband met die godsaligheid (μέγα ἐστιν τὸ τῆς εὐσεβείας μυστήριον): *En, onteenseglik, die verborgenheid van die* ***godsaligheid*** *is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die Heidene*, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.* Hier in die gevangenis is dit egter die Verborgenheid op sigself wat groot is.

## 3.4.4 - DIE VRAAG OOR DIE SEMANTIEK VAN DIE TERM 'VERBORGENHEID' HIER

§4

Ons moet nie net die vraag beantwoord wat **Moritz (1996:142)** stel nie: "Does the quotation refer to human marriage or to the Christ-church relationship, or perhaps even both?" maar ook dié op die semantiek van die term hier in die lig van **Louw & Nida** se definisie. [151] **Morris (1994:I88)** lig dit uit dat "Expositors differ, with some putting their emphasis on the hiddenness (cf. REB, "There is hidden here a great truth"), others on the fact that it is made known (cf. GNB, "There is a deep secret truth revealed in this scripture")." Vir **Roberts (1990:I67)** is dit ook nie "dadelik duidelik wat hier met die woord *geheimenis* bedoel word nie. Klaarblyklik het dit nie die sin waarin ons dit elders by Paulus en ook in hierdie brief aantref nie, naamlik dié van iets wat vroeër onbekend, geheim, was maar wat nou deur God as 'n openbaring bekend gemaak is (vgl by 3 :4-7). Ons sou dit miskien kon verstaan in die sin van iets wat verbasingwekkend is: "Hierdie saak is iets waaroor 'n mens jou regtig kan verwonder"."

§5

Daar is studente wat glo dat die term dieselfde betekenis het as die res van die voorkomste in die Verborgenheidsbriewe: dat dit verborge was, maar nou geopenbaar is soos **Moritz (1996:146)** wat betoog dat "There does not appear to be a need to regard the use of μυστήριον in ch 5 as unique within the epistle", en sê ook: "The emphasis falls not on the mysteriousness but on the magnitude of that which has been hidden. This does no injustice to the term "mystery"." **(Moritz [1996:142])**. **Foulkes (1989:169)** merk op: " 'This mystery is a profound one', is the RSV translation. The sense is 'The truth that lies here, hidden but revealed in Christ, is a wonderful one'. NEB gets it well, 'It is a great truth that is hidden here'." Die gebruik van die term hier kan volgens **Liefeld (1997:149)** bloot geneem word "as a reference to something mysterious. It is related, however, to its uses elsewhere in Scripture, meaning both that which the human mind cannot know without divine revelation and that which God is doing in his wise plan." 'n Ander nuanse word deur **Schnackenburg (1991:255)** uit-

---

geskrywe was, daarna **Kl** - albei steeds volgens God se vaste beleid aan die Joodse Ekklesia* - en laastens **Ef 1-3** - die 'Profetiese Geskrif' direk aan die Gelowige Heidene* in opdrag van God soos vervat in **Rm 16.26**.

[151] §4: Sien Afd 2.1.3 - bls. 76 - §6

gelig: " 'The mystery' is called 'great' not because of its obscurity but because of its meaningfulness (cf. 1 Tim 3.16)."

§6

**Lightfoot (1961:168)** daarenteen huldig die gedagte dat die semantiek hier verskil: "In one passage only throughout these two epistles is *μυστήριον* applied to anything else, Ephes. v. 32." **Caragounis (1977:59:Vn 15)** merk op dat daar in hierdie Teks 'n spesiale aanwending van die term is "verging more on the incomprehensibility of the union of the Church with Christ (and of the husband with the wife) rather than on the salvation-historical significance of the term in chs. 1 and 3." Vir **Allan (1968:130)** "The word MYSTERY is not used here in the same sense as in 1.9 f.; 3.3-6, but in the sense of 'symbol'."

§7

Die skrywer wil sy standpunt, dat ons hier met die semantiek van 'N GROOT GEHEIM te doen het, skaar by **Hodge (1964:35l)**: "The word *μυστήριον* is used here, as it is every where else, for something hidden, something beyond the reach of human knowledge", en dan noem hy drie redes waarom die saak hier 'n verborgenheid is: "Whether its being thus hidden arises ... from its lying in the future, or because of being imperfectly revealed, or because it is in its own nature incomprehensible," en sê dan dat die strekking bepaal moet word deur die sinsverband: "In this place", sê hy, "the last is probably the idea intended. The thing itself is beyond our comprehension." **Robinson (1904:I26)** se siening is vir my deurslaggewend:

§8

> But the corresponding word in Greek is not so used: it retains its proper meaning of magnitude or importance: so that 'a great mystery' means 'an important or far-reaching mystery'. Here the word 'mystery' probably signifies either something which contains a secret meaning not obvious to all, or the secret meaning itself. Accordingly the Apostle's words mean either that the statement which he has quoted is a symbolical statement of wide import, or that the secret meaning therein contained is of wide import.

§9

Ons het dus hier te doen met die semantiek van 'n verborgenheid waarvan die inhoud onbekend is. Die **NEB** en **REB** vertaal dit: "there is hidden here a great truth" Die versoek om voorbidding in **Ef 6.19-20** bevestig dit.

## 3.4.5 - DIT VERWYS NA CHRISTUS EN DIE EKKLESIA* AS SY LIGGAAM

§10

Ten spyte van die semantiek van die voorafgaande paragraaf is daar tog al 'n aanduiding in dit wat Paulus sê van die strekking van die Verborgenheid waarmee hy worstel. Dit het te make met Christus

en die Ekklesia*. [152] "There is more here than appears on the surface; there is an inner meaning of high importance: I speak it - or, I use the words - of Christ and the Church." **(Robinson [1904:127])**. **Schnackenburg (1991:255)** sê: "The 'great mystery' therefore lies for the author, according to his understanding of the scriptural quotation, not in marriage as such but in the relationship between Christ and Church." Vir **Hodge (1964:351)** is dit ook "... the union between Christ and his people, the fact that they are *one flesh,* he declares to be a great mystery." **Lemmer (1998:493)** wat aanneem dat die inhoud van die Verborgenheid dieselfde is as elders in die Brief Efesiërs, sê "then it is the *mystical union* between Christ and his body, the body and its Head, that is in focus here", en ook "... that this union is a *μυστήριον*; is mysterious, and resides in the mystical." **(Lemmer [1998:492])**.

## 3.4.6 - VERWYS DIT NA DIE VERHOUDING VAN DIE MAN EN DIE VROU IN DIE HUWELIK? [153]

§11

Daar is heelparty geleerdes wat die opinie uitspreek dat die opmerking van Paulus verwys na die verhouding van die man en vrou in die huwelik. **Lemmer (1998:492)** sê: "It is interesting that this union between Christ and his church is described by means of the 'physical union' between a man and woman in marriage." Vir **Moritz (1996:146)** bestaan die Verborgenheid hier nie primêr uit "... a deeper meaning inherent in the OT text, but of the new dimension added to Christian marital life. The readers are urged that awareness of being "members of his body" (v30) has ramifications in all areas of life, even the intimacy of marriage. This is particularly so because of the conceptual parallel between human marriage and the Christ-church relationship, a parallel which the author illustrates by showing that the wording of Gen 2.24 can be applied to both types of relationship." Vir **Bruce (1961:119)** is hierdie Verborgenheid groot: "That is to say, the words of Gen. 2.24 enshrine a greater truth than that which lies on the surface - a truth which Paul indicates without developing it in the present passage."

---

[152] §10: Dit is interessant om Paulus se verklaringe in die Verborgenheidsbriewe m.b.t. die Ekklesia* te sien. Wat eerstens opval is dat daar 'n skerp afname in die voorkoms van die term in die Vroeë Geskrifte van Paulus is. In **1 & 2 Ts** kom die term in elkeen twee keer voor; in **1 Kr** twee-en-twintig keer; in **2 Kr** nege keer; in **Gl** drie keer en dan heel vreemd in die oorspronklike **Rm** Brief **(Rm 1.1 - 15.31) NIE 'N ENKELE KEER NIE**! Dit is net in die addisionele slotparagrawe in Hfst 16 dat dit vyf keer voorkom. 'n Drastiese afname namate Paulus begin besef het dat die Koninkryk* nie meer opgerig gaan word nie en die Teokratiese* rol wat die Ekklesia* moes speel daarmee heen is! Daar is egter weer 'n skerp toename in die gebruik van die term in die Gevangenis Briewe: In **Fl** kom die term twee keer voor; in **Kl** vier keer en in **Ef** nie minder as nege keer nie! 'n Drastiese toename namate Paulus weer begin besef het dat die Joodse Ekklesia* as die Manlike Kind nog vir oulaas 'n belangrike funksie het om te vervul in die tot standkoming van die Kerk* as die *Corpus Christi*!

[153] §3.4.6: Die gedagte dat ons hier te doen het met 'Die verborgenheid van die Bruid van Christus' (aldus o.a. **Scofield (1967:1014)**; **Wilson (1975:32)**

§12

**Hendriksen (1972:257)** het myns insiens die semantiek verkeerd hier as hy sê: "Accordingly I can find no better answer to the question, "What is meant here by *the mystery,* that is, by *the secret that would have remained hidden, had it not been revealed?"* than the one given by Robertson in his *Word Pictures,* Vol. IV, p. 547: "Clearly Paul means to say that the comparison of marriage to the union of Christ and the church is the mystery." " **Hendriksen (1972:257)** sê egter verder: "However, he makes it very clear that he is not thinking of marriage *in and by itself*. He definitely mentions once more the link between it and the Christ-church relationship."

> To look for 'deeper' meanings for marriage (and for Gn 2:24) in connection with 5:31-32 ... is unnecessary if one understands the expression literally and in the overall sense of the mystical union between Christ and church: Head and body. Thus far in this pericope on the marriage relationship, the 'role model' of marriage was Christ and the church (and vice versa); *now* not as role-model but as analogy, the particular act of *προσκολληθήσεται* in which a man forsakes all, as well as the *καὶ ἔσονται οἱ δύο εἰς σάρκα μίαν*, becomes the analogy of the union of Christ and the church.
>
> **Lemmer (1998:492-3)**

§13

**Allan (1968:130)** dink die betekenis hier is dat die huwelik "... understood in the light of Gen. 2.23f. has a profound symbolic significance so that it at once illustrates the nature of Christ's relation to the Church and draws to itself deeper meaning from this comparison." **Wuest (1971:1:4:134)** kwoteer Vincent wat sê: "... "The reference in *this mystery* is to the preceding statement of the conjugal relation of the Church with Christ typified by the human marriage relation." The same authority translates, "In regard of Christ and the Church," and says: "Not calling your attention to the mere human relationship, but to the mysterious relation between Christ and His Church, of which that is a mere semblance."

§14

Maar dat Paulus nie hierdie opmerking maak met betrekking tot eenwording van die man en vrou in die huwelik nie, is duidelik uit die volgende: Die feit van die vleeslike eenwording van man en vrou is reeds aangeraak en aan die lig gebring in **Gn 2.24**. Die Here Jesus het dit ook uitgelig in **Mt 19.5**. Die verhouding tussen die man as hoof en die vrou is ook reeds deur Paulus in sy Koninkryk*geskrif **1 Kr 11.2-16** duidelik uitgespel. Die groot Verborgenheid hier kan dus nie oor die verhouding in die huwelik gaan nie! (Sien ook die verwysing na die vleeslike eenwording tussen 'n man en 'n hoer a.g.v. vleeslike gemeenskap in **1 Kr 6.16**).

## 3.4.7 - KONTEKSTUELE AANLEIDENDE GEDAGTES IN EF A TOT HIERDIE STELLING:

§15

Die skrywer is egter van die oortuiging dat die verklaring in **Ef 5.32** (*τὸ μυστήριον τοῦτο μέγα ἐστιν*) wat só skielik en onverwags die leser hier verras, as **'n refleksie** beskou moet word op dit wat Paulus tot op daardie stadium in **Ef A** geskrywe het. Hier is geen teologiese refleksie in **Ef 5.32** op die Christus-Kerk* verhouding gebaseer op Gen 2.24 waarteen **Moritz (1996:144)** waarsku nie. Paulus het onder inspirasie sekere dinge neergepen wat retrospektief [154] hom laat besef het dat God, wat aan hom verklaar het dat hy 'n getuie moes wees van dié dinge waarin God nog aan hom sou verskyn **(Hn 26.16),** [155] iewers heen op pad is met hom wat hy op daardie stadium nie mooi kon begryp nie. In **Ef 4.4** het die Gees hom geïnspireer om te skryf oor die Ekklesia as die 'een liggaam' van Christus wat 'opgebou' moet word **(Ef 4.12)** en dat hulle tot die 'volwasse man' en tot die 'mate van die volle grootte van Christus' moet kom **(v 13)** en dat hulle moes opgroei in Hom wat die Hoof is **(v 15)** en dat die 'groei van die Liggaam' bevorder moet word **(v 16)**. Hierdie was alles nuwe gedagtes wat vir die **eerste maal na vore gekom** het by Paulus, en dit eers in die Verborgenheidsbriewe, en só ook wanneer hy verder skryf dat hulle hul met die 'nuwe mens' (*ἄνθρωπος*) moet beklee **(v 23)**.

§16

In die onmiddelike voorafgaande konteks, [156] het hy met betrekking tot die Ekklesia* in **Ef 5.23** geskrywe dat *Christus ook Hoof is van die Ekklesia*; en Hy is die Verlosser van die liggaam*; en in **Ef 5.24** dat *die Ekklesia* aan Christus onderdanig is*; **Ef 5.25:** *Christus het ook die Ekklesia* liefgehad en Homself daarvoor oorgegee;* **Ef 5.27**: *sodat Hy die Ekklesia* voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees*; **Ef 5.29**: *want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die Ekklesia**; **Ef 5.30**: *Want ons* (d.i. hulle as die Joodse Manlike Kind) *is lede van sy liggaam*. Toe hy gevolglik in sy bespreking van die verhouding in die huwelik **Gn 2.24** kwoteer wat hom teruggeneem het na die skepping van Adam en Eva en van die man (*ἄνθρωπος*) wat een vlees met sy vrou word, het hy begin besef dat hy met 'n groot Verborgenheid te doen het wat Christus en die Ekklesia* as die nuwe skepping van die *Corpus Christi* betref.

---

[154] §15: Geskrifte is heelwaarskynlik oor 'n tydperk gedurende 'n hele paar sittings geskrywe en dat by elke nuwe sitting, dit wat reeds tot op daardie stadium geskrywe was, eers weer gelees en in oënskou geneem was.

[155] §15: Vgl sy verklaringe i.d.v. in **2 Kr 12.1; 4.6.**

[156] §16: **Martin (1981:7I)** wat aanhaal: "The term 'mystery' has always, in the biblical literature, to be defined by its context (see G. S. Hendry in Richardson's, *A Theological Wordbook of the Bible*, London, 1950, pp. 156ff)."

§17

Inteendeel, Paulus kyk verder en sien in die 'groot Verborgenheid' die verband tussen die inisiële skepping van Adam as voorbeeld **(Rm 5.14b)** van die *Corpus Christi* as die tweede/nuwe Mens en die Laaste Adam **(1 Kr 5.45-47)**. Dit is nie 'n geval van OTe beeld van die huwelik wat op die Christus-Kerk* deurgetrek word wat die groot Verborgenheid is nie - die saak lê veel dieper as dit. Dit gaan verby **Gn 2.24** na die skepping self van Adam en Eva as 'n twee-in-een wese volgens die antieke Rabbi's in **Gn 1.26, 27; 2.18, 20-21** en hoedat God hulle geskei het en weer bymekaar gebring het sodat hulle *een vlees* geword het in die mistieke vereniging tussen man en vrou. Die nuwe Mens as Liggaam van Christus is ook só 'n twee-in-een Verborgenheid met die gelowige Heidene as 'n mede-liggaam **(Ef 3.6 - *σύσσωμος*)**! Daarin sien hy die tot standkoming van die liggaam van die laaste Adam en die Tweede Mens. Tereg sê **Melvill (The Biblical Illustrator:Vol 19/Deel 1/589)**: "The Apostle Paul is brought to acknowledge that something which he had just been announcing was very mysterious; he does not attempt to deny or explain away the mystery; he leaves it in all its greatness, and in all its obscurity; but then he adds, 'I speak concerning Christ and the Church', as much as to say, "There is no reason for any surprise at there being mystery. When discourse turns on such subjects such as Christ and the Church, mystery is to be expected, mystery is not to be avoided'." **Schnackenburg (1991:255)** stem saam: "The 'great mystery' therefore lies for the author, according to his understanding of the scriptural quotation, not in marriage as such but in the relationship between Christ and Church." Só ook **Lincoln (1993:99):** "Then, in 5.31, 32, the writer interprets 'the two shall become one flesh' from Gen. 2.24 as referring to the profound mystery that God has now revealed in Christ, namely, the union between Christ and the Church." Daarby moes die implikasies van die tragedie van **Hn 28** ook tot hom begin deurdring het dat Israel as God se kanaal van heil se draad geknip was en die OTe Koninkryk* Program opgeskort was.

## 3.4.8 - DIE KERK* IS NIE DIE BRUID VAN CHRISTUS NIE!

§18

Die skrywer wil, wat as 'n verkeerde begrip gesien word, hier probeer regstel wat só algemeen is, en dit is dat Paulus hier die Ekklesia* vergelyk met 'n bruid. Bv **Roberts (1990:167):** "Maar, sê Paulus dan, soos ek dit hier gebruik, sinspeel dit op die Gesalfde en die Kerk*. Dit bring mee dat die uiteensetting oor die huwelik enersyds as 'n afbeelding dien van die verhouding tussen die Gesalfde en die Godsvolk, [157] maar andersyds ook dat die Gesalfde en sy verhouding tot die Godsvolk dien as voorbeeld vir die gelowiges oor hoe die getroudes binne die huwelik ten opsigte van mekaar behoort te staan:" Die vergelyking in **Ef 5.22-33** is egter nie van die huwelik na die 'gemeente' nie! Nee! Dit is

[157] §18: In die geopenbaarde Verborgenheid is daar geen sprake meer van 'n 'Godsvolk' nie! Daardie Koninkryksbegrip het nou plek gemaak vir die nuwe gedagte van die *Corpus Christi*

deurgaans andersom soos **Lincoln (1993:93)** dit ook waarneem: "... the writer's view of the relationship between Christ and the Church is made the prototype for his instructions about marriage." Paulus stel sekere kwaliteite van die verhouding tussen Christus en die Ekklesia* as voorbeeld vir die huwelik: SOOS Christus die Hoof van die Ekklesia* is en dit liefhet, SÓ is die man die hoof van die vrou en moet hy sy vrou liefhê. SOOS die Ekklesia* onderdanig is aan die Here, SÓ moet die vrou ook aan die man onderdanig wees. Paulus sê nie dat Die Verborgenheid groot is omdat hy in gedagte het dat die 'gemeente' die bruid van Christus is nie. Dit leer hierdie passasie nie! Die beeld van die Bruidegom en sy bruid tussen Christus en die Ekklesia* doen afbreek aan die eenheid wat daar tussen hulle is. In die huwelik kom dié eenheid eers tot stand ná die huwelik self. Die Kerk* is die Liggaam van Christus as die Nuwe Mens en die laaste Adam en nie die bruid van Christus nie!

# 3.5.0- DIE VROEËRE ONBEKENDHEID VAN DIE VERBORGENHEID:

## 3.5.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

Ons het vier afsonderlike kategoriese verklaringe in hierdie verband:

- *die Verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was* **(Kl 1.26);**
- *die Verborgenheid van Christus ... wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie* **(Ef 3.5);**
- *die dispensasie (is) van die Verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het.* **(Ef 3.9);** [158]
- *die Verborgenheid wat eeue lank verswyg is,* **(Rm 16.25).**

§1

Wat dadelik hier opval is dat dit in **drie van die vier** uitsprake oor die Verborgenheid op sigself gaan wat nooit voorheen bekend gemaak was nie. Dit is net in **Ef 3.5** waar dit gekwalifiseer is as *die Verborgenheid van Christus.*

## 3.5.2 - HIERDIE VERBORGENHEID WAS 'VERBORGE'

§2

*Van die (alle) eeue en geslagte af verborge* (Gr: *ἀποκρύπτω* – "To cause something to remain unknown, with the implication of concealment and inaccessibility – 'to keep secret, to conceal' ". **(Louw & Nida [1988:345])**. Só is dit aangewend in **Kl 1.26 en Ef 3.9** . Hierdie term kom volgens die **TR** [159] 6 keer in die NT voor: 3 keer in die Evangelies **(Mt 11.25** - ... *dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense* ... so ook in **Lk 10.21; Mt 25.18** - ... *en die geld van sy heer weggesteek* ...) en in die Sendbriewe slegs 3 keer in Paulus - elke keer gekoppel aan *μυστήριον.* (Een keer in sy vroeë Koninkryk* Geskrif **1 Kr 2.7;** en twee keer in sy Verborgenheidsbiewe: **Kl 1.26; Ef 3.9).** Die term *κρύπτω* wat vyftien keer in die Nt voorkom en wat ses keer met 'verborge/verberg'; vyf keer met 'wegsteek'; twee keer met 'bedek'; een keer elk met 'stilletjies' en 'geheim' vertaal is in die **OAV**, het grondliggend dieselfde semantiek as *αποκρύπτω*. Met die voorvoegsel *ἀπο* wat basies die gedagte van beweging weg van 'n plek beteken, het *αποκρύπτω* dus 'n baie sterker strekking van 'behoorlik' verberg of weggesteek of weerhou te wees.

---

[158] §0: **Foulkes (1989:105):** "The words 'by Jesus Chris' of earlier versions a not in the best MSS, and probably they were added as a comment, true in itself, but such as distracts the mind from die main point here, which is not that Christ was agent in creation, but that this purpose of God reaches back into the past as far as does his creative work."

[159] §2: Sommige MSS lees in **Mt 11.25 & 25.18** *κρύπτω*

(Sien punt 3.5.6 hieronder vir die stelling: *verborge was in God wat alles geskape het*)

## 3.5.3 - DIE VERBORGENHEID WAS NOOIT VOORHEEN 'BEKEND GEMAAK' NIE

§3

Nie net was dit verborge in God nie, dit is ook nooit voorheen *bekend gemaak nie* (*οὐκ ἐγνωρίθη* = *γνωρίθη* – "To cause information (*οὐκ* = not - Invoegsel myne) to be known by someone – 'to make known'. " **(Ef 3.5** - dit is net hier in die NT waar die term in 'n negerende sin gebruik word**).** Dié term kom altesaam drie-en-twintig keer in die NT voor: Drie keer in die **Ev** en een maal elk in **Hn** en **2 Pt.** Die ander **agtien gevalle** is in die Pauliniese korpus waarvan ons elf in 'n toenemende mate in die Gevangenisbriewe teëkom: Twee in **Fl**; twee in **Ef A**; drie in **Kl** en dan vier keer in **Ef B** - dus altesaam **nege keer alleen** in die drie Verborgenheidsbriewe. [160] Hieruit is dit duidelik dat hierdie Verborgenheid nooit voorheen bekendgemaak was nie. **Schnackenburg (1991:133)** merk op: "The fine distinction between 'made known' (*ἐγνωρίσθη*) and 'revealed' (*ἀπεκαλύφθη*) means that the Secret was totally inaccessible to human senses ('humankind') and could not be uncovered by any, save God himself through revelation." **Schnackenburg (1991:133)** sê verder: "For Eph. even the OT prophets with their searching and meditating on the salvation to come (cf. I Pet. 1.10-12) have no part to play (v. under 2.20)."

## 3.5.4 - HIERDIE VERBORGENHEID WAS EEUE LANK 'VERSWYG'

§4

Nie net was dit *Verborge* en nooit voorheen *bekend gemaak nie,* dit was *eeue lank verswyg* (*σιγάω* – "To keep quiet, with the implication of preserving something which is secret – 'to keep quiet about, to say nothing about.' " [161] **(Rm 16.25).** Hierdie term kom nege keer voor in die NT: twee keer in **Lk**; drie keer in **Hn** en dan slegs in Paulus: drie keer i.v.m die Gawes **(1 Kr 14.28, 30 & 34)** en dan hierdie eenmaal gekoppel aan Dié Verborgenheid. Dit is in die **OAV** sewe keer vertaal met 'swyg'; een keer met 'stil (te) bly' en dan hierdie een keer in die passief waar dit vertaal is met 'verswyg'. **Bevan (Biblical Illustrator:Vol 17:Deel 1:775)** [162] maak die kosbare opmerking: "The past ages received concerning this great truth no voice from the Divine silence."

---

[160] §3: Sien 3.7.0 - Die Bekendmaking van die Verborgenheid deur God aan die Apostels (4x - **Kl 1.27; Ef 1.9; 3.3)** asook 3.9.0 - Die Bekendmaking van die Verborgenheid deur Paulus (1x **Ef 6.19**); Die wysheid van God bekend gemaak aan die owerhede en magte in die hemele deur die Ekklesia* (1x - **Ef 3.19**); 3x is dit gebruik t.o.v. omstandighede **(Kl 4.7, 9; Ef 6.21)**

[161] §4: **Louw & Nida (1988:402)**

[162] §4: Geen datum van publikasie word aangedui nie - dié stel van 23 volumes het in die tagtiger jare verskyn.

## 3.5.5 - DIT WAS 'IN GOD' VERBORGE

§5

**Ef 3.9**: *Verborge was in God wat alles geskape het.* Net soos die Vader alleen geweet het van die dag en die uur van Jesus se wederkoms **(Mt 24.36; Mr 13.32),** impliseer dit dat hierdie Verborgenheid ook in die Vader verborge was sonder dat die Vleesgeworde Seun van God daarvan geweet het. **Caragounis (1977:107)** lewer die volgende eksegese op **Ef 3.9**: "The phrase ἀπὸ τῶν αἰώνων marks the temporal setting while ἐν τῷ Θεῷ marks the location for the concealment of the *mysterion*. The implied Agent is God. The ptc., being a vbl. Adj., stands in attributive relation to μυστήριον (P 27) and this implies that P 28 is a comment on P 27. It is stated as *Which* (*God*) *hid eternally in Himself.* " **Du Plessis (1991:46)** sê: "Dit dui eintlik op wat slegs in God se raadsplan bekend was en tot nou toe nie bekend gemaak is nie." Die verloop van die wêreld se geskiedenis en veral dié van Israel, in die openbaring van hierdie Verborgenheid, moet gesien word as 'n 'liniêre progressie' en was volgens **Dunn (1996:I20)** "... determined from the beginning by the one God. It is a secret purpose, hitherto "hidden" by divine intention (as in Luke 10:21; I Cor. 2:7; Eph. 3:9)." Die inisiatief het uit God self gevloei. Hierdie geheim van God, sê **Roberts (1990:36)** "... het bestaan uit 'n plan wat Hy Hom voorgeneem het, 'n oogmerk wat Hy Hom gestel het (*sy besluit en voorneme*)." God se doel verklaar **Robinson (1904:79)** "... is an eternal purpose - 'a purpose of the ages', ... but it was the very purpose of Creation itself." Dit was volgens **Foulkes (1989:105)** "... by no means as afterthought in the mind of God. God is spoken of here as the one *who created all things*, in order to imply that this was his purpose from the beginning of the creation." Hierdie titel vir God, wys vir **Bruce (1961:64)** "... that He is the One who fashions everything in accordance with His sovereign decrees ...". Hierdie uitdrukking vestig ook die aandag op God se soewereiniteit volgens **Hendrik-sen (1972:158)**: "He is the God who, by virtue of the very fact that he created All things, also proves himself to be the sovereign Disposer of their destinies. In other words, he does not owe it to any one to explain why for a long time the mystery was concealed." Vir **Lohse (1971:73)** is die Verborgen-heid van **Kl 1:26**: "That which was present in God's decree from eternity ..."

§6

God is ook **die Skepper van die dispensasie/plan** van hierdie Verborgenheid. God het dus Sy plan met die Kerk* uit die Heidene* as kanaal van Sy heil tot die wêreld van die begin af gereed gehad, sou Israel faal en nie tot bekering kom nie! **Roberts (1990:87):** "Omdat hy wil sê dat die Skepper van die begin af sy plan vir sy skepping gereed gehad het. En alhoewel dié plan vir so 'n lang tyd nie bekend geword het nie, is dit tans wel duidelik dat die Skepper nou sy plan met sy skepping aan die uitvoer is."

§7

God kon ook nie in die Handelinge Periode Die Verborgenheid bekend maak, terwyl Hy nog **met Sy OTe Koninkryk* Program** vir Israel besig was nie. God is nie **duplisties** in Sy optrede nie. Hy het nie 'n **'geheime agenda'** gehad nie. Daarom was die aanbod van die Koninkryk* aan Israel in die Handelinge periode onder die bediening van die Heilige Gees met die gepaardgaande beloftes dat die Here Jesus vóór 70 nC sou terugkeer om die Koninkryk* op te rig as Israel haar bekeer het, alles *bona fide* offers en beloftes. Omdat Hy God is kon Hy alleen op só 'n wyse optree.

§8

Hy moes ook ten volle **geregverdig wees** in Sy optrede **(Rm 3.4; 1 Tm 3.16)** wanneer Hy Sy 'geheime plan' geopenbaar het en die dispensasionele veranderinge wat daarmee gepaard gegaan het, in werking gestel het. Israel moes eers die *sonde tot die dood toe* pleeg **(Rm 6.16; 1 Jh 5.16)** en teen die Heilige Gees laster **(Mt 12.31-32)** en die Gees van genade smaad en weerstaan **(Hb 10.29; Hn 7.51)** voordat God van plan kon verander. Israel moes haar eie lot eers behoorlik verseël het.

§9

God kon ook nie Israel as Sy kanaal ter syde stel op grond van die verwerping deur **slegs 'n deel van die volk nie**. Die Nuwe Testament en die offer van die Koninkryk* moes ook aan alle **Jode van die diaspora** gemaak word sodat die **hele Israel** die geleentheid gehad het om dit aan te neem of te verwerp. Toe die laaste Jode in Rome ook hulle harte verhard het, het God Sy finale oordeel teen hulle uitgespreek **(Hn 28.25-27; vgl. Js 6.9-12)**. Toe eers was Hy geregverdig in Sy optrede om hulle as Sy kanaal ter syde te stel en Sy 'geheime plan' na vore te bring van die Heidense Kerk* as die Liggaam van Christus en as nuwe skepping en as kanaal van Sy heil tot die wêreld.

§10

Daarby moes Hy ook **eers 'n 'volledige' offer** van die Koninkryk* aan Israel maak. Hierdie aanbod moes die versoening aan die Kruis en alles wat daarmee gepaard gaan, insluit. Daar moes eers versoening aan die Kruis bewerk word **(Lk 17.24-25; 24.26; 1 Pt 1.11)** en die Koninkryk* finaal aan Israel aangebied en Israel 'n finale kans gegee word om tot bekering te kom. Dit het in die spesiale Handelinge dispensasie geskied.

§11

Israel sou in elk geval in die lig van die OTe verbondsbeloftes nie verder in God belanggestel het as hulle moes weet dat hulle uiteindelik as God se Kanaal van seën tot die wêreld tersyde gestel sou word en daar 'n nuwe 'Heidense' liggaam, die Kerk*, i.d.v. tot stand sou kom nie. Hulle sou in daardie geval eenvoudig nie verder in God en Sy doel met hulle as volk, belanggestel het nie. **Bullinger (1974:212:Byvoegsel 193 - kol 2)** merk op: "We cannot know the whole purpose of God in keeping this concealed all through the ages; but one thing we can clearly see, viz. that had God made it

known before, Israel would of necessity have had an excuse for rejecting the Messiah and His kingdom. "

## 3.5.6 - DIT WAS DUS NOOIT VOORHEEN GEOPENBAAR NIE

§12

Hieroor is daar redelike konsensus tussen akademici. Dit was nie in die OT geopenbaar nie. Wat bekend gemaak is, sê **Roberts (1990:36)** "was vroeër 'n *geheimenis*, iets wat destyds 'n geheim gebly het (vgl Rm [sic] 11:25-26)." Dit was volgens **Wiley (1985:352)** "kept secret since the foundation of the world until finally revealed by God in NT times." God het volgens **Caragounis (1977:142)** "... made known to him His *mysterion* concerning them (3: 3 ff.), which was heretofore unnoticed (3: 5)." **Wiley (1985:357):** "These truths were not revealed in the OT." Hierdie Verborgenheid wat nou aan God se Heiliges geopenbaar is, is volgens **MacArthur (1992:78)** "... that **which has been hidden from the past ages and generations**, namely the Old Testament era and people ...", wat verder die opinie huldig: "Still other things were hidden in the Old Testament but have now been revealed in the New. The New Testament calls them mysteries (*musterion*)." **[MacArthur (1992:78)]**.

§13

**Hendriksen (1964:88)** se kommentaar op **Kl 1.26, 27** is: "... had been *hidden*, - that is, for ages and generations (lit. "since the ages and since the generations") it had not been historically realized." **Robinson (1904:79):** "It has remained concealed since the beginning of things." **Ridderbos (1973: 43):** "„Verborgenheid", „geheimenis" etc. heeft daarom behalve een noëtische ook een duidelijk historische connotatie: het is datgene wat nog niet verschenen is, wat nog in de raad Gods bestaat en zich nog niet als vervulling daarvan in de geschiedenis heeft gerealiseerd." **Hendriksen (1967:157)** sê verder op **Ef 3:9**: "From the beginning of time the mystery had been concealed." **Schnackenburg (1991:I38-I39)** verklaar **Ef 3.9**: "The schema of revelation contrasts the Mystery hidden since eternity (cf. I Cor 2.7 *πρὸ τῶν αἰώνων*; Rom. 16.25) with the uncovering of God's manifold wisdom which has taken place 'now' (v. 10]."

§14

Maar hierdie geopenbaarde Verborgenheid was ook nie in NTe tye, voor en na die Kruis, gedurende die Vier Evangelies en selfs in die spesiale Handelinge Dispensasie, ter sprake nie. Dit is net **Lightfoot (1961:168)** wat die naaste hieraan kom: "Not only was this mystery unknown in remote periods of antiquity, but even in recent generations." Daarom kan Paulus kategories verklaar dat die Verborgenheid 'NOU' aan 'HOM' eers in die gevangenis ná **Hn 28** geopenbaar was.

## 3.5.7 - DIE VERBORGENHEID WAS VOORHEEN GEDEELTELIK GEOPENBAAR

§15

Daar is diegene wat van die opinie is dat hierdie Verborgenheid voorheen reeds gedeeltelik geopenbaar en aangeraak was deur die OTe profete soos **Bruce (1961:32)**: "... a purpose conceived in Christ and to be fulfilled in Christ - which at best only faint adumbrations had hitherto been perceived." **Hendriksen (1964:88)** se kommentaar op **Ef** verskil in die verband met dié op **Kl 1.26, 27**: [163] "It was present, to be sure, in the *plan* of God and also in *prophecy*, but not in *actuality*." **Wiley (1985:353)** weerspreek ook die hele gedagte van 'n 'geopenbaarde verborgenheid' wanneer hy verklaar: "Therefore, in the first NT revelation of the mystery, Jesus taught that it was mysterious not only because it was never revealed before". Só sê **Hodge (1964:351)** dat die verborgenheid bestaan omdat dit voorheen "... being imperfectly revealed." **Foulkes (1989:105)** huldig dieselfde gedagte: "It is a *mystery* (as he has said in vv. 4-5) not at all fully communicated before, but by no means as afterthought in the mind of God." **Hay (2000:75-76)** se opinie is: "The general concept might not seem to fit well with ideas that the God of Jesus revealed himself in the Jewish Scriptures (cf. 1 Cor 10:4; Gal 3.8), but the sense could be that God's revelation in those scriptures was not made plain until the coming of Christ (cf. Luke 24:32, 45)." Al hierdie spekulasie ten spyt, bly die feit dat die term 'verborgenheid' in 'n Bybelse sin beteken dat 'n saak geheel en al onbekend en geheim is, totdat die oomblik aanbreek dat dit openbaar word en in die heilsgeskiedenis realiseer. Daardie tydstip het, wat hierdie Verborgenheid betref, eers ná **Hn 28** in die gevangenis aangebreek.

## 3.5.8 - VIR WIE WAS DIT VERBORGE GEWEES?

§16

**Foulkes (1963:53)** wys op die ongewone siening van *eeue en geslagte* in **Kl 1.26**:

> "It has been suggested, e.g. by E. F. Scott, (*Colossians Philemon and Ephesians* (*Moffatt New Testament Commentaries*), 1948) that these refer to angelic powers such as are described by these titles in the gnostic hierarchy; and in view of the similar passage in Ephesians iii. 5-10, where Paul speaks not only of men but also of angels as those from whom the secret was withheld, this is a possible position. A similar view appears in Bengel's (*Gnomon of the New Testament,* Vol. Iv, 1873) suggestion that *ages* refers to angels and *generations* to men."

[163] §15: Vergelyk §5 en §13 hierbo

Hy sê egter verder: "The context here in Colossians however, speaks of men being the objects of the revelation. It is possible therefore to take *ages and generations* in their literal sense. The thought then would be that through all the ages of time and from all the generations of men this secret was hidden, but it has now been revealed to God's people.

**(Foulkes [1963:53])**.

§17

**Marshall (1996:193)** kwoteer: "Dunn stresses that God's plan was unknown to humanity, including the Jews." Vir **Robinson (1904:77)** sluit die *mensekinders* van **Ef 3.5**: "... whom it so deeply concerned, knew it not as yet: it was hidden away from Jew and from Gentile alike", in. **Lohse (1971:73)** is korrek in sy stelling dat dit "... which neither angels nor men could ascertain, is now proclaimed publicly (1 Cor 2:7f)."

# 3.6.0 - DIE TYDSTIP TOE DIT GEOPENBAAR WAS

## 3.6.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

- *van die eeue en geslagte af verborge was, maar NOU geopenbaar is* **(Kl 1.26).**
- *wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie soos dit NOU aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is deur die Gees,* **(Ef 3.5)**
- *die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is, maar NOU geopenbaar is* **(Rm 16.25, 26)**
- *aan wie God WOU bekend maak* **(Kl 1.27).**

§1

Om 'n grafiese beeld te verkry van die agtergrond van hierdie woorde, sien **punt G** van die NTe Struktuur op bls. 25. Hierdie woorde is geskrywe deur Paulus in ongeveer 65 nC vanuit die gevangenis te Rome. Dit is geskrywe aan die einde van sy loopbaan na amper dertig jaar se bedieningsondervinding.

## 3.6.2 - DIT IS 'NOU' GEOPENBAAR

§2

Ons het drie kategoriese verklaringe in die gevangenis deur Paulus dat hierdie Verborgenheid eers daar - 'nou' - aan hom geopenbaar was. **(Kl 1.26; Ef 3.5; Rm 16.26)**. 'Nou' is *νῦν* – dié Griekse bywoord van tyd het volgens **Louw & Nida (1988:1:634)** semanties slegs twee betekenisse wat basies dieselfde is: **(a)** "A point of time simultaneous with the event of the discourse itself – 'now'" en **(b)** "a time shortly before or shortly after the time of the discourse - 'just now, presently' " **Vine (1940:Vol 3:119)** bied dieselfde verklaring: "NUN (*νῦν*) is used (*a*) of time, the immediate present, whether in contrast to the past, ... or to the future ... ; (*b*) of logical sequence, often partaking also of the character of (*a*), now therefore, now however, as it is". Dié Verborgenheid wat verborge was, nooit voorheen bekend gemaak was nie en eeue lank verswyg was, is NOU in die gevangenis geopenbaar en NOU ná **Hn 28** bekend gemaak.

§3

**Bullinger (1974:Bylaes:212)** bevestig in sy kommentaar: " (Col. 1.26), where "now" (Gr. *nun*) with the pret. = just now, recently." Dit skyn asof **Robinson (1904:75)** oortuig is dat die openbaring van die Verborgenheid aan die einde van die NTe tydvak geskied het wanneer hy ons aandag vestig op "The newness of the revelation, hid in God till now, but made known at last to the apostles and prophets of the Christian Church". Vir **Martin (1981:71)** is "**Now** ... the turning point in salvation

history". Die belangrikheid van die 'NOU' spilpen [164] word ook deur **Lohse (1971:74)** beklemtoon: "This is also suggested by the following "but now" (*νῦν δέ*) which emphasizes the turn of events that has come about." Die tydstip van hierdie openbaring word by implikasie verskuif na die einde van die NTe Progressiewe Openbaring deur **Dunn (1996:120)** wanneer "But "now" (the eschatological *νυν*, similar to 1:22), as that purpose nears or reaches its climax (the typical apocalyptic perception), it has been revealed." **Schnackenburg (1991:I38-I39)** dui aan: "The schema of revelation contrasts the Mystery hidden since eternity (cf. I Cor 2.7 *πρὸ Τῶν αἰώνων*; Rom. 16.25) with the uncovering of God's manifold wisdom which has taken place 'now' (v. I0]."

§4

Op **Kl 1.26** lewer **Lohse (1971:73)** die volgende bydrae:

> In Greek this sentence is broken off suddenly after a participial phrase; the words *νυν δὲ ἐφανερώθη* (but now it is revealed) mark the beginning of a new sentence, and it is not until v 27 that the content of the mystery is stated: Christ proclaimed among the nations. As the structure of the sentence already shows, v 26 depends upon a traditional formulation for which there are several parallels in primitive Christian preaching: the mystery which was once hidden is now made manifest.

§5

Omdat Paulus se Gevangenisbriewe nie van sy Vroeë Geskrifte geskei is in ons Bybels nie, en die twee Verborgenheidsbriewe ook nie bymekaar en heel laaste geplaas was nie, is die volle impak van hierdie 'NOU' nie besef nie. Daardie *'nou'* is egter volgens **Louw en Nida** se semantiese definisie baie duidelik eers in die Gevangenis te Rome ná **Hn 28** - tussen 35 en 40 jaar na die Kruis! **Ridderbos (1973:44)** konstateer: "Tegenover het "eeuwenlang verzwegen", „eeuwen en geslachten lang verborgen" etc. staat telkens het „nu" van de openbaring, het einde van de wachtende eeuwen, het uiteindelijk ingrijpen Gods naar zijn raad en belofte." En dit is wat inderdaad gebeur het! Die openbaring van die Verborgenheid was die ingryping van God in die heilgeskiedenis toe Israel uiteindelik in die Handelinge Dispensasie gefaal het en nie tot bekering gekom het nie, en God 'n plan moes maak [165] om 'n nuwe kanaal van heil tot die wêreld daar te stel - die nuwe skepping van die Kerk* uit die Heidene* as die Liggaam van Christus wat Hy as 'n nuwe dispensasie in die geopenbaarde Verborgenheid aan Paulus bekend gemaak het. **Du Plessis (1991:46)** sê: "Dit impliseer dus 'n tyd waarin uitgesien kan word na 'n beter bedeling."

---

[164] §3: **Schnackenburg (1991:I38-I39):** "The schema of revelation contrasts the Mystery hidden since eternity (cf. I Cor 2.7 *πρὸ τῶν αἰώνων*; Rom. 16.25) with the uncovering of God's manifold wisdom which has taken place 'now' (v. I0]."

§6

Die aangehaalde akademici sien natuurlik almal hierdie 'nou' as sedert die vleeswording. Die koms en kenosis van die Here Jesus as die Messias van die Jode as sodanig was egter geen 'ingryping' van God in die heilsgeskiedenis nie. Nee, dit was die vooruitbeplande doelgerigte en geprofeteerde, (d.w.s. reeds geopenbaar in die Ou Testament) handelinge van God wat alles werk volgens die raad van Sy wil **(Ef 1.11)**. **Schnackenburg (1991:133)** sê darem dat dit ná die Kruis geopenbaar was: "Only now after Christ's Cross and Resurrection has God 'made it known to us' (1.9) and that through the revelation granted 'to the holy apostles and prophets in the Spirit'."

§7

Terwyl ons hier te doen het met 'n punt des tyds, kon Paulus volgens **Louw en Nida** se semantiese veld van 'n tydstip met verwysing na 'n ander moment, (sien 67.17-64) i.p.v. *νυν* die volgende terminologie gebruik het as hy sou bedoel het dat die Verborgenheid met Christus se vleeswording na vore gekom het:

Of *ἄχρι τοῦ δεῦρο* ('the present time') - die teenswoordige tyd - tot hiertoe;

Of geopenbaar Gr *ἀφ' οὗ* - 'vandat' soos in **Lk 24.21** en **Ef 1.15;**

Of *προσφάτως* ('recently') 'onlangs' soos in **Hn 18.2;**

Of *καινότερον* ('latest, newest') soos in **Hn 17.21.**

Paulus kon ook die frase *hierdie laaste dae* **(Hb 1.1; Hn 2.17)** gebruik het, maar hy gebruik die *νυν* deurgaans en konsekwent, omdat, soos **Foulkes (1989:101-2)** aanhaal: "In particular its reality 'had burst upon Paul with all the amazement of a new revelation' (Caird)".

## 3.6.3 - NIE IN ANDER GESLAGTE GEOPENBAAR NIE

§8

In **Ef 3.5** maak Paulus die stelling dat die Verborgenheid nie in *in ander tye* (*ὃ ἑτέραις γενεαῖς* = in ander geslagte) bekend gemaak is nie. **Caragounis (1977:101)** merk in die verband op: "Accordingly, *ἑτέραις γενεαῖς* is a way of indicating the past and contrasting it with the present." Die term *γενεά* kom in die Sinoptici dertig keer voor waar dit hoofsaaklik na die Here Jesus se geslag verwys; vyf keer in Handelinge en dan verder net vyf keer in die Pauliniese Geskrifte: In **Hb 3.10** een keer waar dit verwys na die geslag van Israel in die wildernis; en dan **vier keer** verder slegs in sy **Gevangenisbriewe**: In **Fl 2.15** verwys Paulus na sy NTe *krom en verdraaide geslag*. In **Kl 1.26** is die Verborgenheid verborge *ἀπο τῶν αἰώνων καὶ ἀπὸ τῶν γενεῶν* en dan die voorkoms in **Ef 3.5** soos gemeld. In **Ef 3.21** gebruik Paulus die term in verband met die die toekoms-

---

[165] §5: Dit is uit 'n menslike oogpunt gesproke. Uit 'n Goddelike oogpunt was hierdie plan reeds in die raadslae van God voor die skepping self!

tige geslagte. Wat ons wil toon is dat die term nooit ooit deur Paulus in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte gekoppel was aan sy nege/tien keer aanwending van die term 'verborgenheid' aldaar nie. In die lig van **Caragounis** se verklaring is die kontras dus tussen die verlede en die tyd van die hede van Paulus se gevangenisskap. **MacArthur (1992:78)** verklaar gevolglik: "**Now** refers to the time of the writing of the New Testament." Hierdie feit word deur **Du Plessis (1991:46-7)** onderstreep: "Dit word ook verskerp deur die *nou* wat in teenstelling is met die vorige tye van afwagting en ontsegging." **Hay (2000:75)** stel dit in sy kommentaar op **Kl 1.26-27**: "Corresponding partly to the "once . . . now" schema of 1:21-22, the writer indicates that God deliberately concealed the saving truth from peoples of previous times but has now revealed it."

## 3.6.4 - DIE OPENBARING VAN DIE VERBORGENHEID HET TE DOEN MET DIE 'VOLHEID VAN DIE TYE'.

§9

Die begrip 'die volheid van die tyd(e)' kom drie maal in die NT voor: In **Mr 1.15**: *Die tyd is vervul en die Koninkryk* van God het naby gekom;* **Gl 4.4**: *Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet;* en dan in **Ef 1.10**: *om die volheid van die tye te reël.* Dit is belangrik om te let op **die verskil in die gebruik** in die Vroeë Pauliniese Koninkryk* Geskrif **Gl 4.4** en sy gebruik van die begrip in die Verborgenheidsbrief in **Ef 1.10** wat ook deur **Hendriksen (1967:85)** uitgelig word: "The expression "fullness of the times" (or: seasons) and the similar (though not exactly identical) one in Gal. 4:4 indicate *the moment* (Gal. 4:4) or *the period* (Eph. 1:10) when, as it were, the lower compartment of the hour glass of God's eternal decree had become filled, that is, when all the preceding times and seasons which the Father had set within his own authority had been completed (Acts 1:7; cf. 17:26). It is, in other words, "the appropriate time." Eersgenoemde lees *ἦλθεν τὸ πλήρωμα τοῦ χρόνου* (ekv) wat wys op die tyd voor Christus as 'n eenheid - *ἦλθεν* - 3e Pers. Ekv. Aor. 2, Ind. van *ἔρχομαι* = dit het gekom; letterlik: 'toe die tyd ryp was'. Christus se koms het daardie eenheid van tyd afgesluit soos **Bruce (1961:33)** sê: "At the end of one appointed period of time God sent forth His Son (Gal. 4. 4)" Alhoewel die frase 'volheid van die tye" vir **Morris (1994:23)** 'n 'moeilike uitdrukking' is, "... it appears to mean that the times of God's action in ancient Israel, illuminated by the work of the prophets, had come to their fulfillment. That era was now "full." In God se Koninkryk* Program vir Israel het die einde van die eeue en die laaste dae aangebreek en sou die Goue eeu vir Israel - die Millennium - aanbreek. Daarom praat Paulus daar van die volheid van die tyd (ekv.).

§10

In **Ef 1.10** lees ons egter: *εἰς οἰκονομίαν τοῦ πληρώματος τῶν καιρῶν* - hier verwys *καιρῶν* (mv.) na 'n reeks epogmakende gebeure. [166] **Morris (1994:23)** vermeld dat: "Here it refers to the way God ordered things through the centuries and thus "a plan for the fullness of the times." There are two Greek words for "time" and, while they cannot always be distinguished in meaning , when they are differentiated the one used here often refers to "the right time," or "the significant time." Such a meaning is appropriate here." **Foulkes (1989:61)** vestig die aandag daarop dat hier "... the word used for time is not *chronos* which connotes the passage of time in days and months and years, but *kairos* which speaks of particular times, the decisive times of fulfilment in the purposes of God." **Lincoln (1990:32)** verklaar dat die term reflekteer "... the view, found in some apocalypses, of a sequence of periods of time under God's direction." God het na Sy welbehae, aan Paulus-hulle bekend gemaak die verborgenheid van Sy wil wat Hy in Homself ten doel gestel het as (*εἰς* = tot) 'n dispensasie/plan van die volheid van die tye (gebeurlikhede) om alle dinge in Christus 'onder een hoof te verenig' - N.B. die Teenswoordige Tyd, Indikatief, Passief van *ἀνακεφαλαιώσασθαι* - **(Ef 1.9-10)**. Met volheid van die tye/'gebeurlikhede' verwys Paulus na dit wat besig was om hom daar af te speel in die groot dispensasionele veranderinge wat plaasgevind het - nou met die oog op die verdere geskiedenis wat nou 'hervat' en aangaan terwyl die Koninkryk* op-geskort is EN Israel ter syde gestel is en met die tot standkoming van die nuwe skepping van die Kerk*! **Bruce (1961:33):** "The 'fulness of the times' denotes ... the arrival of a new epoch." **Schnackenburg (1991:58)** [167] stel dit: "But here it is the starting-point for defining the implementation of the plan when the fullness of time has come."

§11

Die tyd om hierdie nuwe plan in werking te stel was nie ryp voordat Israel haar verdere geleentheid om tot bekering te kom in die Handelinge periode onder die bediening van die Heilige Gees, finaal verspeel het nie. Tot op **Hn 28 (63 nC)** het God aan Israel die finale *bona fide* aanbod van die OTe geprofeteerde Koninkryk* gemaak op die voorwaarde dat hulle hul bekeer. Dit het egter nie gebeur

---

[166] §10: Die 'volheid van die tye' in **Ef 1.10** word eskatologies deur **Roberts (1990:37)** geïnterpreteer: "Dit gaan hier om 'n reëling waarvolgens die einde van die tye tot stand gebring word. Kortom, die geheim wat voorheen onbekend was, betref God se plan om die verloop van die geskiedenis tot 'n einde te bring." **Bruce (1961:33)** sien dit ook as nog toekomstig: "When all the times and seasons which the Father has fixed by His own authority have run their course, God's age-long purpose which He planned in Christ will attain its full fruition."

[167] §10: Dit skyn asof **Schnackenburg** geen onderskeid tref tussen **Gl 4.4** se *τοῦ χρόνου* en **Ef 1.10** se *τῶν καιρῶν* wanneer hy sê: **(1991:59)** "The 'fullness of the times' indicates the climax of all earthly times, the (eschatological) time of Christ, in which God's mystery in Christ is revealed, realised and developed", en verder: "Eph. states clearly that God has proclaimed the mystery of his will when the times have reached their 'fullness'." Dan merk hy ook op: "The expression 'fullness of the times' brings to mind Gal 4.4, where Paul talks of the 'fullness of time' (*τ. χρόνου*) when God sent his Son; but Paul is contrasting the time before Christ (under the Law) with the time fulfilled with Christ (the time of freedom). The author of Eph. sees the times having passed according to God's purpose and having now reached their 'fullness'."

nie en die einde van Israel se Bybelse geskiedenis breek aan. Alhoewel **Roberts (1990:39)** Jesus se koms na die wêreld sien as die aanbreek van die eindtyd, en die Skrifverwysinge wat hy aanhaal, volgens my mening sien op die toekomstige herstel van nasionale Israel, is die volgende stelling wat hy maak opmerklik: " 'n Enkele woord moet nog gesê word oor die gedagte van die geskiedenis wat tot sy einde gebring word. Die Ou Testament verwys dikwels daarna dat God aan die einde van die tye iets besonders tot stand gaan bring (vgl bv Jes 60:20; Jr 30:24-31:1; Ml 4:I-2)." Daarom skort God daardie Koninkryk* Program op, stel Hy Israel ter syde en openbaar Hy Sy nuwe plan in die volheid van die tyd - toe die tyd daarvoor ryp was.

## 3.6.5 - 'SOOS' DIT GEOPENBAAR IS

§12

In **Ef 3.5** skrywe Paulus dat die Verborgenheid *in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie SOOS dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is* nie. Op 'soos' lewer **Caragounis (1977:102)** die volgende bydrae: "The adv. *ώς* has a host of uses. One of its chief uses is to introduce a comparison. This meaning has two nuances: a) an absolute comparison, and b) a comparison of degree. Of these, the second one seems to be more appropriate here. The Pp become (11) *In the same degree as it has now been revealed by the Spirit to the apostles and prophets."* Saam met hom huldig ook **Hodge (1964:163)** dieselfde gedagte: "The emphasis must therefore, be laid on the word *as.*. This doctrine was not formerly revealed *as,* i.e. not fully or so clearly as under the Gospel." Só ook **Foulkes (1989:101)**: "... we may take the force of the 'as' to mean 'in such measure as' or with such 'clarity as' now." En ook **Hendriksen (1967:154)**: "It is a mystery which ... was not made known to the sons of men (not even to *anybody) as* – meaning 'as clearly as' - it has now *been revealed* or *unveiled* by the Spirit." [168]

§13

'Soos' hoef egter nie noodwendig op **omvang** te dui nie maar semanties ook op **'tyd'** - 'n tydstip met verwysing na 'n ander oomblik; of die duur van tyd met verwysing na 'n sekere eenheid van tyd. **(Louw & Nida** [**1998:631,B & 647,G**] - eie vertaling). Daarom kan die sin ook lees: *wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie TERWYL dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is deur die Gees,* **(Ef 3.5)**. **Schnackenburg (1991:133)** ondersteun hierdie standpunt: "The conjunction *ώς* (as) does not in context signify a difference in degree but a completely new occurrence." Terwyl die 'soos' in die ooreenstemmende verklaringe in **Kl 1.26** en **Rm**

[168] §12: Dit word soos volg verwoord deur **Salmond (1970:304)** in sy kommentaar op **Ef 3.5** dat "The *fact* of the revelation made in pre-Christian times to the fathers and the prophets is not questioned. The matter in view is the *measure* or *manner* of the revelation. The *nun* (now) is *'in these Christian times,'* and the aorist 'revealed' defines the fuller revelation as made definitely at a former period of these times." Dit word deur **Wuest (1971:Vol 1:82)** beaam.

**16.26** ontbreek, en die Skrif dit kategories stel dat Dié Verborgenheid voorheen absoluut onbekend was, is laasgenoemde 'TERWYL' meer aanvaarbaar as 'SOOS' . (... *but now it has been revealed* - NEB; ... *but it has now ... been made plain* - Phi.).

§14

Die gedagte wat deur so baie teoloë uitgedra word dat God 'n reeds geopenbaarde Verborgenheid van die OT nou net 'verder' aan die Apostels en profete van die NT verduidelik het, en dat daar nie 'n 'nuwe' openbaring gekom het nie, is in die lig van die kriteria wat in hierdie verhandeling aangebied word, onaanvaarbaar. So 'n standpunt misken ook die implikasies van die duidelike stelling in **Jh 16.13** dat die Heilige Gees die 'toekomstige dinge' aan hulle bekend sou maak, asook die reg van God om van plan te verander, soos Hy wel hier in die Gevangenis gedoen het.

## 3.6.6 - 'NOU' IS IN DIE GEVANGENIS NÁ HANDELINGE 28

§15

Daar is egter een groot basiese fout wat eksegete maak waarteen **Showers (1991:5)** waarsku: "In light of this progress of revelation, in order for an exposition of the biblical philosophy of history to be valid, it dare not read the content of later revelation back into earlier revelation. It must not make the earlier revelation say all that the later revelation said." Dit is die fout wat eksegete maak met die nuut geopenbaarde Verborgenheid van die Gevangenisbriewe. Hulle lees die inhoud daarvan, in die openbaring van God in Christus se vleeswording in! Só byvoorbeeld **Hendriksen (1964:88)**: "*Now*, however, that is, in this present era which began with the incarnation, and even more specifically with the proclamation of the gospel to the Gentiles." Ons vind dié gedagte ook by **Lincoln (1990:31)** wat verklaar dat die Verborgenheiod van **Ef**: "... unfold different aspects of the one mystery of what God has done in Christ." Daarom die Babelse verwarring in die teologie van leerstellings wat gebaseer is op blote afleidings en filosofering! Vandaar ons 'gesofistikeerde' [169] teologie in die oorspronklike (Engelse) sin van die woord! Die openbaring en realisering van hierdie Verborgenheid het aan **die einde van die NTe tydvak** geskied - net voor 70 nC - en nie aan die begin daarvan nie! Dit was die bekendmaking van die 'Toekomstige Dinge' aan Paulus in die gevangenis nadat Israel gefaal het in God se Koninkryk* program en hulle by **Hn 28** as God se kanaal van heil tot die wêreld ter syde gestel was.

---

**Hendriksen 1972:154)**: "It is a mystery which ... was not made known to the sons of men (not even to *anybody*) *as* – meaning 'as clearly as' - it has now *been revealed* or *unveiled* by the Spirit."

[169] §15: Eng. 'sophisticate' = 1. Adulterate (now rare); falsify, tamper with (Text etc.); corrupt, spoil, by admixture of baser principle or quality. 2. Make artificial, deprive of simplicity; make worldly wise. **(Readers Digest Great Encyclopedic Disctionary [1962])**

# 3.7.0 - DIE OPENBAAR- EN BEKENDMAKING DAARVAN DEUR GOD: [170]

## 3.7.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

- *die Verborgenheid wat ...nou geopenbaar is aan sy Heiliges, aan wie God wou bekend maak* **(Kl 1.26-27).**
- *deurdat Hy aan ons die Verborgenheid van sy wil bekend gemaak het* **(Ef 1.9).**
- *dat Hy aan my deur 'n openbaring bekend gemaak het die Verborgenheid,* **(Ef 3.3).**
- *die Verborgenheid ... soos dit nou aan sy heilige Apostels en profete geopenbaar is deur die Gees* **(Ef 3.5).**

## 3.7.2 - GEEN OPENBARING DEUR GOD IN HANDELINGE DISPENSASIE

§1

By wyse van herhaling: Wat in die aanwending van die term 'verborgenheid' in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte duidelik opval, is dat Paulus daar **nie een enkele maal praat van 'n verborgenheid wat 'geopenbaar is' of 'bekend gemaak is' nie!** Nog minder dat God aan hom enige verborgenheid meegedeel of geopenbaar het! Hy meld bloot die verborgenheid van die ongeregtigheid wat al aan die werk is **(2 Ts 2.7)**; dat hulle die wysheid van God spreek wat *bestaan in* verborgenheid wat bedek is; [171] dat hulle bedienaars van die verborgenhede van God is **(1 Kr 4.1)**; dat hy hulle 'n verborgenheid meedeel **(1 Kr 15.51)**; dat hulle die verborgenheid van die ten dele verharding van Israel moet weet **(Rm 11.25)**; dat die diakens die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou **(1 Tm 3.9)** en dat die verborgenheid van die godsaligheid groot is **(1 Tm 3.16)**. **Foulkes (1989:60)** se opmerking: "and regularly words expressive of disclosure rather than keeping secret go with *mysterion* (*cf.* Col. 1:26; 2:2; 4:3)", is dus **net van toepassing op die enkele Verborgenheid** van **Kl** en **Ef** !!

---

[170] §3.7.0: **Dunn (1998:307:n.63)** - is deels reg as hy sê: "For Paul the mystery which Christ revealed focussed in God's eternal plan to bring Gentile to share equally with Jew in God's purposes of salvation." Maar wanneer hy die openbaring van die Verborgenheid koppel met die vleeswording van Christus, dan neem hy nie al die OTe profesië asook die verklaringe m.b.t. die Verborgenheid in ag nie. Wanneer hy ook verder Jood en Heiden in die huidige dispensasie van die Kerk* gekoppel hou, neem hy ook nie die huidige toedrag van sake die afgelope 2000 jaar, waar Israel hoegenaamd geen rol in die Kerk* gespeel het nie, in ag nie.

[171] §1: Die **OAV** lees 'was'. Die meeste vertalings lees egter 'wat bedek IS' - Gr *ἀποκεκρυμμένην* - akk. ekv. vr. dw. perf. pass. van *ἀποκρύπτω* - die **NAV** weerspreek eintlik homself: *Wat ons verkondig is die wysheid van God,*

§2

Só gesien, skyn die gebruik van die term 'verborgenheid' in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte diepsinnige waarhede te wees wat vir Paulus duidelik begin word het, maar wat hy nog nie in staat was om heeltemal te deurpriem nie. Dit was dus 'n spreekwyse by hom om sy lesers daarop attent te maak dat daar meer is as wat oppervlakkig voorkom om oor na te dink en geen 'verborgenheid' in die sin van ons definisie nie.

## 3.7.3 - (A) GOD HET DIE VERBORGENHEID 'GEOPENBAAR'.

§3

Daar is twee Griekse terme wat vertaal is met *openbaar*:

**(1)** Die eerste is Gr *φανερόω* – (van *φαίνω* – om aan die lig te bring, te skyn) - "To cause something to be fully known by revealing clearly and in some detail – 'to make known, to make plain, to reveal, to bring to light, to disclose, revelation'" **(Louw & Nida [1988:Vol 1:339:28.38])**. (Só in **Kl 1.26; Rm 16.26**). [172] **Dunn (1996:120)** merk op: "... not the classical apocalyptic term *ἀποκαλύπτω*, but the near synonym *φανερόω*; cf. particularly Rom. 16:26)." Dié term kom algemeen in die NT voor (nege-en-veertig keer) waarvan Paulus dit vier-en-twintig keer akkommodeer - sewentien keer in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte en sewe keer in sy Gevangenisbriewe. Die Afrikaanse uitdrukkings: 'om aan die dag te lê' of 'aan die lig te bring', is hier gepas. Die gebruik van hierdie besonderse term toon dat ons hier met 'n nuwe Verborgenheid te make het.

§4

**(2)** Die tweede is die 'klassieke apokaliptiese' **(Dunn)** term *ἀποκαλύπτω* (ww.) en *ἀποκάλυψις* (s.nw.) – Die ww. kom altesaam ses-en-twintig keer in die NT voor: tien keer in die Vier Evangelies; drie keer in die Algemene Sendbriewe; elf keer in die Vroeë Pauliniese Koninkryk* Geskrifte en twee keer in die Gevangenisbriewe. Die s.nw. kom sewentien keer voor: Een keer in die Vier Evangelies; drie keer in die Algemene Sendbriewe; elf keer in die Vroeë Pauliniese Koninkryk* Geskrifte en twee keer in die Gevangenisbriewe. **Lemmer (1998:488)** merk op: "The use of *ἀποκάλυψις* along with *μυστήριον* in verse 3 is of significance. What is related here, refers to a *specific revelation* which the author claims to have received."

§5

**<u>Wat nou baie belangrik is om op te merk</u>**: Volgens **Louw en Nida het** die term *ἀποκαλύπτω*, en die snw *ἀποκάλυψις*, **twee semantiese betekenisse**:

---

*die verborge waarheid wat bedek was.* As die waarheid bedek WAS dan moes die eerste deel gelees het: ... *die GEOPENBAARDE waarheid (Wat bedek was )*

[172] §3: Sien Afd 3.9.5 op bls. 145 waar Paulus die term ook t.o.v. homself gebruik om die Verborgenheid 'openbaar' te maak

**(i)** "To cause something to be fully known – 'to reveal, to disclose, to make fully known, revelation.'" Dit wil impliseer dat 'n saak reeds gedeeltelik bekend is en nou verder blootgelê word. Die tweede betekenis is egter vir ons studie van groot belang!:

**(ii)** "To uncover, to take out of hiding." [173] Volgens **Louw en Nida** kom laasgenoemde betekenis nie in die NT voor nie. Hier het ons 'n tipiese voorbeeld hoedat 'n vooropgestelde idee en verwysingsraamwerk 'n mens se oordeel kan beïnvloed. **Louw en Nida,** wat nie besef dat ons hier in die gevangenis by Paulus met die openbaring van **'n splinternuwe Verborgenheid** te doen het nie, en wat die algemene gedagte handhaaf dat hierdie maar net 'n verdere en voller openbaring is van iets wat reeds so ver terug as in die OT bekend gemaak is, [174] sien nie die moontlikheid van **(ii)** raak nie! Want **dit is juis wat die geval hier is** in al drie die voorkomste in **Ef 3.5; Ef 3.3 en Rm 16.25** in die lig van die ander stellings dat die Verborgenheid vroeër onbekend was en NOU eers (in die gevangenis) geopenbaar was! (sien Afd 3.6.0 hierbo). God het hierdie nuwe Verborgenheid eers ná **Hn 28** in die gevangenis aan Paulus **'blootgelê, ontbloot en onder sy bedekking uitgehaal'**! **Louw & Nida (1988:Vol 1:359)** vertaal **Ef 3.9** bv.: "... to make all people see what his secret plan is." Hierdie gedagte word bevestig deur **Ridderbos (1973:43):** "Dienovereenkomstig betekent het corresponderende woord „openbaren" niet enkel het bekend maken van een bepaalde waarheid of het op de hoogte brengen van zekere gebeurtenissen of feiten, maar het in de verschijning treden zelf, het tot historische realiteit worden van hetgeen tot nu toe als zodanig niet bestond, maar bij God bewaard, verborgen, teruggehouden werd."

## 3.7.4 - (B) GOD HET DIT *BEKEND GEMAAK*

§6

Gr. *γνωρίζω* – "To cause information to be known to someone – 'to make known' " **(Louw & Nida [1988:Vol 1:337]).** (Só in **Kl 1.27; Ef 1.9**). *En deur 'n openbaring* (*ἀποκάλυψις* [sien voorafgaande **(a)(2)(ii)** en **Rm 16.25)** *bekend gemaak* (Só in **Ef 3.3**). **Schnackenburg (1991:57)** merk op: "The author favours this verb (cf. 3.3, 5, 10; 6.19) which is an established one in the vocabulary of revelation." Wat bygebring kan word is dat Paulus vir die **eerste keer** hierdie term **sewe keer** in sy Verborgenheidsbriewe aan die Verborgenheid koppel. Dit word drie keer van God gebruik i.v.m. die bekendmaking van die Verborgenheid **(Kl 1.27; Ef 1.9; 3.3)**; een keer van God se bekendmaking deur die Ekklesia* **(Ef 3.10)** en by implikasie een keer in 'n negerende sin: God het dit nooit voorheen bekend gemaak nie **(Ef 3.5)**.

---

[173] §5: **Louw & Nida (1988**:339:28.38)

[174] §5: Sien Voetnota 166 bls 126.

## 3.7.5 - DEUR GOD SELF EN NIE DEUR JESUS GEOPENBAAR NIE!

§7

Teoloë stel dit voor die voet dat die openbaring van hierdie Verborgenheid, wat volgens hulle vaagweg in die OT aangeraak was, en wat die saligheidsplan vir beide Jood en Heiden behels, in en deur die Vleeswording, Lewe, Dood en Opstanding van Jesus Christus geskied het - Hy het dit geopenbaar. Volgens **Hay (2000:75-76)**, "The general concept might not seem to fit well with ideas that the God of Jesus revealed himself in the Jewish Scriptures (cf. 1 Cor 10:4; Gal 3.8), but the sense could be that God's revelation in those scriptures was not made plain until the coming of Christ (cf. Luke 24:32, 45)." Hiermee stem **Dunn (1980:238)** saam: "It introduces the idea of pre-existence, of Christ as the one in whom the fore-ordained but hitherto hidden plan of God was brought to open display." **Bruce (1961:32)** verklaar ook: "... a purpose conceived in Christ and to be fulfilled in Christ".

§8

Dat die Verborgenheid Christus as Persoon ten diepste raak is nie te betwyfel nie. [175] In sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte sê Paulus wel van die evangelie wat deur hom verkondig is: *Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus.* **(Gl 1.12)**. [176] Jesus word ook as openbaarder aan ons voorgehou in **Opn 1.1**: *Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het.* In God se Koninkryk* Program is Christus die vervulling en realisering van al die OTe Profesieë. *Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.* **(Kl 2.17 - NAV)**. In sy hantering van die begrip 'verborgenheid' in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte is daar egter nêrens enige sprake van enige openbaring of bekendmaking deur God of die Gees aan hom wat dit betref nie.

§9

Die gedagte dat Christus die openbaarder of selfs die openbaring van die Verborgenheid is, of dat God DEUR Hom die Verborgenheid geopenbaar het, **is heeltemal vreemd aan die diksie/woorgebruik van die Verborgenheidsbriewe!** In die Verborgenheidsbriewe is God sonder uitsondering die Openbaarder. **Lohse (1971:74):** "... for he alone is "he that reveals mysteries"." Dit is Sý openbaring met betrekking tot Jesus **(Só in; Kl 1.26, 27; 2.2; 4.3; Ef 1.9-10; 3.3, 4,** [lg. *deur die Gees* - **v 5**], **9; Rm 16.25-26)**. **Liefeld (1997:41)** sê "... that it was *with all wisdom and understanding*, that he made the mystery *known* to us." Let daarop dat dit net in sy eerste twee verklaringe rakende die Verborgenheid is **(Ef 5.32; 6.19)** dat hy dit nie aan God koppel nie, alhoewel

---

175 §8: Sien Afd 3.15.0 - 'Die Verborgenheid van Christus'

176 §8: Dit is nie duidelik of Paulus hier bedoel dat Christus die agent was wat die openbaring gemaak het nie en of Hy die Voorwerp van die openbaring was nie.

hy in **Ef 5.32** die Verborgenheid - maar nie die openbaring daarvan - aan Jesus (en die Ekklesia*) koppel.

## 3.7.6 - DIT WAS DEEL VAN GOD SE VOORNEME/PLAN/WIL/WYSHEID

§10

*God het na Sy welbehae aan ons* (= Paulus-hulle) *die verborgenheid van Sy wil bekend gemaak wat Hy in Homself ten doel gestel het as (εἰς = tot) 'n dispensasie* (plan) *van die volheid van die tye* (gebeurlikhede) *om alle dinge in Christus 'onder een hoof te verenig'* (Eie vertaling - **Ef 1.9-10**) In sy kommentaar op hierdie gedeelte merk **Liefeld (1997:41)** op dat God se plan "... is described as the *mystery of his will*. It is not apparent on the surface, but mystery is as significant a term with regard to God's plan as is *will*, if not more so." **Schnackenburg (1991:58)** beweer dat die skrywer "... intensifies the statement in such a way that it is a matter of a mystery of God's will, a plan drawn up in divine freedom." Die Skepper het dus van die begin af sy plan vir Sy skepping in Homself gereed gehad. "En alhoewel dié plan vir so 'n lang tyd nie bekend geword het nie", sê **Roberts (1990:87)**, "... is dit tans wel duidelik dat die Skepper nou sy plan met sy skepping aan die uitvoer is." Paulus praat hier aldus **Bruce (1961:32)** "... of a purpose which God has set before Himself - a purpose conceived in Christ and to be fulfilled in Christ." Die openbaring van hierdie Verborgenheid is "... 'n oogmerk wat Hy Hom gestel het (*sy besluit en voorneme*)" **(Roberts [1990:36])**. **Robinson (1904:32)** verklaar: "The Creator of the universe has a Purpose in regard to it - 'an eternal purpose which He hath purposed in Christ Jesus our Lord'. The secret of it has been hidden in God until now." **Liefeld (1997:41)** noem dit **"The Grand Plan (1:9-10)."**

## 3.7.7 - DIT WAS DEUR 'N SPESIALE EN SPESIFIEKE OPENBARING

§11

Die kennis van die inhoud van hierdie Verborgenheid was nie die gevolg van Paulus se briljante denke of eie insig nie. **Lightfoot (1961:168)** is korrek as hy sê: "This ... was communicated to him by a special revelation (Ephes. iii. 3 sq.); in this had God most signally displayed the lavish wealth of His goodness (ver. 27, ii. 2 sq., Ephes. i. 6 sq., iii. 8 sq.)." Daarmee stem **Lemmer (1998:488)** saam: "What is related here, refers to a *specific revelation* which the author claims to have received." Paulus stel dit volgens **Morris (1994:88)** dat dit "... was something due to divine revelation, not a man-made custom." **Bruce (1977:60)** voer aan op **Ef 3.3**: "Here a special phase of this mystery is more particularly in Paul's mind, but this phase is itself a mystery - something previously undreamed of but now revealed to Paul and given to him to unfold and also to carry into effect as the divinely chosen instrument for that purpose." Hier in die gevangenis het die woorde van God in **Hn 26.15** in vervulling gekom: ... *want hiertoe het Ek aan jou verskyn om jou te bestem tot 'n dienaar en getuie*

*van die dinge ... waarin Ek nog aan jou sal verskyn.* Hier het God deur 'n spesifieke openbaring die 'Toekomstige Dinge' aan Paulus bekend gemaak.

### 3.7.8 - GOD HET DIT DEUR SY GEES GEOPENBAAR

§12

- *die Verborgenheid ... soos dit nou aan sy heilige Apostels en profete geopenbaar is deur die Gees* **(Ef 3.5).**

Paulus koppel *γνωριζω* (om bekend te maak) nooit aan die Heilige Gees nie en *αποκαλυπτω* net twee keer in al sy Geskrifte: In sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte in **1 Kr 2.9-10**: *Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.* Alhoewel **Foulkes (1989:102)** ons herinner aan "... the way in which Galatians (1:15-16; 2:1-9) tells the manner of the revelation to Paul", is daar geen sprake dat die Heilige Gees enige verborgenheid in **die Handelinge Dispensasie geopenbaar het nie**. Hier in **Ef 3.5** egter word die gedagte van 'n openbaring deur die Heilige Gees vir **die eerste keer** aan die Verborgenheid gekoppel. Daardeur word die funksie van die Heilige Gees, wat deur die Here Jesus uitgewys is **(Jh 16.13)**, wat die 'Toekomstige Dinge' aan hulle bekend sou maak, gerealiseer. **Roberts (1990:84)** is van mening: "Dit wek die indruk dat dit deur middel van 'n visioen of iets dergeliks gebeur het (vgl Hd 22:17)." **Hendriksen (1967:152)** is nader aan die kol: "Such revelation is generally in the form of a divine communication by means of voice or vision." Gevolglik sê **Foulkes (1989:100)**: "The knowledge of *the mystery* was not a personal discovery upon which he could flatter himself. It was the gift of God by his Spirit."

### 3.7.9 - DIEGENE AAN WIE GOD DIT BEKEND GEMAAK EN GEOPENBAAR HET

- God het dit geopenbaar aan Sy *Heiliges* **(Kl 1.26)**;
- *aan wie God wou bekend maak* **(Kl 1,27)**
- *aan ons die verborgenheid van Sy wil bekend gemaak* **(Ef 1.9)** in die besonder
- aan *'my'* (Paulus), *deur 'n openbaring bekend gemaak het* **(Ef 3.3)**. Ook
- aan Sy *heilige Apostels en profete geopenbaar ... deur die Gees* **(Ef 3.5)**;

§13

**Aan Paulus:** In **Ef 1.1-2.22** is Paulus baie onpersoonlik. Die enigste verwysing na homself in daardie gedeelte is in **Ef 1.15-16** waar hy skryf *vandat ek gehoor het ... hou ek ook nie op om vir julle te dank as ek aan julle in my gebede dink nie*. Wanneer dit egter kom by die finale meedeling van die inhoud en hoogtepunt van die openbaring van Die Verborgenheid in **Ef 3.1-9**, is dit opmerklik hoedat Paulus van homself praat en die rol wat hy in die verband gespeel het, uitlig. 'Ek' en 'my' figureer nie minder as agt keer in die paar verse nie. **Morris (1994:87)** besef die radikaliteit van hierdie Verborgenheid: "... and it is not surprising that it came to Paul by way of revelation. A Pharisee of the Pharisees would never have worked out such a truth for himself." **Lemmer (1998:467)** vestig die aandag daarop dat: "St Paul claimed numerous revelations from God, e g 2 Cor 12 and Gl 1:11f. Of course here the references are contained in Eph 2:20 and Eph 3:1ff." Hierin het hy die primêre rol gespeel. Tog sê **Wiley (1985:352)**; "but yet he also realized that the mystery had also been revealed to other apostles and prophets."

§14

**Aan Apostels en Profete as God se Kanale:** Volgens **Am 3.7** het God Sy openbaring slegs aan Sy spesiale kanale, die profete, bekend gemaak. In die NT het die apostels en NTe profete hierdie rol vervul wat deur **Lohse (1971:74)** 'sieners' genoem word: "God discloses to the seers "what things must come to pass in the latter days" (*ὅσα δεῖ γενέσθαι ἐπ' ἐσχάτων τῶν ἡμερῶν*)." **Hodge (1964:163)** lig dit uit dat: "The apostles and prophets of the new dispensation were the only classes of inspired men; the former being the permanent, the latter the occasional organs of the Spirit." Dan sê **Hodge (1964:163-4)** (3.5) verder: "They therefore were the only recipients of direct revelations. They are here called *holy* in the sense of *sacred, consecrated*. They were men set apart for the peculiar service of God." Maar ons moet ook onthou dat hierdie Apostels en Profete egter net Jode was. Dit was God se doel met Israel om deur hulle en tot hulle Sy Woord en openbaringe bekend te maak en deur hulle tot die wêreld. Wanneer Paulus dus skrywe dat die Verborgenheid aan Sy 'Heiliges' **(Kl 1.26)**, 'ons' **(Ef 1.9)**, 'my' **(Ef 3.3)** en Sy 'heilige [177] Apostels en profete' **(Ef 3.5)** geopenbaar en bekend gemaak is, [178] dan is dit alles net aan die Jode. God het nooit direk tot Heidense Gelowiges die **lewende Woord** gespreek nie!

§15

Of die openbaring wat Paulus ontvang het, bevestig was deurdat God dit ook ter selfdertyd aan ander apostels en profete geopenbaar het, is nie duidelik uit die rekord nie. Twee of drie getuies moes altyd

---

[177] §14: **Morris (1994:88):** huldig die opinie dat "The expression is the same as that applied to all Christians, for all were "saints" - and the suggestion of some that the writer here ascribes a special degree of holiness to the apostles and prophets lacks foundation."

[178] §14: **Schnackenburg (1991:133):** "The specification of the recipients of revelation, which is conspicuous in contrast to Col. 1.26 where only 'his saints' (= the faithful) are named, is certainly connected with the 'foundation of the apostles and prophets' in 2.20."

die waarheid bevestig **(Dt 19.15; Mt 18.16)** - dit is hoekom Paulus andere saam met hom sy Briewe laat skrywe het. [179] Wat egter heel waarskynlik gebeur het, was dat Paulus dit aan van die ander apostels en profete wat saam met hom was, meegedeel het en wat deur die Gees **(Ef 3.5)** onder dieselfde oortuiging gekom het en dat die saak só bevestig was. Hoe dit ookal sy, **Robinson (1904:75)** sê dat God dit uiteindelik bekend gemaak het "... to the apostles and prophets of the Christian Church."

§16

Die openbaring het dus nie tot almal voor die voet gekom nie. Dit het onder ons aandag gekom, volgens **Schnackenburg (1991:133)** "... through the revelation granted 'to the holy apostles and prophets in the Spirit'." Daarenteen sê **Lohse (1971:74-75)** dat: "The saints who are mentioned as the recipients of the revelation are neither angels, nor a limited circle of charismatics, but rather the believers, the "saints . . . the faithful brothers in Christ" *ἅγιοι καί πιστοί ἀδελφοὶ ἐν Χριστοῷ* 1:2), who are "God's chosen ones, holy and beloved."

## 3.7.10 - GOD *WOU* DIT BEKEND MAAK

§17

Ons lees in **Kl 1.27** God *wou* ( *ἠθέλησεν* - 3e Persoon Enkelvoud; Aoristus 1; Indikatief van *θέλω* - "To purpose, generally based upon a preference and desire - 'to purpose'" - **Louw & Nida [1988:Vol 1:357-8:30.58]**) dit bekend maak. Wat sou Paulus daarmee bedoel het?

- Dat God dit wou bekend maak maar dit toe nie bekend gemaak het nie?
- Dat God dit aan die Joodse Heiliges wou bekend maak en dit toe nie aan hulle bekend gemaak het nie?
- Dat God dit aan die Joodse Heiliges wou bekend maak, maar dat hulle dit nie kon of wou aanvaar nie?
- Dat God dit aan die Joodse Heiliges bekend gemaak het, maar dat hulle dit nie aan die Heidene* oorgedra het nie?

§18

Om hierdie stelling behoorlik te begryp is daar 'n paar dinge wat voor oë gehou moet word:

- God maak Sy openbaringe net bekend aan Jode wat dit eerstens aan die Joodse volk moes oordra en dan aan die wêreld moes uitdra:
- Hier is twee groepe Gelowiges ter sprake: Die 'Heiliges' as die Joodse Oorblyfsel* – die Ekklesia* - en die kontingent gelowige Heidene* wat in die Handelinge periode onder Israel tot redding gekom het en saam met hulle as God se Kanaal van heil, die Here moes dien.

---

[179] §15: Behalwe natuurlik in die geval van **Romeine & Efesiërs** wat deur Paulus alleen geskrywe was.

- In hierdie werk word die gedagte gehuldig dat die **Ef A** en **Kl** Briewe steeds aan die Joodse Ekklesia* as die Heiliges gerig is, terwyl die skrywer oortuig is dat **Ef B** die enigste NTe Sendbrief is wat direk aan die gelowige Heidene* gerig is.
- Hierdie nuut-geopenbaardeVerborgenheid behels 'n rykdom van heerlike voordele vir die Heidene*.
- Aan die Joodse Heiliges wou God bekend maak wat die voordele is wat hierdie Verborgenheid vir die Heidene* inhou.

§19

Moontlik wou God ten alle koste die inhoud van die Verborgenheid aan Sy Heiliges (die Joodse Oorblyfsel*) bekend maak. Dit blyk uit die rekord dat daar met hulle in die algemeen nie veel bereik was nie en dat hulle nie instaat was om dit te vat nie **(Lk 24.25; Jh 16.12; 1 Kr 3.2)**. Paulus was die enigste een wat 'vatbaar' was vir hierdie nuwe oortuiginge wat dit op sy beurt aan sy medewerkers oorgedra het.

# 3.8.0 - PAULUS SE RENTMEESTERSKAP VIR DIE VERBORGENHEID:

## 3.8.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

- *waarvan ek 'n dienaar (διάκονος) geword het volgens die dispensasie (οἰκονομία* **OAV** - bediening) *van God wat aan my gegee is in julle belang, om die woord van God te vervul,* naamlik *die verborgenheid* **(Kl 1.25-26)**
- *as julle ten minste gehoor het van die dispensasie (οἰκονομία* - **OAV** - bediening) *van die genade van God wat aan my verleen is vir julle, dat Hy aan my deur 'n openbaring bekend gemaak het die verborgenheid,* **(Ef 3.2-3)**

## 3.8.2 - VOORKOMS EN BETEKENIS VAN DIE TERM

§1

Paulus was in die Handelinge Periode meer bewus van hulle as bedienaars/rentmeesters van God as van die rentmeesterskap (*οἰκονομία*) self. Hy gebruik die term *οἰκονόμος* vyf keer in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte: Twee keer in **'n Sekulêre** sin: **Gl 4.2** - 'Bestuurder' in 'n huishouding oor 'n kind as erfgenaam; **Rm 16.23** - Erastus die 'Penningmeester' van die stad; en drie keer in **'n Geestelike** sin: **(1 Kr 4.1, 2** - *Bedienaars van die verborgenhede van God* en hierdie *Bedienaars* moet getrou wees; **Tt 1.7** - 'n Opsiener as *Rentmeester* van God. Terwyl hy voorheen slegs twee keer **(Allan [1968:18])** van *οἰκονομία* gepraat het **(1 Kr 9.17** - 'n 'Rentmeesterskap' is aan my, Paulus, toevertrou; **1 Tm 1.4** - meer as 'Stigting' (*vorming* - **NAV)** van God wat in die geloof is, gebruik hy nou die term *οἰκονομία* vier keer en slegs in 'n **geestelike sin** in sy Verborgenheidsbriewe **(Kl 1.25; Ef 1.10; 3.2, 9)** [180] en maak hy een of twee gevalle op homself van toepassing. [181] Daarenteen praat hy nie weer eenkeer van hulle as *οἰκονόμους* in sy Verborgenheidsbriewe nie. Die klem het duidelik vir hom verskuif van die 'persoon' na die 'taak' en die 'verantwoordelikheid' asook die 'saak' waarmee hy nou besig was. Wat vir ons studie van belang is, is dat hy dit vir die eerste keer in die Verborgenheidsbriewe koppel aan die term 'verborgenheid'. (Meer hieroor in Afd 3.17.0).

§2

---

[180] §1: **Foulkes (1989:61):** "We must, however, study the word translated *plan* to see more clearly the apostle's meaning. The word here (*oikonomia*) is one that was used either for the administration of a household (*oikos*), or for the responsibility of the one who administered it. It is used several times in the New Testament in this latter sense of stewardship. For the church is the household of God, Jesus Christ is the chief steward, and under him his ministers are called to serve as stewards (see I Cor. 4:1-2; 9:17; Tit. 1:7; 1 Pet. 4:10)."

Die eerste keer wat ons die term in die Verborgenheidsbriewe teëkom is in **Kl 1.25**: *die bediening van God wat aan my gegee is.* [182] **Lightfoot (1961:167)** sien dit as 'n "... *'stewardship in the house of God.'* The word *οἰκονομία* seems to have two senses: (1) 'The actual administration of a household'; (2) 'The office of the administrator.'" **Hendriksen (1964:88)** weer: "The office of "administrator of spiritual treasures" had been entrusted to him and to his helpers (I Cor. 4: 1, 2; 9:17; I Tim. 1:4; Titus l:7) . And this, says Paul, is *for your benefit.*" **Lohse (1971:72)** sê op **Kl 1:25**: "... the word *οἰκονομία* (commission or office) is used ... to describe the office of the apostle." **Du Plessis (1991:46)** sê in sy kommentaar op **Kl 1.25**: "Die Griekse woord wat hier vir opdrag "(of bediening") gebruik word ("oikonomia": waar ons woord ekonomie vandaan kom), dui op die bestuur en administrasie van 'n saak. ... maar hier dui die sinsverband daarop dat dit verwys na Paulus se amp wat hy in opdrag van God vervul." Op die verskillende Engelse Vertalings van **Kl l:24-25** sê **Dunn (1996:118):** "... but "commission" is still adequate here (so also NIV NRSV, though NEB/REB's "task assigned to me by God" and NJB's "responsibility" are too light for the context and RSV's "divine office" too heavy)."

§3

Wat die gebruik van die term in **Ef 3.2** betref, *die bediening van die genade van God wat aan my verleen is,* is daar verskil van opinie of dit na Paulus se amp of na God se plan verwys. Vir **Hodge (1964:159)** verwys dit na "the designation of his office. It was an *οἰκονομια* , *a stewardship.* A stewardship of the grace given." **Allan (1968:I8)** is ook van dieselfde opinie: "The word clearly means here 'commission, assigned function, task'. In Col. 1.24 f. we have, '... the church, of which I became a minister according to the oikonomia of God which was given to me for you, to make the word of God fully known'. Here again is the same meaning as in Corinthians." Vir my dra **Schnackenburg (1991:131)** se redenasie egter meer gewig:

> The Greek word *οἰκονομία* can mean 'administration office' as well as 'establishment, order, plan' and in each case takes on a special connotation.' In Col. 1.25 it seems reasonable to think of the 'office' of preacher bestowed on Paul by God (cf. 1.28 f; 1 Cor. 9.17) although the context also brings into play the divine plan for salvation bound up with this (1.26 f.). If we compare the other passages where the Paul of Eph. refers to the Grace of God bestowed upon him (3.7, 8), we can assume that the author of Eph. means by this expression (*χάρις*) Paul's office as preacher and that the preceding *οἰκονομία* takes on the meaning rather of the divine plan of salvation, particularly when both the other passages with *οἰκονομία* (1.10; 3.9) mean God's all embracing salvation event brought about in Christ.

---

[181] §1: Vir die semantiek van 'Plan' Sien Afd 3.17.0 - Die Verborgenheid as nuwe Dispensasie

[182] §2: In sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte is die *genade (van God) wat aan my gegee is* drie keer ter sprake **(1 Kr 3.10; Gl 2.9; Rm 12.3)** wat nog weerklank vind in **Ef 3.7**: *volgens die gawe (δωρεάν) van die genade van God wat aan my gegee is.*

§4

Dit word deur **Du Plessis (1991:46)** beaam: "Die woord word ook gebruik in verband met God se eie bestuur (vgl Ef I : 10 en 3 : 2)", asook **Caragounis (1977:107):** "The mysterion is God's purpose or plan as such, the *οἰκονομία* is the administration of the mysterion while the *χάρις* is the gracious commission given to the author which involves both the mysterion and the *οἰκονομία*. All three are given to the author."

## 3.8.3 - PAULUS AS RENTMEESTER VAN GOD EN JESUS

§5

Net soos Paulus 'n gevangene van die Here en van Jesus is **(Ef 4.1; 3.1)** is hy by implikasie in diens van die Here want *'n rentmeesterskap is aan my toevertrou - οἰκονομίαν πεπίστευμαι* **(1 Kr 9.17)**. **Lohse (1971:72)** sê: "He is not able to withdraw from it, but must fulfill it obediently; thus he desires that "this is how one should regard us, as servants of Christ and *stewards* of the mysteries of God"." Volgens **Dunn (1996:118)** "... he saw himself as commissioned by his master, like a good steward having received his orders for the master's absence." Hierin was Paulus absoluut pligsgetrou want volgens **Dunn (1996:264)** het hy die oortuiging gehad "... that he had been given the primary privilege, as apostle to the Gentiles, to disclose the secret of God's overarching design in creation and salvation (Rom. 11:25-26; 1 Cor. 2:7; 4:1; Col. 1:27-29; Eph. 3:7-13)."

## 3.8.4 - PAULUS SE RENTMEESTERSKAP VAN DIE VERBORGENHEID EN AS DEEL VAN GOD SE PLAN

§6

Paulus maak drie keer in die Verborgenheidsbriewe die stelling: *waarvan ek (Paulus) 'n dienaar (διάκονος) geword het*. Die eerste is van die *evangelie* **(Kl 1.23)**; die tweede is van die *Liggaam wat die Ekklesia* is* **(Kl 1.25)** en die derde is weer die *evangelie* **(Ef 3.7)** wat hy eksponeer as die *onnaspeurlike rykdom van Christus* soos dit vervat is in die *dispensasie van die Verborgenheid* **(Ef 3.8-9)**. **Bruce (1961: 61)** se kommentaar op **Ef 3.5** is: "But the proclamation of this mystery, and the ministry by which it was to be fulfilled effectively, were committed pre-eminently to him." **Bruce (1961:62)** sê verder op **Ef 3.7**: "Paul is thinking especially of his stewardship of the mystery just unfolded." As diaken is die openbaring van die Verborgenheid aan hom toevertrou. **Foulkes (1989:59)** haal aan: "As Barclay puts it, 'Christ gives to men the ability to see the great ultimate truths of eternity and to solve the problems of each moment of time.' " **Roberts (1990:84)** vertaal **Ef**

**3.3**: "In ooreenstemming met sy openbaring het Hy die vroeëre geheim nou aan my bekend gemaak (vgl 1 Kor 1 1:23; Gl 1:12-2:10)."

§7

Tog het Paulus probeer om krediet te gee waar krediet toekom sonder om name te noem en daardeur andere te impliseer in hierdie groot radikale Verborgenheid waaroor almal hom nog sou verlaat. Daarom verwys hy oor die algemeen na God se *Heiliges* **(Kl 1.26)** [183] asook na die *heilige apostels en profete* aan wie die Verborgenheid geopenbaar is **(Ef 3.5)**. Aan die ander kant kon hy daardeur gepoog het om gewig te verleen aan dit wat eintlik net aan hom geopenbaar was **(Ef 3.3)** en wat hy persoonlik verder aan sy 'binnekring' bekend gemaak het en na wie hy só verwys het. **Schnackenburg (1991:13l)** merk op: "In Eph. Paul is emphasized as the receiver of revelation even if later the Apostles and Prophets also appear as such (v. 5)." **Wiley (1985:352)** maak die stelling: "In one sense Paul felt a unique burden as the servant entrusted to proclaim the mystery (I Cor 4:l; Eph 3:2-9; 6:19-20; Col 4:3-4), but yet he also realized that the mystery had also been revealed to other apostles and prophets." Hy kom egter tot die gevolgtrekking dat die "... primary revelation of the mystery came through the apostles and prophets."

§8

As sodanig was hy deel van God se plan sê **Schnackenburg (1991:I31)**: "In this way Paul with his special vocation is incorporated in the wise plan with which God wished to achieve his plans for salvation." Deur die boodskap van God "... ten volle aan hulle bekend te maak" en die Woord "... in sy volle omvang en implikasies" te verkondig aan "... almal en oral", sê **Du Plessis (1991:46)** van Paulus: "Só sal ook hy 'n aandeel daarin hê dat God se volle heilsplan ten uitvoer gebring word." **Caragounis (1977:143)** sien dat Paulus "... has a central place in the declaration of the eternally-hidden *mysterion* of eschatological import with consequences at once unversal, cosmic and all-enduring (e.g. 2:7)."

§9

Hierin het Paulus volgens **Schnackenburg (1991:135)** as voorbeeld gedien: "For them he has become the perfect example, the ideal figure of a preacher who even in prison remains true to his ministry as ambassador (Eph. 6.20)." *Maar daarom is aan my barmhartigheid bewys, dat Jesus Christus in my as die vernaamste al sy lankmoedigheid sou betoon, om 'n voorbeeld* (*πρὸς ὑποτύπωσιν* - vgl **2 Tm 1.13**) *te wees vir die wat in Hom sal glo tot die ewige lewe*. **(1 Tm 1.16)**

[183] §7: **Dunn (1996:120-121)** op **Kl 1:26-27**: "In this case the recipients of the revelation are called "his saints" (see on l:2). Elsewhere the emphasis is more on Paul as the one who has been given the privilege (Rom. 11:25; Eph. 3:3, 4, 8-9; 6:19); but since he saw his task precisely as making this mystery known to others (cf. Eph. 1:9), it comes to the same thing."

## 3.8.5 - DIE WYSE WAAROP HY DIE RENTMEESTERSKAP VAN DIE VERBORGENHEID ONTVANG HET

§10

Paulus maak aanspraak daarop dat hy dit deur 'n openbaring van God ontvang het. **Lemmer (1998:467)** wys daarop: "St Paul claimed numerous revelations from God, e g 2 Cor 12 and Gl 1:11f. Of course here the references are contained in Eph 2:20 and Eph 3:1ff." **Caragounis (1977:99)** eksponeer **Ef 3.3-4** gevolglik: "The intention of the writer was, however, to draw attention to the manner in which his acquaintance with the mysterion came about. ... 'That it was by way of a revelation which God granted me that the *mysterion* was made known to me/that I became acquainted with the mysterion'. Essentially, there is here but one event, i.e. 'God revealed to me His mysterion!" Hierdie Verborgenheid, "... though hidden from all time, was communicated to him by a special revelation (Ephes. iii. 3 sq.)", en daarin, vervolg **Lightfoot (1961:168)**, "... had God most signally displayed the lavish wealth of His goodness (ver. 27, ii. 2 sq., Ephes. i. 6 sq., iii. 8 sq.)." Paulus het dit volgens **Foulkes (1989:99)** noodsaaklik gevoel "... to press on his readers the fact that he has been entrusted with this grace and responsibility." "Wat wil hy dan hier sê?" vra **Roberts (1990:85)** op **Ef 3.3b-4**, waarop hy antwoord: "Hy wil sê: Die rede waarom ek die geheim verstaan, waarom ek begrip het van hierdie dinge, waarom ek die heilsfeite as die bekendmaking (openbaring) van God se wil leer verstaan en aanvaar het, is omdat God my tot hierdie insig gebring het. Was dit nie so nie, sou Paulus nooit God se openbaring oor sy Gesalfde en sy heilswerk begryp het nie."

§11

Wat duidelik na vore kom uit Paulus se korrespondensie is dat net soos sy apostelskap [184] **(Gl 1.1; 2.8)** en sy evangelie nie uit 'n mens is nie maar hy dit ontvang en geleer het deur 'n openbaring van Jesus Christus **(Gl 1.11-12)**, hy selfs hierdie openbaring van die Verborgenheid ook nie van 'n mens of uit homself ontvang het nie maar van God! **(Ef 1.9; 3.3; vgl. Hn 26.16)**. **Foulkes (1989:100)** bevestig hierdie gedagte: "The knowledge of *the mystery* was not a personal discovery upon which he could flatter himself." **Hendriksen (1967:153)** sê dat Paulus altyd voet by stuk gehou het "... over against the allegations of his critics, that the stewardship which he had received was not of human origin." Daarenteen is daar studente wat dink dat dit die vrug van Paulus se OTe kennis en studie is. Aldus **Roberts (1990:84)**: "Dit is egter beter om hier te dink aan die hele proses van apostoliese oorlewering en bestudering van die Ou-Testamentiese geskrifte waaraan Paulus na sy bekering onderwerp was en wat as Goddelike openbaring, of selfbekendmaking, op hom ingewerk

[184] §11: **Hendriksen (1967:153):** "Paul could not originally have received his commission as the apostle to the Gentiles from them, for the Book of Acts shows how difficult it had been for them to divest themselves of their Judaistic exclusivism. They only agreed after they had perceived the grace that had been given to Paul (Gal. 2:9)."

het." Paulus wil volgens **Roberts (1990:85)** beslis ook nie sê "... dat sy eie verstandelike vermoëns uitgeskakel is asof hy as't ware deur 'n visioen oor die openbaring van God ingelig is nie." Hiermee gaan **Morris (1994:84)** saam as hy aanhaal: "As B. F. Westcott put it, "It had cost him thought and it claimed thought." " Hierdie gedagte is egter vreemd aan die Verborgenheidsbriewe.

§12

Paulus se rentmeesterskap, wat die openbaring van hierdie Verborgenheid betref, was slegs uit God se genade **(vgl. Ef 3.2, 7, 8)**. Paulus se taak volgens **Hendriksen (1967:155)** "... that had been assigned to him, the cause which he had been called to serve (was) **according to the gift of God's grace that was given to me**." (My invoegsel). **Schnackenburg (1991:131)** sê: "For the present he remains with the insight into the Mystery of Christ which was disclosed to Paul through grace (passivum divinum) (v. 4)." Selfs die woorde van **Kl 1.25**: *die bediening van God wat aan my gegee is*, herinner **Dunn (1996:118)** aan "... one of Paul's regular ways of speaking of his commission, "the grace of God given to me" (Rom. 12:3; 15:15; I Cor. 3:10; Gal. 2:9)." (Vgl. ook **Hendriksen** [1967/1972:156]). **Foulkes (1989:186)** sê ook: "Furthermore, as he is aware that by God's grace he has been given understanding in *the mystery of the gospel* (see on 3:3-4 and 9)." Dit was Paulus se getuienis vroeg reeds in sy bediening: *Maar deur die genade van God is ek wat ek is, en sy genade aan my was nie tevergeefs nie; maar ek het oorvloediger gearbei as hulle almal; nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is* **(1 Kr 15.10)**. Paulus se taak is volgens **Roberts (1990:84)** "... niks anders is nie as 'n guns (genade) wat God hom bewys het." **Caragounis (1977:98)** stel dit: " '(Surely you have heard) that I was given God's grace in order to serve you'. It may now be broken down into P 2 *as I was given God's grace* and P 3 as *in order to administer it to you*." **Foulkes (1989:100)** lig dit uit dat Paulus se insig volgens **Ef 3.4-5** "... was the gift of God by his Spirit."

## 3.8.6 - PAULUS SE MISSIE VOLGENS DIE RENTMEESTERSKAP VAN DIE VERBORGENHEID

§13

Paulus kwalifiseer die missie van sy Rentmeesterskap wat hy ontvang het en moet uitdra in **Kl 1.25, 28-29; 4.3-4; Ef 3.8-9; 6.19-20** wat volgens **Robinson (1904:32)** behels "... to show 'what is the dispensation of the mystery which hath been hidden from eternity in God who created all things'." Hy gaan verder en sê dat Paulus se missie uitsonderlik is "... as the exponent of the mystery of the inclusion of the Gentiles, as the publisher of the great secret, as the herald of the Gospel of 'grace'." **(Robinson** [1904:75]). Terwyl dit nie nou meer net om Israel gaan nie, maar om 'n wêreldwye visie wat alle mense insluit, sê **Caragounis (1977:143):** "It is in such a context of universal and cosmic dimensions that the author places his own mission, and his claim, astounding as it is."

§14

**Lohse (1971:73)** sien Paulus se missie meer in die besonder as: "The message with which the apostle was commissioned is more precisely designated as the "mystery" (*μυστήριον*)", wat deur Paulus ge-eksponeer en uitgedra moes word. So ook **Dunn (1996:119)**: " "The word of God" to which Paul had been commissioned is further defined as "the mystery hidden from the ages and from the generations"." Daarby merk **Foulkes (1989:105)** op dat: "Paul is thus expressing again the fact that his work is to show and teach the great purpose of God in Christ", wat volgens **Robinson (1904:31)** behels "... to expound it as containing the interpretation of all human life." Vir **Schnackenburg (1991:284)** besef Paulus "... that he represents an important theological connection as the ambassador of Christ in the service of the reconciliation which God has granted to the world in Christ."

## 3.8.7 - PAULUS SE RENTMEESTERSKAP TER WILLE VAN DIE HEIDENE*

§15

Paulus se Rentmeesterskap was spesiaal met die oog op die Heidene*. **Roberts (1990:84)** merk op: "Die opdrag is aan Paulus toevertrou *in julle belang*, dit wil sê in die belang van die ontvangers van die brief wat kort tevore nog Heidene* was." Roberts se hedendaagse sekulêre verkeerde definisie van 'n Heiden as 'n 'ongelowige', kom na vore wanneer hy sê: "... julle ... wat kort tevore nog Heidene* **was**". Paulus noem die gelowiges uit die Nasies deurgaans steeds Heidene* - ook hier: *Vir julle wat Heidene* IS* **(Ef 3.1)**. Selfs hulle wat nou mede-erfgename en 'n mede-liggaam en mede-deelgenote geword het is steeds 'Heidene*' **(Ef 3.6)**. Hulle bly Heidene* al is hulle gelowig! Die rede daarvoor is dat die Bybelse definisie van 'n 'Heiden' 'n nie-Jood is. Die profetiese Geskrifte van **Rm 16.26** is ook aan die Gelowiges wat steeds Heidene* genoem word, gerig. **Foulkes (1989:98)** beaam: "Paul here is thinking especially of the stewardship entrusted to him (*cf.* 1 Cor. 4:1; 9:17), ... and the thought is also that of Galatians 2:7 where Paul says how 'the gospel to the uncircumcised' was entrusted to him as that 'to the circumcised' was to Peter." **Hay (2000:74)** sê: "He further explains his apostolic self-consciousness in terms of a mission (Gk. *Oikonomia*) that God gave to him. This mission was "to you" or "for your sake" and it was to make the word of God "fully known." This could be a general reference to Paul's missionary career, as Paul describes it, for example, in Rom 15:15-16, as "the grace given me by God to be a minister of Christ Jesus to the Gentiles."

## 3.8.8 - PAULUS DIE STIGTER VAN DIE KERK*

§16

'n Laaste woord voordat ons van hierdie onderwerp afstap waarop **Swain (1980:65)** ons aandag vestig: "Paul counts himself among those who are the founder members of the church (2:20)." Dit omvat vir **Vine (1940:320)** "... the stewardship committed to him "to fulfil the Word of God," the fulfilment being the unfolding of the completion of the Divinely arranged and imparted cycle of truths which are consummated in the truth relating to the Church as the Body of Christ, Col. 1.25 (R.V. and A.V., "dispensation")" so in Eph. 3.2, of the grace of God had given him as a stewardship ("dispensation ") in regard to the same "mystery "." Die openbaring van die Verborgenheid van die Kerk* is dus die klimaks en kulminasie van die "imparted cycle of truths" in die einddoel van die Liggaam van Jesus as die Kerk*. Hiervan het Paulus die grondslag gelê in die openbaring van die Verborgenheid soos vervat in die Verborgenheidsbriewe. Daarvoor was hy God se gesant in kettings **(Ef 6.20)**. In daardie sin is Paulus die stigter van die Kerk*.

# 3.9.0 - DIE BEKENDMAKING VAN DIE VERBORGENHEID DEUR PAULUS:

§1

Ons wil nou stilstaan by die volgende stadium wat **Baillie (1965:25)** onderskei in progressiewe openbaring: "We must now further differentiate the revelation of divine to human mind from the revelation of one human mind to another." [185] **Wiley (1985:352)** sê: "In one sense Paul felt a unique burden as the servant entrusted to proclaim the mystery (1 Cor 4:1; Eph 3:2-9; 6:19-20; Col 4:3-4)."

## 3.9.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

§2

- *om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak,* **(Ef 6.19).**
- *Want ek wil hê dat julle moet weet wat 'n groot stryd ek oor julle het ... Dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die Verborgenheid te leer ken van God en die Vader* 'met betrekking tot' *Christus* **(Kl 2.2).**
- *Dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit behoort te spreek.* **(Kl 4.4).**
- *waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan,* **(Ef 3.4)**
- *vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap* [186] *is van die Verborgenheid* **(Ef 3.9);**
- *Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel; waarvoor ek arbei en stry volgens sy werking wat in my werk met krag.* **(Kl 1.28-29)**

(Sien ook 3.21 - *Die Heidene* Ingelig*).

## 3.9.2 - PAULUS HET DIE VERBORGENHEID *BEKEND GEMAAK:*

§3

Paulus koppel vir die **eerste keer** die volgende besonderse terme in dié verband aan die Verborgenheid. In sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte meld hy een keer: *Kyk ek deel julle 'n verborgenheid mee* - *λέγω* = 'ek vertel' **(1 Kr 15.51)**. In **Rm 11.25** sê hy weer: *Ek wil nie hê broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie* - *ἀγνοεῖν* = 'om onkundig te wees'. Daar is dus nêrens in sy Vroeë Geskrifte enige formele 'bekendmaking' of 'openbaring' van enige

[185] §1: Sien die Hfst 'The Divine Self-Disclosure' Bls 19 - 40

verborgenheid soos dit in die Verborgenheidsbriewe na vore kom, ter sprake nie. Dit is 'n verdere aanduiding dat ons hier met **'n splinternuwe Verborgenheid wat daar eers geopenbaar is**, te make het! **Dunn (1996:120-121)** se kommentaar op **Kl 1:26-27** is: "At all events, the implication here, as 4:34 confirms, is that the revelation to the saints took place particularly through Paul's preaching ... his gospel was itself an apocalypse (cf. Rom. 16:25; Gal. 1:12; Eph. 3:3)."

§4

*Bekend (te) maak,* - *γνωρίζω* - "to cause information to be known by someone - 'to make known'"[187] Paulus het die frase *'ek/ons maak julle bekend'* dikwels in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte gebruik ten opsigte van die Charismata **(1 Kr 12.3)**; die evangelie **(1 Kr 15.1; Gl 1.11)**; die genade van God **(2 Kr 8.1)**; en van God wat Sy toorn en heerlikheid bekend maak, **(Rm 9.22-23)**. Nooit was dit daar gebruik van God of Jesus wat enige verborgenheid bekend gemaak het nie. In die Verborgenheidsbriewe koppel hy dit een keer aan die Verborgenheid in **Ef 6.19**. Verder meld hy die wysheid van God wat bekend gemaak word aan die owerhede en magte in die hemele deur die Ekklesia* **(Ef 3.19)**. Drie keer is dit gebruik t.o.v. omstandighede **(Kl 4.7, 9; Ef 6.21)**. **Foulkes (1989:186)** sê op **Ef 6.19**: "Furthermore, as he is aware that by God's grace he has been given understanding in *the mystery of the gospel* (see on 3:3-4 and 9), so he needs constantly to be given power *to proclaim* it *boldly*, without in any way departing from or diminishing 'the whole counsel of God' (Acts 20:27), whether for the sake of the praise of others, or to avoid their scorn or opposition."

## 3.9.3 - PAULUS WOU DAT HULLE TOT *VOLLE INSIG* EN TOT *VOLLE KENNIS* SOU KOM

§5

Paulus hervat die metafoor in **Kl 1.29,** waar hy gesê het dat hy *stry* (Gr *ἀγωνίζομαι* = om te veg; kompeteer; kragte in te span) wanneer hy verder in **Kl 2.1-2** sê dat hy wil hê dat hulle moet weet watter *groot* (*ἡλίκος* - omvangryke/intensiewe) *stryd* hy oor hulle het. Die Gr vir *stryd* is die treffende woord *ἀγών* - 'n geveg/'n resies, waarvan die Eng. "agony" afstam (**NAV** het dit vertaal: *hoe sterk ek my beywer*), want sê **Bruce (1977:61)** op **Ef 3.5:** "... the proclamation of this mystery, and the ministry by which it was to be fulfilled effectively, were committed pre-eminently to him."

§6

Die twee verse toon **vier dinge** waarvoor Paulus hom beywer:

**(1)** Dat hulle in die harte bemoedig sal word;

---

[186] §2: (Gr. *'oikonomia'* volgens die meerderheid MSS – dus meer korrek: bediening/ dispensasie – sien **Ef 3.2**)
[187] §4: **Louw & Nida (1988:1:337)**. **Schnackenburg (1991:57):** "The author favours this verb (cf. 3.3, 5, 10; 6.19) which is an established one in the vocabulary of revelation."

(2) dat hulle in liefde aan mekaar verbind sal word;

(3) dat hulle tot al die *rykdom* (*πλοῦτος* - 'n bo-normale oorvloed van besittings) *van die volle versekerdheid* (*πληροφορία* - "To be completely certain of the truth of something - 'to be absolutely sure, to be certain, complete certainty'" [188] ). **Lohse (1971:81)** sê op **Kl 2:2**: "Paul speaks of "full conviction" when he looks back on the beginnings of the Thessalonian community: "our gospel came to you not only in word, but also in power and in the Holy Spirit and with full conviction". (*πληροφορία πολλῇ* - **1 Ts 1:5**). **Lohse (1971:81)** sê verder: "In this passaqe of Col, *πληροφορία* could also be translated as "certainty," yet the phrasing *πλοῦτος τῆς πληροφορίας* (riches of fullness) is better viewed as a tautology which aims at expressing the abounding fullness of understanding - indeed, "all" (*πᾶν*) stands in an emphatic position at the head of this word series! The life of the community should mature to this complete fullness of understanding." *Van insig* - (*συνέσις* - afgelei van *σύνειμι* "To be able to understand and evaluate - 'to be able to comprehend, to understand, to be intelligent, insight, intelligence'." **Louw & Nida [1988:1:383]**)

(4) asook om **tot die volle kennis van die Verborgenheid van God m.b.t. Christus te kom**. (Nie een van die geraadpleegde vertalings - **OAV**; **NAV**; **KJV**; **NIV** - gee die krag van die Gr *ἐπίγνωσιν* [= om tot die **volle** kennis te kom] weer nie). Dit is goed en wel om hierdie eksposisie van al hierdie heerlike waarhede te maak. Maar wanneer in aanmerking geneem word dat Paulus hier met gelowiges, hetsy Jood of Heiden, wat al ten minste tien jaar gelowig is en die Here ken en wat onder andere deur die woord van die waarheid van die evangelie die genade van God in waarheid leer ken het (*ἐπέγνωτε* = **ten volle** leer ken het! - **Kl 1.5-6**), praat en verlang dat hulle die Verborgenheid van God met betrekking tot Christus ten volle moet leer ken, dan besef 'n mens dat hier iets nuuts is wat onder hulle aandag gebring word!

§7

Die stelling in **Kl 2.1-2** toon dat Paulus tydens die skrywe van hierdie Sendbrief, nog nie persoonlik in Kolosse was nie, alhoewel kommentators verdeeld is op hierdie punt. Die beste wat ons kan aflei is dat die Gemeente te Kolosse heelwaarskynlik tot stand gekom het tydens Paulus se twee-en-'n-half jaar arbeid in Efese waartydens *al die inwoners van Asië die woord van die Here Jesus gehoor het, Jode sowel as Grieke* **(Hn 19.10).** Hoe dit ookal sy, hierdie sentimente van Paulus word uitgespreek ten opsigte van 'n Gemeente wat op daardie stadium reeds ongeveer tien jaar bestaan het.

---

[188] **Louw & Nida (1988:1:371)**

§8

Wanneer ons nou kyk na die struktuur van die Kolossebrief in sy geheel (Sien Afd. 1.6.8 op bls. 67, §60), dan merk ons op dat dit in deel **C (1.9-2.7)** en *C* **(4.2-6)** om die Verborgenheid gaan, naamlik *die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges, aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die Heidene* is, dit is Christus onder* (in) *julle, die hoop van die heerlikheid.* **(Kl 1.26-27)**, en is Paulus in 'n groot stryd oor hulle, dat hulle die verborgenheid sal leer ken van God met betrekking tot Christus **(Kl 2.1-2)**, en vra hy dat daar vir hulle gebid sal word dat *God vir ons die deur van die woord* sal open **(Kl 4.3)**. Vir **Lightfoot (1961:231)** is: " 'The word' here is 'the Gospel,' as frequently."

§9

Dit gaan dus nie bloot om 'n beter kennis en begrip van Jesus, soos Peake, aangehaal in **Wuest (1971:Vol 1:Deel 4:196-7)** dit stel nie: " 'Expositors A. S. Peake comments: "The force of this passage then is this: all, and not merely some of the treasures of wisdom and knowledge are contained in Christ; therefore the search for them outside of Him is doomed to failure. But not only are they in Christ, but they are contained in a hidden way. Therefore they do not lie on the surface, but must be sought for earnestly, as men seek for hidden treasure. They are not matters of external observances, such as the false teachers enjoined, but to be apprehended by deep and serious meditation." Dit gaan om die volle kennis van die Verborgenheid op sigself van God, met betrekking tot Jesus. Jesus het hulle reeds geken. Hulle moes nou die Verborgenheid leer ken. Hulle moes Paulus se insig in hierdie Verborgenheid met betrekking tot Christus verstaan het **(Ef 3.4).**

§10

*Maar só, dat ek my eer daarin gestel het om die evangelie te verkondig, nie waar Christus alreeds bekend was nie om nie op die fondament van 'n ander te bou nie maar soos geskrywe is: Hulle aan wie niks van Hom vertel is nie, sal dit sien; en hulle wat nie gehoor het nie, sal dit verstaan.* **(Rm 15.20-21)**.

## 3.9.4 - PAULUS WOU DAT HULLE SY INSIG IN DIE VERBORGENHEID *VERSTAAN*

§11

*Νοῆσαι τὴν σύνεσίν μου* - **(Ef 3.4)** *Verstaan = νοέω* - Twee van die drie semantiese betekenisse van dié term is hier van toepassing: **Louw & Nida (1988:Vol 1:380 en 350)**: (1) "to comprehend something on the basis of careful thought and consideration - 'to perceive, to gain insight into, to understand, to comprehend' ", en (2) "to think over a matter with care - 'to think about carefully, to consider well.' " Hierdie is ook 'n term wat vir die eerste keer in die Verborgen-

heidsbriewe aan *μυστήριον* gekoppel is. Dit gaan nie daarom dat hulle die verborgenheid met betrekking tot enige spesifieke saak moes verstaan nie, maar daarom dat hulle Paulus se *insig* (*συνέσις*) in die Verborgenheid self, sou verstaan. Hulle moes begryp wat hierdie Verborgenheid self behels!

## 3.9.5 - PAULUS HET DIE VERBORGENHEID OPENBAAR GEMAAK (KL 4.4):

§12

Daarom verlang hy voorbidding om soos die profeet van ouds 'n geoefende tong **(Js 50.4)** te hê dat hy die Verborgenheid *openbaar kan maak* (*φανερόω*) - "to cause something to be fully known by revealing clearly and in some detail - 'to make known, to make plain, to reveal, to bring to the light to disclose, revelation'." **Louw & Nida (1988:338-9)**.

> The usage here is: "to make known, reveal the mystery" (*φανεροῦν μυστήριον*). Indeed, other passages often state that the mystery has been made manifest (1:26; Rom 16:26; 1 Tim 3:16), referring thereby to God's revelation. ... Nowhere else, however, does Paul use "to make known, reveal" (*φανεροῦν*) to describe his preaching. ... When the apostolic preaching is described here in these words, its unique significance of being the proclamation of divine revelation is emphasized. [189]
>
> **Lohse (1971:165)**

**Martin (1981:I27)** voeg by: "Then, with his freedom regained, he can display (Gr. *phaneroun*: a unique term for Paul's preaching of the gospel) the wonder of God's mystery in Christ, which he knows to be his bounden obligation (as the 'eschatological apostle') to do (v. 4)." Die **NAV** vertaal dit *dat ek dit duidelik sal verkondig*. Maar **Dunn (1996:264)** waarsku juis teen só 'n vertolking: "The second purpose clause (*ἵνα*) simply reinforces the first. The verb (*φανερώσω*) is the same as in 1:26: "reveal" (NRSV). It is tempting to avoid such a translation here (e.g., NIV "may proclaim it clearly"'; NEB/REB "make the secret plain"), but on balance better to maintain a consistency of translation (l:26; 3:4) and to retain the apocalyptic sense of a mystery unveiled (cf. Zeilinger, *Erstgeborene* 112-13)." **Lohse (1971:165)** merk op: "The words employed in other passages to describe this proclamation are not found here: "to announce" (*καταγγέλλειν* 1 Cor 2 :1) ; "to impart" (*λαλεῖν* 1 Cor 2:7); "to preach" (*εὐαγγελίζεσθαι*; Eph 3:8)." Soos hy dit behoort te *spreek* (*ὡς δεῖ με λαλῆσαι* - **Lightfoot (1961:201)**: "It is an infinitive of the consequence, 'so as to speak'" en dat hy sal spreek as God vir hom *die deur van die woord* sal oopmaak = hy die

---

[189] §12: **Du Plessis (1991:89):** "Dit is opvallend dat die woord wat Paulus gebruik vir *verkondig* (letterlik: openbaar) die een is wat gewoonlik vir God se openbaring gebruik word (vgl 1:26; Rm I6:26; 1 Tm 3:I6). Paulus gebruik dit nooit anders vir sy eie verkondiging nie."

geleentheid gebied word om die Verborgenheid uit te dra **(Kl 4.4).** "That 'secret' (Eph. 3:3ff.) is now being disclosed by the apostolic preaching." **(Martin [1981:126]).**

§13

*Soos ek dit behoort te spreek.* **(Kl 4.3-4)**. **MacArthur (1992:184)** is van mening: "**Ought** can be understood in two ways. First, it refers to the compulsion Paul felt to preach the gospel. That was a constant burden in his life. Second, **ought to speak** refers to the mandate for using the God-ordained method of presenting the gospel. Paul preached the gospel by "solemnly testifying to both Jews and Greeks of repentance toward God and faith in our Lord Jesus Christ" (Acts 20:21)." Hier ook gaan dit nie bloot om die geleentheid om die evangelie uit te dra nie - dit het hy vir bykans dertig jaar reeds gehad en dit met groot bekwaamheid **(1 Kr 3.10; 2 Kr 3.5-6)** benut. Dit is sy eie getuienis in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte: *Want 'n groot en kragtige deur het vir my oopgegaan* **(1 Kr 16.9)** reeds in die Handelinge periode **(vgl Hn 14.27; 2 Kr 2.12)**, en het die woord van die waarheid van die evangelie reeds die hele wêreld bereik **(Kl 1.6)**, en was dit verkondig gewees in die ganse mensdom onder die hemel onder sy dienaarskap **(Kl 1.23)**. *Maar ek sê: Het hulle miskien nie gehoor nie? Ja, seker! Oor die hele aarde het hulle stem uitgegaan en tot by die eindes van die wêreld hulle woorde* **(Rm 10.18)**. Derhalwe gaan dit vir Paulus uiteindelik in die gevangenis om die geleentheid (Geopende deur) om die nuut geopenbaarde Verborgenheid openbaar te maak soos hy dit behoort te spreek. Tereg sê **Hendriksen (1964:181):** "This explanation is also in line with the parallel passage, Eph. 6:19, and with what follows immediately here in Colossians, namely, **to speak forth the mystery concerning Christ.**"

## 3.9.6 - PAULUS HET DIE VERBORGENHEID AAN DIE LIG GEBRING (EF 3.9):

§14

***En vir almal aan die lig te bring.*** Die woord *Almal* [190] word deur die Nestle en die Westcott en Hort tekste verwerp. **Hendriksen (1972:157)** lewer 'n gewigtige pleidooi om dit te behou.

> The MSS here vary between including and excluding the word *pantas*, translated *all men* in RSV; and accordingly we have a meaning of the verb *photisai* that requires or does not require a personal object. The slightly more likely alternative is that *all men* should be omit-

---

[190] §14: **Metzger (1994:603)** verklaar dat verskeie belangrike getuienisse het alleenlik *φωτίζω* (א A 424ᶜ 1739 1881 Origen Ambrosiaster[1/2] Hilary Jerome *al*). Dit is moeilik om te besluit of dit weggelaat was, hetsy per ongeluk of doelbewus (as synde nie ooreenstemmend met *τοῖς ἔθνεσιν*, **(v 8)** en of dit ingevoeg was omdat die werkwoord *φωτίζω* blykbaar 'n uitdruklike akkusatief vereis (soos dit ander plekke in die NT as 'n reel/gewoonlik het). Aangesien daar egter geen ander variante lesing (soos *αυτους et sim.*) is nie soos verwag kon word as *πάντας* nie in die oorspronklik is nie, het die meerderheid van die Redaksionele Komitee verkies om die woord te behou op die gesag van $p^{46}$ $א^{c}$ B C D G K P ψ 33 81 614 *Byz Lect* it vg $syr^{p, h}$ $cop^{sa, bo}$ goth arm *al*, maar om dit aan te toon binne hakies en daardeur twyfel te toon dat dit 'n reg het om vertaal te word. (My eie vertaling)

ted, and the verb taken (as in 1 Cor. 4:5 and 2 Tim 1:10) to mean 'showing forth' or 'bringing to light' (NEB) God's 'purpose'. The word is in fact 'the natural word to use for the public disclosure of what had been kept secret' (Robinson).

**Foulkes (1989:105)**

§15

Paulus wou vir almal *aan die lig bring* - Gr: φωτίζω - primêr "to illuminate, to shine upon" en ook daardeur "to cause something to be fully known by revealing clearly and in some detail - 'to make known, to make plain, to reveal, to bring to the light, to disclose, revelation'" [191] wat die 'dispensasie' van die Verborgenheid alles behels, net soos hy wou gehad het hulle sy *insig* in hierdie Verborgenheid sou verstaan **(Ef 3.4). Roberts (1990:87)** sê: "... sy opdrag behels nog meer as net dié verkondiging: Die gunsbewys aan hom sluit ook in dat hy die geheime plan van God mag verduidelik." As **Hendriksen (1967:157)** in sy kommentaar op **Ef 3:9** rakende die Verborgenheid verklaar: "Now, however, it is being revealed both by the worldwide preaching of the gospel and by the crystallization of its precious truths in the life and conduct of the church universal," dan neem hy nie al die verklaringe in die verband in ag, waarin dit duidelik word dat Paulus diep gefrustreerd was om die Verborgenheid aan die dag te lê nie. Dit was die uitdaging waarvoor Paulus in die gevangenis te staan gekom het, en waarvoor hy voorbidding gevra het: **(Ef 6.19-20; Kl 4.3-4)** dat hy die moed van sy oortuiging aan die dag sou lê om die nuut geopenbaarde Verborgenheid bekend te maak.

## 3.9.7 - PAULUS WOU DAT ALMAL DIT WEET - NIE NET PARTY NIE

§16

Die gedagte wat in die Vroeë Pauliniese Koninkryksgeskrifte na vore kom dat net diegene wat die Gees gehad het - die 'geïnisieerdes' - God se verborgenhede sal ken **(vgl 1 Kr 1:7-16; 4.1)**, het in die Verborgenheidsbriewe plek gemaak vir die gedagte dat almal en alles die nuut geopenbaarde Verborgenheid sal ken - vriend en vyand; Jood en Heiden; mens en engele, magte en kragte. Daarom het die Apostels en Profete volgens **Schnackenburg (1991:133)** "... the irreplaceable function of proclaiming and interpreting the Christ-event because it was made known to them first and foremost through divine revelation." Hierin het Paulus volgens **Bruce (1961:32)** die hoofrol gespeel: "But now it has been revealed in its glorious fulness, first to Paul, and then, through Paul, to the Church at large." **Hendriksen (1967:84)** voeg toe: "It was the Father's will that the most sublime secret be broadcast far and wide, and that it penetrate deeply into the hearts of those who were his own." **Corley (1979:32)** meld: "The revelation takes place in the apostolic preaching as the announcement of good tidings (3:8), enlightenment (3:9), and making known the gospel

---

[191] §15: Aldus **Louw & Nida (1988:1:339)**. Volgens **Robinson (1964:261)**: is die woord "... 'the natural word to use for the public disclosure of what had been kept secret'."

(6:19)." **Hendriksen (1967:156-157)** sien die saak in 'n breër verband: "To proclaim to the Gentiles the unfathomable riches of Christ was, however, only part of Paul's task. In two respects his mission was broader: *a.* it concerned not only the Gentiles but *all* men. Had not God described him as "a chosen vessel, to bear my name before the Gentiles and kings and the children of Israel"? (Acts 9:15); *b.* it had to do not only with the proclamation of the gospel but also with the illumination of men's eyes so that they might see how this gospel, accepted by faith, was operating in the hearts and lives of men."

## 3.9.8 - PAULUS SE PREDIKING HET DIE VERBORGENHEID IN WERKING GESTEL

§17

'n Baie belangrike aspek wat hierdie geopenbaarde Verborgenheid onderskei, is dat die openbaring van God deur Sy NTe apostels en profete en die realisering en vervulling daarvan **tegelykertyd plaasgevind** het. Dit is die siening van **Lightfoot (1961:168)**: "It came upon the world as a sudden surprise. The moment of its revelation was the moment of its fulfilment." **Du Plessis (1991:89)** stel dit: "Op 'n besondere wyse word die apostel se prediking dus beskou as die openbaarmaking van God. ... Daarom is God se openbaring werksaam in Paulus se prediking." **Lincoln (1990:30)** wys daarop dat "... here in Ephesians, "mystery" can refer to an event which has already been realized in the community." In die profetiese woord onderskei ons tussen die openbaring d.m.v. die profetiese woord wat uitgaan en die realisering van daardie profesie in die geskiedenis. Die realisering (vervulling) van die profesie is nie die 'openbaring' van die raadsplan van God nie. Die openbaring is reeds vervat in die profesie wat vooraf uitgegaan het. **Am 3.7** bevat vir ons God se beleid in dié verband: *Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.* [192]

§18

Die openbaring van hierdie Verborgenheid in die Gevangenis en die realisering daarvan het egter saam geskied. Paulus se prediking het dit in werking gestel. **Lohse (1971:74)** konstateer dat die openbaring deur prediking van die Verborgenheid "... does not concern a future event which lies hidden in God's plan, but rather an act of God which has already become a reality." **Hendriksen (1964:88)** beweer dat 'n verborgenheid alleenlik ten volle geopenbaar is "when its significance is translated into historical reality." 'n Mens kan amper sê die realisering het die openbaring voorafgegaan. God het eers begin doen voordat Hy gespreek het! **Corley (1979:32)** verklank dit: "The mystery (*mysterion*) or secret hitherto concealed but now made known, is firmly connected by Paul with the revelation and proclamation of the gospel." En dan sê **Corley (1979:33):** "The

proclamation is not merely informative but itself belongs to the mystery, putting it into effect." **Schnackenburg (1991:57)** gaan verder: "This apostle ... hence brings into the open wherein the mystery of God, hidden before the ages, consists (3.9)." **Robinson (1904:32)** sê: "The 'dispensation' or 'working out' of that secret Purpose is a matter on which St Paul claims to speak by revelation" soos **Corley (1979:32)** saam vat: "The revelation takes place in the apostolic preaching".

§19

Hierin kom God se frustrasie met en teleurstelling in Sy volk Israel, wat nie in Sy verwagtinge voldoen het nie, na vore. Daarom maak Hy die boeke vir Israel in **Hn 28** op (vgl **Rm 9.27-28)** en gebeur waarteen Paulus die Jode reeds in **Hn 13.40-41** (in 48 nC in die sinagoge in Antiochië in Psidië) gewaarsku het: *Pas dan op dat daar nie oor julle kom wat deur die profete gesê is nie: Kyk dan, julle veragters, en wees verwonderd en verdwyn! Want Ek gaan iets in julle dae doen, iets wat julle sekerlik nie sal glo as iemand julle dit vertel nie.* Hiervolgens sou God ook kontra Sy beleid eers doen en dan vertel.

---

[192] §17: Vgl ook **Js 42.9; 40.21; 44.8; Esg 38.17; Dn 2.30; Hs 12.11; 1 Pt 1.10-11**

# 3.10.0 - PAULUS SE GEVANGENISSKAP VIR DIE VERBORGENHEID

## 3.10.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

*Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is,* **(Ef 4.1)**

*Die Verborgenheid van die evangelie bekend te maak, waarvoor ek 'n gesant is in kettings* **(Ef 6.20).**

*die Verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is,* **(Kl 4.3).**

*Dink aan my boeie!* **(Kl 4.18)**

*Om hierdie rede is ek, Paulus, die gevangene van Christus Jesus vir julle wat Heidene* is* **(Ef 3.1)**

## 3.10.2 - PAULUS SE AANVANKLIKE GEVANGENISSKAP OOR *DIE HOOP VAN ISRAEL*

- *want dit is oor die hoop van Israel dat ek met hierdie ketting geboei is.* **(Hn 28.20)**

§1

Paulus uiter hierdie laasgenoemde woorde in Rome as gevangene aan die einde van die Handelinge Dispensasie terwyl God se OTe geprofeteerde Koninkryk* Program vir Israel nog stand gehou het. Die *hoop van Israel* [193] verwys na die oprigting van daardie Koninkryk* waarna die apostels reg aan die begin van Handelinge navraag gedoen het: *Here, gaan U in hierdie tyd die Koninkryk* vir Israel weer oprig?* **(Hn 1. 6).** Die verwysing van die Here Jesus na die belofte van die uitstorting van die Heilige Gees, wat volgens OTe profesieë sou plaasvind in die opgerigte Koninkryk* (Millennium), het aanleiding tot hierdie vraag gegee. Die hoop is ook vervat in Petrus se woorde in **Hn 3.19-26.** Paulus sê dit is oor daardie hoop **(vgl. Hn 24.14-15; 26.6-8, 22-23)** [194] dat hy met kettings geboei is - daardie hoop is die OTe geprofeteerde Koninkryk* van God vir Israel wat hy vir die Jode in Rome uit die wet van Moses en die profete uitgelê het **(Hn 28.23)**, en het hy vir 'n verdere twee volle jare *die Koninkryk* van God gepreek en onderrig gegee (het) aangaande die Here Jesus Christus, met volle vrymoedigheid sonder enige verhindering.* **(Hn 28.30-31).** **MacArthur (1992:184)** maak

[193] §1: **Bruce (1961:134):** " 'Because of the hope of Israel I am bound with this chain', he could say to the Jews of Rome (Acts 28. 20), but the hope of Israel was the hope of the Gentiles, too (Rom. 15. 12); and the apostle of the Gentiles wore his chain as a decoration or badge of office, since it had come to him through the exercise of his apostleship."

[194] §1: Let op die imminensie van daardie hoop soos weergee in die $\mu\epsilon\lambda\lambda\omega$ in eg. en lg. twee Skrifgedeeltes wat ongelukkig nie vertaal was nie!

die kosbare aanmerking: "For Paul, there were no devastating circumstances, only opportunities." Maar dit was voordat die Verborgenheid aan hom geopenbaar was en alles verander het!

§2

Die aanvanklike en direkte rede vir Paulus se gevangenisskap was omdat hy die evangelie aan die Heidene* begin verkondig het. **Lightfoot (1961:231): Kl 4.3** sê: "St Paul might have been still at large, if he had been content to preach a Judaic Gospel. It was because he contended for Gentile liberty, and thus offended Jewish prejudices, that he found himself a prisoner." Vir **Robinson (1904:74)** is Paulus se "... persecutions and imprisonment directly due to his insistence on the wideness of the Gospel." **Hendriksen (1964:181)** wat die openbaring van die Verborgenheid teruglees in die Handelinge Dispensasie verklaar: "That it was indeed as a result of the proclamation of this mystery especially its disclosure *to the Gentiles!* - that Paul was fettered and in custody follows from the many references in which it is clearly indicated that the Jews, filled with fury because Paul preached the gospel to Jew *and Gentile* without distinction, had accused him before the civil authorities (Acts 18:12, 13; 21:28; 22:21-30; 23:26-30; 24:1-9; 25:1, 2, 6, 7; 26:19-21, 52)."

§3

Maar hy was nie in die tronk alleenlik vir die rede soos **Roberts (1990:83)** dit stel omdat "... hy sy lewe en diens aan die Heidene* gewy het" en **Bruce (1961:59)** ook van gedagte is nie: "... he thinks of his imprisonment as ... having been incurred as a direct consequence of his activity as the apostle to the Gentiles." Vir Paulus was die evangelie 'eerste vir die Jood' **(Rm 1.16)** en was dit sy vaste beleid om waar hy gegaan het, die Jood eerste te evangeliseer **(vgl. Hn 17.2; 13.14, 46; 18.4)**. Maar hy was ook 'n gevangene omdat hy die evangelie aan die Heidene* verkondig het **voordat Israel nasionaal tot bekering gekom het**. Die 'kinders moes eers versadig word' voordat die brood vir die 'honde' gegooi was **(Mr 7.27)**. Dat die evangelie aan die Heidene* verkondig sou word en hulle onder en saam met bekeerde en herstelde Israel as God se kanaal van heil in Sy Koninkryk* Program (in die Millennium) die Here sou dien, was geen 'verborgenheid' nie maar reeds duidelik geprofeteer in die OT **(vgl Gl 3.8; Rm 15.8-12)**. Maar toe God in die Handelinge Periode **voortydig** (voordat die Koninkryk*/Millennium opgerig was) 'n deur van geloof vir die Heidene* geopen het **(Hn 13.48; 14.27)**, het jaloesie van verharde Israel **(Rm 11.7-10; 11.25)** besit geneem **(Rm 10.19; 11.11)** en moes Paulus sterwe en van die aardbol verwyder word **(Hn 22.21-22)**. Nou kan u vir uself dink wat die reaksie moes wees toe hy boonop met die openbaring van die Verborgenheid vorendag gekom het dat Israel ter syde gestel was, die Koninkryk* opgeskort was, en God 'n nuwe skepping daar gestel het waarin die Heidene* sonder Israel die Kanaal van God se heil word!

## 3.10.3 - PAULUS SE GEVANGENISSKAP OOR *DIE VERBORGENHEID*

§4

- *die verborgenheid van die evangelie bekend te maak, waarvoor ek 'n gesant is in kettings,* **(Ef 6.19-20)** - τὸ μυστήριό τοῦ εὐαγγελίου ὑπὲρ οὗ
- *Die Verborgenheid van Christus waarvoor ek ook in boeie is* **(Kl 4.3)** - Gr τὸ μυστήριον τοῦ Χριστοῦ δι' ὃ καὶ δέδεμαι = waarvoor ek inderdaad gebind is. **Wuest (1971:Vol 1:Deel 4:234):** "*dedemai,* the perfect tense of *deo,* "to bind." The translation reads, "I have been bound with the present result that I am in a bound condition"."

§5

Waar Paulus aanvanklik oor die hoop van Israel in boeie was, sê hy nou uiteindelik dat hy oor die Verborgenheid wat geopenbaar was, in kettings is. As deel van die groter geheel is dit 'n verdere bewys van die dispensasionele veranderings wat daar ná **Hn 28 (63 nC)** plaasgevind het. Omdat vakkundiges nie bewus daarvan is dat dit hier in die gevangenis nou oor die groot kwessie van die geopenbaarde Verborgenheid gaan nie, is daar weinig van hulle, indien enige, wat die twee kategoriese verklaringe van Paulus behandel in **Ef 6.19-20** en **Kl 4.3** dat hy spesifiek oor die Verborgenheid in kettings is en wat dit uitlig. Al wat die skrywer kon vind is 'n opmerking van **Lightfoot (1961:168)**: "For this he is a prisoner ; this he is bound to proclaim fearlessly (iv. 3, Ephes vi.19)." **Martin (1981:126)** se kommentaar op **Kl 4.3-4** is: "One thing stands out. Paul was no social or political prisoner, paying the penalty for a crime. His imprisonment was **on account of** his message as a Christian preacher." **Hendriksen (1967:150)** voeg by: "It is not improbable that these opponents viewed his very imprisonment as a sign of the falsity of his pretensions." Ook vir **Swain (1980:65)** gaan dit bloot om Paulus se betrokkenheid by die Heidense sending: "Addressing himself principally to Christians of Gentile origin (2:11), Paul claims that he is in prison particularly because of his fidelity to his mission of evangelisation of the Gentiles." Meer indrukwekkend is **Hay (2000:152)** se weergawe:

> The reference to what Paul is "bound" to here alludes to his sense of God's commissioning of him as an apostle: He is constrained to speak the divine word (cf. 1 Cor 9:16-17). The Greek terms in verses 3-4 for "in prison" (*dedemai*) and "should" (*dei*) are based on the same root, indicating constraint or necessity. Paul is presently in chains (4:18) because of human rejection of his gospel, but the necessity and "bonds" that he is chiefly mindful of are the result of God's commission. The Colossians are probably expected to ponder the irony of a person "bound" by both God and humans, though for opposed reasons.

§6

Paulus benadruk volgens **Hendriksen (1967:150)** "that he is a prisoner in a righteous cause, so that his very confinement is a reason why they should listen all the more attentively to what he has to say." Sy gevolgtrekking is: "Paul's imprisonment is therefore a very honourable one."

## 3.10.4 - PAULUS AS GEVANGENE VAN *JESUS CHRISTUS*

§7

Dit is interessant om na Paulus se verklaringe rondom sy gevangenisskap en boeie in die volgorde te kyk soos dit heelwaarskynlik die lig gesien het van die einde van **Hn** af deur **Fl**, en dan finaal in die drie Verborgenheidsbriewe **Ef A**; **Kl** en **Ef B** en veral om op die progressie wat i.d.v. daarin na vore kom, te let:

- *Dit is oor die hoop van Israel dat ek met hierdie ketting geboei is* **(Hn 28.20)**
- *Julle almal in my boeie ... my deelgenote in die genade is* **(Fl 1.7)**
- *Sodat my boeie openbaar geword het in Christus* (onder almal) **(Fl 1.13)**
- *Deur my boeie vertroue gekry het* **(Fl 1.14)**
- *Om aan my boeie verdrukking toe te voeg* **(Fl 1.16)**
- *Ek die gevangene in die Here* **(Ef 4.1)**
- *Die Verborgenheid van die evangelie ...waarvoor ek 'n gesant is in kettings* **(Ef 6.19-20)**
- *Die Verborgenheid van Christus waarvoor ek ook in boeie is (Dink aan my boeie)* **(Kl 4.3, 18)**
- *Ek Paulus die gevangene van Christus vir julle wat Heidene* is ... dat God aan my deur 'n openbaring bekend gemaak het die Verborgenheid* **(Ef 3.1, 3)** [195]

§8

Dit is Paulus se perspektief dat hy 'n *gevangene in die Here* en *die gevangene van Christus* is, wat ons net hier wil uitlig. As Gevangene was Paulus se oog aanvanklik op die *hoop van Israel* gevestig. In **Fl** fokus hy in die eerste hoofstuk op sy boeie as sodanig. In die Verborgenheidsbriewe vind ons in die volgorde 'n 'toebroodjie' situasie - die twee snye brood weerskante: Die *gevangene in die Here* en die *gevangene van Christus* **(Ef 4.1** en **Ef 3.1)** met dit (die botter en konfyt) wat tussen-in is: Die *Verborgenheid van die evangelie* en die *Verborgenheid van Christus*! **(Ef 6.19** en **Kl 4.3)**. 'n Gevangene van die Here en van Christus - "prisoner for Christ Jesus" (aldus die **NRSV** se vertaling) - ter wille van die Verborgenheid. "Dit beteken nie dat hy deur Jesus gevange gehou word nie, maar

[195] §7: Daar is ook die verwysinge na sy gevangenisskap in sy twee Pastorale (Gevangenis) Briewe: **2Tm 1.8, 16; 2.9; Flm 1, 9, 10, 13**. In sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte asook **1 Tm** en **Tt** is daar geen verwysing na enige gevangenisskap nie!

dat hy, as iemand wat aan Jesus behoort, in gevangenskap verkeer." **(Roberts [1990:83])**. **Lohse (1971:165)** sê dit "... is the lot of the ambassadors of Jesus Christ (cf. Eph 6:19f)."

§9

Op die oog af was hy 'n gevangene van Rome en ingeperk deur die mens. "But just as his spiritual life 'in Christ' mattered far more to him than his outward circumstances and environment, so now he regarded himself as a prisoner by the will of his master. ... just as for every part of his life he could call himself the slave of Christ (*e.g.* Phil. 1:1)", **(Foulkes [1989:98])**. Paulus is volgens **Morris (1994:84)** in die gevangenis "... not because of any criminal act; it is because of his faithfulness to Christ." [196] In elke verwysing na homself as gevangene sê Paulus volgens **Hendriksen (1967:150)** "... that as such *he belongs to the Lord*, for it was while engaged in his service and thus for his sake that he was imprisoned." **Allan (1968:93-94)** haal aan: "Paul's bonds, says Lightfoot, 'were not shackles which self had riveted, but a chain with which Christ had invested him'." **MacArthur (1992:74)** deel verder mee: "Paul could rejoice despite his imprisonment because he always viewed himself as a prisoner of Jesus Christ, not the Roman Empire (cf. Philem. I , 9, 23)." Ook sê **Bruce (1961:59)**: "When he speaks of himself as 'the prisoner of Christ Jesus on behalf of you Gentiles', he thinks of his imprisonment as having been incurred in Christ's service."

## 3.10.5 - DIE DOEL VAN GOD MET PAULUS SE GEVANGENISSKAP

§10

Ons het van die redes aangeraak hoekom en waarom hy in die gevangenis sit. God het sekerlik 'n doel daarmee gehad? Kyk na die wysheid van God om hom in die gevangenis te laat beland:

1) Dat hy tot stilstand kon kom. As hierdie Energieke Pionier **(2 Kr 10.16)** wat meer oorvloedig as enige iemand anders gearbei het **(1 Kr 15.10)** en sy eer daarin gestel het om die evangelie te verkondig waar Christus nie alreeds bekend was nie **(Rm 15.19-21),** nie in die gevangenis beland het nie, sou hy nie die stem van God gehoor het rakende die 'Toekomstige Dinge' wat die Gees aan hom wou bekend maak nie en sou hy in sy brandende liefde vir sy volk **(Rm 9.1-3)** soos die spreekwoordelike 'besetene' aangehou het met die Koninkryk* evangelie om die Jode te probeer evangeliseer en Israel tot bekering te probeer bring.
2) Dat hy die hele situasie in oënskou kon neem en besef wat aan die gebeur is. 'n Generaal wat self aan die geveg deelneem, loop gevaar om die geveg te verloor. As gevangene het hy perspektief begin kry.

---

[196] §9: Let op Paulus se finale verklaring in die verband in **2 Tm 2.9**: *Waarin ek verdrukking ly tot die boeie toe soos 'n kwaaddoener*

3) Dat God die Verborgenheid aan hom kon openbaar van die nuwe skepping wat Hy ná die 'Groot Tragedie' van **Hn 28** besig was om tot stand te bring.
4) Dat hy in die openbaring van die radikale Verborgenheid, wat hom vyand nommer een van elke Jood, ortodoks en Gelowig, sou maak, teen hulle beveilig kon word en in die lewe kon bly **(vgl Fl 1.21-24)** in die Gevangenis sodat hy die Verborgenheid skriftelik kon uitdra en bekend kon maak.

§11

Die moontlikheid dat beide gelowige en ortodokse Jode, sou sorg dat sy lot verseël was in die gevangenis, toe hy die radikale Verborgenheid bekend gemaak het, is baie groot.

## 3.10.6 - PAULUS SE LYDING OOR DIE VERBORGENHEID

§12

Paulus het eers gely omdat hy die evangelie aan die Heidene* verkondig het. Daarna het hy gely omdat hy Die Verborgenheid bekend gemaak het. Dit is nie nodig om hier die debat te betree oor Paulus se woorde in **Kl 1.24** nie: *Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die Oorblyfsel*s van die verdrukking van Christus vir sy liggaam, wat die Ekklesia* is.*

# 3.11.0 - VOORBIDDING WAT IN VERBAND MET DIE BEKENDMAKING VAN DIE VERBORGENHEID AANGEVRA WAS:

## 3.11.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

§1

- *Bid ... en vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die Verborgenheid van die evangelie bekend te maak,* **(Ef 6.19).**
- *en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die Verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is, dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit behoort te spreek.* **(Kl 4.3-4).**

## 3.11.2 - PAULUS SE VORIGE GEBEDSVERSOEKE

§2

Paulus was lief om sy lesers te vra om altyd vir hom te bid. **Dunn (1996:263)** noem dat: "Paul had no embarrassment in understanding prayer as asking for things and on behalf of people (Jesus had so taught, e.g., Matt. 7:7-11/Luke 11:9-13)." Dit doen hy in bykans al sy Briewe. Kom ons kyk eers na sy persoonlike gebedsversoeke in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte. In **Hb.13.18** vra hy: "Bid vir ons dat ons in alles goed mag wandel." In **1 Ts 5.25** vra hy bloot: "Bid vir ons". In **2 Ts 3.1** is sy versoek: "Bid vir ons dat die woord van die Here sy snelle loop mag hê". In **1 & 2 Kr & Gl** vra hy geen voorbidding nie. In **Rm 15.30** begin hy meer persoonlik te raak: "Bid vir my dat ek verlos mag word van die Jode".

§3

Wanneer hy in die gevangenis beland, is sy versoek in **Fl 1.9** dat deur die Filippense se gebed, Christus groot gemaak sal word in sy Liggaam. En dan, wanneer die dispensasie van Die Verborgenheid aan hom geopenbaar word, vra hy die voorbidding in bg. twee verse. Die implikasie hiervan is vir elke denkende Bybelstudent duidelik! Dit is seer sekerlik nie die taal van 'n veteraan wat bykans dertig jaar ondervinding van prediking agter die rug het nie?! Vir hom het daar dan alreeds in die Handelinge Periode 'n groot en 'n *kragtige deur* oopgegaan **(1 Kr 16.9; 2 Kr 2.12)** en kon hy aan die Ouderlinge van die Efesiërs verklaar: *Want ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.* **Hn 20.27)** en het hy reeds *die evangelieverkondiging van Christus volbring* **(Rm 15.19)**. Die evangelie *is verkondig onder die Heidene*, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid.* **(1 Tm 3.16)**, sodat die woord van die waarheid van die evangelie *wat verkondig was in die ganse mensdom* op daardie stadium reeds *die hele wêreld bereik het"* **(Kl 1.23, 6).** Gevolglik merk **Hay (2000:78)** op: "Before the end of the first century a church leader in Rome could speak

of Paul as having taught the whole world, east and west ( 7 Clem. 5:6-7), and Col 1:28-2:1 may have a similar meaning." Nee, dit is die taal van 'n ou man wat aan die einde van sy loopbaan van God 'n nuwe openbaring ontvang het wat so verbysterend en radikaal vir hom as Jood was, dat selfs hy dit nie alles meteens kon verwerk nie.

Kom ons let op **die verskille** tussen sy eerste gebedsversoek in **Ef 6.19-20** en die tweede in **Kl 4.3-4** en die **progessiwiteit** wat daarin na vore kom:

## 3.11.3 - PAULUS SE SPESIALE GEBEDSVERSOEK EERS VIR 'MY' EN LATER VIR 'ONS'

§4

Dit skyn asof Paulus aanvanklik alleen gestaan het in die ontvangs van die openbaring en bekendmaking van die Verborgenheid - *dat Hy aan my deur 'n openbaring bekend gemaak het die Verborgenheid* **(Ef 3.3)**. Dit word verder bevestig deurdat hy in **Ef A** voorbidding slegs vir hom persoonlik gevra het *sodat 'n woord MY gegee mag word as EK my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak* **(Ef 6.19)**. Tussen die skrywe van **Ef A** en **Kl** blyk dit dat hy intussen andere betrek het en oortuig het wat saam met hom nou die Verborgenheid ingesien het en vra hulle - hy en Timoteüs wat saam met hom die **Kl** Brief geskrywe het - die Kolossense lesers: *Bid tegelykertyd ook vir ONS, dat God vir ONS die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus* **(Kl 4.3)**. [197] **Dunn (1996:634)** bring dit onder ons aandag dat "... the parallel with Eph. 6:19-20 becomes very close for these two verses); the plural "us" is perhaps a reminder of the dual authorship of the letter, or that Paul's mission involved a substantial team (here including no doubt those to be mentioned in 4:7-14)." Vir die skugtere Timoteüs was dit sekerlik 'n moeilike saak om oor só 'n kontroversiële saak te praat, wat weer vir die ywerige Paulus 'n groot frustrasie was.

§5

Omdat Paulus besef het dat die saak maar heelwaarskynlik op hom sou neerkom, vra hy verder persoonlik: *dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit behoort te spreek* **(Kl 4.4)**. **Hay (2000:152)** wat die vraag vra waarom Paulus oorskakel van 'ons' na 'ek' in verse 3-4, antwoord: "Probably he wants to emphasize his imprisonment (not all his coworkers are prisoners), but perhaps he also does not care to suggest that those coworkers might also fail to speak clearly!" **Lohse (1971:165)** huldig dieselfde vermoede: "Since in the following clauses the author returns to the singular "on account of

---

[197] §4: Nog 'n rede om te vermoed dat **Ef A** (4 - 6) voor **Kl** geskryf was,

which I am in bonds; that I may make known" [δι ᾽ ὅ δέδεμαι; ἵνα φανερώσω], also "for us" here means no other than the Apostle for whom God should open a "door for the word."

## 3.11.4 - PAULUS VRA DAT 'N WOORD HOM GEGEE MAG WORD

§6

Hierdie Verborgenheid was só groot **(Ef 5.32)** dat hy aanvanklik spesiaal voorbidding vra dat *'n woord my gegee mag word* **(Ef 6.19)**. Let daarop dat λόγος sonder die lidwoord hier staan. Paulus vra nie vir 'n spesifieke woord nie. Sy probleem was om hierdie nuut geopenbaarde Verborgenheid te ***verwoord.*** Hy het verlang dat God hom die profetiese woord sou gee as hy sy mond oopmaak om te spreek. **Morris (1994:211)** sien dit wat moet plaasvind as 'n "... a divine activity so that the words he would speak would be the words God intended to be spoken in that situation." Hy wou dit wat hy dink hy raakgesien het, korrek en duidelik oordra. **Foulkes (1963:96)** stel dit: "... it may be viewed as a desire that he may be given by the Spirit that ability to preach the gospel which is beyond the unaided natural powers." **Schnackenburg (1991:283)** interpreteer dit: "... so will God give to the preacher of the Gospel the 'Word' which unveils the wisdom of the divine plan of salvation (cf. 3.10 f.)."

§7

Dit gaan dus nie bloot om die **bereidheid vir die evangelie** en die **verkondiging** daarvan nie, maar dat hy die **geopenbaarde Verborgenheid** bekend kon maak. Só wil die skrywer die woorde van die **NRSV** verstaan wat hierdie Teksvers vertolk: "Pray also for me, so that when I speak, a message may be given to me." So ook **Hendriksen (1967:282)**: "Ask God to give me ... "a *message* when I open my mouth" (Matt. 10:19)." En ook **Morris (1994:211)**: "Paul does not rely on human wisdom ... . He looks to God to give him the right words." Paulus vra volgens **Du Plessis (1991:89)** "... vir die regte woord om dit te benut omdat hy met so 'n belangrike woord besig is."

> In Eph. 1.13 the 'Word of truth' is discussed in an objective sense; but here it is the Word given to the preacher which stands in the foreground. We might think of the charismata mentioned in 1 Cor. 1.5; 12.8, but these are not limited to the one proclaiming the Gospel. The closest correspondence is in 1 Thess. 2.13 (the word of proclamation through us); further Phil. 1.14; 2 Cor. 4.2. In 2 Thess. 3.1 the addressees are requested to pray for the preacher 'that the Word of the Lord may take its course and be extolled'.

**Schnackenburg (1991:283)**

## 3.11.5 - PAULUS VRA DAT DIE HERE SY MOND SAL OOPMAAK.

§8

Paulus was nie net **woordeloos** gelaat deur hierdie groot Verborgenheid nie, hy het skoon **verstom** gestaan! Daarom voeg hy by sy gebedsversoek die woorde *as ek my mond oopmaak*. Nou haal **Foulkes (1963:186)** Abbott aan wat verklaar: " ' "Opening the mouth" is an expression used only where some grave utterance is in question'." **Schnackenburg (1991:283b)** voeg by: "This is an old biblical expression which is used for prayer and praising (Ps. 51.15 - LXX 50.17 -; Dan. 3.25 LXX), proclaiming God's mysteries (Ps. 78.2), and prophetic speech (Ezek. 3.27; 29.21; 33.22; Dan. 10.16)." Die Grieks vir *open* is in die Datief - *ἀνοίξει* - wat die betekenis, soos weergegee in die **OAV** asook die **AV**, ietwat verander soos **Robinson (1904:36)** dit uitlig: "It is not, as our Authorized Version renders it, 'that I may open my mouth'; but rather 'that God may open my mouth'. He is the giver of the utterance. The Apostle is His spokesman." **Morris (1994:211)** bevestig dieselfde gedagte: "... it is more likely that we should understand the apostle to be saying that he wants God to open his mouth, as, for example, the psalmist did when he prayed, "O Lord, open my lips, and my mouth will declare your praise" (Ps. 51:15)." Paulus was só oorbluf deur die inhoud van hierdie geopenbaarde Verborgenheid dat hy nie net woordeloos gelaat was nie maar ook stom geslaan was. Hy kon homself nie so ver kry om te praat nie. Daarom moes God self sy mond open!

## 3.11.6 - PAULUS VRA VIR 'VRYMOEDIGHEID'

§9

- *Om met vrymoedigheid die Verborgenheid van die evangelie bekend te maak ... sodat ek daarin vrymoediglik mag spreek soos ek moet spreek* **(Ef 6.19, 20)**

'Vrymoedigheid' en 'vrymoediglik' kom albei van die basiese Griekse woord *παρρησία* = "A state of boldness and confidence, sometimes implying intimidating circumstances - 'boldness, courage'" - **Louw & Nida (1988:307)**. [198] **Morris (1994:211)** voeg by: "The word for "boldness" is made up of two words meaning "all" and "speech." It signifies the attitude when one is completely at home and the words flow freely. Thus it may mean "outspokenness," or "frankness." When a person is speaking in this way, he or she is not in the least afraid, and thus the expression comes to signify "boldly." **Schnackenburg (1991:283)** sê: "It is an open and freely revealing way of speaking." 'Vrymoedigheid' beteken vir **Hendriksen (1967:282)** "... "*courage* at all times to deliver that message in a worthy manner" (cf. Acts 4:15)," en vir **Roberts (1990:181)** "... dat hy altyd die

[198] §9: Die Afrikaanse taal het só 'n pragtige uitdrukking hiervoor: 'Die moed van jou oortuiging'. Dit is waarvoor Paulus vra in die lig van die geweldige implikasies van die Verborgenhied wat aan hom geopenbaar was!

entoesiastiese vrymoedigheid sal behou om oor God se goeie boodskap só te praat soos hy behoort te praat."

§10

Die **OAV** gee dus nie vir ons die werklike betekenis deur met die woord 'vrymoedigheid' te vertaal nie - só ook nie die **NAV** nie. Die **NIV** het dit met "fearlessly" vertaal en só ook **TCNT** en **Weymouth**. Dit beteken vir **Hodge (1964:394)**: "... keeping nothing back, but making an open, undisguised declaration of the Gospel. This includes, however, the idea of frankness and boldness of spirit, of which this unrestrained declaration of truth is the expression." **Roberts (1990:180)** huldig die gedagte: "Die gevaar bestaan dat hy vanweë sy gevangenskap, óf uit moedeloosheid (vgl 3:13), òf weens intimidasie die *vrymoedigheid* mag verloor om die verkondigingstaak wat hom *opgelê* is, uit te voer." **Bruce (1961:134)** wat verkeerdelik aanneem dat Efesiërs vóór **Hn 28.30-31** geskrywe was, vra die vraag: "Were their prayers answered? Let Luke, Paul's companion, bear his testimony" en dan kwoteer hy laasgenoemde Skrifgedeelte. Maar **Kl** en **Ef** het lank ná **Hn 28.31** eers die lig gesien. Dit het dus nie om vreesloosheid in die blote prediking van die evangelie, waarin hy op daardie stadium reeds bykans dertig jaar ondervinding in die lig van baie teëstand gehad het **(Vgl 1 Kr 16.9)**, gegaan nie. In die lig van die voorafgaande verklaringe in **Hn 28:30-31** en **Fl 1.12-14** rakende die prediking van die evangelie, en die inhoud van twee gebedsversoeke in **Ef 6.19-20** en **Kl 4.3-4** in ag genome, moes daar tussen eg. twee en lg. twee iets radikaals plaasgevind het! Dit was die openbaring van die Verborgenheid. Op die oog af is die Koninkryk* en Jesus aanvanklik gepreek vanuit die OTe wet en profete terwyl dit in die twee Verborgenheidsbriewe gaan om die prediking van die Verborgenheid van die evangelie. Dit het daarom gegaan dat hy die Jode moes konfronteer met die ontstellende waarheid van die Verborgenheid.

§11

Nou is dit insiggewend dat dit dieselfde man is wat, volgens Lukas se Handelinge rekord, in die voorafgaande tyd vir twee volle jare in gevangenisskap te Rome in sy eie gehuurde huis, *met volle vrymoedigheid* (Gr πάσης παρρησίας = vreesloos; openlik) *sonder enige verhindering* (Gr. ἀκωλύτως = vrylik) *die Koninkryk* van God gepreek en onderrig gegee het aangaande die Here Jesus Christus* **(Hn 28.31)**, nou ewe skielik sulke gebedsversoeke uiter! Dit, terwyl hy in daardie tydperk die **Filippensebrief** skrywe waarin hy die volgende getuienis lewer: *En ek wil hê dat julle moet weet, broeders, dat* **my wedervaringe** (my vertaling), *eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het, sodat my boeie openbaar geword het in Christus onder die hele keiserlike lyfwag en by al die ander, en die meeste van die broeders wat in die Here deur my boeie vertroue gekry het, dit des te meer waag om die woord onbevrees te spreek. ... Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder 'n skyn of in waarheid is, word Christus verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly.* **(Fl 1.12-14, 18).**

§12

In Handelinge was die evangelie van die Koninkryk* tot op die einde toe nog gepreek. In die Verborgenheidsbriewe het dit begin gaan om die prediking van *Jesus ooreenkomstig die openbaring van die Verborgenheid* **(Rm 16.25)**. Daarvoor het Paulus die vreeslose moed van sy oortuiging nodig gehad! Saamgelees met die gedagte dat God 'sy mond moes open' en verder dat die Here vir hom 'n 'woord om te spreek' moes gee, is dit duidelik dat ons hier te doen het met die openbaring van 'n splinternuwe en radikale Verborgenheid wat deur die Heilige Gees as die 'Toekomstige Dinge' aan hom bekend gemaak is.

## 3.11.7 - PAULUS VRA DAT 'N DEUR OOPGEMAAK SAL WORD

§13

As aanvaar word dat **Ef A** eerste geskryf was met **Kl** kort daarna, dan kom die volgende interessante progressie verder na vore: In **Ef 6.19-20** het Paulus gevra dat 'N woord (*λόγος* - sonder die lidwoord) hom gegee word en dat God sy 'mond vir hom sal open'. Met hierdie gebed wat intussen sekerlik deels beantwoord is in die mate van die lig wat hy rakende die Verborgenheid ontvang het soos vervat in **Kl 1.25-27** en **Kl 2.2**, vra hy nou in **Kl 4.3-4** dat daar verder vir hulle gebid sal word dat God vir 'ons' die geleentheid sal skep om DIE woord (*τοῦ λόγου*) wat hy ontvang het, en reeds aan sy 'binnekring' bekend gemaak het, uit te dra. Dit was heelwaarskynlik met soveel antagonisme deur sy ander mede-Jode aangehoor, dat hulle alles in hul vermoë gedoen het om die bekendmaking daarvan te verhoed, dat hy die spesiale voorbidding gevra het *dat God vir ons die deur van die woord mag open* (= die geleentheid moet skep - **Kl 4.3-4)** om dit openbaar te maak. In **1 Kr 16:8-9** skrywe Paulus: *Maar ek sal in Éfese bly tot pinkster toe. Want 'n groot en kragtige deur het vir my oopgegaan, en daar is baie teëstanders.* **(Foulkes [1989:186]** sê: "... whether for the sake of the praise of others, or to avoid their scorn or opposition."). Hy meld later aan die Korinthiërs van die deur wat vir hom te Troas geopen was **(2 Kr. 2:12)**. Die d*eur van die woord* - Gr *θύραν τοῦ λόγου* - **Lightfoot (1961:231)** interpreteer dit: "... *a door* of admission *for the Word,* i.e., an opportunity of preaching the gospel." So ook **MacArthur (1992:183). Lohse (1971:165)** beskrywe dit: "... that God may clear an unimpeded path for the apostolic word." **Foulkes (1963:96)** wys daarop dat: "Some, ... take it as a desire that the obstacles in the way of the preaching of the gospel might be removed." **Hendriksen (1964:180)** sien daarin die apostel se ywer: "No, he wanted that door right here and now! That this was not an absurd request, as if it would be impossible for a prisoner to have an open door, is shown by such a passage as Acts 28:30, 31." Sommige Engelse vertalings lees: "give an opening for preaching" **(NEB)**; "throw open a door for us to announce the message" **(NJB)**; "give us a good opportunity to preach his message" **(GNB)**.

**Lightfoot (1961:232)** sien ook in hierdie versoek "... the ulterior object, that he should use these opportunities boldly."

§14

Daar is diegene wat dink dat Paulus se versoek om 'n 'geopende deur' sinspeel op vrylating uit die gevangenis. **Foulkes (1963:96)** sê dit wys op Paulus se begeerte "... expressed in Philemon 22, that he might be released; for this would obviously open the door for a much wider apostolic ministry." **Dunn (1996:263)** vra: "... would the hope of release from prison (as suggested by many) have been expressed by this metaphor?" Dit skyn ook die strekking van **Lohse (1971:165)** se opmerking te wees: "In Col, on the other hand, the meaning is that the imprisoned Apostle might, after all, be given another opportunity to preach." So ook **Martin (1981:I26)**: "The gist of his request is that, by the Col' prayer on his behalf, the door of active service, now closed by his confinement, may be opened once more, so that he may 'tell the secret of Christ' (NEB) in a plain, uninhibited way." **Hendriksen (1964:180-1)** sien die moontlikheid "... that in some other way he was placed under stricter custody, the answer is that even this added severity would not completely remove the open door, as is clearly shown in Phil. L:12-l8. As there indicated, from a certain point of view the seeming disadvantage was in reality an advantage, as Paul's chains made it very clear that his was not a fair-weather religion, but something far more precious and real." **Hay (2000:152)** is van mening: "Given the brevity of the expression, we cannot know if Paul hopes for release from prison or some opportunity to bear witness in his present situation (cf. Phil 1:12-14)." **Lohse (1971:165)** sê: "God, however, knows how the door for the unhindered course of the word can be pushed open despite imprisonment and affliction."

## 3.11.8 - OM TE SPREEK SOOS HY MOET EN BEHOORT TE SPREEK [199]

§15

*Soos ek moet spreek* **(Ef 6.19)**. Die man wat só praat het ook gesê: *Want die liefde van Christus dwing my* **(2 Kr 5.14)** en ook: *want die dwang is my opgelê, en wee my as ek die evangelie nie verkondig nie!* **(1 Kr 9.16)**. **Morris (1994:213)** sien dit as "a compelling divine necessity laid upon him." Seer sekerlik was Paulus bewus van die feit dat die uurglas besig was om vir hom persoonlik uit te loop. As veteraan het Paulus volgens **Foulkes (1989:187)** geweet "... how he ought to speak in bearing witness to the gospel." Dit het egter hier gegaan om die bekendmaking van die Verborgenheid wat God nou aan hom geopenbaar het.

§16

[199] 3.11.8: Sien Afd. 3.9.5 - §13

*Soos ek dit behoort te spreek* - ὡς δεῖ με λαλῆσαι **(Kl 4.4)** Iemand het gesê as 'n goeie boodskap op 'n verkeerde wyse afgelewer word, bederf dit die boodskap. Dit het Paulus, die diplomaat wat hy was, terdeë besef. Kyk maar na sy benadering van die Atheners in **Hn 17.16** en verder! Daarom sê **Du Plessis (1991:89)** dit was "... nie alleen belangrik dat hy die geleentheid kry nie, maar ook dat hy die regte woord spreek." Anders het hy verloor nog voordat hy begin het. En die saak wat God besig was om aan hom te openbaar was só delikaat dat hy Salomo se wysheid nodig gehad het.

## 3.11.9 - DIT GAAN NIE BLOOT OM DIE PREDIKING VAN DIE EVANGELIE NIE - DIT GAAN OM DIE VERBORGENHEID

§17

Hier lê vir my persoonlik die grootste frustrasie! Dit is dat geleerdes die latere openbaring se inhoud in God se vroeëre heilshandelinge inlees - dit waarteen **Showers (1991:5)** reeds gewaarsku het! **Roberts (1990:180),** wat nie die werklike toedrag van sake besef nie, dink: "Dit gaan dus daarom dat Paulus se eie voete geskoei sal wees met die bereidheid om die evangelie uit te dra, asook dat die Gees deur hom die swaard van die woord sal hanteer." **Hendriksen (1972:282)** sê: "In his zeal for the salvation of sinners to the glory of God the apostle considered even his present difficult circumstances to be an opportunity to tell everyone ... "the mystery of the gospel" (= "the mystery concerning Christ," Col. 4:5) , the blessed truth which would have remained a secret had not God revealed it," Vir **MacArthur (1992:183)** verwys dit "... to the content of the gospel. ... an open door to speak the full truth of the gospel." **Dunn (1996:263)** sien dit as 'n geleentheid vir Paulus "to evangelize prison guards and visitors." **Hendriksen (1967:282)** sien hierdie gebedsversoeke "... to invoke God's blessing upon him as an effective witness for Christ." **Morris (1994:211)** sê: "He does not ask for success for himself, but simply that he may proclaim the gospel." Dit is ook die verdere strekking van **Roberts (1990:180)** se gedagte: "Dié versoek is hier gekoppel aan sy werk om die evangelie te verkondig." **Hay (2000:151)** se kommentaar is: "The phrases "a door for the word" and "the mystery of Christ" obviously refer to the church's basic missionary message (cf. 1:26; 3:16)." **Foulkes (1989:186)**: "... that they should intercede for the great ministry of the word that was his still." **Hay (2000:152)** dink: "Verse 4 is the only suggestion of uncertainty that Paul expresses in the entire letter, and the uncertainty is not about anything in interpretation of the gospel but only about his own adequacy in proclaiming it."

§18

Hendriksen is ook vasgevang in die tradisionele siening dat in die geopenbaarde verborgenheid dit steeds basies gaan om "... that in Christ there is salvation full and free for *everyone* who embrace him by faith, even for both Jew and Gentile on a basis of perfect equality." Hierdie aspek was egter

reeds 'n uitgemaakte saak in Paulus se Vroeë Geskrifte: vgl **Rm 3.29-30; 4.9-11; 15.9-12; Gl 3.14, 28** en kan nie die Verborgenheid in die Verborgenheidsbriewe wees wat eers daar geopenbaar was nie. Die enigste twee wat dit aan die Verborgenheid koppel is **Du Plessis (1991:89)**: "Die inhoud van die woord wat hy verkondig, verklaar hy self, naamlik: *sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig*." Ongelukkig sê hy verder: "Soos in 1:26 en 2:2 beteken dit ook hier die heilsboodskap wat verborge was, maar in Christus tot openbaring gekom het." **Hay (2000:151)** voeg by: "Paul seeks prayers not only that he may have missionary opportunities but also that he may reveal "the mystery of Christ" as he should."

## 3.11.10 - GEVOLGTREKKING:

§19

Die aard van Paulus se gebedsversoeke aan die einde van sy lewe in die twee Verborgenheidsbriewe rakende die Verborgenheid, toon dat ons hier in die gevangenis nie net met 'n nuut geopenbaarde maar ook radikaal nuwe Verborgenheid te doen het. Dit het te doen met die 'Toekomstige Dinge' wat van toepassing was nadat Israel verhard en ter syde gestel was en nie meer in God se plan as Sy kanaal kon funksioneer nie. Dit het te doen met die Heidense Kerk* as nuwe skepping wat voortaan daardie rol moes vervul.

# 3.12.0 - DIE BEKENDMAKING VAN DIÉ VERBORGENHEID ONDER DIE HEIDENE*:

## 3.12.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

§1

- *die Verborgenheid wat van eeue en geslagte verborge was, maar nou geopenbaar is aan Sy Heiliges, aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie Verborgenheid onder die Heidene* is* **(Kl 1.26-27).**
- *Om hierdie rede is ek, Paulus, die gevangene van Christus Jesus vir julle wat Heidene* is as julle ten minste gehoor het van die bediening van die genade van God wat aan my verleen is vir julle, dat Hy aan my deur 'n openbaring bekend gemaak het die verborgenheid, soos ek tevore kortliks geskryf het; waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan* . **(Ef 3.1-4)**
- *dat die Heidene* mede-erfgename is en mede-lede van die liggaam* ('n mede-liggaam) *en mede-deelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie.* **(Ef 3.6)**
- *die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is, maar nou geopenbaar is en deur die profetiese Skrifte bekend gemaak is onder al die Heidene*, volgens die bevel van die ewige God, tot gehoorsaamheid van die geloof* **(Rm 16.25-26)**

## 3.12.2 - DIE DRIE STADIA IN DIE HEIDEN SE TOETREDE TOT DIE HEIL VAN GOD IN NTE TYDVAK

§2

**Die Verborgenheid raak die Heidene* se Verhoogde status.** As ons vanuit 'n breër struktuur wil redeneer dan moet ons voor oë hou dat die gelowige Heidene* nou eers en uiteindelik ná **Hn 28** in hierdie nuut geopenbaarde Verborgenheid 'n verhoogde status verkry het. Dit is waaroor dit gaan en hieroor moes die gelowige Heidene* self ingelig word. Die enigste persoon wat dit kon en sou doen is Paulus, die apostel vir die Heidene*. Maar nou sit hy in die gevangenis in Rome en die Teokratiese* Joodse Ekklesia* daarbuite sou uit die aard van die saak dit nie doen nie! Hierin het God ook 'n plan gehad. Maar voordat ons daarby stilstaan, moet ons eers na die struktuur van die drie stadia van die Heidene* se toetrede tot God se heil in die NTe tydvak in **Ef 2.11-22** kyk en presies sien hoedat hulle by hulle uiteindelike verhoogde status uitgekom het.

§3

Ons moet versigtig wees om in ons besinning oor die inhoud van die Verborgenheid binne hierdie Struktuur te bly. Ons mag nie hierdie finale verhoogde status teruglees in die Handelinge Dispensasie

nie! Daarom is dit noodsaaklik dat duidelikheid verkry sal word oor wanneer presies in die NTe tydvak die eerste Heidene* in die praktyk gered was en hoe hulle deel begin verkry het aan die saligheid wat bewerk was aan die Kruis. Dit het eers geskied in **Hn 10/11** in ongeveer **41 nC** - elf jaar na die Kruisiging met die bekering van Cornelius se huishouding onder Petrus se bediening. Uit die rekord is dit duidelik dat dit nie net 'n redelike groot oorreding van God se kant geverg het om Petrus sover te kry om met die Heidene* te deel nie **(Vgl Hn 10.10-17)** maar het dit ook 'n taamlike opskudding in Joodse geledere verwek **(Vgl. Hn 11.1-18)**. [200] Die slotsom waartoe hulle gekom het, was dat God daar *die bekering tot die lewe* aan die Heidene* geskenk het **(Hn 11.18)**. Maar dit skyn 'n geïsoleerde geval te gewees het **(Vgl Hn 11.19)**. Daarom was dit eers sewe of agt jaar later in ongeveer **48 nC**, dat die eerste Heidene* *en masse* gered is tydens Paulus se eerste sendingreis **(Hn 13.48)** en dat hy met sy terugkoms in Antióchië verklaar het: ... *dat Hy* (God) *'n deur van geloof vir die Heidene* geopen het* **(Hn 14.27)**. Dat vele Heidene* van daardie oomblik in die verdere Handelinge Periode tot geloof gekom het, is 'n geskiedkundige feit wat deeglik geboekstaaf is.

§4

Maar nou moet ons ook nie uit die oog verloor nie dat in die Handelinge Dispensasie, met God se Koninkryk* Program vir Israel nog van krag, die heil van God deur Abraham (as 'tussenganger' soos Maria in sekere opsigte vir die Roomse is) en Israel as kanaal op 'n 'horisontale' vlak tot die Heidene* gekom het. **Dunn (1998:44)** lig dit duidelik uit dat "Gentiles were now coming to share in the blessings promised by God particularly to (and through) Israel (Gal. 3.6-14); Gentiles who have not known God have now been given share in Israel's knowledge (4.8-9)." In daardie sin, sê die Here Jesus vir die Samaritaanse vroutjie, is die *saligheid uit die Jode* **(Jh 4.22)**. Gevolglik is Abraham in dié periode nog as vader van die gelowiges verbeeld en voorgestel ter vervulling van die 'moederbeloftes' van die Koninkryk* in **Gn 12.1-3**: *In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word,* en was die Heidene* in die Handelinge Periode verbonde aan die burgerskap van Israel as volk, soos verteenwoordig in die gelowige Uitverkore Joodse Oorblyfsel* wat as dié *Israel van God* **(Gl 6.16)** en ook met hulle as die *huisgenote van die geloof* **(Gl 6.10)** daar vereenselwig en gekoppel is.

§5

In **Ef 2.11 - Ef 3.14,** wat vir my die hart van die NT is, vind ons die finale en nuwe stadium van die Goddelike Progressiewe Openbaring waar die uiteindelike doel en plan van God vir die huidige Kerk* dispensasie blootgelê word. Die Heilige Gees openbaar van die *toekomstige dinge* wat van toepassing is op die gelowige Heidene* [201] daar aan Paulus, die apostel vir die Heidene*, wat hy bestempel as die Verborgenheid wat God aan hom geopenbaar het, waarin God Sy Kerk* voorstel as die nuwe Skepping/Mens, die *Corpus Christi*, wat tot stand gekom het. Dit is eers op daardie laat stadium in

---

[200] §3: Dit impliseer dat die Hofdienaar van Etiópie 'n Jood uit die diaspora was - vgl. **Hn 8.27-28**

die Nuwe Testamentiese tydvak dat die gelowige Heidene* tot hulle huidige volwaardige status verhef was. Dit het soos volg deur drie stadia gegaan:

§6

**Die Drie Uitsprake rakende die Heidene* in Ef 2.11-22 in die NTe Progressiewe Openbaring:** Daar is drie uitsprake, as ons oorsigtelik na **Ef 2.11-22** kyk, wat Paulus in hierdie perikoop met betrekking tot die Heidene* se dispensasionele toetrede in hulle verhouding tot God se Heilsplan maak, wat vir ons sy gedagtegang uitlig en waaraan ons ook eers aandag moet gee voordat ons die kriteria en inhoud van hierdie nuut geopenbaarde Verborgenheid na behore kan verstaan:

**a)** Die eerste is in **v12:** *Dat julle* (die Heidene*) *in dié tyd.*(*ver* was - **N.B.!! - Vv13 & 17).**

**b)** Die tweede is in **v13:** *Maar nou in Christus.* (Het julle [slegs!] *naby* gekom - **N.B.!!)**

**c)** Die derde is in **v19:** *So is julle dan nie meer nie*! (M.a.w. julle is voortaan ...)

§7

Hierdie drie uitsprake baken, soos ons sal sien, die **drie stadia of fases** van die Heidene* se toetrede en aansluiting tot die geloof en God se Heilsplan in die NTe Tydvak af, wat Paulus voor oë het. In elkeen van hierdie drie fases toon hy hulle posisie of verhouding elke maal tot:

**(i)** God; **(ii)** die Heiliges/Jode en **(iii)** hulle vooruitsigte/toekoms. [202]

Dit is sy derde verklaring **(c)** in **v19** wat, as ons dit mooi bedink en bereid is om enige vooropgestelde grondwaarhede en uitgangspunte tersyde te stel, vir ons sê wat hy met die *naby* in **v13** bedoel en wat dit alles behels en wat ook 'n **derde fase** uitlig waarby ons moet stilstaan en waarmee ons moet begin:

*So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie.* **(Ef 2.19)**

§8

Die vraag wat hier na vore kom is: Verwys Paulus met *vreemdelinge en bywoners* hier in **v19** na die Heidene* se posisie in **v12** *in dié tyd* en *vroeër* toe hulle *ver* was? Of verwys dit na *nou in Christus* toe hulle na die Kruis in die Handelinge Periode *naby* gekom het **(v13)**? Met die eerste oogopslag wil dit voorkom asof dit na hulle posisie in **v12** verwys en dat daar slegs **twee fases** ter sprake is: (1) *In die tyd* toe hulle nog sondaars was en (2) *nou in Christus.* Dit is die algemene heersende siening en uitgangspunt wat getoets wil word. Dit is veral die term *vreemdelinge* (Gr: *ξένος*) in **v19** wat ons ook in **v12** kry, (wat ons aanstons semanties sal ontleed) wat ons laat dink dat daar net hierdie twee fases ter sprake is.

§9

Dit is egter die woord *bywoner* wat saam met *vreemdelinge* in **v19** gebruik word wat vir ons in so 'n tweeledige siening 'n probleem skep, maar wat terselfdertyd ook die sleutel bied tot die onderskeiding

---

[201] §5: Aan Johannes op die eiland Patmos, openbaar God die 'Toekomstige Dinge' wat hoofsaaklik van toepassing is op die Jode en wat hy neerpen in die Boek Openbaring!

[202] §7: Sien die diagram op bls 176

en daarstelling van 'n derde fase. Die Grieks vir *bywoner* is πάροικος [203] = παρα [langsaan] + οἰκέω [Jou woonplek te maak], en beteken dus letterlik om langsaan iemand anders te woon - **as 'n buurman**. [204] **Roberts (1990:73)** sê die term verwys na: "... die immigrant wat met beperkte regte en beskerming in die land woon, maar wat nie politieke regte het nie omdat hy nog nie burgerskap in die land bekom het nie." Om 'n Bywoner te wees moet daar dus iemand wees langs wie jy woon en van wie jy 'n buurman / bywoner is. 'n Bywoner het 'n sekere status. **Hendriksen (1972:141)** beskrywe bywoners as "mere Gibeonites who dwelt in the midst of Israel without having obtained full rights of citizens. Cf. **Exod 2.22; Acts 7.6.**" [205] In die lig hiervan kan Paulus met *bywoners* onmoontlik nie na die Heidene* se posisie as sondaars 'vroeër' in 'die tyd' verwys, soos in **vers 12** nie! Toe het hulle geen status gehad nie. Hulle was *uitgesluit* **(NAV)** van Israel en 'onbekend' soos ons sal sien. Hulle was sonder God en sonder Christus en dit is om minder as niks te wees! Buitendien sê **v13** dat hulle op daardie stadium 'ver' was. En dit is nie wat 'n bywoner is nie. Paulus kan dus met *bywoners* in **v19** nie na daardie stadium van **v12**, toe hulle nog *ver* was, verwys nie!

§10

Hierdie Bywonerskap (buurmanskap) van die gelowige Heidene* het tot stand gekom *(Maar) nou in Christus* **(v13)** in die Handelinge Periode, toe hulle by die deur van geloof, wat vir hulle daar oopgemaak was **(Hn 14.27)**, *in Christus* ingekom het en hulle **onder en saam met Israel** en die uitverkore Joodse Oorblyfsel* volgens Koninkryk* Prinsiepe die Here begin dien het, en hulle aldus 'bywoner' status onder en saam met die uitverkore Joodse Oorblyfsel* verkry het! **Hendriksen (1972:141)** beskrywe die verhouding wat daar bestaan het met eerste-klas (Joodse) en tweede-klas (Heidense) lede. Hoe grafies beskrywe dit nie die gelowige Heidene* se posisie in die Handelinge Periode nie! Hulle was *bure/bywoners* van die Heiliges (die uitverkore Joodse Oorblyfsel*) terwyl hulle slegs in hul geestelike voorregte gedeel het **(Rm 15.27)** maar nie in hulle politieke regte seggenskap gehad het nie. **Ef 2.13 - 19a** som vir ons hulle posisie 'in Christus' in die Handelinge periode 'saam' met die Heiliges op, in wat Christus alles vir hulle gedoen het. (Die Bybel sê ook nie dat Hy hulle bywonerstatus aan die Kruis reeds tot niet gemaak het nie. Dit was juis as gevolg van die Kruis dat hulle hierdie 'bywonerstatus' verkry het! Dit het volgens Paulus eers later gebeur).

§11

**Die Heidene* as 'Gaste'**

Maar wat nou van Paulus se verdere stelling in **v19** dat hulle ook nie meer *vreemdelinge* is nie? Verwys dit dan nie na hulle vroeëre ongeredde staat nie? Op die oog af lyk dit so. Dat Paulus met die

---

[203] §9: **Louw & Nida (1988:133)** se definisie: "A person who for a period of time lives in a place which is not his normal residence - 'alien, stranger, temporary resident.'"
[204] §9: In gewone Grieks is die eerste betekenis van die woord 'n 'Buurman' (aldus **Liddell & Scott (1871:534)**; en **Salmond (1970:298)**
[205] §9:**Salmond (1970:298)** haal ook Baumgarten Crusius aan wat die moontlikheid van 'n proseliete status hier uitskakel: "There is no reference to *proselytes* in particular."

term *vreemdelinge* in **v19** ook na hulle posisie *in Christus* (die tweede fase) in die Handelinge Periode verwys, toe hulle reeds *naby* gekom het in Christus, word duidelik wanneer daar na die semantiek van die term 'vreemdelinge' gekyk word. [206] Volgens **Louw en Nida** het die Gr: *ξένος* drie semantiese betekenisse:

**(i)** - "Pertaining to not being previously known and hence unheard of and unfamiliar - 'unknown, unheard of, unfamiliar, surprising'." - Só in **1 Pt 4.12**.

**(ii)** - "A person belonging to a socio-political group other than the reference group - 'stranger, foreigner.'" [207]

**(iii)** - "A person who shows hospitality to guests - 'host'". Só in **Rm 16.23.**

§12

Wanneer Paulus nou die term *ξένος* in **v12** aanwend, sê hy dat die Heidene* vroeër in die konteks van hulle ongeredde staat *vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte* was - hier is die semantiek in punt **(i)** van toepassing en was die Heidene* dus 'onbekend' omdat hulle *uitgesluit* was van die burgerskap van Israel - hulle was *ver*!.

§13

Wanneer Paulus die beskrywing van hulle situasie 'in Christus' in die Handelinge Periode in die Koninkryk* opset, toe hulle *naby* gekom het onder die Joodse Oorblyfsel*, in **v19** opsom, wat vir ons 'n heeltemal ander konteks bied, gebruik hy die term *ξένος* in die semantiese sin van 'gaste' volgens die semantiek van **(ii)**. Hulle was dus beide *Gaste en Bywoners* van die Joodse Oorblyfsel* in die Handelinge Periode toe hulle volgens **v13** *in Christus ... naby* gekom het!

§14

Die semantiek van *ἐγγύς* (*naby*) wat verkeerdelik deur almal as 'heeltemal gearriveer' vertolk word, bevestig die voorafgaande. Volgens **Louw & Nida (1988:1: 716, 637)** het die woord twee semantiese betekenisse: 'Naby' wat Plek betref ("a position relatively close to another position - 'near, nearby' ") en 'Naby' wat tyd betref ("a point of time subsequent to another point of time, but relatively close - 'near' "). Wanneer Paulus nou sê dat hulle slegs 'naby' gekom het verwys hy na die Heidene* se posisie in die Handelinge Periode as 'gaste' en 'bure' van Israel.

§15

Maar met die openbaring van die Verborgenheid is hulle ook dit *nou nie meer nie:* Gr: *οὐκέτι* - "the extention of time up to a point but not beyond - 'no longer'." **(Louw & Nida [1988:646])**. Die tydperk waarna Paulus hier in **Ef 2.19a** verwys waarin die gelowige Heidene slegs 'gaste' en 'bure' is,

---

[206] §11: Dit is **Roberts (1990:73-4)** se hantering van die terms *vreemdelinge* en *bywoners* wat my hierdie saak laat raaksien het!

[207] §11: **Roberts (1990:73-4)** lig dit uit dat die term in hierdie verband ook dui "op 'n uitlander op deurreis wat as 'n gas in 'n omgewing vertoef. Hierdie onderskeiding kan ook in die Grieks van Paulus se dag gevind word en die woord

is tog sekerlik vanaf **Ef 2.13** - *nou in Christus* dat hulle *naby* was - d.w.s. in die Handelinge Periode - en nie die vorige tydperk soos beskrywe in **Ef 2.11-12** as sondaars toe hulle nog *ver* was nie! Dit is so dat in **Ef 2.13-18** ons die opsomming het van wat Christus alles aan en deur die Kruis verrig en bereik het, maar die resultaat daarvan het eers oor 'n tydperk vir die Heidene* in die praktyk gerealiseer. Deur die Kruis is hulle volkome gered. In die Handelinge Periode het hulle slegs 'naby' gekom deur hulle verbintenis met Israel as 'gaste' en 'bure'.

§16

Vanaf **Ef 2.19b** het ons dus die derde fase waarin die Heidene* se posisie ná **Hn 28** in die geopenbaarde Verborgenheid getoon word waarin hulle tot hulle finale status verhef word. Wat God betref is hulle nou *huisgenote* en 'n *tempel*. Wat die Heiliges (die Joodse Oorblyfsel*) betref is hulle *medeburgers* en *een liggaam* en wat hulle toekoms betref vorm hulle nou die *Nuwe Mens*. Wat meer is, volgens **Ef 3.6** is die Heidene* nou op gelyke vlak mede-erfgename, 'n mede-liggaam en mede-deelgenote van die Joodse Heiliges in Christus Jesus deur die Verborgenheid van die evangelie. Nou het hulle daarvolgens vir die huidige dispensasie verhoogde, volwaardige en, nadat die Joodse Manlike Kind uiteindelik net voor 70 nC weggeraap was hemel toe om saam met Christus te wees, [208] sedertdien hulle huidige selfstandige en onafhanklike status verkry as die *Corpus Christi - die Kerk**.

§17

Daar is nog een aspek wat uitgeklaar moet word. Wat van die verklaring in **Ef 2.15-16** - *sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself* ***tot een nuwe mens kon skep*** *en albei* ***in een liggaam met God kon versoen*** *deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het* - wat skyn asof dit reeds die gelowige Heidene* se posisie was in die Handelinge periode in Christus saam in een liggaam en saam as die nuwe mens? Dui dit dan nie reeds op die Heidene* se finale verhoogde status nie? Dit is só dat dit daarop betrekking het! Die gelowige Heidene* is eers in die geopenbaarde Verborgenheid tot daardie status verhef. Maar die antwoord lê in die **subjunktiewe** (aanvoegende/konjunktiewe) modus van die twee werkwoorde *kon skep* (*κτίσῃ*) en *kon versoen* (*ἀποκαταλλάξῃ*) - dit dui basies op 'n handeling met die oog op 'n toekomstige doel. Met ander woorde, God het die Heidene* reeds in die Handelinge periode in Christus *naby* laat kom as *Gaste en Bure* van die Joodse Oorblyfsel*, om hulle voor te berei met die oog op hulle uiteindelike verheffing en vereniging met hierdie Heiliges ná **Hn 28** in die nuut geopenbaarde dispensasie van die Verborgenheid in dieselfde een Liggaam as die nuwe Mens. Hierin sien ons die ordelike handeling van God in die tot standkoming van Sy nuwe skepping (Sien die skematiese samevatting van die beredenering op die volgende bls. - 176).

---

'vreemdeling' kom in die sin van 'n gas meermale ook in die Nuwe Testament voor (vgl **Mt 25.35, 38, 43, 44; Mt 27.7**)." Die gedagte word verder ondersteun deur die volgende semantiese gebruik in punt **(iii)**.

| DIE DRIE FASES IN DIE HEIDENE SE TOETREDE TOT GOD SE HEILSPLAN IN DIE NUWE TESTAMENTIESE TYDVAK VOLGENS EF 2.11-22 | | IN CHRISTUS - v13; DEUR SY BLOED - v13; IN SY VLEES - v15; IN/DEUR HOM - v15, 18, 21 DEUR DIE KRUIS - v16; DEUR DIE GEES - v18, 22 | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | 48 nC | 63 nC |
| | | **Fase 1** | **Fase 2** | **Fase 3** |
| | | **As Sondaars 'Vroeër' - 'In die Tyd' - 'Ver' v12** | **Handelinge/Koninkryk - 'In Christus' - 'Naby' Vv 13 - 19a** | **Verborgenheid/Kerk Verhoog - 'Nou' Vv 19b - 22** |
| **Wat God betref** | **A** | Sonder Christus - v12 | Versoen - v16 | Huisgenote - v19b |
| | **B** | Sonder God - v12 | Vrede - vv14, 15, 16 | Tempelgebou - vv20-21 |
| **Wat die Heiliges/ Jode Betref** | **C** | Vervreemd - v12 | Bure - v19a | Mede-Burgers - v19b |
| | **D** | Onbekend - v12 | Gaste - v19a | Een Liggaam - v16* |
| **Hul Vooruitsigte** | **E** | Sonder Hoop - v12 | Toegang - v18 | Nuwe Mens - v15* |

1) Paulus verklaar wat hy met 'naby' in **v13** bedoel deur sy stelling in **v19a** wanneer hy sê dat hulle nie meer *'vreemdelinge'* (gaste) *en bywoners* (Bure) is nie - m.a.w. sy stelling in **v19a** wys nie terug op **Fase 1** nie maar op **Fase 2** toe hulle reeds 'naby' was!
2) Die Grieks vir 'onbekend' **(1D)** en 'Gaste' **(2D)** is *ξενοσ* (vreemdelinge) met twee verskillende semantiese betekenisse in **Verse 12 & 19a** volgens Louw en Nida.
3) Die 'Een Liggaam' **(3D)** en 'Nuwe Mens' **(3E)** is die voortvloeisel in die geopenbaarde Verborgenheid van God se intensie wat reeds in die Handelinge periode bestaan het volgens **Verse 15 & 16** - sien die 'kon' daar (Aor 1; Subj) en daarom is dit onder **Fase 3** geplaas.
4) Teenoor 'Bure' **(2C** - Gr. *παροικοσ* **- v19a)** van die Heiliges in die Handelinge Periode is die Heidene nou in die Verborgenheid verhoog tot 'Huisgenote' **(3A** - Gr. *οικειοσ* **- v19b)** van God

[208] §16: Vgl. die volgende Skrifte in dié verband: **Jh 17.24, 12, 11, 9, 6; Jd 1.1; Jh 12.26; 13.36; 14.2-3; 10.4, 29; Opn 7.1-8; 12.5; 14.3-4; Gl 1.4; 1 Ts 1.10; 4.13-17** wat ons alles histories binne die NTe Joodse konteks moet verstaan!

§18

Dit is met die openbaring van dieVerborgenheid soos vervat in die Verborgenheidsbriewe dat die gelowige Heidene* nou eers op 'n direkte basis deel van die huishouding van God geword het **(Ef 2.19)** sonder dat Israel en vader Abraham tussenin enige rol speel! 'n Huisgesin is 'n baie meer intieme eenheid as 'n volk soos in die Handelinge Periode. Die Heidene* het deel geword van God se huishouding omdat hulle nou deel van die nuut tot stand gekome Liggaam van God die Vader se Seun Jesus Christus, geword het. Tussen Jesus as Seun en God as Vader is daar niks wat skei nie. Die volk Israel is nie meer God se kanaal nie en vader Abraham speel geen rol meer nie! Gevolglik is daar niks wat die gelowige Heiden kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie **(Rm 8.33-39)**. In Christus as Sy Liggaam, is hulle nou direk verbind met God as Vader! Met Sy geregtigheid wat toegereken is **(Rm 4.11)** wat beteken dat al die sonde van die verlede, hede en toekoms nie net versoen nie, maar ook vergewe is **(Kl 2.13)** en boonop Sy bloed wat die Gelowige elke oomblik van alle sonde reinig (Teenswoordige Voortdurende Tyd - **1 Jh 1.7**) en die Lam wat al die sonde wegneem **(Jh 1.29)**, is daar nou nie meer een oomblik se onderbreking in die gemeenskap met God onse hemelse Vader in en deur Jesus Christus nie **(1 Jh 1.3)** en nie die geringste veroordeling vir die wat in Christus is nie **(Rm 8.1)**!

## 3.12.3 - PAULUS DIE APOSTEL VIR DIE HEIDENE* EN DIE BEKENDMAKING VAN DIE VERBORGENHEID ONDER DIE HEIDENE*

§19

Wat duidelik na vore kom in die voorafgaande Afd. 3.11.0 (bls 161) - Die Voorbidding Aangevra - is die frustrasie van die Apostel om eerstens die Verborgenheid te verwoord **(Ef 6.19)** en tweedens die die gebrek aan geleentheid ('n geopende deur) weens sy gevangenisskap om dit aan die wêreld daarbuite uit te dra **(Kl 4.3-4)**, en dan in die besonder aan die gelowige Heidene* vir wie dit spesifiek raak. **Hendriksen (1967:84)** sê: "It was the Father's will that the most sublime secret be broadcast far and wide, and that it penetrate deeply into the hearts of those who were his own." Maar Paulus se frustrasie blyk ook verder uit die woorde van **Kl 1.26-27:** *die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges, <u>aan wie God wou bekend maak</u> wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die Heidene* is.* In die volgorde van die Verborgenheidsbriewe **<u>Ef A</u>; Kl & <u>Ef B</u>** is die Heidene* vir die eerste keer in hierdie Teksvers ter sprake in verband met die nuut geopenbaarde Verborgenheid en wel dan in die derde persoon - m.a.w. Paulus praat daar steeds met die Joodse Ekklesia* VAN die Heidene*.

§20

Die vraag is nou: Wat sou Paulus bedoel met die woorde: *nou geopenbaar is aan sy heiliges, aan wie God wou bekend maak*? 'Wou' = *οἷς ἠθέλησεν* (3e Pers. Enkelvoud, Aoritus 1, Indikatief) van *θέλω* - 'om te wil', is volgens **Louw & Nida (1988:1:357)**: "to purpose, generally based upon a preference and desire - 'to purpose.' ... It is also possible that *θέλω* in Col 1.27 focuses more upon 'desire'." Sy Heiliges is die Joodse Teokratiese* Ekklesia* aan wie God 'begeer' het en 'wou' bekend maak (*γνωρίσαι* = Aoritus 1, infinitief, aktief) *wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die Heidene* is.* Daar is twee moontlike verklaringe: **(1)** Dit skyn asof die Joodse Heiliges nie die 'woord' wat Paulus ontvang het met betrekking tot die geopenbaarde Verborgenheid, **(Ef 6.19)** wat God deur hom aan hulle **wou bekend maak**, aanvaar het nie. Daarom dat almal hom verlaat het! **(2 Tm 1.15** - Sien die volgende Afd. 3.13.0). **(2)** Dit kan ook moontlik wees dat Paulus bedoel dat God WOU tot op **Hn 28** bekend maak onder die Heidene* die rykdom van die heerlikheid van die teenwoordigheid van Jesus wat in Sy Ekklesia*, as die Manlike Kind en as die Liggaam van die Here Jesus, was. Om dit te verwesenlik moes Israel tot bekering gekom het sodat Jesus kon terugkom en die Millennium opgerig kon word. **Mg 5.6-7** verklaar dat die Oorblyfsel* van Jakob tussen die nasies en onder baie volke sou (en nog sal) wees soos die dou van die Here en die reënbuie op die plante en soos 'n leeu onder die diere van die veld en soos 'n jong leeu onder die troppe kleinvee. [209] Die laaste deel van hierdie profesie is nie vervul nie omdat die Koninkryk* uitgestel is. Eersgenoemde verklaring **(1)** is heelwaarskynlik volgens die skrywer se mening die geval aangesien dit oor die geopenbaarde Verborgenheid gaan. Die Verborgenheid was nog nie in die Handelinge Dispensasie ter sprake nie.

§21

Die uurglas was vinnig besig om vir Paulus uit te loop. Die tyd van sy moontlike heengaan (*τῆσ ἀναλύσεως* = letterlik sy 'analise') was op hande! **(2 Tm 4.6)**. Skynbaar het die 'deur van die Woord' (geleentheid) waarvoor daar voorbidding gevra was, nie gerealiseer nie. Daarom moes die Heidene* dringend weet dat God aan Paulus die bediening van genade verleen het vir hulle en dat Hy aan Paulus die Verborgenheid bekend gemaak het **(Ef 3.2-3)**. Die gelowige Heidene* moes Paulus se insig in die Verborgenheid van Christus verstaan **(Ef 3.4)**. Hulle moes eenvoudig net weet dat aan hom as die geringste van al die Heiliges, die genade gegee was om onder die Heidene* die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig, en om vir almal aan die lig te bring wat die dispensasie van die geopenbaarde Verborgenheid alles behels **(Ef 3.8-9)**. Hier sit hy in die gevangenis en die Joodse Ekklesia* weier om die boodskap aan die gelowige Heidene* oor te dra!

---

[209] §20: Let op die dubbele rol van die Joodse Oorblyfsel* volgens Miga - in die NTe Tydvak was hulle soos die dou en die reënbuie. In die Millennium wanneer hulle die nasies met 'n ystersepter sal regeer **(Op 12.5; 2.26-27)** sal hulle soos 'n jong leeu wees!

Dit bring ons by God se antwoord op Paulus se dilemma en Sy opdrag aan hom:

## 3.12.4 - DIE <u>EF B</u> VLUGSKRIF DIREK AAN DIE GELOWIGE HEIDENE*

§22

- *maar nou geopenbaar is <u>en deur die profetiese Skrifte bekend gemaak is onder al die Heidene*</u>, volgens die bevel van die ewige God, tot gehoorsaamheid van die geloof* **(Rm 16.26)**

Hierdie teks, het ons gesien in Afd. 2.2.5 op bls 82, is deel van 'n slotparagraaf wat Paulus bygevoeg het aan 'n verkorte Romeine Brief wat hy vanuit die gevangenis uitgestuur het **nadat die Verborgenheid reeds aan hom geopenbaar was**. Daarvolgens het hy 'n regstreekse opdrag van God ontvang om 'n profetiese Geskrif **(= <u>Ef B</u>** [1 - 3] - 'n Vlugskrif - dit verklaar moontlik hoekom Paulus van 'Skrifte' in die meervoud praat in **Rm 16.26)** direk aan die Heidene* te skrywe **(Rm 16.26)** waarin hy hierdie Verborgenheid wat hulle ten diepste raak, skriftelik aan hulle bekend moes maak. *Bekend gemaak* = *φανερόω* - "To cause information to be known by someone - 'to make known'" **(Louw & Nida [1988:1:338-9)**. Hierdie spesifieke opdrag van God was ook nodig omdat Paulus tot op daardie stadium, streng volgens God se beleid dat die Woord deur die Jood aan die Jood gerig moes word (Sien Afd. 1.4.1 op bls. 19), al sy Sendbriewe steeds aan die Joodse Ekklesia* gerig het. Dit sluit **<u>Ef A</u> (4 - 6)** en **Kl** daarby in! Ook was dit die oplossing omdat die Verborgenheid nie mondelings deur die apostel uitgedra kon word as gevolg van sy gevangenisskap nie!

§23

**Tenney (1970:318)** se treffende en belangrike kommentaar op die Boek Efesiërs is: "It was intended to inform the Gentiles of their new calling, and it disclosed the mystery of the body of Christ in which there is neither Jew nor Gentile, bond nor free." **Robinson (1904:74)** voeg by: "He is writing not a personal word of encouragement, but an exposition of the Divine Purpose as he had come to know it - a word of large import for multitudes who needed what he knew it was his to give them." Aldus **Roberts (1990:87)** sou 'n mens kon sê dat Paulus se taak "... dié van sendingprediking was, maar ook dié van voortgesette onderrig aan die bekeerde Heidene* sodat ook hulle insig in God se heilsplan kon verkry." **Dunn (1996:121)** sê op **Kl 1:26-27** "Here there is a further variation, whose closest parallel is Rom. 16:25-26: that the mystery is to be made known "among the Gentiles." **Caragounis (1977:142):** "He made known to him His *mysterion* concerning them (3: 3 ff.), which was heretofore unnoticed (3: 5), that he might make it known to them (3: 4, 6, 8)."

§24

Dit is nie die geval soos **Lohse (1971:74)** dit stel nie dat: "What has been kept secret for endless ages had now been revealed and is broadcast among all nations **in the preached word** (Rom

16:25f)." (Vetdruk myne). Die Verborgenheid was nooit mondelings in die sendingveld uitgedra nie - slegs deur middel van hierdie profetiese Geskrif - **Ef B**. Dit word tot 'n mate bevestig deur die drie stellinge wat Paulus maak:

§25

**(1)** *As julle ten minste gehoor het* **(Ef 3.2)**. Hier gaan dit oor sy rentmeesterskap as apostel vir die Heidene*. **Roberts (1990:83)** stel dit dat: "Die uitdrukking *Julle het tog seker gehoor*, wil nie twyfel uitspreek of hulle dit wel gehoor het nie, maar beklemtoon juis dat hulle sekerlik van die feit op die hoogte is. Dié saak waarvan hulle sekerlik kennis dra, is *die opdrag wat God in sy genade* aan Paulus *gegee* het." **Hendriksen (1967:151)** verklaar dit: "... "*If* you have heard of my stewardship," for Paul knew that *they* must have heard of his stewardship." Hy vervolg: "The nearest to it would be something like this: "If, indeed, you have heard." Cf. A.V., "If ye have heard"; ' A.R.V., "If so be that ye have heard." However, that type of rendering will hardly do, since it might suggest that Paul is questioning whether or not the Ephesians, by and large, have ever heard about the task committed to him by his Lord."

§26

**(2)** *Soos ek tevore kortliks geskrywe het* **(v.3)**. Hieroor is daar heelwat debat wat gevoer word. **Roberts (1990:84)** vra byvoorbeeld die vraag: "Gaan dit oor 'n ander brief? Of moet ons dink aan wat reeds vooraf in hiérdie brief ter sprake gekom het soos die nuwe vertaling dit verstaan?" en antwoord: "Laasgenoemde standpunt is die bevredigendste." **Hendriksen (1967:153)** haal aan:

> Calvin prefers the translation "as I wrote a little before," that is, somewhat earlier. He inclines to the view, rather popular in his day, that the reference is to an earlier letter to the Ephesians, one that has not been preserved. But of such earlier epistles to the Ephesians there is no hint anywhere, and it would seem far more reasonable to interpret Paul's word as having reference to the brief account he had already given in this same letter, with respect to God's plan of salvation for both Gentiles and Jews, with special emphasis on the changed position of the former (2:11-22; cf. 1:9 ff.).

Die moontlikheid dat Efesiërs 'n saamgestelde dokument is en dat **Ef A** die 'verlore' brief aan die Laodisense is waarna Paulus hier verwys, kan ook verder ontgin word. Dit daar gelaat. Wat baie meer belangrik is om op te merk is dat hierdie stelling impliseer dat hy nou meer gaan sê oor hierdie Verborgenheid. Dit impliseer ook dat dit hulle as Heidene* in die besonder raak.

§27

**(3)** *Waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan.* Dit dra die gedagte oor dat hulle deur middel van hierdie Geskrif die eerste maal met die gedagte van die Verborgenheid wat aan Paulus geopenbaar was, te doen gekry het. **Foulkes (1989:100)** vermeld: "It has been suggested that *when you read* could refer to the reading of the Old Testament (RSV *this* is

not in the original), as supporting Paul's understanding of the purpose of God for the Gentiles. Matthew 24:15 is compared to indicate that such a way of speaking could have reference to the Old Testament. But nowhere else in the New Testament is the Old so referred to without some specific mention of it. It is much more natural to meaning that when they read what he had already 'written briefly' (v. 3), they will perceive his insight into the mystery."

§28

Wie hierdie Omsendbrief rondgeneem en afgelewer het by die verskillende dorpe en stede word nie gesê nie. **Ef A** sowel as **Kl** is heelwaarskynlik deur Tíchikus afgelewer **(vgl. Ef 6.21** en **Kl 4.7)**. In die lig van die kontroversiële inhoud daarvan, was dit heel waarskynlik uit die tronk gesmokkel en dalk nog deur een van die Heidense gelowiges verder geneem.

## 3.12.5 - PAULUS SE TWEE GEBEDE VIR DIE HEIDENE* IN EF B (1 - 3)

§29

Graag wil die skrywer hierdie deel afsluit deur net die twee gebede van Paulus in **Ef B** vir die gelowige Heidene* uit te lig, en die basiese verskille daarin, wat na vore kom wanneer die onderskeid tussen 'Ons' Jode en 'Julle' Heidene* na behore in ag geneem word, wat nie deur enige iemand raakgesien word nie, toon, sonder om enige kommentaar te lewer. Sien in die verband bene $\mathbf{I^1}$ en $\boldsymbol{I^2}$ van die Efesiërs Brief Struktuur in Afd. 1.6.9, bls. 70 - §63. Die eerste gebed wat opgeteken is in **Ef 1.15-23** behels dat:

**Die Heidene* ('Julle') moet die Heiliges ('Ons' = die Teokratiese* Joodse Ekklesia*) se voordele en stand besef:** Paulus bid *dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle* (Heidene*) *die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle* (Heidene* se) *verstand, sodat julle* (Heidene*) *kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfenis onder die* (Joodse) *Heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons* (Joodse Heiliges) *wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die* (Joodse) *Ekklesia* gegee, wat Sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.* **(Ef 1.17-23)**.

§30

Daar is ook Paulus se tweede gebed in **Ef 3.14-19** wat behels dat:

**Die gelowige Heidene* hulle eie voordele en stand moet besef:** Om hierdie rede buig Paulus sy knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, *van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang, dat Hy aan Julle* (Heidene*) *mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om*

*met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, sodat Christus deur die geloof in Julle* (Heidene* se) *harte kan woon, Julle* (Heidene*) *wat in die liefde gewortel en gegrond is, en Julle (Heidene*) in staat kan wees om saam met al die* (Joodse) *Heiliges ten volle kan begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat Julle* (Heidene*) *vervul kan word tot al die volheid van God.*

## 3.12.6 - DIE FINALE STATUS VAN DIE HEIDENE*

§31

In **Ef B** **(1 - 3)** vind ons Paulus se finale verklaring met betrekking tot die Heidene* waarin hulle gepromoveer word tot hulle finale stand saam met die Joodse Heiliges, naamlik dat die Heidene* nou in die nuwe skepping van die geopenbaarde Verborgenheid *mede-erfgename is en 'n mede-liggaam* (van die bestaande liggaam van die Ekklesia*) *en mede-deelgenote aan sy belofte in Christus Jesus deur die evangelie* **(Ef 3.1-6)**. **Lightfoot (1961:169)** meld van die Verborgenheid "... 'as exhibited among the Gentiles.' It was just here that this 'mystery,' this dispensation of grace, achieved its greatest triumphs and displayed its transcendant glory." Dit is hierdie Verborgenheid wat die gelowige Heidene* as die Kerk* van die Here Jesus Christus tot vandag toe dan nie behoorlik van kennis geneem het nie, wat tot gevolg gehad het dat die Kerk* van die Here Jesus vasgevang is in die OTe Koninkryksteologie vir nasionale Israel in plaas daarvan dat hulle Jesus predik (*τὸ κήρυγμα* = die proklamasie van Jesus) ooreenkomstig die openbaring van die Verborgenheid.

# 3.13.0 - MENSE WAT HULLE VAN PAULUS AFKEER IN DIE GEVANGENIS [210]

## 3.13.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

- *Jy weet dit dat almal wat in Asië is, hulle van my afgekeer het, onder wie Figéllus en Hermógenes is.* **(2 Tm 1.15)**
- *In my eerste verdediging het niemand my bygestaan nie, maar almal het my verlaat. Mag dit hulle nie toegereken word nie!* **(2 Tm 4.16)**

## 3.13.2 - PAULUS EN SY SPANMAATS

§1

Paulus het in sy bediening 'n hele span opgebou wat saam met hom gewerk het. Vergelyk **Bruce (1961:62)**. Dit is duidelik uit Skrifte soos **Rm 16.1-12; 1 Kr.3.5-9; 2 Kr 6.1; Kl 4.7-13**. **Glover (1925:180)** merk in die verband op: "The dearest of all ties for Paul is to find men sharing things with him. The work, the "athletic" life, the yoke, the slavery, the imitation - these are all expressions of his relation with Jesus Christ, the very essence of life; how much more it is to him when he finds his friends standing with him in that great loyalty." Dit was egter nie meer sy ondervinding nadat die Verborgenheid in die gevangenis aan hom geopenbaar was nie. Paulus het die bittere ondervinding van verwerping wat sy Here deurgemaak het en die eensaamheid as gevolg daarvan, en wat baie van God se diensknegte vandag nog beleef, ondervind. [211] As hy nie weggeraap was vóór 70 nC as deel van die Manlike Kind nie, en ontslaap het, dan het hy, soos sy Here, alleen in eensaamheid gesterf.

## 3.13.3 - ALMAL IN ASIë KEER HULLE VAN HOM AF

§2

Hy skryf aan Timotheüs dat almal wat in Asië is, juis waar hy sy vrugbaarste bediening in 'n 'herlewing' geniet het, [212] hulle van hom afgekeer het **(2 Tm 1.15)**. Almal het hom verlaat - **Simpson (1954:129)** wat dit 'n 'stampede' noem, wys daarop dat: "... the aorist *απεστράφησαν* points to a definite moment when this desertion happened." Ook het niemand hom bygestaan in sy verdediging nie **(2 Tm 4.16)**. Let daarop dat Paulus nie sê dat hulle hul afgekeer het van die geloof of die

---

[210] §3.13.0: Alhoewel dit nie direk gekoppel word met die term 'Verborgenheid' nie, is die skrywer oortuig dat dit in verband daarmee staan.

[211] §1: **Simpson (1954:128)**: "But the bitterest ingredient in his cup consisted of the element of dereliction which he now shared with his Lord."

evangelie nie (soos 'n Demas – wat die teenswoordige wêreld weer liefgekry het - **2 Tm 4.10**), maar van hom as persoon! Hoekom? [213] Die rede daarvoor was die eenvoudige feit dat al die Jode nog met Paulus kon saamgaan met die nuwe fasette van wat hy 'sy' evangelie noem **(Gl 1.11; Rm 2.16; Rm 16.25; 2 Tm 2.8)** wat gedurende die **Hn 13-28** periode in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte deur God in Sy Progressiewe Openbaring aan hom geopenbaar was en wat van die evangelie van Petrus en die Elf verskil het **(Gl 2.1-10).** Petrus getuig van hierdie nuwe fasette *waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf.* **(2 Pt 3.16)**. Maar sy nuwe leerstellings van die Handelinge Dispensasie was immers alles nog Ou Testamenties gefundeerd!

## 3.13.4 - DIE REDE: DIE OPENBARING EN BEKENDMAKING VAN DIE VERBORGENHEID

§3

Maar toe hy met die radikale gedagte van die dispensasie van Die Verborgenheid kom wat aan hom geopenbaar was, naamlik:

- Dat die OTe geprofeteerde Koninkryk* van God vir Israel nie meer opgerig sou word nie,
- dat Israel as volk deur God verhard was en gevolglik geen rol meer sou speel nie, en
- dat God hulle as die kanaal van Sy heil waardeur Hy die wêreld wou bereik, ter syde gestel het en
- Dat daar 'n nuwe skepping, die *Corpus Christi* waarvan Christus nou die hoof is, tot stand gekom het, en
- dat hierdie nuwe skepping uit Heidene* bestaan - die Kerk* - wat voortaan daardie funksie as kanaal van God se Heil, sou vervul **(Hn 28.28),** en
- dat die Heidene voortaan los en onafhanklik van Israel gaan optree,

kon hulle eenvoudig net nie meer met hom saamgaan nie! [214] Die gevolg was dat hulle hul van Paulus afgekeer en hulle weer tot die Petriniese Koninkryk* Evangelie gewend het [215] (soos die

---

[212] §2: Vgl die opmerking rakende Paulus se bediening in Efese in **Hn 19.10**: *En dit het twee jaar geduur sodat al die inwoners van Asië die woord van die Here Jesus gehoor het.*

[213] §2: **Simpson (1954:129):** "We hold that this stampede took place on the occasion of the apostle's arrest, very likely in Asia Minor itself on an accusation of the most perilous nature, association with which might involve their arrest as his accomplices. The courage of these disciples gave way under this acute test; but we must not brand their faint-heartedness as flat apostasy."

[214] §3: **Wuest (1971:Vol 2:3:126)** is ook oortuig dat dit oor leerstellige sake gegaan het: "But this turning away was not for mere personal reasons, as the context indicates. In 1:13, 14, the apostle had just been speaking of the necessity for guarding and defending the truth, and in 2:17, 18, the two individuals mentioned in verse 15, are said to be involved in a departure from true doctrine. It was for doctrinal reasons that those in Asia turned away from Paul."

[215] §3: **Dibelius/Conzelmann (1972:106):** "The phrase "all have turned away from me" (*απεστραφησαν με παντες*) cannot be understood to imply apostasy from the gospel, because of the comparatively mild terminology and because of the word "all" (*παντες*)." Dié twee here weerspreek hulleself egter wanneer hulle verder opmerk: "The phrase probably refers to an event like that described in 2 Tim 4:10." Wat verwys na Demas wat Paulus verlaat het omdat hy

Kerk* in die algemeen vandag nog doen omdat die Kerk* homself verkeerdelik as 'geestelike Israel' sien).

## 3.13.5 - NIE OOR SY GEVANGENISSKAP NIE

§4

Dit het dus nie gebeur omdat hulle skaam was oor Paulus se gevangenisskap as sodanig,_ soos so baie teoloë en kommentators dit wil nie! Almal was bewus van Paulus se verskeie gevangenisskappe **(2 Kr 11.23)** en dit is onlogies om te dink dat die Joodse Ekklesia* wat self gely het as gevolg van hulle godsdienstige oortuiginge, [216] hulle kampvegter vir daardie geloof sou verlaat bloot omdat hy self juis daarvoor in die gevangenis gesit het. Dit skyn immers asof die meeste van die Christen Jode saam gely het in boeie **(Vgl. Hb 10.34; 1 Ts 2.14).** Wanneer die konteks van **2 Tm 1.15** vermeld dat Onesiforus hom nie oor Paulus se kettings geskaam het nie **(2 Tm 1.16),** dan is dit geen bewys vir die rede van die verlating van Paulus deur almal wat in Asië is nie. Dit kan dus wees dat die feit dat Paulus die dispensasie van Die Verborgenheid begin propageer het [217] en Jesus begin preek het *ooreenkomstig die openbaring van die Verborgenheid* **(Rm 16.25)**, en nie meer Jesus as die Messias van die OTe geprofeteerde Koninkryk* van God vir die Jode nie, juis daartoe gelei het dat die ortodokse Jode gesorg het dat Paulus se lot in die gevangenis verseël was en hy in kettings gebly het. Wanneer Onesiforus hom dan nie oor Paulus se kettings skaam nie, beteken dit dat hy die inhoud van die dispensasie van Die Verborgenheid wat aan Paulus geopenbaar was, aanvaar het en by Paulus en sy nuwe openbaring gestaan het en hom nie *daaroor* geskaam het nie!

## 3.13.6 - DIE VERBORGENHEID IS IN DIE GEVANGENIS GEOPENBAAR

§5

Die feit dat dit eers in die gevangenis gebeur het dat almal hom verlaat het, is nog 'n verdere bewys dat die dispensasie van Die Verborgenheid eers in die gevangenis geopenbaar was. Hierdie is die enigste rasionele verklaring waarom so baie hulle (almal) van Paulus sou afkeer.

---

die teenswoordige wêreld weer liefgekry het.

[216] §4: Dit moet altyd onthou word dat die vervolging waarvan ons in die NT lees, dié van ortodokse Jood op Christen Jood was **(Vgl Gl 4.22.31).** Die eerste gelowige Hiedene wat vervolg was, het na die voltooiing van die NTe kanon eers plaasgevind.

[217] §4: Dit is waarvoor hy juis voorbidding gevra het - Sien Afd 3.11.0.

# 3.14.0 - DIE VERBORGENHEID VAN DIE EVANGELIE

## 3.14.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

- *En (bid) vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak,* **(Ef 6.19).**
- *Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die Heidene* die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig, en vir almal aan die lig te bring wat die dispensasie is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus,* **(Ef 3.8-9).**
- *Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is,* **(Rm 16.25).**

## 3.14.2 – 'VERBORGENHEID' EERSTE MAAL GEKOPPEL AAN DIE EVANGELIE

§1

Waar ons in die Vroeë Koninkryk* Geskrifte van Paulus gelees het van die verborgenheid van die ongeregtigheid **(2 Ts 2.7)**; die verborgenheid van die wysheid van God **(1 Kr 2.7)**; die verborgenhede van God **(1 Kr 4.1)**; die verborgenheid van die Godsaligheid **(1 Tm 3.16)**; verborgenheid van die geloof **(1 Tm 3.9)** en die verborgenheid van die ten dele verharding van Israel **(Rm 11.25)**, lees ons nou vir **die eerste keer** in die Verborgenheidsbriewe van die *verborgenheid van die evangelie* **(Ef 6.19).** . **Morris (1994:212):** "That sense of the word applies especially to the gospel, as here, though this is the only place in the New Testament where the expression "the mystery of the gospel" is found." Komende van 'n veteraan soos Paulus wat aan die einde van sy loopbaan te staan gekom het en wat vir bykans dertig jaar alreeds die evangelie verkondig het, val hierdie woorde 'op daardie stadium van die geveg', vreemd op. Selfs die grote Calvyn het daarmee geworstel.

> Although it is not agreed even among scholars in what sense Paul calls the Gospel a hidden mystery in the present passage, as well as in Eph. 1.9 and Col. 1.26, the most likely view is that of those who apply it to the calling of the Gentiles. Paul himself explicitly alludes to this in his epistle to the Colossians (Col. 1.27). I grant that this may be one reason, but I cannot be persuaded to believe that it is the only one. It seems to me more probable that Paul was also thinking of other differences between the Old Testament and the New.

**(MacKenzie/Calvyn [1961:328])**

Dit kom daarop neer dat as hier nie 'n nuwe Verborgenheid na vore gekom het nie daar in werklikheid verslegting en agteruitgang gekom het wat die evangelie betref! Dan het die apostels met die evangelie begin sonder enige verborgenheid daaraan verbonde en uiteindelik geëindig met 'n verborgenheid daaraan verbonde!

§2

*Deur die evangelie* **(Ef 3.6):** Vergelyk dieselfde frase in **1 Kr 4.15**. **Foulkes (1989:103)** sê: "*The gospel*, as it is preached and believed, is the effectual means, humanly speaking, by which men and women come to be in Christ. ... That gospel, therefore, is the means, and the only means, of deep spiritual Unity between people, however diverse their racial, cultural or political backgrounds."

## 3.14.3 - VROEËRE VERKLARINGE RAKENDE DIE EVANGELIE

§3

Wanneer ons na sy vroeëre verklaringe in die Handelinge Dispensasie rakende die evangelie kyk, dan vind ons daar geen gedagte van enige 'verborgenheid' of geheimsinnigheid wat aan die evangelie verbonde was nie. Inteendeel! Die evangelie van die Koninkryk* wat Paulus tot op **Hn 28.31** gepreek het, was gegrond in die profetiese openbaringe van die OTe Skrifte **(vgl Rm 1.2; Hn 28:23)** en dus geen verborgenheid meer nie. Tydens sy eerste sendingreis sê hy vir die Jode in die sinagoge te Antiochië te Psidië dat hy hulle die goeie tyding (evangelie) bring van die belofte wat God aan die vaders gedoen het **(Hn 13.32)**. In **Rm 1.1-2** verklaar Paulus dat die evangelie van God, waarvoor hy afgesonder was, dit was wat God *tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte*. Dit was die evangelie van die *kennis van die waarheid wat na die godsaligheid is, ... wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het, en op die regte tyd sy woord bekend gemaak het* deur die prediking wat aan hom toevertrou was **(Tt 1.1-3).** Voor Agrippa verklaar hy dat hy niks spreek buiten wat die profete en ook Moses gesê het dat sou (Gr $\mu\epsilon\lambda\lambda\omega$ = op die punt was om te) gebeur nie: dat die Christus moes ly en die eerste moes wees om uit die dood op te staan, en dat Hy op die punt was (Gr $\mu\epsilon\lambda\lambda\omega$ ) om 'n lig aan die volk en die Heidene* te verkondig **(Hn 26.22-23)**. Die evangelie was dus reeds vervat en geopenbaar in die OTe profete en dus tydens die NTe verkondiging daarvan geen 'verborgenheid' nie!

§4

Daarom kon die evangelie tot sy hoorders kom in **volle versekerdheid (1 Ts 1.5)** , en het Paulus-hulle in God vrymoedigheid gehad om die evangelie van God te verkondig **(1 Ts 2.2)** en die evangelie **bekend te maak** wat hy verkondig het, en wat deur almal ook **aangeneem** is, en waarin hulle ook gestaan het **(1 Kr 15.1)**. Hulle het nie die woord van God **vervals** nie; maar het deur die evangelie **die waarheid aan die lig gebring.** Sodoende het die **verligting** van die evangelie van die heerlikheid van Christus, op almal **geskyn (2 Kr 4.2-4)**. Gevolglik kon die Korintiërs hulle belydenis

onderwerp aan die evangelie van Christus **(2 Kr 9.13)** alhoewel hulle hul laat geval het as 'n ander evangelie, as wat hulle aangeneem het, aan hulle verkondig was **(2 Kr 11.4)**, terwyl daar geen ander was nie; behalwe dat daar sommige mense was wat die evangelie van Christus wou verdraai het **(Gl 1.7)**.

§5

Op 'n stadium het Paulus na Jerusalem opgegaan en aan Petrus-hulle die evangelie **voorgelê** wat hy onder die Heidene* verkondig het, dat hy *nie miskien tevergeefs sou loop* nie **(Gl 2.2)** sodat die waarheid van die evangelie **bestendig** sou bly **(Gl 2.5)**. Toe Paulus by geleentheid sien dat hulle *nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie*, het hy hulle bestraf **(Gl 2.14).** Hy het hom nie geskaam oor die evangelie van Christus nie, want dit was 'n **krag van God tot redding** vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Daarby was die **geregtigheid van God**, waarvan die OTe wet en profete getuig het **(Rm 3.21),** daarin **geopenbaar** uit geloof tot geloof **(Rm 1.16-17)**, en het hy geweet dat hy met die **volle seën** van die evangelie van Christus na hulle gegaan het **(Rm 15.29)**. Hy het sy eer daarin gestel om die evangelie te verkondig, nie waar Christus alreeds bekend was nie *soos geskrywe is: Hulle aan wie niks van Hom vertel is nie, sal dit sien; en hulle wat nie gehoor het nie, sal dit verstaan.* **(Rm 15.20-21)**. Daar was dus in die Handelinge Koninkryk* Geskrifte geen sprake van enige 'verborgenheid' wat aan die evangelie verbonde was nie. Dié gedagte het vir die eerste keer in die Verborgenheidsbriewe na vore gekom!

## 3.14.4 - VERKLARINGE IN FILIPPENSE RAKENDE DIE EVANGELIE

§6

Interessant is Paulus se verklaringe in die **Filippensebrief** wat die Verborgenheidsbriewe direk voorafgegaan het. Daarin dank hy God oor die Gelowiges se voortgesette **gemeenskap** aan die evangelie **(Fl 1.5)**, wat in die **verdediging** en die **bevestiging** van die evangelie sy deelgenote was **(Fl 1.7)**. Nie net het sy wedervaringe op die **bevordering** van die evangelie uitgeloop nie **(Fl 1.12)**, maar was hy bestem tot die **verdediging** van die evangelie **(Fl 1.17)**. Alleenlik moes sy hoorders hulle **waardig gedra** die evangelie van Christus, en in een gees **vasstaan** en een van siel, **saam stry** vir die geloof van die evangelie **(Fl 1.27)**. Hy noem 'n paar persone se name wat saam met hom **gedien** het (Timotheüs - **Fl 2.19, 22)** en ook **saamgestry** het (Euódia en Sintiché - **Fl 4.2-3)** en verwys hy hulle ook na *die begin van die evangelie* **(Fl 4.15)**.

§7

Uit die voorafgaande verklaringe aangaande die evangelie van die Koninkryk* van God wat tot op **Hn 28.31** *met volle vrymoedigheid* verkondig was, moet dit duidelik vir elkeen wees dat daar voorheen in die Handelinge Periode en self tot aan die begin van sy gevangenisskap vir Paulus geen 'verborgenheid' aan die evangelie verbonde was nie. Maar nou in die gevangenis het daar 'n nuwe

faset van die evangelie na vore gekom wat tot nog toe verborge was en wat tot gevolg gehad het dat hy versoek het dat spesiaal vir hom gebid sal word *sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak* **(Ef 6.19)**. En dan beklemtoon hy *verborgenheid* elke maal met die lidwoord en vra hy boonop vir *vrymoedigheid* om dit uit te dra. [218] Dit is waarvoor Paulus vra in die lig van die geweldige implikasies van hierdie nuwe Verborgenheid van die evangelie wat nou aan hom geopenbaar was! Die feit dat Paulus hier aan die einde van sy lewe vra dat hy 'openlik' en 'vreesloos' in die lig van die gevaar en die opposisie wat hom nou oor hierdie Verborgenheid van die evangelie in die gesig staar, mag spreek, is 'n duidelike bewys dat hierdie nie net 'n splinternuwe, maar ook 'n radikale, verbysterende nuwe openbaring is wat hy van God ontvang het!

## 3.14.5 - DIT GAAN NIE OM DIE VERKONDIGING VAN DIE EVANGELIE NIE

§8

Dit gaan hier dus nie net vir Paulus bloot om die prediking en die bekendmaking van die evangelie, wat hy die voorafgaande bykans dertig jaar van sy apostelskap met groot vaardigheid reeds verkondig het nie **(vgl. 1 Kr 3.10** - *'n bekwame boumeester*), maar pertinent om die **bekendmaking** van Die **Verborgenheid** wat nou in die gevangenis na vore gekom het en wat aan die evangelie verbonde is. **Roberts (1990:180)** wat onder die indruk is dat dit om God se geopenbaarde heil in Christus gaan, verklaar: "Die inhoud waaroor hy moet praat, is *die geheimenis van die evangelie*, dit wil sê, die boodskap aangaande dit wat vroeër onbekend was, maar nou geopenbaar is, en wat deur die goeie tyding wat Paulus verkondig, oraloor bekend moet word (vgl hieroor by 1:9; 2:17; 3:4-6)." **Foulkes (1963:52)** beweer: "This gospel message has lain as a hidden thing from eternity; but has now been openly declared." Maar ten tye van die openbaring van hierdie Verborgenheid, was die evangelie nie net, soos reeds gesê, *verkondig in die ganse mensdom onder die hemel* en het dit die *hele wêreld bereik* nie **(Kl 1.23, 6)**, maar is dit ook reeds *geglo in die wêreld* **(1 Tm 3.16)**. **Hendriksen (1972:282)** beweer ook dat: "... the mystery of the gospel" (= "the mystery concerning Christ," Col. 4:3), the blessed truth which would have remained a secret had not God revealed it, namely, that in Christ there is salvation full and free for everyone who embraces him by faith, even for both Jew and Gentile on a basis of perfect equality. Cf. 3:3, 4, 9; Rom. 16:25; Col. 1:26, 27; 2:2; 4:3: I Tim. 3:9, 16."

---

[218] §7: Sien Afd. 3.11.0 - bls. 161

### 3.14.6 - VAN 'ONS' NA 'MY' EVANGELIE:

§9

As voorspel tot die openbaring van hierdie Verborgenheid aan Paulus in die gevangenis, sien ons dat hy aanvanklik in sy bediening drie keer van 'Ons' evangelie gepraat het **(vgl. 1 Ts 1.5; 2 Ts 2.14; 2 Kr 4.3)**. Met 'ons' verwys hy nie noodwendig net na hulle as die skrywers van genoemde Briewe nie, maar dat Petrus-hulle as apostels vir die besnedenes, inbegrepe was in die 'ons'. Paulus het op daardie stadium nog met Petrus-hulle saamgewerk met Jerusalem as *loco operandi* in die evangelie van die Koninkryk*. Maar dan begin Paulus se indiwidualisme na vore kom in sy latere bediening waar hy vyf keer begin verwys het na **'My evangelie' (Gl 1.11; 2.7; Rm 2.16; 2 Tm 2.8)**. In sy heel laaste vermelding van 'my evangelie' in die **Rm 16.25** addendum, behels dit nou (en sedertdien) die prediking van Jesus, ooreenkomstig die openbaring van Dié Verborgenheid wat aan hom geopenbaar was in die gevangenis.

### 3.14.7 - VAN DIE 'EVANGELIE VAN DIE KONINKRYK*' NA DIE 'EVANGELIE VAN DIE GENADE'

§10

Selfs in die beskrywing van die inhoud van die evangelie was daar progressie. Aanvanklik was die evangelie van die Koninkryk* verkondig. In **Hn 20.24** word daar vir die eerste keer volgens die rekord deur Paulus verwys na die **evangelie van die genade van God**. In die Verborgenheidsbriewe praat Paulus uiteindelik van die evangelie van die **onnaspeurlike rykdom van Christus (Ef 3.8)** en van Dié Verborgenheid van die evangelie **(Ef 6.19)**. In die drie gevalle waar die term *βασιλεία* in die Verborgenheidsbriewe voorkom, is daar glad nie meer sprake van die verkondiging of prediking van die Koninkryk* nie **(vgl. Ef 5.5; Kl 1.13; 4.11 asook 2 Tm 4.1, 18)**. In vier van hierdie gevalle is die Koninkryk* in 'n toekomstige sin ter sprake!

### 3.14.8 - VERKLARINGE IN DIE VERBORGENHEIDSBRIEWE RAKENDE DIE EVANGELIE

§11

In die drie Verborgenheidsbriewe kom die fyn onderskeiding en oorskakeling in Paulus se gedagtegang van die evangelie van die Koninkryk* na die uiteindelike evangelie van die Verborgenheid na vore. Onthou dat Paulus reg op die einde sê dat Jesus verkondig moet word ooreenkomstig die openbaring van die Verborgenheid **(Rm 16.25)**. Met die uitgangspunt dat **Ef A (4 - 6)** en so ook **Kl** steeds aan die Joodse Ekklesia*, die Heiliges gerig was met die finale **Ef B (1 - 3)** in opdrag van God direk aan die gelowige Heidene*, laat ons die uitsprake in daardie volgorde

rakende die evangelie in oënskou neem, en sien hoedat die een uitgefaseer en die ander ingefaseer word.

§12

In sy eerste vermelding in **Ef A** daarvan, noem hy dit *die evangelie van vrede* **(Ef 6.15)** [219] waarvoor sy Joodse lesers die skoene vir die bereidheid aan hulle voete moes hê. Die evangelie van vrede is by uitstek die boodskap van die duisendjarige Vrederyk wanneer die nasies van *hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.* **(Js 2.4)**. Dit is wanneer daar gesê sal word: *Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!* **(Rm 10.15;** Vgl die duisendjarige vrederyk konteks van **Js 52.7** wat deur Paulus hier aangehaal word.). Dit is waaroor dit steeds in die spesiale Handelinge Dispensasie gegaan het! Dan begin Paulus besef dat God besig is om met hom oor 'n groot en nuwe openbaring te deel **(Ef 5.32)** en dat daar aan die evangelie 'n groot Verborgenheid verbonde is en vra hy spesiale voorbidding: *En (bid) vir my, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak,* **(Ef 6.19)**.

§13

Dan skrywe Paulus aan die Joodse Heiliges in Kolosse en konfronteer hy hulle met die *woord van die waarheid van die evangelie,* **(Kl 1.5)** waarin *julle* (hulle) *ten minste gegrond en vas* (moet) *bly in die geloof* **(Kl 1.23)**. Hierdie evangelie waarna hy verwys, is steeds die evangelie van die OTe geprofeteerde Koninkryk* van God vir Israel. Daar is 'n paar aspekte in hierdie twee Teksverse wat hy noem wat dit onomwonde bevestig: Dit is **eerstens** die evangelie *waarvan julle* (hulleas Jode) *vroeër gehoor het* - hierdie 'vroeër' verwys na die verkondiging in die Handelinge Dispensasie toe God se Koninkryk* program nog van krag was. **Tweedens** behels hierdie evangelie die *hoop wat vir julle* (hulle as Jode) *weggelê is* en waarvan hulle hul nie moes *laat afbring* nie. Die hoop is steeds die eskatologiese Vrederyk vir Israel waarvoor Paulus in **Hn 28.20** in kettings was. [220] **Derdens** behels die hoop van die evangelie dit wat vir hulle *weggelê is in die hemele* - (Sien Afd. 1.3.0 - §14) 'Weggelê' - *ἀπόκειμαι* - **Wuest (1971:Deel 4:173)** sê dit beteken metafories "... "to be reserved for one, awaiting him," used with the dative of the person involved. The perfect participle gives, "the hope which has been laid away in times past with the present result that it is reserved for and awaiting you." " **Vierdens** is dit die evangelie wat op daardie stadium reeds verkondig was *in die ganse mensdom onder die hemel* **(Vgl Rm 1.8; 10.18; Kl 1.6)**. Dit is dus duidelik dat Paulus tot hiertoe steeds verwys na die evangelie van die Koninkryk* wat in die Handelinge Dispensasie verkondig was.

---

[219] §12: 'Vrede' het 'n belangrike komponent vir Paulus geword in die **Ef** Brief: Vgl **Ef 1.2; 2.14, 15, 17; 4.3; 6.15, 23.**

§14

Maar dan word Paulus, net soos in die geval van die **Ef A** Brief, weer bewus van die Verborgenheid wat uitgedra moes word. Nou noem hy dit die Verborgenheid van Christus en vra hy weer voorbidding: *en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is, dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit behoort te spreek* **(Kl 4.3-4)**.

§15

Daarna skrywe hy die **Ef B (1 - 3)** Omsendbrief wat hy direk aan die Heidene* rig in opdrag van God soos vervat in **Rm 16.26** en herinner hy die Heidene* hoedat hulle deur geloof in *die woord van die waarheid, die evangelie* wat hulle gehoor het, gered was. **(Ef 1.13)**. Die evangelie waardeur hulle gered was, was die evangelie van vrede wat aan hulle verkondig was in die Handelinge Dispensasie **(Ef 2.17)** wat vrede bewerk het tussen die Heiliges (Ekklesia*) en hulle as Heidene* en ook tussen hulle en God en waardeur hulle in die Handelinge Dispensasie *gaste* en *bure* van die Ekklesia* geword het [221] Dan kom die voller openbaring van die Verborgenheid na vore *dat die Heidene* mede-erfgename is en 'n mede-liggaam en mede-deelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie* **(Ef 3.6)**. Dan som Paulus die situasie op en verklaar hy ten slotte: *Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die Heidene* die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig, en vir almal aan die lig te bring wat die dispensasie is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus,* **(Ef 3.8-9)**. Hier word vir die eerste (en enigste) keer in die Bybel gepraat van *die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus*. Dit sluit aan by die opdrag dat Jesus Christus sedertdien gepredik moet word ooreenkomstig die openbaring van die Verborgenheid in **Rm 16.25-26,** waarby ons later stilstaan.

---

[220] §13: Vir hierdie 'hoop' op die eskatologiese Millennium vir Israel vgl **Hn 23.6; 24.15; 26.6, 7; 1 Pt 1.3, 13; Hb 6.18; 1 Ts 5.8; 2 Kr 3.11-12; Rm 5.2; 8.18-24; 15.4; Tt 1.2; 2.13; 3.7.**

[221] §15: Sien Afd. 3.12.1 - §9-13 - bls 172

# 3.15.0 - DIT IS DIE VERBORGENHEID VAN GOD MET BETREKKING TOT CHRISTUS [222]

## 3.15.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

- *Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die Ekklesia*.* **(Ef 5.32)**.
- *aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die Heidene* is, dit is Christus in julle, die hoop van die heerlikheid.* **(Kl 1.27)**.
- *om die verborgenheid te leer ken van God met betrekking tot Christus, in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is.* **(Kl 2.2-3)**.
- *en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is,* **(Kl 4.3)**.
- *deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het, om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig* **(Ef 1.9-10)**.
- *waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan,* **(Ef 3.4)**.
- *nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is deur die Gees, naamlik dat die Heidene* mede-erfgename is en 'n mede-liggaam en mede-deelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie* **(Ef 3.5-6)**.
- *die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is* **(Rm 16.25).** [223]

## 3.15.2 - DISPENSASIONELE STRUKTURE

§1

Dit is van die uiterste belang dat die dispensasionele strukture waarbinne die geweldige groot verandering wat die openbaring van Dié Verborgenheid meegebring het, duidelik verstaan sal word en dat daar vanuit hierdie breër struktuur geredeneer word:

- Waar God van **die skepping van Adam** tot en met die **roeping van Abraham** vir twee duisend jaar met **die mensdom in sy geheel** gedeel het ('die mensekinders' - **Gn 11.5)** en

[222] §3.15.0: Sien **Kasper (1977:163-252)** se afdeling op "The Mystery of Jesus Christ"

[223] §0: Hierdie Teks word meer volledig behandel in Afd. 2.2.4 op bls. 82 en word vir kennisname hier slegs genoem

- Hy vanaf **Abraham** tot op **Hn 28 (70 nC)** vir twee duisend jaar met en **deur die volk Israel as Sy kanaal** (wou) gewerk het,
- het God se plan nou weer vanaf **Hn 28 kosmiese afmetings** aangeneem en deel God nou weer met al die 'mensekinders' op 'n gelyke vlak. Die **Liggaam van Christus as nuwe skepping** bestaan nou weer uit alle gelowiges uit alle volke, tale en nasies as die Kerk* in die plek en los en onafhanklik van die volk Israel. [224] In die nuwe skepping wat met die geopenbaarde Verborgenheid tot stand gekom het, is Hy nou besig om alle dinge onder een Hoof in Christus te verenig.
- In die op hande **Millennium** sal God weer met en deur die volk Israel werk!

§2

Die skrywer wil gevolglik saam met **Foulkes (1989:100)** die vraag vra: "What is the meaning of the *mystery of Christ* here? In particular, is it defined in a way that is different from its definition in Colossians?"

## 3.15.3 - 'VERBORGENHEID' DIE EERSTE MAAL GEKOPPEL AAN JESUS CHRISTUS AS PERSOON

§3

Vir die eerste keer in die Verborgenheidsbriewe koppel Paulus die term 'Verborgenheid' aan die Persoon van Jesus Christus - nie net een keer nie maar **sewe keer** - drie keer op 'n direkte wyse **(Kl 2.2; 4.3; Ef 3.4)** en vier keer op 'n indirekte wyse **(Ef 5.32; Kl 1.27; Ef 1.9-10; Rm 16.25)** - elke keer met **die lidwoord** en elke keer in **die enkelvoud**!. Dit het hy **nooit in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte gedoen nie**. **Marshall (1996:193)** merk op: "Several times the writer mentions the "mystery" of God's will as it pertains to Jesus Christ (1: 9; 3:4-6, 9; 6:19)." Dit op sigself spreek alreeds boekdele dat ons hier met 'n nuwe Verborgenhied te doen het. Hierdie begrip is ook vreemd aan die res van die Nuwe Testamentiese Geskrifte. [225] Daar kan geredeneer word dat die verwysing na *verborgenhede* (N.B. mv. en sonder die lidwoord) *van God* in **1 Kr 4.1** reeds die gedagte van *die verborgenheid van God met betrekking tot Christus* kon bevat. Die feit egter dat Paulus daar Christus en God apart noem en onderskeidelik na hulleself as dienaars (*ὑπηρέτας* = "A person who renders service - 'servant' " **Louw & Nida [1988: Vol 1:460]** - letterlik 'n onderdekse slaweroeiers op 'n Galeiskip) van Christus en bedienaars (*ὀικονόμους* = 'n rentmeester) van God in dieselfde asem verwys, maak hierdie afleiding/aanname onwaarskynlik.

---

[224] §1: In die nuwe skepping van die *Corpus Christi* - en dit geld die hele inhoud van die Verborgenheidsbriewe **Kl & Ef** ook - is daar absoluut geen sprake meer van 'n 'volk', 'Abraham' en dies meer nie!

[225] §3: **Marshall (1996:193)** wat van opinie is dat die Verborgenheid God se saligheidsplan in Christus is sê: "Ephesians is not the first New Testament text to understand Christ as the one in whom God's prevenient plan of salvation has come to fruition," en verwys dan na **Hn 2.23** en **1 Kr 2.7.**

§4

'n Mens sou verwag dat daar aan die begin van die evangelie **(Fl 4.15)** en die prediking van Jesus Christus **(Hb 6.1)** sprake sou wees van 'n 'verborgenheid' wat aan Hom gekoppel is. En dat hierdie 'verborgenheid' dan, algaande en namate die Heilige Gees hulle alles geleer en herinner het **(Jh 14.26)** en Hy dit sou geneem wat aan Christus behoort het en aan hulle sou verkondig het terwyl Hy die Here Jesus verheerlik het **(Jh 16.14)**, die NTe skrywers sou toelig met betrekking tot daardie verborgenheid en dit dan algaande sou opklaar en verduidelik. Maar die term 'verborgenheid' is nooit voorheen deur enige NTe skrywer aan die Persoon en funksie van die Here Jesus gekoppel nie! **Criswell (1974:102)** vra die vraag en antwoord: "Is the mystery the sufferings and the glories of Christ? No, the prophets predicted that clearly. ... So it is no mystery that Christ should suffer and that He should be glorified." Paulus vermeld in sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte die wysheid van God (wat bestaan) in verborgenhede in **1 Kr 2.7** en dat hulle beskou moes word as bedienaars van (die) verborgenhede van God **(1 Kr 4.1)** en die Verborgenheid van die Godsaligheid wat groot is in **1 Tm 3.16**. Die gedagte van enige verborgenheid, mistiek of ondeursigtigheid wat aan die Here Jesus Christus gekoppel is, is absoluut afwesig in die Vier Evangelies, die Handelinge Dispensaie en al die Koninkryk* Gesktrifte van daardie periode. Nou kom Paulus aan die einde van sy loopbaan, ongeveer vyf-en-dertig jaar na die Kruis en die Dag van Pinkster aan die einde van die NTe Tydvak met die gedagte van die Verborgenheid wat aan Christus verbonde is, na vore! 'n Mens verwag dit aan die begin van die tot standkoming van die NTe Kanon en nie met die afsluiting daarvan nie!

§5

Die gedagte dat die Verborgenheid waarvan Kolossense en Efesiërs praat, die saligheidsplan van God in Christus is en deur Sy koms en vleeswording geopenbaar was, is geheel en al vreemd aan die Verborgenheidsbriewe. Dit is die oplossing wat eksponente aanbied vir 'n verborgenheid waarvan hulle nog nie die inhoud ontdek het nie. Akademici het ook nog nie die moontlikheid ontgin dat ons in die Verborgenheidsbriewe met 'n splinternuwe geopenbaarde Verborgenheid te make het nie! **MacArthur (1992:90)** dink dat die 'Verborgenheid van Christus', God geopenbaar in die vlees is: "In Christ Himself the hidden God was manifested to mankind. In that sense, He is God's mystery." 'n Baie algemene gedagte is dat dit die Heidene* is wat nou in God se heil deel. Ook dit word deur **Chriswell (1974:101)** genegeer: "Over and over again will ons find in the Old Testament the prophesiesthat the Gentiles are going to be blessed. God is going to use Israel to bring that blessing to the whole world."

# 3.15.4 - DIE VERBORGENHEID IS CHRISTUS

§6

Drie keer het ons die direkte verklaring dat die Verborgenheid Christus is **(Kl 2.2; 4.3; Ef 3.4)**. In **Kl 2.2** lees ons: *τοῦ μυστηρίου τοῦ Θεοῦ, Χριστου* - 'die Verborgenheid van God met betrekking tot Christus'. Die frase 'en die Vader', kom nie in die beste MSS voor nie. Die woord *Christus* is in dieselfde naamval as *verborgenheid* wat dit in apposisie (bystelling) daarmee plaas. Die **NAV** het dit meer korrek vertaal: *sodat hulle God se geheimenis kan ken. Die geheimenis is Christus.* [226] Die daaropvolgende *In wie:* Gr *ῷ*, kan beide manlik, verwysende na Christus, of onsydig, verwysende na Die Verborgenheid, vertolk word. Eersgenoemde word verkies.

> The expression at the end of verse 2 is remarkable. Literally it reads "the mystery of God, of Christ." Obviously this might suggest that "God" and "Christ" are interchangeable or equivalent terms. Probably this theological difficulty accounts for the alternative wordings of the text in some New Testament manuscripts, with copyists trying to soften or remove the difficulty. Probably the author simply meant that God's mystery also belongs to Christ, or that it consists in Christ (Bockmuehl, 1990, 87-88). Yet the wording seems awkward or careless."

**Hay (2000:79)**

§7

**Martin (1981:75)** se kommentaar is: "The object of this **assured understanding** is given as **knowledge of God's mystery, of Christ.** Textual witnesses are divided over the exact wording (see the evidence displayed in B. M. Metzger, *The Text of the New Testament* (Oxford, 2nd edn, 1968, pp. 236-8.) The *RSV* translates the text which is the most difficult to account for, except on the ground that it was the original and that later scribes attempted to clarify the sense by their additions." **Dunn (1996:131)** sê: "It is this identification of Christ himself with the mystery (not with God) which has been reiterated here, but with surprising awkwardness."

§8

Volgens **Du Plessis (1991:50)** bestaan hierdie insig daarin "... dat hulle kennis het van wat God in sy verborge raadsplan voorgeneem en nou in Christus geopenbaar het. Die doel van hierdie insig word dan ook soos volg omskryf: *sodat hulle God se geheimenis kan ken.* En hierdie geheimenis is geen spekulatiewe of geheime leer nie, maar word deur die toevoeging *Christus* verklaar: Die geheimenis is dit wat Hy openbaar gemaak het." [227] **Hendriksen (1964:I04)** voeg daarby: "Even more definitely this goal is expressed in the words: **with a view to the clear knowledge of the mystery of God namely, Christ**. The sense in which Christ is, indeed, the mystery of God has been explained in connection with Col. 1:27." **Wuest (1971:1:4:196-7)** haal aan: "Peake A.S. in 'Expo-

---

[226] §6: Die Gr MSS het verskeie variante hier. Sien *Greek New Testament,* (1983): 3e Gekorrigeerde Uitg van die Verenigde Bybel Genootskappe.

[227] §8: Sien Afd. 3.7.4 - God is die Openbaarder - nie Christus nie.

sitors' comments: 'The force of this passage then is this: all, and not merely some of the treasures of wisdom and knowledge are contained in Christ; therefor the search for them outside of Him is doomed to failure. But not only are they in Christ, but they are contained in a hidden way. Therefor they do not lie on the surface, but must be sought for earnestly, as men seek for hidden treasure. They are not 'matters of external observances, such as the false teachers enjoined, but to be apprehended by deep and serious meditation." **Hendriksen (1964:181)** is van mening dat die woorde "... **to speak forth the mystery concerning Christ**, its content being Christ himself." Hy sê verder **(181:Vn 161):** "or simply, "the mystery, namely, Christ." See NTC. on I Tim. 5:16. Christ is in any event the heart and essence of the mystery."

§9

Op Paulus se woorde *die Verborgenheid van Christus* in **Ef 3.4** lewer **Wuest (1971:Vol 1:Deel 4:82)** die volgende kommentaar: "The words "of Christ" are genitive of description, defining the mystery. It is the mystery relating to Christ, the revelation of the long-hidden purpose of God regarding Christ ...". Met ander woorde die Verborgenheid van God is Christus self - die geheimenis van God staan in verband met Christus. Dit raak Hom as Persoon. **Hodge (1964:161-2)** is van mening dat: "*Mystery of Christ,* may mean the mystery or revelation concerning Christ; or of which he is the author (i. e. of the secret purpose of redemption), or which is Christ. Christ himself is the great mystery of godliness, God manifest in the flesh." Hierdie Teks bied volgens **Hendriksen (1967:153)** aan ons "... Paul's insight into this Christ-mystery, that is, the mystery of which Christ is both the source and the substance. One can say that the mystery is, in a sense, Christ himself." **Dunn (1980:238)** noteer op die Efesiërs Christologie dat dit "... introduces the idea of pre-existence, of Christ as the one in whom the fore-ordained but hitherto hidden plan of God was brought to open display. "

## 3.15.5 - DIT RAAK CHRISTUS EN DIE EKKLESIA* (EF 5.32)

§10

Dit behels die feit dat dit vir die eerste keer in die Verborgenheidsbriewe kategories verklaar word dat die Ekklesia* Die Liggaam van Christus is **(Kl 1.18, 24; Ef 1.22-23;** vgl ook **Ef 4.12, 16; 5.23, 30; Kl 2.19;** en ook die 'Een Liggaam' van **Ef 4.4 & Kl 3.15)**. [228] En dan kom daar die finale openbaring met betrekking tot die finale samestelling van daardie Liggaam dat die Heidene* nou uiteindelik ook saam met die Ekklesia* (die Heiliges - wat as die Manlike Kind uit Israel verwek is **[Gl 4.22-31; Opn 12.5]** en tot op daardie stadium die uitsluitlike Liggaam was) *albei in een liggaam met God*

[228] §10: Die verwysing na die beeld van 'n 'liggaam' in die Vroeë Koninkryk* Geskrifte van Paulus is nie na die Liggaam van Christus as organisme soos geopenbaar as die Verborgenheid in die Verborgenheidsbriewe nie, maar na die gelowiges bloot as organisatoriese liggaam - 'N liggaam van Christus **(1 Kr 12.27)** en een liggaam IN Christus **(Rm 12.5)**.

*(kon) versoen* is **(Ef 2.16)** en dat die Heidene* nou 'n *mede-liggaam* (*σύσσωμα* **(LET WEL!!)** = met die Ekklesia* as Liggaam) in (*ἐν*) Christus Jesus geword het.

## 3.15.6 - DIT BEHELS CHRISTUS ONDER/IN HULLE (KL 1.27)

§11

As aanvaar en voor oë gehou word dat die **Kl** Brief steeds aan die Joodse Ekklesia* gerig is (die 'Heilige' en gelowige 'Broeders' - **Kl 1.2**) en dat daarin met die Jood VAN die gelowige Heidene* gepraat word (die term 'Heiden' wat net een keer daar voorkom **[Kl 1.27]**, is in die derde Persoon [229] ), dan is dit nie heeltemal duidelik wat Paulus se bedoeling met die stelling *... die Verborgenheid wat ... nou geopenbaar is aan Sy Heiliges* (die Joodse Ekklesia*), *aan wie God **wou bekend maak** wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die Heidene* is, **dit is Christus in*** (*onder* - **OAV**) ***julle**, die hoop van die heerlikheid,* is nie. Dat die Verborgenheid aan die Joodse 'Heiliges' geopenbaar is en dat dit die Heidene* in die besonder raak, is duidelik. Maar hoekom sê Paulus dat God aan hulle *WOU bekend maak*? Dit skyn asof hulle, alhoewel hulle bewus geraak het van die Verborgenheid, hulle nie die inhoud daarvan, naamlik die heerlikheid wat dit vir die Heidene* ingehou het, wou aanvaar, of dalk aan die gelowige Heidene* onder hulle wou oordra nie. Die woorde *dit is Christus in JULLE* wek die vraag: Hoekom nie Christus in 'HULLE' nie? Wie bedoel Paulus met 'julle'? alleenlik die Joodse Ekklesia*, en dat hulle die heerlikheid van Christus in hulle aan die Heidene* moes openbaar? Of bedoel Paulus hulle almal - beide Jood en Heiden? Soos **Hendriksen (1967:155)** dit stel: "... that is Christ in all his glorious riches actually dwelling through his Spirit in the hearts and lives of both Jews and Gentiles, united in one body, the church. Cf. Col. 1:26, 27)." **Foulkes (1989:100)** sê dat "In Colossians 1:27 it is stated specifically that the mystery is 'Christ in you, the hope of glory', that is to say, the actual mystery, the wonderful truth that has been revealed, is that Christ comes to dwell now in people's hearts, giving them hope of a future in the immediate presence of God."

§12

Die leerstelling van die wederkerige inwoning van Christus en die Gelowige is eg Paulinies, alhoewel die gedagte van Christus wat in die Gelowige woon, nie baie sterk na vore kom nie - die gebrek aan kruisverwysings in die **OAV** bevestig dit! In Sy Vroeë Koninkryk* Geskrifte is dit net in **Rm 8.10** waar Paulus aan die Joodse Heiliges **(Rm 1.7 vgl 2.17; 3.1, 9; 4.1; 7.1)** sê: *Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid* - let op die 'as' (*εἰ δὲ*). Aan die Korinthiërs stel Paulus die vraag: *Of is julle nie seker van julleself dat*

---

[229] §11: Die term 'Heiden' kom 188 keer in die NT voor - altyd in die derde Persoon - m.a.w. daar word altyd met die Jood VAN die (gelowige) Heidene* gepraat) behalwe vir vyf keer in die Tweede Persoon - die aanspreekvorm in **Rm 11.13; (15.10, 11 - OTe aanhalings); Ef 2.11; 3.1** - die enigste plekke waar Paulus die Heidene* direk aanspreek in al

*Jesus Christus in julle is nie?* Uiteindelik verklaar Paulus in sy finale Verborgenheidsbrief, **Ef B**, dat 'julle' Heidene* **(Ef 2.11)** in die geopenbaarde Verborgenheid nou *ook saam* (met die 'Heiliges' - **Ef 2.19)** *opgebou word tot* (*εἰς*) *'n woning van God in die Gees* en bid hy in **Ef 3.17-18** vir 'julle' Heidene* dat *Christus deur die geloof in julle harte kan woon* (*κατοικῆσαι* - Aor. 1, Infin.) en dat hulle *in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte* ens. is. Die saak word deurgaans as 'n veronderstelling/aanname gestel.

## 3.15.7 - DIT BEHELS DIE SKATTE VAN WYSHEID EN KENNIS WAT IN HOM AS HOOF VERBORGE IS (KL 2.2-3)

§13

**Lightfoot (1961:173)** se kommentaar op **Kl.2.2** is dat die Verborgenheid hier "... is not 'Christ,' but 'Christ as containing in Himself all the treasures of wisdom'." **Lohse (1971:81)** sê: "The rich fullness of insight and understanding is characterized by connecting the words "riches" (*πλοῦτος*) and "fullness"' (*πληροφορία*) with the term "insight" which follows them. The word *πληροφορία* (it is seldom used and does not appear in the LXX) means "complete fullness," but also "complete certainty." Christus as die beeld van die onsienlike God **(Kl 1.15)**, ontsluit vir **Martin (1981:75)** "... the secret of the divine nature and provides the key to the riddle of God. He is the repository of all 'insight', 'understanding', and 'knowledge'."

## 3.15.8 - DIT BEHELS DIE GODDELIKE DOEL OM ALLES ONDER EEN HOOF IN HOM TE VERENIG (EF 1.10) [230]

§14

Die gedagte van Christus se Hoofskap (kosmies en van die Liggaam) is uniek aan die twee Verborgenheidsbriewe. *Κεφαλή* kom sewe keer in die Verborgenheidsbriewe voor waarvan ses van die gevalle vir die eerste keer aan die Persoon van die Here Jesus gekoppel is. Hy is die Hoof van die Ekklesia* **(Ef 5.23; Kl 1.18)** en is as sodanig aan die Ekklesia* gegee **(Ef 1.22)** wat in Hom as Hoof opgroei **(Ef 4.15-16)** en uit wie die Liggaam ondersteuning ontvang sodat sy groei só bevorder word **(Kl 2.19)** terwyl hulle in Hom wat die Hoof is, ook van alle owerheid en mag, die volheid het **(Kl 2.10)**.

§15

[230] §3.15.8: **Ef 1.10-23** word as 'n loflied beskou. Sien **Schille (1965:58 e.v.)**, *Hymnen,*; **Deichgräber (1967:161 e.v.)**, *Gotteshymnus*; **Sanders (1965:220-3)**, "Elements"; **Fischer (1973:118-20)**, *Tendenz,*.

Die Verborgenheid van God se wil is die doel [231] dat alle dinge dan onder een Hoof in Christus verenig sal word - ἀνακεφαλαιώσασθαι = volgens **Robertson (1930:iv:121)**: "A purpose clause (amounting to result) with first aorist middle infinite of ἀνακεφαλαιώ late compound verb ἀνα and κεφαλαιῶ (from κεφάλαιον, **Heb 8.1** and that from κεφαλή, head) to head up all things in Christ, a literary word." "Ch 1.9f defined the "mystery" as the will of God to "sum up everything through Christ" - aldus **Moritz (1996:145)**. **Robinson (1904:33)** dink: " 'The mystery of the will of God' is the Divine determination 'to gather up in one all things in Christ'." Vir **Swain (1980:22)** is dit "... the "resumption", the "summing up", the "re-capitulation" of all things in Christ. The notion implies two main ideas: renewal and headship." **Hendriksen (1967:86)** volstaan "... that this mystery centers in Christ, and that one element in it is that which is expressed here, namely, that literally everything, things in heaven, things on earth, everything above us, around us, within us, below us, everything spiritual and everything material, has even now been brought under Christ's rule", wat volgens **Morris (1994:23)** God se hoofdoel met Christus is: "... there is to be no doubt as to the central role of the Savior." Omdat God nou hierdie Verborgenheid in Christus gepubliseer het, is daar "... now no bar to its declaration." **(Robinson [1904:3Ib])**. **Bruce (1961:32)** sê: "Here Paul speaks of a purpose which God has set before Himself - a purpose conceived in Christ and to be fulfilled in Christ."

§16

**Liefeld (1997:43)** sien hierdie handeling van God volgens **Ef 1:9-10** as toekomstig: "On that day, however, under Christ, everything will add up, that is, be summed up in Christ. The idea may be parallel to the reconciliation of all things in Christ described in Colossians 1:19-20." **Lohse (1971:101)** daarenteen verklaar volgens **Kl 2:10:** "The rule of Christ over the powers, which according to apocalyptic presuppositions is not inaugurated until the end of this aeon (cf. Rev 19:11-16, ete.), is here proclaimed as an accomplished fact." Hiermee stem **Schnackenburg (1991:58)** saam: "What is more, he identifies the mystery he has in mind as the 'mystery of Christ' (3.4) and understands it as a reality which is currently revealing itself in a cosmic dimension (cf. 1.10; 3.9 f.)." Volgens **Martin (1981:8I)** is dit alreeds 'n realisering van die eskaton: "In apocalyptic thought the overthrow of evil forces was expected at the end of the present age. Here it is announced as having already happened (contrast 1 Cor. 15:24ff. for a still future hope in Paul) and this special emphasis may well have been occasioned by the need to assert Christ's present lordship over every hostile spirit power. He is at once their creator (1:16), upholder (1:17), and the Lord who has subjugated them (2:15)."

---

[231] §15: **Robinson (1904:32):** "The Creator of the universe has a Purpose in regard to it - 'an eternal purpose which He hath purposed in Christ Jesus our Lord'. The secret of it has been hidden in God until now."

## 3.15.9 - DIT BEHELS DIE FINALE VERHEFFING TOT GELYKE STATUS VAN DIE GELOWIGE HEIDENE* SAAM MET DIE EKKLESIA* (DIE HEILIGES) IN CHRISTUS (EF 2.15-22; 3.6)

§17

In Christus behels die geopenbaarde Verborgenheid die finale verheffing van die Heidene* in dit wat hulle vir die eerste keer direk toegesê word in die Verborgenheidsbriewe. **Martin (1981:126)** kom naby aan die standpunt van hierdie verhandeling as hy aanhaal: "That message is described here as earlier (1:26; 2:2) as **the mystery of Christ**, that is, a technical term for the message of God's saving purpose in Christ, which proclaims the 'joining of Jews and Gentiles in one body under the head Christ [as] a cosmic, eschatological event' (G. Bornkamm, *TDNT* iv, p. 820)." Dit het eers in werking getree met die openbaring en bekendmaking van die Verborgenheid in die Gevangenis ná **Hn 28** (Sien Afd. 3.6.0). Omdat dit eers daar geopenbaar en in werking getree het, was dit die groot Verborgenheid. As al die dinge wat gekoppel is aan die Verborgenheid van die Verborgenheidsbriewe reeds tevore in die spesiale Handelinge Dispensasie die Heidene* se deel was, dan was daar geen sin daarin om van die openbaring van die Verborgenheid ewe skielik in die gevangenis te praat nie!

§18

Behalwe die (moontlike) gedagte vervat in **Kl 1.26-27** van 'Christus onder/in julle/hulle', is **Ef 2.11-3.19** die samevatting en slotsom van dit wat die Heidene* uiteindelik en finaal, maar vir die eerste keer in die geopenbaarde Verborgenheid deelagtig geword het. Die volgende opsomming word aangebied:

1) Die Here het vrede gemaak tussen die twee sodat Hy die Joodse Ekklesia* en die gelowige Heidene* saam tot **een nuwe Mens** kon skep **(Ef 2.15)**.
2) Ook tussen God en hulle sodat Hy die Joodse Ekklesia* en die gelowige Heidene* albei **in een liggaam** met God kon versoen **(Ef 2.16)**.
3) Die gelowige Heidene* is nou tot **mede-burgers** van die Joodse Heiliges verhef **(Ef 2.19)**.
4) Die gelowige Heidene* is nou **huisgenote** van God (omdat hulle deel is van die Liggaam van Jesus as God se Seun) **(Ef 2.19)**.
5) Die gelowige Heidene* word nou saam met die Joodse Heiliges in 'elke afsonderlike gebou' opgebou **as 'n tempel** tot 'n woning van God in die Gees **(Ef 2.20-22)**.
6) Die gelowige Heidene* is nou **mede-erfgename** saam met die Joodse Heiliges **(Ef 3.6)**.
7) Die gelowige Heidene* is nou **'n mede-liggaam** saam met die Joodse Heiliges **(Ef 3.6)**.
8) Die gelowige Heidene* is nou **mede-deelgenote** saam met die Joodse Heiliges aan Sy belofte in Christus Jesus **(Ef 3.6)**.

§19

Omdat studente nie besef het dat die Ekklesia* van die Handelinge Periode (en van al die Geskrifte wat in daardie tyd die lig gesien het), wat jammerlik en verkeerdelik met 'Gemeente' (Eng. "Church") vertolk is, Jesus, as Profeet net soos Moses, se Joodse Teokratiese* Vergadering was wat saam met Hom sou regeer het in die Koninkryk* nie, is baie van die bogenoemde aspekte wat net op die Ekklesia* veral in die Handelinge Dispensasie van toepassing was, veralgemeen en ook op die Heidene* toegepas. Gevolglik was dit nie raakgesien dat die finale verheffing van die gelowige Heidene* eers ná **Hn 28** met die openbaring van die Verborgenheid aan Paulus in die gevangenis plaasgevind het nie!!

§20

Waar Jesus as Messias, Koning van die Jode moes wees in God se OTe Koninkryk* Program vir Israel op die troon van Dawid in Jerusalem, en as Koning van alle konings die reg moes uitbring vir alle nasies, word Hy nou in die geopenbaarde Verborgenheid die Hoof van die Nuwe Mens - die *Corpus Christi* waarvan die Gelowige Heidene* uit alle nasies volke en tale op gelyke vlak tans Sy Liggaam is! Daarom, wanneer Paulus sê dat Die Verborgenheid groot is, en aanvanklik dink dit staan in betrekking tot Christus en die Ekklesia* **(Ef 5.32)** en boonop sê dat dit nooit voorheen bekend gemaak is nie maar NOU eers in die gevangenis geopenbaar is, kom hy by die hoogtepunt en kulminasie van die openbaring uit dat die Heidene* *mede-erfgename is en 'n mede-liggaam en mede-deelgenote aan sy belofte in Christus Jesus deur die evangelie* is **(Ef 3.6).**

# 3.16.0 - DIE OPENBARING VAN DIE VERBORGENHEID ROND DIE PROGRESSIEWE OPENBARING VAN GOD IN DIE NT AF

## 3.16.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

- *waarvan ek 'n dienaar geword het volgens die bediening van God wat aan my gegee is in julle belang, om die woord van God te vervul, die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges,* **(Kl 1.25-26)**

## 3.16.2 - DIE GEES MAAK IN EN DEUR DIE OPENBARING VAN DIE VERBORGENHEID DIE 'TOEKOMSTIGE DINGE' BEKEND

§1

By wyse van herhaling: Hier in die gevangenis kom die Heilige Gees in die progressiewe openbaring van God in die Nuwe Testamentiese tydvak en maak finaal aan Paulus die 'Toekomstige Dinge' **(Jh 16.13)** bekend: Die Verborgenheid van God se nuwe skepping - Die Kerk* as die *Corpus Christi* met Jesus as die Hoof en as God se nuwe kanaal van Heil tot die wêreld in die plek van Israel wat verhard en as kanaal ter syde gestel is en met God se OTe geprofeteerde Koninkryk* Program vir Israel, wat opgeskort is. Die inhoud van daardie Verborgenheid vind neerslag in Paulus se laaste twee Sendbriewe, Kolossense en Efesiërs - die Verborgenheidsbriewe!

## 3.16.3 - DIE OPENBARING VAN DIE VERBORGENHEID IS DIE 'AFRONDING' VAN DIE PROGRESSIEWE OPENBARING IN DIE WOORD VAN GOD

§2

Paulus verklaar dat God aan hom die bediening gegee het om die Woord van God te vervul - *πληρῶσαι τὸν λόγον τοῦ Θεοῦ* . *Πληρῶσαι* behoort in die konteks van wat tot hiertoe gesê was, vertaal te gewees het met 'voltooi' en dit 'af te rond' en 'volledig' te maak. Dan verklaar Paulus wat dit is wat die Woord afrond: die Verborgenheid wat uiteindelik geopenbaar was! **Baker (1980:36)** konstateer: "While some New Testament books may have been written after Paul's prison epistles, he states that it was the revelation of the truth of the mystery which fulfills or completes (*plerosai* - fills up to completion) the word of God (Colossians 1:23-27)." Só ook **Welch (1959:177)** wat sê "... that this mystery 'completes the Word of God.' The word 'complete' is rendered 'fulfil' in the A.V., ... (Paul) could say that the dispensation given to him *completes* the Word of God."

§3

Hierin beskou Paulus homself as 'n dienaar (*διάκονος*) volgens die dispensasie/bedeling (*οικονιμια*) van die nuut geopenbaarde Verborgenheid. Hierdie gedagte word deur **Vine (1940:320)** bevestig: "(b) to the stewardship committed to him "to fulfil the Word of God," the fulfilment being the unfolding of the completion of the Divinely arranged and imparted cycle of truths which are consummated in the truth relating to the Church as the Body of Christ, Col. 1.25 (R.V. and A.V., "dispensation")."

§4

Die skrywer kan nie saamstem met die volgende geleerdes wat dink dat die bedoeling hier is dat die Woord van God 'vervul' word deur die prediking daarvan nie. Dit is 'n gedagte wat heelwaarskynlik sy oorsprong by **Lightfoot (1961:167)** het: "*fulfil' i.e.* 'to preach fully,' 'to give its complete development to'; as Rom. xv. 19 ... Thus 'the word of God' here is 'the Gospel,' as in most places (I Cor. xiv. 36, 2 Cor. ii. 17, iv. 2, etc.), though not always (e.g. Rom. ix. 6), in St Paul, as also in the Acts." **Dunn (1996:118)** maak myns insiens 'n oordrewe stelling as hy sê: "... "to fulfill (literally) the word of God," the latter a regular phrase to denote the gospel delivered as it was by word of mouth." In **Rm 15.19** gebruik Paulus *πληρόω* saam met sy evangelieverkondiging van Jerusalem af rondom tot by Illírikum. In **Kl 4.17** word Archíppus gemaan om sy bediening te vervul. Dit is die enigste twee plekke in die NT wat naby dié gedagte van **Dunn** kom en dus is daar geen "regular phrase" in die verband nie. **Lohse (1971:73)** verklaar: "Just as a previously determined measure must be filled up to its limit, so also the apostle has to accomplish God's will and command." Dan sê hy verder: "The word of God is brought to completion when it has been broadcast everywhere and proclaimed to every creature under the heaven (cf. v23)." Volgens **Hendriksen (1964:88)** is die bedoeling: "... to give full scope to the word of God, that is, to proclaim the Christ in all his glorious fulness to everyone, regardless of race, nationality, or social position."

§5

**Lightfoot (1961:167)** lig dit tereg ook uit dat: "The other interpretation, 'to accomplish the promise of God,' ... is alien to the context here" Vir **Hay (2000:75)** is Paulus se lyding ingesluit in hierdie vervulling van die Woord: "This line of interpretation of "make ... fully known" confirms the sense of the related term for "complete" (*ἀνταναπληρόω*) in verse 24: Paul will fulfill his divinely appointed commission from God, which involves sufferings."

## 3.16.4 - DIT BEHELS DIE VOLTOOIING VAN DIE NTE KANON

§6

Wat meer is: Die openbaring van hierdie Verborgenheid is terselfdertyd die *Voltooiing en afronding* (Gr *πληρόω*) van die Nuwe Testamentiese kanon. Dit is ook **Welch (1912/1959[3rd ed]:177)** se

oortuiging: "Paul's epistles therefore complete the canon of inspiration." By hierdie gedagte behoort die Boek Openbaring ingesluit te word. Terwyl die 'Toekomstige Dinge' wat die gelowige Heidene* betref in Paulus se twee Verborgenheidsbriewe neerslag gevind het, is dié van die volk Israel hoofsaaklik in die Openbaring Boek neergepen.

Hierdie progressiewe openbaring is opgeskort by 70 nC. Die aandag word in dié verband gevestig op Afd 1.6.0.

# 3.17.0 - 'N NUWE DISPENSASIE WAT NA VORE KOM [232]

## 3.17.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

§1

- *waarvan ek 'n dienaar geword het volgens* Die Dispensasie (OAV - *bediening) van God wat aan my gegee is in julle belang, om die woord van God te vervul,* naamlik *die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges,* **(Kl 1.25-26).**
- *deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het, as 'n* Dispensasie *van die volheid van die tye* [233] *met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig--* **(Ef 1.9-10).**
- *as julle ten minste gehoor het van* Die Dispensasie (OAV - *bediening) van die genade van God wat aan my verleen is vir julle, dat Hy aan my deur 'n openbaring bekend gemaak het die verborgenheid, soos ek tevore kortliks geskryf het;* **(Ef 3.2-3)**.
- *Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die Heidene* die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig, en vir almal aan die lig te bring wat* Die Dispensasie (OAV - *gemeenskap) is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus,* **(Ef 3.8-9).**

## 3.17.2 - 'DISPENSASIE' GEKOPPEL AAN VERBORGENHEID

§2

Nog 'n term wat sterk na vore kom in die Verborgenheidsbriewe en gekoppel word aan Die Verborgenheid is die woord *οικονομια*. Ons vind hierdie term drie keer in **Lk**; ses keer in Paulus - **twee keer** in die een-en-tagtig hoofstukke van sy Vroeë Geskrifte **(1 Kr 9.17; 1 Tm 1.4)** en dan **vier keer** in die tien hoofstukke van sy Verborgenheidsbriewe, wat 'n veelseggende toename is! Boonop is die term elke keer daar gekoppel aan Die Verborgenheid! Sonder om die werklike implikasies te

[232] §3.17.0: Sien Afd 3.8.0 - Paulus se Rentmeesterskap van die Verborgenheid Sien ook Afd 1.5.0 op Dispensasionalisme

[233] §1: Gr *εἰς οἰκονομίαν τοῦ πληρώματος τῶν καιρῶν*, **Lamsa (1957:1168)** vertaal dit: *As a dispensation of the fulness of times*, - Só ook **ASV**; Alf; 'administration'- **NASB**; 'plan' - **RSV** ; die **OAV** het dit vertaal met: *om die volheid van die tye te reël.* Die **NAV** vertolk hulle teologiese siening dat Christus in Sy vleeswording die openbaring van hierdie verborgenheid is: *en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het*. Die gedagte dat Christus hierdie Verborgenheid geopenbaar het, is heeltemal vreemd aan die Verborgenheidsbriewe!

besef waaroor dit werklik gaan, verklaar **Liefeld (1997:42)**: "When this term, *oikonomia,* and others, such as *mystery, will good pleasure* and *purpose*, are amassed together, the careful reader is overwhelmed with the magnificence of God's wise plan in history and of the place of Christ in that plan." Daar is ook 'n toename in die gebruik van die term binne die drie Verborgenheidsbriewe self: In **Ef A** kom dit glad nie voor nie; in **Kl** kom dit een keer voor **(Kl 1.25)**; [234] in **Ef B** kom dit drie keer voor **(Ef 1.10; 3.2,** [235] **9)**. [236] **Baker (1980:3)** lig dit uit dat ons tussen die sekulêre, materiële gebruik van die term soos dit in die Evangelie van Lukas voorkom en die geestelike sin rakende God se heilsplan soos deur Paulus gebruik, moet onderskei.

## 3.17.3 - BETEKENIS VAN *OIKONOMIA* = 'N DISPENSASIE

§3

**Louw & Nida (1988:Vol 1)** omskryf die **drieledige semantiek** van die term soos volg:

- **(513)**: "a task involving management and organization - 'task, commission, responsibility'." Só in **1 Kr 9.17**: *Want as ek dit vrywillig doen, het ek loon; maar as ek dit onwillig doen, is 'n rentmeesterskap aan my toevertrou.*
- **(358)**: "a plan which involves a set of arrangements (referring in the NT to God's plan for bringing salvation to mankind within the course of history) - 'purpose, scheme, plan, arrangement'." Aldus in **1 Tm 1.4** waar **Louw en Nida** in die Engels vertaal: "these promote controversies rather than God's plan, which is by faith."
- **(520)**: "to manage and provide for a household - 'to manage a household, to run a household, to be in charge of a household'." Hierdie semantiek vind ons in **Lk 16.2-4.**

§4

In die Verborgenheidsbriewe kry die term 'n nuwe breër semantiese betekenis: Dié van 'n bedeling of dispensasie of 'n ekonomie - nie bloot 'n 'plan' soos **Louw en Nida** dit wil nie. Dit behels omvattend nuwe **Prinsiepe, Persone, Periodes** en **Plekke** (sien die definisie van 'dispensasionalisme' in Afd. 1.6.0). **Robinson (1904:32)** onderskryf hierdie gedagte van die gebruik van die term in die Verborgenheidsbriewe: " *'Dispensation'* is here used in its wider sense, not of household manage-

[234] §2: **Schnackenburg (1991:131)** "In Col. 1.25 it seems reasonable to think of the 'office' of preacher bestowed on Paul by God (cf. 1.28 f; 1 Cor. 9.17) although the context also brings into play the divine plan for salvation bound up with this (1.26 f.)."

[235] §2: **Schnackenburg (1991:131)** reken dat die term in **Ef 3.2** na God se plan verwys: "Certainly Eph. 3.2, is inspired by this but introduces a new accent in that it is now 'the Grace of God' (added in the Genitive) and not the 'economy' which is depicted as bestowed by God. ... If we compare the other passages where the Paul of Eph. refers to the Grace of God bestowed upon him (3.7, 8), we can assume that the author of Eph. means by this expression (*χάρις*) Paul's office as preacher and that the preceding ***οἰκονομία*** takes on the meaning rather of the divine plan of salvation, particularly when both the other passages with ***οἰκονομία*** (1.10; 3.9) mean God's all embracing salvation event brought about in Christ." Hierin stem **Allan (1968:19)** saam: "The Greek makes this quite clear, although the AV obscures it. So the meaning in this place in Ephesians is again almost certainly 'plan', 'the planned economy of God's grace, grace which was given to me'.

ment, which is its primary meaning, but of carrying into effect a design. The word must be taken with the foregoing phrase 'the mystery of His will'." **Hodge (1964:47)** vra die vraag: "..., what is here the meaning of the word *οἰκονομια*?" en maak die volgende onderskeid: "The word has two general senses in the New Testament. When used in reference to one in authority, it means plan, scheme, or economy. When spoken of one under authority, it means an office, stewardship, or administration of such office." **Schnackenburg (1991:131)** definieer die term: " The Greek word *οἰκονομία* can mean 'administration office' as well as 'establishment, order, plan' and in each case takes on a special connotation'." **Allan (1968:5I)** verklaar op **Ef 1.10**: "**The dispensation of the fulness of time.** The DISPENSATION can be defined as 'the manner in which the purpose of God is being worked out in human history ' (Westcott). It is the total divine plan for the creation." **Foulkes (1989:61)** verklaar die woord in terme van 'n huishouding: "The word here (oikonomia) is one that was used either for the administration of a household (oikos), or for the responsibility of the one who administered it. It is used several times in the New Testament in this latter sense of stewardship. For the church is the household of God, Jesus Christ is the chief steward, and under him his ministers are called to serve as stewards (see I Cor. 4:1-2; 9:17; Tit. 1:7; I Pet. 4:10)."

### 3.17.4 - DIE DISPENSASIE SE IN-WERKING-TREDING IN DIE VOLHEID VAN DIE TYE [237]

§5

Ons kom nou by die verdere aspek wat **Evans (1979: 306)** kwalifiseer as: "... the mystery of God's purposes in "the dispensation of the fulness of times," Eph. 1:9-I2." Die feit dat *οἰκονομία* in **Ef 1.10** (vir die eerste keer) gekoppel word met die frase 'die volheid van die tye', dra vir ons die gedagte uit dat die nuwe Verborgenheid wat deel is van God se plan nou in werking tree en 'n nuwe tydvak daar stel. Die gedagte word deur **Schnackenburg (1991:58)** onderskraag: "The word *ὀικονομία*, which is not always used in the same way (cf. under 3.2), has, in conjunction with God's long-since planned intention, the sense of implementation or fulfilment." Dié siening word ook deur **Bruce 1961/77:33)** bevestig: "... it is used here of the administration of God's grand purpose, the putting of that purpose into effect. The 'fulness of the times' (cf. 'the fulness of the time' in Gal. 4. 4) denotes the completion of an appointed period of time and hence the arrival of a new epoch." **Liefeld (1997:42)** voeg by: "When Paul wrote of the "administration" or "arrangement" of the

---

[236] §2: **Allan (1968:95):** "Practically all the Greek manuscripts have 'the plan of the mystery'."

[237] §3.17.4: Sien Afd. 3.6.4 - Die Verborgenheid is geopenbaar in die volheid van die tye - bls. 122 vir die verskil tussen die frases 'volheid van die tyd/tye' van **Gl 4.1** en **Ef 1.10**. **Morris (1994:23):** "There are two Greek words for "time" and, while they cannot always be distinguished in meaning , when they are differentiated the one used here often refers to "the right time," or "the significant time." Such a meaning is appropriate here."

"fullnesss of times," he was not thinking merely of a chronological point in history, but of a stage in God's management of history." Hy gaan verder en sê: "In this context it does not necessitate assuming that God predetermines every event individually, but that he manages the whole (compare Rom 8:28)." Vir **Foulkes (1989:61)** wat Simpson kwoteer, beteken "... the fullness of time - 'to be put into effect when the time was ripe' (NEB). Simpson aptly renders it the divine 'programme of history'." Hy sê daarby heel gepas: "Jesus Christ orders everything in its full time, and in infinite wisdom orders the time of all things." **Hendriksen (1967:44)** sê ook: "However, by a slight semantic shift the meaning "administration of one's stewardship" arises, and so, in general, *administration*, execution, effectuation, the carrying into effect of a plan or purpose (Eph. 1:l0; 3:9)."

§6

Die in-werking-treding van hierdie plan van God het geskied nadat God met Israel as Sy dienskneg klaar was en Hy hulle ter syde gestel het by **Hn 28**. **Morris (1994:23)** is heeltemal in die kol as hy verklaar: "The fullness of the times" is a difficult expression, but it appears to mean that the times of God's action in ancient Israel, illuminated by the work of the prophets, had come to their fulfillment. That era was now "full"." Daarenteen is **Liefeld (1997:42)** van mening dat dit nog toekomstig is: "In the present context its deep biblical connotation is clear. It refers to something God is planning for a future climactic point in history, *when the times will have reached their fulfillment* (v. 10, literally "fullness of times"). This is a significant verse because, like Revelation 10:7, it shows that history is not a meaningless succession of events."

## 3.17.5 - DIE DISPENSASIE GEKOPPEL AAN PAULUS SE RENTMEESTERSKAP

§7

Uit **Kl 1.25-26** en **Ef 3.2-3** asook **Ef 3.7-9** is dit duidelik dat Paulus diep onder die oortuiging was dat sy ***οἰκονομία*** (rentmeesterskap/amp) en God se ***οἰκονομία*** (dispensasie/plan) hand aan hand gaan en dat God deur hom daardie plan in werking stel. **Foulkes (1989:98)** koppel dit ook: "Paul here is thinking especially of the stewardship entrusted to him (*cf.* 1 Cor. 4:1; 9:17), though the other thought of the arrangement or purpose of God is not far away." Só ook **Schnackenburg (1991:131)**: "... it seems reasonable to think of the 'office' of preacher bestowed on Paul by God (cf. 1.28 f; 1 Cor. 9.17) although the context also brings into play the divine plan for salvation bound up with this (1.26 f.)." **Corley (1979:33)** verklaar: "To the *oikonomia tou mysteriou* (3:9, literally, "stewardship of the mystery"), namely, "how this hidden purpose was to be put into effect" NEB), belongs Paul's *oikonomia*, his apostolic office and mission (3.2)." **Foulkes (1963:52)** se kommentaar op **Kl 1.25** is: "He, in a special sense, (the I is emphatic) has been made a servant of the Church. In the household of God he has been given his office (*dispensation*)."

## 3.17.6 - DIE NUWE DISPENSASIE VAN DIE KERK* VIR DIE HEIDENE*

§8

Alhoewel Paulus nie kategories verklaar dat dit 'n 'nuwe' dispensasie is wat aangebreek het nie, impliseer sy woordgebruik dit. Hy het dit as sy taak gesien om *vir almal aan die lig te bring wat Die Dispensasie (gemeenskap) van die verborgenheid is* (**Ef 3.9**). **Louw & Nida (1988:Vol 1:359)** vertaal **Ef 3.9**: "to make all people see what his secret plan is." Dit is presies wat hierdie Verborgenheid behels wat God 'nou' aan Paulus in die gevangenis bekend gemaak het: 'n Nuwe geheime plan wat God geopenbaar en in werking gestel het toe Israel gefaal het as God se Kanaal. Die nuwe skepping van die Kerk* as die *Corpus Christi* vir en uit die Heidene* as God se kanaal van heil tot die wêreld in die plek van en los en onafhanklik van Israel wat deur God ter syde gestel was by **Hn 28** terwyl Hy Sy Koninkryk* Program vir hulle opgeskort het.

# 3.18.0 - DIE VOORTSPRUITENDE PREDIKING VAN JESUS:

## 3.18.1 - WAT SÊ DIE SKRIF?

- *die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig die openbaring van die Verborgenheid* **(Rm 6.25).**

## 3.18.2 - DIE BELANGRIKHEID VAN HIERDIE OPDRAG.

§1

Alhoewel hierdie punt onder voorafgaande Afd. 3.15.0 bespreek kon word, is die omvang en implikasies daarvan so geweldig belangrik dat dit op sy eie voete moet staan. Hier het ons die finale opdrag van God in Sy Progressiewe Openbaring waaraan daar nog nooit behoorlike aandag en gehoor gegee was nie! Die openbaring van die Verborgenheid en die dispensasionele omwenteling wat dit tot gevolg gehad het, het 'n geweldige impak op die prediking van Jesus Christus. [238] In die huidige dispensasie moet ons Jesus predik ooreenkomstig die openbaring van die Verborgenheid met die nuwe **Prinsiepe** wat daaraan verbonde is; die nuwe **Persone** wat daardeur geraak word; die nuwe **Periode** wat daarmee aangebreek het en die nuwe **Plek** wat as uiteindelike bestemming daar gestel word. Dit is presies wat ons gedoen het in die teologie toe God die volk Israel tot stand laat kom het in die roeping van Abram in ongeveer twee duisend voor Christus! As gevolg van daardie omwenteling moes daar ook aangepas word! Na **Hn 28 (63 nC)** het daar weer 'n groot dispensasionele verandering gekom! Daarvoor sal ons ook moet voorsiening maak in ons teologie!

## 3.18.3 - DIE PREDIKING VAN JESUS OOREENKOMSTIG DIE OTe PROFESIEË

§2

Ons preek dus nie meer Jesus van die OT Joodse Profesieë nie – die Messias as die Koning van die Jode en die Seun van Abraham en Dawid nie! Ons preek nie vir 'die uitbreiding van die Koninkryk*' ('n frase wat terloops NêRENS in die Woord voorkom nie – die Koninkryk* word in 'n oomblik se tyd OPGERIG - **vgl Dn 2.44** [*verwek*]); **Hn 1.6; 3.21; Lk 17.24)** nie. Die prediking van Jesus ooreenkomstig die evangelie van die Koninkryk* het tussen God die Vader en die Here Jesus, vader Abraham as 'n tussenganger tot die 'Gemeente' en die gelowige Heidene* onder hulle. In daardie bedeling sê **Bruce (1961:134)** tereg was die toekoms van die Heidene* gekoppel aan die toekoms van Israel: "... but the hope of Israel was the hope of the Gentiles, too (Rom. 15. 12)." 'n Mens kan am-

---

[238] §1: Dit raak alle aspekte van die Teologie - van die Soteriologie tot die Eskatologie!

per (met apologie) sê die Heidene* het 'gestaan of geval met betrekking tot hulle heer'! **(Rm 14.4)**. Hier lê 'n oneindige nuwe veld van besinning as die tesis in hierdie verhandeling aanvaar word!

## 3.18.4 - DIE PREDIKING VAN JESUS OOREENKOMSTIG DIE OPENBARING VAN DIE VERBORGENHEID

§3

Evangelisasie van die Kerk* geskied nou op 'n individuele grondslag. Die evangelie van versoening en genade word nou nie meer aan nasies in hulle nasie-verband gebied nie **(Mt 28.19; Dt 32.43; 2 Sm 22.50; Ps 18.50; 117.1)** maar nou aan elke mens **(Kl 1.28)** en almal **(Ef 3.9)**. Dit gaan nou om die uitbouing en opbouing van die Kerk* as die Liggaam van Christus. Ons moet Christus verkondig nie net as die Seun van God maar ook as die **Seun van die Mens**. As sodanig is Hy die beloofde Saad van Adam en Eva **(Gn 3.15)** wat buite-om die Joodse ekonomie vir die hele wêreld gesterf het! In die prediking van Jesus ooreenkomstig die openbaring van die Verborgenheid **(Rm 16.25-26)** van die Kerk* as die *Corpus Christi*, is die Gelowiges direk verbind met Sy Liggaam, met Jesus as die Hoof en as sodanig is die gelowige Heidene* nou direk die huisgenote van God **(Ef 2.19)**. Abraham (en Israel) figureer nie meer tussen die Gelowiges en Jesus of tussen Jesus as Seun van God en die Vader nie! Waar Jesus as **Profeet** opgetree het tot op die Kruis, is Hy tans die **Hoëpriester** van ons geloof en sal Hy eers die **Koning** wees wanneer hy terugkom en op die troon van Dawid kom sit. [239] Ons teologie rakende die Kerk* behoort gevolglik nie 'Ekklesiologie' ('n Koninkryksbegrip!) genoem te word nie, maar behoort 'Somatologie' getitel te wees. [240]

## 3.18.5 - DIE FINALE SENDINGOPDRAG VAN GOD SE WOORD AAN DIE KERK*

§4

Die opdrag van ons Teks is die logiese voortvloeisel van wat Paulus 'my evangelie' noem. [241] **Stam (1981:362)** wys daarop dat "... the word *and* (Gr., *kai*} in the New Testament Scriptures, by no means always indicates mere addition. Often it is used by way of emphasis, explanation, or elaboration. Sometimes this word is rendered "even" in our Authorized Version. [242] Thus the phrase "*the preaching of Jesus Christ according to the revelation of the mystery*" is an *elaboration* of the term "*my gospel*." (Voetnota myne). Hierin moet ons die Woord van die waarheid reg sny **(2 Tm 2.15)** en hieraan sal ons gehoor moet gee!

---

[239] §3: Net so min as wat Jesus Priester was voordat Hy aan die Kruis gesterf het, net so min is Hy tans Koning voordat Hy weer kom en op die troon van Dawid kom sit!

[240] (Food for thought and exploitation!).

[241] §4 Sien Afd 3.14.6 - §9

'n Belangrike konsep in hierdie verband word ook deur **Schnackenburg (1991:132)** uitgelig: "Through the revelation of the Mystery Paul is not only awarded the office of preaching; the content of his preaching also receives a normative character and becomes the standard tradition." Ons moet dus in die prediking van die evangelie nie net uitkom by wat Paulus as sy evangelie bestempel nie, [243] maar ook uiteindelik arriveer by die prediking van Jesus Christus ooreenkomstig die openbaring van die Verborgenheid! Dit behoort die normatiewe standaard van ons prediking te wees. Soos Paulus sal ons nie 'bekering' (tot die werke van die wet - **Lk 3.10-14**) en 'doop' (as afwassing van sonde - **Hn 2.38; 22.16)** as voorwaarde vir redding stel nie maar geloof in die Woord van God **(Hn 16.31)** met die doop as 'n sakrament van identifisering met Christus in Sy dood en opstanding. Ons prediking sal Versoening; die Toerekening van Geregtigheid moet beklemtoon. Dit is wat Paulus gepreek het, en wat drasties verskil het van Petrus-hulle se Koninkryk* evangelie prediking!

---

[242] §4 Die term word twee-en-negentig keer só in die KJV vertaal

[243] §5: Ons moet kennis neem van die feit dat daar 'n verskil tussen die evangelies van Petrus-hulle en Paulus-hulle is **(Vgl Gl 1.1-10)**. 'n Ondersoek met dit as uitgangspunt toon dat daar wesenlike verskille in die NT bestaan!

# 3.19.0 - SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

§1

Deur na die **Kriteria** rondom die voorkomste van die term 'Verborgenheid' in die **Tweelingbriewe Kolossense en Efesiërs** - die drie **Verborgenheidsbriewe** - teen die agtergrond van die **'Toekomstige Dinge' (Jh 16.13)** wat deur die Heilige Gees in die **Progressiewe Openbaring** van God aan die skrywers van die **Nuwe Testamentiese Tydvak** bekend gemaak was, te kyk, word dit ontdek dat daar 'n splinternuwe skepping, die ***Corpus Christi*** waarvan Christus die **Hoof** is, en wat hoofsaaklik uit **gelowige Heidene*** bestaan, tot stand gekom het en aan Paulus in die gevangenis geopenbaar was, naamlik **die Kerk***, wat **in die plek en onafhanklik** van nasionale Israel, wat deur God **verhard was** en in Handelinge 28 as Sy Ou Testamentiese kanaal van Heil ter syde gestel was, sedertdien as God se kanaal van heil tot die wêreld gedien het. Tot op Handelinge 28 het dit gevolglik uitsluitlik om dit wat die **Ou Testament geprofeteer** het, **die Koninkryk* van God vir Israel** gegaan en was daar geen sprake van 'n 'Kerk*' in die tydperk nie.

§2

Die volgende is die logiese uitvloeisel daarvan:

- Dat die Kerk* **nie 'n verlengstuk van Israel is** in wie en deur wie die OTe profesieë van die Koninkryk* vervul word nie
- Dat die Here Jesus nie gekom het om 'n Kerk* op die aarde te vestig nie maar om die **OTe Koninkryk* profesieë te vervul** - d.w.s. om as die Messias en as Koning van die Jode, die eskatalogiese Joodse Millennium op te rig.
- Dat Joël en Petrus nie op die Dag van Pinkster te make gehad het met die tot standkoming van die Kerk* soos dispensasionaliste dit in die algemeen wil nie, maar dat dit gegaan het om die **voortydige** en **gedeeltelike** (en deels) **tydelike** realisering van daardie OTe geprofeteerde Joodse Eskaton.
- Dat die **Ekklesia*** as die uitverkore **Joodse Oorblyfsel*** van die NT in hierdie Koninkryk* program van God vir die Jode, Jesus as **Profeet net soos Moses**, se **Joodse Teokratiese* Vergadering** was wat saam met Hom sou regeer in die eskatologiese Millennium wat opgerig sou gewees het as Israel daar tot bekering sou kom.
- Dat hierdie Ekklesia* dus geensins die Kerk* uitgemaak het in die Evangelies en die spesiale **Handelinge Dispensasie** en in die **Algemene- en Vroeë Pauliniese Sendbriewe** wat in die Handelinge Periode die lig gesien het nie.
- Dat dit tot op **Hn 28**, wat die Keer- en Draaipunt was, vir die apostels slegs om die **vervulling** van hierdie OTe geprofeteerde Koninkryk* van God/die Hemele vir Israel gegaan het.

- Dat eers by **Hn 28 (63 nC)** die **tragedie** van die **opskorting** van God se OTe geprofeteerde Koninkryk* program en die **ter syde stelling** van Israel as God se kanaal van heil, geskied het. M.a.w. God het tot op daardie stadium steeds **verbondmatig** met Israel omgegaan.
- Toe het die **Oorskakeling** eers plaasgevind

  Van die **OTe Profetiese Woord** na **NTe Geopenbaarde Verborgenheid**;

  van **Israel** na **Heiden**;

  van **Koninkryk*** na **Kerk***.
- Dat die Kerk* in sy wese en opset dus **'n verborgenheid** was vir die OTe Profete wat niks daarvan geprofeteer het nie.
- Dat die Kerk* as *Corpus Christi* en as Die Verborgenheid wat in die Gevangenis aan Paulus geopenbaar is, eers ná **Hn 28 tot stand gekom het** as die 'Toekomstige Dinge' wat daar deur die Heilige Gees aan Paulus geopenbaar was.
- **Die Liggaam van Christus** het eers daar tot stand gekom deurdat God **die Twee**: die Joodse Ekklesia* (wat 'naby' was - die Heiliges) en die gelowige Heidene* (wat 'ver' was) in die geopenbaarde Verborgenheid saam in die een Liggaam as die Nuwe Mens gevoeg het.
- Dat die Kerk* **los en onafhanklik** van Israel tans God se kanaal van heil tot die wêreld is

§3

Koninkryk* en Kerk* word derhalwe volkome van mekaar onderskei en geskei as twee aparte ekonomieë in God se heilsplan met die Kerk* wat die Koninkryk* opvolg. Die Koninkryk* word enkel en eenvoudig gedefinieer as die Ou Testamentiese geprofeteerde eskatologiese (toekomstige) Millennium met Jesus as die Joodse Messias op die troon van Dawid in Jerusalem, wat twee duisend jaar gelede opgerig moes gewees het as Israel haar daar bekeer het Dit is die enigste definisie wat al die uitsprake en kriteria rondom die term *βασιλεία* in die NT bevredigend ontmoet. In die toekomstige Millennium sal die volk Israel gewederbaar, hervestig in hulle land en verhef word tot die hoof van die nasies en as God se kanaal van heil tot die wêreld. Die oprigting van daardie Koninkryk* in die NTe Tydvak was onderworpe aan die uitsluitlike voorwaarde van die nasionale bekering van die volk Israel.

Vir afgelope bykans twee duisend jaar was die Heidense Kerk, as nuwe skepping en as die *Corpus Christi* met Jesus as Hoof, God se kanaal van heil tot die wêreld, los en onafhanklik van Israel.

AMEN!

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

# 4.0.0 - AANGEHAALDE WERKE EN BIBLIOGRAFIE MET BLADSY VERWYSINGS VAN VOORKOMSTES

* Werke só gemerk is deel van my eie Biblioteek


Allan, John A (1968): *The Epistle to the Ephesians - The Body of Christ* (London: SCM Press Ltd) - 8, 50, 68, 78, 79, 91, 90, 91, 109, 111, 138, 139, 159, 207Vn235, 208, - 208Vn236.

* Bagster, Samuel & Sons (1971): *The Analytical Greek Lexicon* (London: Bagster, Samuel & Sons Ltd) - 28, 48Vn79.

* Baillie, John (1956): *The Idea of Revelation in Recent Thought,* (New York: Columbia University Press) - 47, 47, 78, 146, 146.

* Baker, Charles F. (1980): *A Dispensational Theology.* (Grand Rapids, Michigan: Grace Bible College Publications). - 7-Vn4, 27, 32Vn55, 61, 203, 207.

Banks, R J (1980): *Paul's Idea of Community* (Exeter: Paternoster) - 11Vn9.

* Barclay, William (1961): *The Letter to the Corinthians* - (Edinburgh: The Saint Andrew Press) - 90, 91.

* do (1982): *The Daily Study Bible - John* Vol. 2: (Edinburgh: The Saint Andrew Press) - 58.

Barker, Kenneth L (1982): False Dichotomies Between the Testaments, in: *Journal of the Evangelical Theological Society* - 25(1) 1982: 3-16 - 100Vn142.

* Becker, Jürgen (1993): *Paul: Apostle to the Gentiles* Dean, O C Jnr - Vert (Louisville, Kentucky: Westminister/John Knox Press) - 74.

* Beker, J Christiaan (1990): *The Triumph of God* - (Minneapolis: Fortress Press) - 74.

Berkhof, H (1973): *Christelijk Geloof,* (Nijkerk: Callenbach) - 47.

* Berkhof, Louis (1941): *Systematic Theology* (Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.) - 31Vn51

* do (1971): *Principles of Biblical Interpretation* - (Grand Rapids, Michigan: Baker Book House) - 22, 23. 46, 52-3, 56.

* Bevan, D. (Geen Datum): Biblical Illustrator - 23 Vol: Exell, Joseph S, Red. (Grand Rapids, Michigan: Baker Book House) - 116.

* Blaising, Craig A (1994): Changing patterns in America's Dispensational Theology - *Wesleyan Theological Journal* 29(1-2) 1994: 149-164 - 18Vn24, 26, 26, 27Vn40, 27 Vn40, 27 - Vn40, 31, 32Vn52, 32Vn53, 35.

Breed, James C (1985): The Church as the Body of Christ: A Pauline Analogy, in: *Theological Review* 6(2) 1985: 9-32 - 31.

Breshears, Gerry (1994): The Body of Christ - Prophet, Priest or King?, in: *Journal of the Evangelical Theological Society* - 37 (Mr) 1994 3-26 - 16, 16Vn22, 27Vn41, 31, 32, 44Vn76, 51.

Bruce F. F. (1961/1977): *The Epistle to the Ephesians* - Sagteband (London: Pickering & Inglis) - 13Vn14, 41, 71, 110, 117, 120, 125, 126Vn166, 132, 133, 133, 140, 140, - 147, 152, 155Vn193, 156, 159, 165, 183, 200, 208, 211.

* Bullinger, E W (1972): *The Foundations of Dispensational Truth* - Herdr (London: Samuel Bagster & Sons Ltd.) - 11Vn8, 24, 36Vn61, 47, 59, 76.

* do (1974): *The Companion Bible* - Herdr (Grand Rapids, Michigan - Zondervan Bible Publishers) - 16Vn19, 30, 50, 82, 84Vn122, 92, 118, 122.

Bultman, Rudolf (1955): *Theology of the New Testament* (New York: Charles Scribner's Sons) - 22.

Caird, G B (1976): *Paul's Letters from Prison* (New York: Oxford University Press) - 44,

Campbell, R A (1989): Essential Aspects of the Church in the Bible - *Evangelical Review of Theology* - 13(1) 1989 - 12Vn10, 71.

Caragounis, Chrys C (1977): *The Ephesian* Mysterion, *Meaning and Content* (Lund: CWK Gleerup) - 76, 78, 104, 109, 117, 119, 124, 127, 140, 142, 143, 144, 179.

* Carson, D A, Moo, D J & Morris, L (1992): *An Introduction to the New Testament* - (Leicester: Inter Varsity Press) - 74, 77, 81, 80, 117, 117, 158, 161, 161, 184, 204.

Chafer, Lewis Sperry (1947-48): *Systematic Theology*. -7 Vol (Dallas: Dallas Seminary Press) - 23, 28.

* Cohen A, Red (1960): *Soncino Books of the Bible (OT)* - 14 Vol (London: The Soncino Press)

Corley, Bruce (1979): The Theology of Ephesians, in: *Southwestern Journal Of Theolocy* 22 (1) 1979: 24-38 - 68Vn98, 153, 154, 154, 154, 209.

Cranfield, C E B (1979): *A Critical and Exegetical Commentary on the Epistle To The Romans* (Edinburgh: T & T Clark) - 77

* Criswell, W A (1974): *Ephesians: An Exposition* (Grand Rapids: Zondervan) - 68Vn100, 195, 195, 195.

* Dake, Finis Jennings (1950): *Revelation Expounded* (Lawrenceville, Georgia: Dake Bible Sales) - 88.

Deichgräber, R (1967): *Gotteshymnus und Christushymnus in der frühen Christenheit* (Göttingen: Vandenhoek & Ruprecht) - 199Vn230.

* Deist, F E (1986): *A Concise Dictionary of Theological Terms* (Pretoria: J L van Schaik) - 11, 16Vn18, 27.

* Deist, F E, Du Plessis, I (1981): *God en Sy Ryk* (Pretoria: J L van Schaik) - 16Vn18.

Denney, James (1970): *The Expositor's Greek Testament* Vol iii - Nicoll, W Robertson, Red (Grand Rapids, Michigan: WM. B. Eerdmans Publishing Company) - 84Vn124.

* Dibelius, Martin & Conzelmann, Hans (1972): *The Pastoral Epistles*, Helmut Koester - Vert Red (Philadelphia: Fortress Press) - 87, 87, 184Vn215.

Dunn, James D G (1980): *Christology in the Making: A New Testament Inquiry into the Origins of the Doctrine of the Incarnation* (Philadelphia: Westminster) - 132, 197.

do (1993): Christology as an aspect of Theology, in *Essays in Honor of Leander E. Keck,* Malherbe, Abraham J, and Meeks, Wayne A, Red (Minneapolis: Augsburg Fortress) - 96.

do (1996): *The Epistles to the Colossians and Philemon*: a commentary on the Greek text (Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Co.) - 12, 75, 78, 83, 91, 106, 117, 123, 130, 139, 140, 141Vn183, 143, 144, 147, - 150, 161, 162, 167, 168, 179, 196, 204.

* do (1998):*The Theology of Paul the Apostle* - (Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.) - 12, 12Vn11, 42Vn70, 50, 84Vn125, 129Vn170, 171.

* Du Plessis I J (1985): *Handleiding by die Nuwe Testament*, Band 4 - Du Toit A B, Red (Pretoria: N G Kerk Boekhandel) - 39, 72Vn105.

do (1991): *Die Brief aan die Kolossense* - 2e Uitg (Kaapstad: N G Kerk Uitgewers) - 67, 76, 117, 123, 125, 139, 140, 141, 150Vn189, 153, 163, 168, 169, 196.

* Du Toit, A B (1984): *Handleiding by die Nuwe Testament,* Band V (Pretoria: N G Kerk Boekhandel) - 57Vn85.

* Ellis, E Earle (1988): *Pauline Theology - Ministry and Society* (Exeter: The Paternoster Press) - 74.

* Evans, William & Coder, Maxwel, S (1979): *The Great Doctrines of the Bible* (Chicago: Moody Press) - 208.

Eybers I H, König A & Stoop J A, Reds (1982): *Inleiding in die Teologie* (Pretoria: NG Kerk Boekhandel) - 31.

Farrar, M R W (1962): In: *The New Bible Dictionary* - Douglas J D - Org. Red. (London: Inter-Varsity Press) - 12.

* Fee, Gordon D (1994): *God's Empowering Presence* (Peabody Massachusets: Hendrickson Publishers) - 106.

* Feinberg, Charles L (1980): *Israel at the Centre of History and Revelation* (Portland, Oregon: Multnomah Press) - 23.

Fischer, K.M (1973): *Tendenz und Absicht des Epheserbriefes* (Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht) - 199Vn230.

Foulkes, Francis (1963): Ephesians, in *Tyndale New Testament Commentaries* (Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company) - 120, 121, 163, 164, 166, 167, 189, 209.

Foulkes, Francis (1989): *The Letter Of Paul To The Ef. An Introduction And Commentary* (Leicesters: Inter-Varsity Press) - 50, 74, 75, 75, 76, 76, 76, 77, 78, 104, 104, 107, 108, - 115Vn158, 117, 120, 124, 126, 127, 134, 134, 138Vn180, 140, 142, 142, - 143, 143, 144, 144, 147, 152, 159, 166, 167, 168, 168, 181, 187, 194, 198, - 208, 209, 209.

Girdlestone, R B (1983): *Synonyms of the Old Testament* (Grand Rapids, Michigan: Baker Book House). - 19.

Glover, T R (1925): *Paul of Tarsus* (London: Pickering & Inglis Ltd) - 183.

* Groenewald, E P (1968): *Handboek Bybelse Geskiedenis: Die Nuwe Testament* (Pretoria: Interkerklike Uitgewers Trust) - 74.

* Grudem,Wayne (1994): *Systematic Theology : an Introduction to Biblical Doctrine* (Leicester: Inter-Varsity Press) - 50, 54Vn82, 55, 74.

* *Handleiding by die Nuwe Testament* (1988): 4 Vol (Pretoria: N G Kerk Boekhandel)

Hay, David M (2000): *Colossians* (Nashville: Abingdon Press) - 78Vn115, 83, 120, 125, 132, 144, 157, 161, 162, 167, 168, 168, 169, 196, - 204.

Hendriksen, William (1964): *Commentary on Colossians and Philemon* ([S.L.]: Banner of Truth Trust) - 76Vn112, 104, 119, 120, 128, 139, 151, 153, 156, 166, 167, 196, 197, 204.

do (1967): *Commentary on Ephesians* (Grand Rapids, Michigan: Baker Book House) - 46, 119, 125, 127, 134, 142, 142Vn184, 143, 143, 152, 152, 153, 157, 158, - 159, 163, 164, 168, 177, 180, 180, 197, 198, 200, 209.

* do (1972): *New Testament Commentary: Ephesians* (Edinburgh: Banner of Truth Trust) - 12Vn12, 68Vn99, 107Vn149, 111, 111, 117, 128Vn168, 151, 168, 173, - 173, 189.

Hodge, Charles (1940): *Systematic Theology* (Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.) - 31Vn51.

do (1964): *A Commentary On The Epistle To The Ephesians* (London: The Banner Of Truth Trust) - 27, 44Vn75, 63, 67, 109, 110, 120, 127, 135, 135,139, 165, 197, - 208.

*International Standard Bible Encyclopedia,* (1979-1988): 3 Vol (Grand Rapids, Michigan: W B Eerdmans) - 22.

* Kasper, W (1977): *Jesus the Christ* - Sagteband (London: Burns & Oats) - 193Vn222.

Kim, Seyoon (1997): The 'mystery' of Rom 11.25-6 Once more, in: *New Testament Studies - An International Journal* vol. 43(3), July. 1997, pp. 412-429 . - 64, 71.

Kollek, Teddy & Pearlman, Moshe (1974): *Sacred City of Mankind* - Gekorrigeerde Uitg (Jerusalem: Steimatzky's Agency Ltd) - 39Vn68.

* König, Adrio (2001): *Die Helfte is my nooit oor Jesus Vertel nie* (Welligton: Lux Verbi.BM) - 90Vn133.

* Kung, Hans, (1981): *The Church* (London: Search Press) - 26, 58, 58, 74, 74Vn108.

* Lamsa, George M (1957): *The Holy Bible from ancient Eastern Manuscripts* (Philadelphia: A J Holman Co.) - 206Vn233.

Lemmer Richard (1998): Understanding 'Body of Christ' in the Letter to the Ephesians, in: *Neotetamentica* 32(2) 1998 - 53, 96, 96Vn137, 102, 110, 110, 110, 111, 130, 133, 135, - 142.

* Liddell en Scott, (1871): *Greek-English Lexicon* - 14e Uitg (Oxford: The Clarendon Press) - 173Vn204.

Liefeld, Walter L (1997): Ephesians, in: *The IVP New Testament Commentary Series*; Osborne, Grant R - Red (Illinois: InterVarsityPress) - 75, 78Vn113, 108, 132, 133, 133, 200, - 207, 208, 209.

Lightfoot, J B (1961): *Saint Paul's Epistles to the Colossians and Philemon* [S.L.]: Macmillan, 1890 - 75, 77, 83, 103, 104, 109, 119, 133, 139, 142, 149, 151, 153, 156, 157, 166, - 167, 182, 199, 204, 204.

Lincoln, A T (1990): *Ephesians* (Dallas: Word) - 83, 126, 128, 153.

* Lincoln, A T (1993): Theology of Ephesians, In: *The Theology of the later Pauline Letters* - Dunn, James D G, Alg. Red (Cambridge: University Press) - 113, 114.

Lohse, Eduard (1971): *Colossians and Philemon* (Philadelphia Fortress Press) - 104, 117, 121, 123, 123, 132, 135, 136, 139, 140, 144, 148, 148, 150, 150, - 153, 158, 162, 166, 167, 167, 180, 199, 200, 204.

* Longenecker, Richard N, Red (1997): *The Road from Damascus : The impact of Paul's conversion on his life* (Grand Rapids, Michigan: W B. Eerdmans Publishing Co.) - 74

* Louw, J P & Nida, E A, Reds (1988): *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains* - 2 Vol (New York: United Bible Societies) - 11, 28, 28Vn43, - 35Vn59, 44Vn74, 48Vn79, 55, 76, 84Vn123, 84Vn124, 115, 116Vn161, - 122, 127, 130, 131, 131, 131Vn173, 136, 147Vn187, 148, 149, 149Vn188, - 150, 153Vn191, 164Vn198, 173Vn203, 174, 174, 178, 179, 194, 207, 210.

MacArthur, John Jnr. (1992): *The MacArthur New Testament Commentary: Colossians & Philemon* (Chicago: Moody Press) - 76-77, 77, 77, 80Vn117, 119, 119, 125, 155, - 159, 166, 168, 195.

* Mackenzie, Ross, Vert (1961): *Calvin's Commentaries on Romans,* Red: Torrance, D W & T F (Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.) - 20, 83, 84Vn124, - 186.

Marsh, F. E., (1969): *The Structural Principles of the Bible* (Grand Rapids, Michigan: Kregel Publications). - 11.

Marshall, Molly T (1996): The Fullness of Incarnation: God's New Humanity in the Body of Christ, in: *Review and Expositor* 93(2) 1996: 187-201 - 43, 71, 121, 194, 194Vn225.

Martin, R P (1981): *Colossians and Philemon* (Grand Rapids, Michigan: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.) - 112Vn156, 122, 150, 151, 157, 167, 196, 199, 200, 201.

* Melville, H. (Geen datum): *The Biblical Illustrator,* 23 Vol. Exell, Joseph S. Red (Grand Rapids, Michigan: Baker Book House) - 113.

Metzger, Bruce M (1994): *A Textual Commentary on the Greek New Testament* - 2e Druk (Stutgart: Deutsche Bibel Gesellschaft; New York: United Bible Societies) - 81Vn118, 84Vn122, 151Vn190.

Mitton, C Leslie (1951): *The Epistle to the Efesians* (Oxford: Clarendon Press) (In Schnelle - B42/307) - 68Vn99.

Moritz, Thorsten, (1996): *A Profound Mystery* (Leiden: E. J. Brill) - 100Vn142, 108, 108, 108, 110, 112, 200.

Morris Leon (1994): *Expository Reflections on the Letter to the Ephesians* (Grand Rapids, Michigan: Baker Books) - 41, 54, 54, 65, 68Vn103, 76, 77, 108, 125, 126, 133, 135, - 135Vn177, 143, 159, 163, 163, 164, 164, 167, 168, 186, 200, 208Vn237, - 209.

Moule, C F D (1976): *The Interpreters Dictionary of the Bible*, Crim, K R & Buttrick G A - Reds. (Nashville: Abingdon) - 80.

Moulton, J H en Milligan, George (1959): *Vocabulary of the Greek Testament* (Grand Rapids:Eerdmans Pub. Co) - 19Vn25.

O'Brien, P T (1987): 'The Church as a Heavenly and Eschatological Reality' in *The Church in the Bible and the World* - Carson D A, Red (Grand Rapids: Baker Book House) - - 11Vn9.

Pierce Ronald W (1994): Covenant Conditionality and a Future for Israel - *Journal of the Evangelical Theological Societies,* 37 (1) (March 1994) 27-38 - 27Vn41, 31.

Ramm, Bernard, (1956): *Protestant Biblical Interpretation,* (Boston: W.A. Wilde Co.) - 11Vn7.

Rashi (Rabbi Shelomoh Yitschaki) (1956): *The Soncino Chumash* - Cohen, A - Red. (London: The Soncino Press) - 12.

* Ridderbos, H (1973): *Paulus, Ontwerp van zijn Theologie* (Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok) - 103, 119, 123, 131.

* Roberts, J H (1984): *Handleiding by die Nuwe Testament*, Band 1 - 2e Herd - Du Toit A B Red (Pretoria: N G Kerk Boekhandel - 57.

* Roberts, J H (1990): *Die Brief aan die Efesiërs* (Kaapstad: N G Kerk Uitgewers) - 96, 108, 113, 117, 117, 119, 126Vn166, 127, 133, 133, 134, 140, 142, 142, - 143, 143, 144, 152, 156, 158, 164, 165, 168, 168, 173, 174Vn206, - 174Vn207, 179, 180, 180, 189.

Robertson, A T (1930 ): *Word Pictures in the New Testament* - Vol IV - (Nashville: Broadman Press) - 199-200

Robertson, F W (Geen Dat): *The Biblical Illustrator* - Exell, Joseph S. (Ed), Vol 13/John (Grand Rapids, Michigan: Baker Book House) - 16.

Robinson, J Armitage (1904): *Commentary on Ephesians* - 2e Uitg (Grand Rapids, Michigan: Kregel Publications) - 38, 74, 109, 110, 117, 121, 122, 133, 136, 143, 143, 144, 154, 156, 164, 179, 200, 200, 200Vn231, 207.

Robinson, John A T (1964): *St Paul's Epistle to the Ephesians* - 2e Uitg (London: (S.I.) Clarke) - 153Vn191.

do. (1976): *Redating the New Testament* (London: S.C.M. Press) - 72, 72Vn106.

* Ryrie C C (1965/1980): *Dispensationalism Today* (Chicago: Moody Press) - 26, 28, 31, 32.

Salmond, S D F (1970): *The Expositor's Greek Testament* - Vol iii - Nicoll, W Robertson - Red (Grand Rapids, Michigan WM. B. Eerdmans Publishing Company) - 127Vn168, 173Vn204, 173Vn205.

Sanders, J T (1965): "Hymnic Elements in Ephesians 1-3", in: *Zeitschrift für die Neutestamentliche Wissenschaft* 56 (1965) 214-232 - 199Vn230.

* Saucy, Robert L (1993): *The Case for Progressive Dispensationalism* (Grand Rapids, Michigan Zondervan Publishing House) - 55, 94.

* Sauer, Erich (1966): *The Triumph of the Crucified* - Sagteband (Exeter: The Paternoster Press) - 12, 35Vn60.

Schille, G (1965): *Frühchriteliche Hymnen* (Berlin: Evangelische Verslags-anstalt) - 199Vn230.

* Schnackenburg, Rudolf (1991): *Ephesians, A commentary* -Heron, Helen - Vert (Edinburgh; T & T Clark) - 68Vn99, 72, 74, 83, 104, 108, 110, 113, 116, 116, 119, 123, 123Vn164, - 124, 126, 126Vn167, 127, 131, 133, 135Vn178, 136, 139, 141, 141, 141, - 143, 144, 147Vn187, 152, 154, 163, 163, 164, 164 , 200, 207Vn234, - 207Vn235, 208, 208, 209, 213.

* Schnelle, Udo (1998): *The History and Theology of the New Testament Writings* - Boring M E, Vert (London: SCM Pres Ltd.) - 74, 84Vn122.

* Schonfield, Hugh H (1974): *The Pentecost Revolution* - (London: Macdonald) - 21Vn30.

* Scofield, C I (1945/1967): *The New Scofield Reference Bible* - (New York: Oxford University Press) - 28, 57, 110Vn153.

Scott, C A A (1921): *The Fellowship of the Spirit* (London: Pickering & Inglis Ltd) - 13-14

Scott, E F (1930): The Epistles of Paul to the Colossians, to Philemon and to the Ephesians, in *The Moffatt New Testament Commentary* (London: Hodder and Stoughton) - 107.

* Seiss, J A (1972): *The Apocalypse* (Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House) - 88.

Shepherd, William H Jnr (1989): Revelation and the Hermeneutics of Dispensationalism in *Anglican Theological Review* - 71(3) 1989: 281-299 - 23Vn39, 23Vn39, 24, 24, 24, 26, 27Vn40, 27Vn40, 27Vn41, 27Vn41, - 28Vn48, 34Vn57.

Showers, Renald E (1991): *There really is a Difference* (Bellmawr: The Friends of Israel Gospel Ministry, Inc) - 23, 46, 50, 62, 63, 128, 168.

* Simpson E K (1954): *The Pastoral Epistles* (London: The Tyndale Press) - 30, 183, 183Vn211, 184Vn213.

Slotki, Judah J (1967): *Soncino Books of the Bible* - Cohen, A, Red (London: The Soncino Press Ltd)

* Stam, Cornelius R (1981): *Commentary on the Epistle of Paul to the Romans* (Stevens Point, Wisconsin: Worzalla Publishing Co.) - 72, 82Vn121, 212.

Stegner, William Richard (1992): A Jewish Paul, in: *Ashbury Theological Journal - 47(1)1992: 89-95* - 75Vn111.

Swain, Lionel (1980): Ephesians, in: *New Testament Message* - Wilfrid Harrington, O P, Donald, C P, Reds (Dublin: Veritas Publications) - 9, 41, 77, 145, 157, 200.

* Tenney, Merrill C (1970): *New Testament Survey* (London: Intervarsity Press) - 26, 74, 179.

* Thayer, J H (1962/1973): *Greek-English Lexicon of the New Testament* (Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House) - 13Vn14, 16, 16Vn19, 48.
* Thomas, W H Griffith (1929): *How We Got Our Bible* (Chicago: Moody Press) - 19, 49.
* *The Greek New Testament* (1983): 3e Uitg - Aland, Black, Martini, Metzger, Wikren, Red - United Bible Societies
* Vine, W E (1940): *Expository Dictionary of New Testament words* (London: Oliphants Press) - 16Vn19, 28, 28, 48Vn79, 76, 145, 204.
* Welch, Charles H (1959): *Disapensational Truth,* - 3de Uitg (London: The Berean Publishing Trust) - 31, 66, 204.
* Wenham, J W (1970): *The Elements of New Testament Greek* (Cambridge: The University Press) - 106.

Wiley, Galen W (1985): A Study of "Mystery" in the New Testament, in: *Grace Theological Journal* - 6(2) 1985: 349-360 - 75, 77, 77, 119, 119, 120, 135, 141, 146.
* Wilson,T Ernest (1975): *Mystery Doctrines of the New Testament* (Neptune, New Jersey: Loizeaux Brothers) - 80Vn116, 88, 88Vn129, 110Vn153, 110.
* Wuest, Kenneth S (1971): *Word Studies in The Greek New Testament* – 4 Vol (Grand Rapids Michigan Wm. B. Eerdmans Publishing Co.) - 84Vn124, 111, 127Vn168, 149, 157, 184Vn214, 191, 196, 197.

* * * * * * * * * * * * * * *